

DIE POLITIEKE EN JUDISIELE  
ORGANISASIE VAN DIE SUIDELIKE  
CHANGANA (BOSBOKRAND) IN DIE  
LIG VAN HULLE HERKOMS

deur

JAN BAREND HARTMAN

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir  
die graad

MAGISTER ARTIUM  
(Volkekunde)

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte  
Universiteit van Pretoria  
PRETORIA

DESEMBER 1972

- ii -

## D A N K B E T U I G I N G

Dank en waardering word hiermee aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing betuig vir die geldelike bystand wat die uitvoering van hierdie navorsing moontlik gemaak het. Die menings wat in hierdie werk uitgespreek word, of die gevolgtrekkings waartoe geraak is, is die van die skrywer self en kan in geen geval beskou word as die oordeel of gevolgtrekkings van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

Dit is vir my 'n behoefte om my leier, dr. R.D. Coertze, sowel as my medeleier, prof. P.J. Coertze, te bedank vir die leiding wat van hulle ontvang is. 'n Besondere woord van dank moet egter uitgespreek word teenoor dr. R.D. Coertze sonder wic se indringende kritiek die gang van hierdie navorsing nie in die regte bane geleid sou kon word nie.

Dankbare erkentlikheid word ook betuig teenoor drr. N.J. van Warmelo en C.V. Bothma asook mnr. O. Jackson, almal van die kantoor van die Staatsetnoloog, vir die hulp wat hulle verleen het by die opsporing en beskikbaarstelling van dokumente wat andersins onbekend sou gebly het. Die navorsing in Gazankulu sou ook onmoontlik gewees het sonder die volghoue belangstelling en hulp van mnr. P. Fouche, Direkteur van Gemeenskapsake en mnr. T.P. Bezuidenhout, magistraat te Mhala. Mnr. C. Bourquin, voormalige Bantoe-sakekommissaris moet in die besonder bedank word vir sy hulp met die keuring van informante en sy advies in verband met interne stamaangeleenthede.

In die Changanastamgebied is ek ontvang deur kaptein H.M. Nxumalo wat alle moontlike hulp en ondersteuning vir die uitvoering van die ondersoek verleen het. Op hierdie wyse het ek ook amptelik toegang verkry tot die kennis van my verskillende segsmanne waarvan mnre. I.K. Nxumalo en H. Sambo die belangrikste was. Die gegevens wat in hierdie verhandeling opgeneem is, getuig van hierdie persone se indringende kennis van stamaangeleenthede en vir die beskikbaarstelling van hierdie kennis word hulle hartlik bedank.

- iii -

Mejj. W. Ross en M. van Dongen moet bedank word vir hulle hulp met die vertaling van respektiewelik die Duitse en Franse werke wat tydens die literatuurstudie gebruik is. Mn. C.T.D. Marivate was behulpsaam met die vertaling van Tsongageskrifte sowel as die kontroleering van alle Tsonga=woorde wat in die verhandeling opgeneem is. Hiervoor wil ek graag my oregte dank betuig.

My kollega, mn. J.D. Kriel word met dankbare erkent=likheid vermeld vir die uitleg van die genealogieë, die same=stelling en teken van die kaarte asook vir sy hulp met die taalkundige versorging van die verhandeling.

Hierdie verhandeling sou nie aangepak gewees het en sou nie deurgevoer kon word sonder die belangstelling en volgehoue onderskraging van my vrou en my ouers nie. Hier=voor bedank ek hulle oreg.

J. E. HARTMAN.

P R E T O R I A

Desember 1972.

S A M E V A T T I N G

DIE POLITIEKE EN JUDISIELLE ORGANISASIE VAN  
DIE SUIDELIKE CHANGANA (BOSBOKRAND) IN DIE  
LIG VAN HULLE HERKOMS

---

deur

JAN BARENDE HARTMAN

Leier : Dr. R.D. Coertze.  
Departement : Volkekunde, Universiteit van Pretoria.  
Graad : Magister Artium in die Fakulteit Lettere en  
Wysbegeerte

In die lig van die bestaande literatuur oor die aard en omvang van die politieke en judisiële organisasie onder die Suid-Bantoevolke is daar in hierdie studie ondersoek ingestel na die politieke en judisiële organisasie van die Suidelike Changana by wyse van navorsing te velde.

Die Suidelike Changana woon tans in die Mhaladistrik in die suide van Gazankulu. Hulle toon 'n nouer verwantskap met die vlugtelingsgroepe wat onder Sochangana uit Natal beweeg het as met die Tsongastamme van Mosambiek hoewel daar ook na-kominge van ingelyfde Tsonga in hulle geledere aanwesig is. Vanaf hulle binnekoms in Transvaal teen ongeveer 1897 tot in 1968 het die stam 'n onnatuurlike bestuurspatroon gehad en terselfdertyd probleme ondervind om 'n eie erkende stamgebied te verkry.

Dic studie van die politieke organisasie het aan die lig gebring dat daar binne die stam verskillende polities-administratiewe sowel as sosio-politiese eenhede bestaan. Bersgenoemde sluit die stam as grootste politieke eenheid waarbinne 15 verskillende territoriaal afgebakende wyke funksioneer, in. Een van hierdie wyke is tans nog buite die amptelik-erkende stamgebied geleë, maar word as deel van die

- v -

gebied onder die jurisdiksie van die kaptein beskou. Die stam is onderhorig aan die gesag van die kaptein wat sy posisie beklee op grond van sy hooggebornheid en wat deur 'n verskeidenheid rade in die uitvoering van sy pligte op die verskillende lewensterreine bygestaan word. Die verskillende stamwyke is elk onder die gesag van 'n hoofman wat deur die kaptein in sy posisie erken en bevestig word. Hierdie hoofmannen se reg tot gesagsuitoefening word aan hulle deur die kaptein gedelegeer. Ook hulle tree op met die bystand van verskillende rade.

Die sosio-politiese eenhede binne die stam is hoofsaaklik eenhede van verwante en sluit in stygende orde die kraal, die groter gesinne-eenhed en die linie in. Hierdie eenhede staan elk onder die gesag van 'n persoon wat sy posisie vanweë sy hooggebornheid binne die eenheid beklee en dit nie deur aanstelling van die kaptein ontvang nie. Al hierdie eenhede word egter ten nouste by die politieke organisasie van die stam ingeskakel deurdat hulle direk of indirek op die rade van die verskillende wykshoofde verteenwoordig word en omdat alle geskille binne die stam deur die howe wat aan hierdie sosio-politiese eenhede verbonde is, verhoor moet word voordat dit deur 'n wykshof hanteer sal word.

Die tweedeling van polities-administratiewe en sosio-politiese eenhede vind ook neerslag in die judisiële organisasie. Daar bestaan twee tipes howe elk met inkrementale jurisdiksiebevoegdheid. Daar is eerstens openbare howe, wat in hul funksionering aan die polities-administratiewe eenhede (stam en wyk) verbind is. Daar is tweedens nie-openbare howe wat aan die verskillende sosio-politiese eenhede verbind is. Dieselfde procedure word in albei soorte howe gevvolg. Die openbare howe sluit die kapteinshof en die verskillende wykshoewe in terwyl die nie-openbare howe bestaan uit die kraalhof, die hof van die groter gesinne-eenhed en die linichof.

Ten spyte van die statutêre aantasting en inperking van die gesag van die kapteinshof bestaan en funksioneer hierdie hof sowel as alle mindere howe tans nog in 'n hoë mate ooreenkomsdig die tradisionele patroon by die Changana.

## S U M M A R Y

### THE POLITICAL AND JUDICIAL ORGANIZATION OF THE SOUTHERN CHANGANA (BUSHBUCK RIDGE) IN VIEW OF THEIR HISTORICAL BACKGROUND

---

by

JAN BAREND HARTMAN

Leader : Dr. R.D. Coertze.  
Department : Anthropology, University of Pretoria.  
Degree : Master in the Faculty of Arts.

In this study the political and judicial organization of the Southern Changana has been investigated through field research in the light of the existing literature on the political and judicial systems of the Southern Bantu.

The Southern Changana are at present living in the Mhala District in the southern part of Gazankulu. They are more closely related to the refugee groups who fled from Natal under Sochangana, than to the Tsonga tribes of Mozambique although there are descendants of Tsonga amongst the present Changana who were incorporated into the tribe at an early stage in their history. Since their entry into the Transvaal in approximately 1897 until 1968, the tribe had an unnatural governmental system and also experienced problems in obtaining a recognized tribal area.

The study of the political organization revealed that various politico-administrative as well as socio-political units could be distinguished in the total political system. The politico-administrative units consist of the tribe which is the largest and autonomous political unit itself, and 15 territorial subdivisions of the tribe, being the various wards in the tribe. One of these wards is at present still located outside the officially recognized tribal area. Its inmates are nevertheless regarded as subjects of the Changana chief. The tribe is ruled by the chief who attains his

position through birth. He is assisted by various councils in the execution of his duties. In each of the tribal wards authority is exercised by a headman who is recognized in and appointed to his position by the chief-in-council. The right of the headman to exercise authority is delegated to him by the chief. He is also assisted by a council in the execution of his duty.

The socio-political units within the tribe are mainly units of descent and include, in ascending order, the kraal, the extended family, and the lineage. Each of these units is subject to the authority of a senior male who attains this position through seniority of birth. He does not receive it through appointment by the chief. All of these units, however, form part and parcel of the political organization of the Changana; firstly because they are directly or indirectly represented on the council of the relevant ward headman, and secondly because all disputes between litigants must be tried in the courts of these socio-political units before being taken on appeal to the court of the relevant ward.

The division between politico-administrative and socio-political units is also to be found in the judicial organization. In this way there are two types of courts, each one with inherent jurisdiction. In the first instance one finds courts which are open to public attendance and which are connected with the politico-administrative units (tribe and ward). In the second instance one finds courts which are open to attendance by relatives only and which are connected with the various socio-political units. The same procedure is followed in both types of courts. The public courts include the chief's court and the various courts of the ward headmen while the non-public courts consist of hearings in the kraal, the extended family and the lineage.

Despite statutory provision affecting and restricting the authority of the chief's court, this court as well as the other minor courts still exist to a large extent and still function according to the Changana's traditional pattern.

## I N H O U D S O P G A V E

BLADSY

<b>HOOFSTUK I</b>	<b>DIE AARD, OMVANG EN AANBIEDING</b>	
	<b>VAN DIE ONDERSOEK . . . . .</b>	<b>1</b>
A.	DIE AARD, OMVANG EN KENMERKE VAN POLITIEKE EN JUDISIELLE ORGANISASIE . . . . .	1
1.	Politieke organisasie . . . . .	1
a.	Die bestaan van 'n sosiale eenheid .	3
b.	Die bestaan van en onderdanigheid aan 'n ordende gesag . . . . .	5
c.	Die bestaan van 'n bepaalde gebied .	11
2.	Judisiële organisasie: Funksionering van politieke gesag op regterlike terrein .	12
B.	DOEL VAN ONDERSOEK . . . . .	15
C.	BEGRENСING VAN DIE NAVORSINGSGEBIED EN DIE TERREIN VAN ONDERSOEK . . . . .	15
D.	METODE VAN ONDERSOEK . . . . .	18
E.	TEGNIESE BEDSONDERHEDE . . . . .	22
1.	Stamname en ortografie . . . . .	22
2.	Dic aanbieding van genealogiese gegewens . . . . .	25
<b>HOOFSTUK II</b>	<b>DIE HERKOMS EN WOONGEBIED VAN DIE SUIDELIKE CHANGANA . . . . .</b>	<b>27</b>
A.	HERKOMS . . . . .	27
1.	Inleiding . . . . .	27
2.	Herkoms . . . . .	27
3.	Gebeure in Natal tot 1820 . . . . .	30
4.	Die Trek na die Noorde (+ 1820) . . . .	33
5.	Dic dood van Sochangana en die gevolge daarvan . . . . .	43
a.	Die regering van Mawewe, 1858-1862.	43
b.	Stryd tussen Muzila en Mawewe en die gevolge daarvan . . . . .	46
c.	Die regering van Muzila, 1862 - 1884 . . . . .	50
6.	Die regering van Nghunghunyana, 1884 - 1896 . . . . .	60
7.	Vervikkelinge na 1895 . . . . .	73

HOOFSTUK III

8.	Vlug en vestiging in Transvaal, 1897 . . . . .	74
a.	Inleiding . . . . .	74
b.	Mpisane (Regent), 1897 – ± 1910 . . . . .	75
c.	Die regering van Thulilamahanxi, ± 1910 – 1922 . . . . .	80
d.	Die regering van Buyisonto, 1922 – 1932 . . . . .	83
e.	Die regering van Thulilamahanxi (Regent), 1932 – 1942 . . . . .	85
f.	Die regering van Isaac Khetho (Regent), 1943 – 1968 . . . . .	87
g.	Die regering van Heavyman Mafemana, 1968 tot tans . . . . .	88
B.	DIE HUIDIGE WOONGEBIED . . . . .	89
C.	SAMEVATTING . . . . .	97

HOOFSTUK III     POLITIEKE, JUDISIELLE EN ADMINISTRATIEWE

EENHEDE BINNE DIE STAM . . . . .

A.	INLEIDING . . . . .	101
B.	DIE STAMGEBIED . . . . .	101
C.	DIE WYK ( <u>MUGANGA</u> ) AS TERRITORIALE EENHEID	

	BINNE DIE STAM . . . . .	103
1.	Algemeen . . . . .	103
2.	Benaming . . . . .	104
3.	Die <u>miganga</u> van die Changana . . . . .	105
4.	Die totstandkoming van die wyke . . . . .	114
5.	Kenmerke van die wyk . . . . .	117

D.	SOSIO-POLITIESE EENHEDE . . . . .	123
1.	Algemeen . . . . .	123
2.	Die linie-eenheid ( <u>usende/nyimba</u> ) . . . . .	124
3.	Die groter gesinne-eenheid . . . . .	131
4.	Die kraal ( <u>muti</u> ) . . . . .	136

E.	SAMEVATTING . . . . .	145
----	-----------------------	-----

HOOFSTUK IV     DIE STAMREGERING

A.	DIE SENTRALE REGERING . . . . .	149
1.	Algemeen . . . . .	149
2.	Die Kaptein ( <u>Hosi</u> ) . . . . .	150
a.	Algemeen . . . . .	150
b.	Verkryging van posisie . . . . .	151

BLADSY

HOOFSTUK IV

(i)	Erfopvolging . . . . .	152
(ii)	Aanwysing en inhuldiging . .	156
c.	Opleiding . . . . . . . . .	160
d.	Behoud van posisie . . . . .	162
e.	Pligsvervulling . . . . .	163
	(i) Pligte op politieke terrein.	163
	(ii) Pligte op judisiële terrein.	164
	(iii) Pligte op godsdienstige	
	terrein . . . . .	165
	(iv) Pligte op militêre terruin .	166
	(v) Pligte op ekonomiese terrein	167
	(vi) Pligte op sosiale terrein .	168
f.	Plaasvervangers . . . . .	169
g.	Die Regent ( <u>Mukhomeri</u> ) . . . . .	175
3.	Raadgewende instansies . . . . .	177
a.	Algemeen . . . . .	177
b.	Die Linieraad / <u>Bandla ra usende</u> .	178
	(i) Samestelling . . . . .	178
	(ii) Funksie . . . . .	179
c.	Die familie- of privaatraad	
	<u>Bandla ra vana va hosi</u> . . . . .	180
	(i) Algemeen . . . . .	180
	(ii) Samestelling . . . . .	182
	(iii) Funksie . . . . .	183
d.	Die Stamraad / <u>Bandla ra hosi</u> . . .	185
	(i) Algemeen . . . . .	185
	(ii) Samestelling . . . . .	185
	(iii) Funksie . . . . .	186
B.	DIE PLAASLIKE REGERING . . . . .	187
1.	Gesagsfunksionering binne die wyk . . .	187
a.	Die wykshoof / <u>Ndhuna</u> . . . . .	188
	(i) Algemeen . . . . .	188
	(ii) Verkryging van posisie . . .	189
	(iii) Aanstelling en inhuldiging .	192
	(iv) Behoud van posisie deur	
	pligsvervulling . . . . .	195

HOOFSTUK IV

(v)	Plaasvervangers van die wykshoof . . . . .	196
(vi)	Raadgewers van die wykshoof . . . . .	199
	(aa) Die privaatraad . . . . .	199
	(bb) Die wyksraad / <u>Bandla ra ndhuna</u> . . . . .	200

C. GESAGSFUNKSIONERING BINNE DIE SOSIO-

<u>POLITIESE ENHEDDE</u> . . . . .	201
------------------------------------	-----

1. Die linichoof / <u>Ummunzana wa usende</u> . . . . .	202
a. Verkryging van posisie . . . . .	202
b. Pligsvervulling . . . . .	203
c. Raadgewers . . . . .	204
2. Die hoof van die groter gesinne-eenhuid . . . . .	205
a. Verkryging van posisie . . . . .	205
b. Pligsvervulling . . . . .	206
c. Raadgewers . . . . .	207
3. Die Kraalhoof / <u>Nkulukumba wa muti</u> . . . . .	207

D. SAMEVATTING . . . . .

HOOFSTUK V DIE JUDISIELLE ORGANISASIE . . . . . **213**

1. INLEIDING . . . . .	213
2. OPENBARE HOWE . . . . .	214
a. Die kapteinhof / <u>Bandla ra hosi</u> . . . . .	214
(i) Benaming . . . . .	214
(ii) Vergaderplek en tyd . . . . .	215
(iii) Samestelling . . . . .	216
(iv) Bevoegdheid . . . . .	219
b. Die Wykshof / <u>Bandla ra ndhuna</u> . . . . .	221
(i) Algemeen . . . . .	221
(ii) Benaming en vergaderplek . . . . .	221
(iii) Samestelling en sitwyse . . . . .	222
(iv) Bevoegdheid . . . . .	224
c. Hofprosedure . . . . .	227
(i) Inleiding . . . . .	227
(ii) Prosedure by die aanmelding van 'n saak . . . . .	229

HOOFSTUK V

(iii) Prosedure tydens die verhoor . . . . .	234
(iv) Die wycs waarop die vonnis of uitspraak ten uitvoer gelê word . . . . .	239
(v) Appèl en verslag . . . . .	248
(vi) Onvolwaardige regspersone . .	251
3. NIE-OPENBARE HOWE . . . . .	252
a. Dic Kraalhof . . . . .	252
(i) Algemeen . . . . .	252
(ii) Benaming en vergaderplek . .	254
(iii) Samestelling . . . . .	255
(iv) Bevoegdheid en prosedure . .	257
b. Die hof van die groter gesinne- eenheid . . . . .	259
c. Die Liniehof . . . . .	262
4. SAMEVATTING . . . . .	266

HOOFSTUK VI SAMEVATTING . . . . . 272

A. INLEIDING . . . . .	272
B. HERKOMS EN WOONGEBIED . . . . .	272
C. POLITIEKE, JUDISIELLE EN ADMINISTRATIEWE EENHEDE BINNE DIE STAM . . . . .	274
D. DIE STAMREGERING . . . . .	277
E. DIE JUDISIELLE ORGANISASIE . . . . .	280
F. SLOT . . . . .	284

BIBLIOGRAFIE . . . . . 286

KAARTE

KAART 1. Trekbewegings van die Changana . . .	295
KAART 2. GAZANKULU . . . . .	296
KAART 3. Die Mhaladistrik . . . . .	297

BLADSY

TABELLE

TABEL 1	:	Sleutelgenealogie van die kapteinshuise van die Ndwandwe . . . . .	29
TABEL 2	:	Die tien opeenvolgende regeerders van die Changana sedert 1820 . . . . .	76
TABEL 3	:	Kerngenealogie van die kapteins-huis van die Changana . . . . . . . . .	84
TABEL 4	:	Stamgebied van die Suidelike Changana . . . . . . . . . . . . . . .	94
TABEL 5	:	Bevolkingsyfer volgens 1970-sensus . . . . .	96
TABEL 6	:	Die Changana Kraaluitleg . . . . .	138
TABEL 7	:	<u>Miganga ya Machangana</u> . . . . .	122

## HOOFSTUK I

### DIE AARD, OMVANG EN AANBIEDING VAN DIE ONDERSOEK

#### A. DIE AARD, OMVANG EN KENMERKE VAN POLITIEKE EN JUDISIELLE ORGANISASIE

Aangesien die onderhawige navorsingsonderwerp 'n beskrywing van die politieke en judisiële organisasie van 'n suidoostelike Bantoe-stam behels, is dit noodsaaklik om ten aanvang duidelik aan te dui wat met die begrippe politieke en judisiële organisasie bedoel word.

##### 1. Politieke organisasie

Wanneer die beskikbare literatuur oor hierdie onderwerp in oënskou geneem word, blyk dit duidelik dat die meeste skrywers vandag aanvaar dat 'n politieke organisasie by alle volke ter wêreld in een of ander vorm aangetref word.

Herskovits (1952:327) merk in hierdie verband dan ook heeltemal teregt op dat: "The universality of mechanisms for the regulation of affairs that concerns the group as a whole has made the inclusion of political organization mandatory in any listing of the aspects of culture." Politieke organisasie is dus een van die etlike kulturele universalia en net soos kultuur as geheel is dit ook baie duidelik alleenlik 'n menslike attribuut.

Daar word soms volgens die omvang van die instellinge wat deel vorm van die politieke organisasie van 'n volk onderskeid gemaak tussen primitiewe staatsgemeenskappe en staatlose gemeenskappe. Ten opsigte van eersgenoemde groep geld gewoonlik as norme die aanwesigheid van 'n duidelik uitgekristalliseerde sentrale politieke gesag waaronder omvangryke administratiewe masjinerie belas met die regulering van die lewe, ressorteer. Fortes en Evans-Pritchard (1964:5) plaas hierdie groep in die kategorie van, "those societies which have centralized authority, administrative machinery, and judicial institutions - in short, a government - and in which cleavages of wealth, privilege, and status correspond to the distribution of power and authority." In die geval van staatlose gemeenskappe is die omvang en die opsigtelikheid van boegenoemde instellinge minder duidelik waarneembaar. Die

administratiewe masjinerie kan selfs afwesig wees. Volgens Fortes en Evans-Pritchard (1964:5) het 'n mens in hierdie geval te make met, "those societies which lack centralized authority, administrative machinery, and constituted judicial institutions - in short, lack government - and in which there are no sharp divisions of rank, status, or wealth".

Volgens bogenoemde onderskeiding, ressorteer die politieke stelsels van die verskillende Suid-Bantoe-stamme onder die eersgenoemde groep. Uit die bestaande monografieë blyk dit duidelik dat 'n mens in elke geval 'n duidelik aanduidbare sentrale gesag kan onderskei wat oor die hele stam gesag voer, met kleiner ondergeskikte eenhede soos distrikte en wyke, waарoor administratiewe hoofde wat hulle gesag van die sentrale instansie verkry, gesag voer. Vergelyk in hierdie verband Coertze (1971:107), Bryant (1967:459), Junod (1927, I:367), Schapera (1956:38 e.v.), Marwick (1940:255 e.v.) en ander.

Bogenoemde bronne dui baie duidelik daarop dat 'n mens die bestaan van 'n uitgekristaliseerde sentrale ordende gesag as die belangrikste kenmerk van die politieke organisasie van die Suid-Bantoe moet aandui. Hierdie sentrale gesag berus by die opperhoof-in-rade wat gesag voer oor lede van sy stam wat in 'n bepaalde gebied woonagtig is. Die bestaan van 'n politieke organisasie onder elke Suid-Bantoe-stam impliseer dus nie net die bestaan van 'n sentrale gesag in die vorm van die opperhoof-in-rade nie, maar vereis ook dat gesag oor mense, dit wil sê, die stamlede en binne 'n bepaalde gebied, dit wil sê die stamgebied, uitgeoefen moet word. Die drie vereistes wat Hoebel (1972:522) vir die bestaan van 'n politieke organisasie stel, naamlik "(i) a territory, (ii) a culturally organized population and (iii) a centrally organized government with strong coercive powers" is dus ook van toepassing op die politieke organisasie van elke Suid-Bantoe-stam. Ten einde 'n duidelike begrip te vorm van die betekenis van hierdie drie vereistes in die politieke organisasie van die Suid-Bantoe, sal daar vervolgens aan elkeen afsonderlik aandag gewy word.

a. Die bestaan van 'n sosiale eenheid

Waar die bestaan van 'n sosiale eenheid as 'n vereiste vir die bestaan van 'n politieke organisasie aangedui is, moet 'n mens eerstens daarop let dat so 'n eenheid in alle gevalle die grootste en getalrykste sosiale verband naamlik die stam of volk insluit. Met stam of volk word hier egter nie noodwendig bedoel mense wat 'n gemeenskaplike kultuur deelagtig is nie. Coertze (1961:140) wys byvoorbeeld pertinent daarop dat: "Onder mense met eenvormige kultuurbesit vind ons dikwels verskillende politieke eenhede en binne een politieke eenheid tref ons gewoonlik draers aan van verskillende kulture." Die stam kan gevolglik as 'n sosiale eenheid of as 'n politieke eenheid beskou word, afhangende van die oogpunt waaruit dit betrags word. Hoebel (1949:376) beweer in hierdie verband: "The state is but an aspect of society, the group organization of society when seen from the angle of the political control of its members and its formal relations to other societies." Aangesien die onderwerp van belangstelling hier politieke organisasie is, moet die stam dus omskryf word as 'n groep mense wat aan gemeenskaplike gesag onderhorig is.

Binne die stam as "sosio-politieke" eenheid kan daar onderskei word tussen twee groepe mense. Eerstens is daar 'n kerngroep. Hulle vorm volgens Elof, "'n homogene eenheid, praat dieselfde taal en handhaaf 'n eenvormige lewenswyse" (Coertze 1961:109). Tweedens is daar binne elke stam groepe vreemdelinge aanwesig. Hierdie mense wat draers kan wees van vreemde kulture, sluit by die kerngroep aan of word by hulle ingelyf en aanvaar die bestaande politieke gesag wat by die kerngroep aanwesig is. Schapera (1956:20 e.v.) wys hierdie feit duidelik uit in die geval van 'n verskeidenheid Tswanastamme. Dit volg egter logies dat die herkoms en funksionering van politieke gesag nie uit 'n studie van hierdie vreemdelinggroepe aangedui sal kan word nie, ".... omdat kultuur iets is wat kan verander en omdat die gesag by die kerngroep setel, wie se kultuur daarom as voorbeeld vir almal voorgehou word ..." (Coertze 1961:141).

Hoewel die aandag hierna hoofsaaklik op die kerngroep toegespits sal word, moet daarop gelet word dat daar by albei

hierdie groepe – die vreemdelinggroepe en die kerngroep – ondanks die feit dat hulle saamskakel onder een sentrale politieke gesag, verskillende kleiner eenhede aanwesig is. Laasgenoemde kan van tweërlei aard wees. Eerstens is daar die gewestelike eenhede wat hoofsaaklik onverbonde met afkomsrekening tot stand kom en waarbinne daar senior persone, wat bevele kan gee en wat status en aansien het, aanwesig is. Laasgenoemde gesagspersone word in hulle gesagsuitoefening deur die sentrale stamgesag ondersteun en die eenhede waarbinne hulle optree, oor wie hulle gesag voer en wat hulle namens die stamgesag moet administreer, kan dus as polities-administratiewe eenhede en hulself as polities-administratiewe gesagspersone beskou word. Schapera (1956:185) merk in hierdie verband op dat: "The territory occupied by the tribe is divided into local units, varying in size and importance, each of which comes under the jurisdiction of a recognized authority." Met verwysing na hierdie eenhede (wyke) binne die stam, beweer Coertze (1971:123) dat: "Die vyks=hoofman met sy raad vorm die laagste plaaslike polities-administratiewe instansie in die stam. Sy posisie van status en gesag word geborg deur die erkenning daarvan deur die sentrale gesag." 'n Studie van die politieke organisasie van 'n stam, impliseer dus naas 'n studie van die sentrale gesag ook 'n studie van hierdie gewestelike eenhede en die gesagsinstansies wat beheer uitoefen oor die mense in hierdie eenhede.

Tweedens bestaan daar eenhede wat as suiwer sosiale eenhede beskou kan word en waarbinne gesagspersone gesag voer. Laasgenoemde se gesagsposisies berus suiwer op senioriteit=status. Dit wil sê, hulle verkry hulle posisie op grond van geboorte. Dit is noodsaaklik om vas te stel of hierdie eenhede as politieke eenhede getipeer moet word, al dan nie. De Clercq (1969:53) beweer in hierdie verband dat hierdie eenhede 'n verskidenheid van politieke funksies het om te vervul en, "op grond van sosiale verhoudinge en beheer, as deel van die politieke organisasie van die stam beskou kan word." Daarom dui hy hierdie eenhede as sosio-politiese eenhede aan. Genoemde skrywer kon in sy studie van die politieke en judisiële organisasie van die Nzuzastam van Mtunzini

duidelik uitwys dat hierdie eenhede wel bestaan en 'n belangrike politieke funksie het. Die bestaan van hierdie suiwer sosiale eenhede word in die meeste monografieë oor Suid-Bantoe-stamme duidelik aangedui en dit kon dus ook onder die Changana verwag word. In die onderhawige navorsing is daar gevoldglik getrag om vas te stel of hierdie eenhede by die Changana bestaan en of hulle politieke funksies het en indien wel, wat daardie funksies is.

b. Die bestaan van en onderdanigheid  
aan 'n ordende gesag

In hulle behandeling van die politieke organisasie is daar 'n verskeidenheid van skrywers wat van die standpunt uitgaan dat die vermoë om dwingende gesag uit te oefen die basiese kenmerk is van die politieke gesaginstellinge van volke.

Radcliffe-Brown voer byvoorbeeld aan: "In studying political organization, we have to deal with the maintenance or establishment of social order, within a territorial framework, by the organized exercise of coercive authority through the use or possibility of use of physical force." (Fortes en Evans-Pritchard 1940:xiv). Malinowski (1969:165) gaan selfs verder wanneer hy beweer dat politieke organisasie altyd 'n sentrale gesag met administratiewe magte impliseer en dat hierdie magte te make het met, "... the use of force, spiritual and physical alike."

Wanneer die interne politieke organisasie van 'n Suid-Bantoe-stam in oënskou geneem word, lyk die standpunte van bo-genoemde twee skrywers egter na oorbeklemtoning van die gebruik van geweld. Hoewel die kaptein van 'n Bantoe-stam oor 'n wye reeks voorregte en selfs oor afdwingbare gesag beskik, moet sy optrede voortdurend van so 'n aard wees dat hy die onderdanigheid van sy onderhoriges waardig bly. Coertze (1961:145) merk dan ook teregt op: "Die onderdanigheid van onderhoriges bevat tegelykertyd ook deel van die kontrole wat oor die uitoefteling van die politieke gesag bestaan." Verder is dit ook uit die gewens van verskillende skrywers duidelik dat daar in die meeste van die pligvervullingstake van die Bantoe-kaptein wat slegs deur hom as hoogste politieke gesag uitgevoer kan word, selde of ooit 'n element van dwang

ter sprake is. (Vergelyk byvoorbeeld Schapera 1956:96 e.v.) In hierdie verband kan de Clercq (1969:4) se standpunt onder-skryf word dat, "die kulturele band wat volkslede bind die basis (vorm) van 'n gemeenskaplike gevoel van onderdanigheid aan die politieke gesag van daardie volk en die politieke instansies in staat (stel) om nie-geweldadige bestrawwing vanuit verskillende kultuurfasette te gebruik om onderdane op die regte spoor te hou." Volgens hom is religieuse, sosiale of ekonomiese sanksies voorbeeldelike hiervan.

Indien hierdie uitgangspunt in oënskou geneem word, blyk dit dat die uitoefening van dwingende gesag nie as die fundamentele kenmerk van die interne politieke organisasie beskou kan word nie. 'n Mens sou alleen geregtig wees om te beweer dat die bestaan van 'n ordenende gesag as sodanige kenmerk beskou kan word. In hierdie lig gesien word die ordenende funksie van politieke gesag binne die stam nie in terme van dwingende gesag gesien nie, maar is dit dikwels geleë in, "die gee van leiding op al die terreine van die lewe waar dit van die draers van dic politieke gesag verwag word" (Coertze 1961:143). Wanneer daar in die onderhawige studie aandag aan die kaptein as hoogste interne politieke gesag gegee word, word dit gevvolglik as noodsaaklik geag om nie alleen aandag te gee aan die wyse waarop hy sy gesag afdwing nie maar ook aan sy aktiwiteite en pligte op elke kultuurterrein.

Die funksie van politieke gesag is egter nie alleen die ordening van die eenheid na binne nie. Dit tree ook namens die eenheid na buite teenoor ander eenhede op. Daarom beweer Herskovits (1949:327) dat, "no people is without ways and means of controlling conduct and directing the affairs of the group." Een van die kenmerke van politieke ordening is dus volgens hom die regulering van verhoudinge na buite tussen gemeenskappe. Hoebel (1949:376) beweer omtrent die totale omvang van politieke organisasie dat dit 'n sisteem van regulering van verhoudinge is, "between groups or members of different groups within the society at large". Hoewel hy dus ook optrede na buite beklemtoon, lê die wese van sodanige optrede vir hom in die ordening van verhoudinge tussen groepe en nie soseer binne die groep as sodanig nie. Hierdie optrede behels diplomatiiese optrede of, indien diplomacie

misluk, gewelddadige optrede.

Waar die bestaan van 'n ordende gesag soos hierbo gestel, as een van die fundamentele kenmerke van politieke organisasie aangedui is, moet daar verder op gelet word dat sodanige gesag slegs kan bestaan en funksioneer indien dit deur die onderdane erken word. Binne elke gemeenskap is daar gesagspersone aanwesig. Laasgenoemde besit die reg tot gesagsuitoefening op grond van hulle sosiale aansien en prestige, maar nie almal van hulle het die reg tot politieke gesagsuitoefening nie. Saam met Coertze (1961:141) word daar dus onderskei, "tussen prestige wat die reg tot politieke gesagsuitoefening verleen en normale prestigbesit waar dit om wisseling in status tussen potensiële gelykes gaan." Die hele sosiale struktuur van 'n Suid-Bantostam kan normaalweg verdeel word in 'n verskeidenheid afkomslinies en sibbes wat gewoonlik in 'n vaste rangorde tot mekaar staan. Die kaptein van elke stam word normaalweg as gesagvoerder erken omdat hy die mees senior lid van die mees senior afkomslinie binne die stam is. Benewens die sosiale gesag wat hy op grond van sy hooggeborenheid kan uitoefen, is hy egter ook politieke hoof van sy stam, dit wil sê, het hy ook politieke gesag. Die feit dat 'n persoon die mees senior sosiale posisie in die stam beklee, impliseer egter nie noodwendig dat die prestige wat aan sy posisie verbonde is, aan hom die reg gee om politieke gesag uit te oefen nie. Laasgenoemde moontlikheid word duidelik deur Bothma (1962:14 e.v.) in die geval van die Ntšabeleng (Noord-Sotho), geïllustreer. By hierdie stam het die mees senior afkomslinie vandag geen politieke gesag nie omdat hulle op 'n vroeë stadium in die geskiedenis die stamgebied verlaat het en eers teruggekeer het nadat die politieke gesag oorgegaan het in die hande van die afkomslinie wat na hulle vertrek die mees senior in status was. Gevolglik het hulle hul reg tot politieke gesagvoering verloor ten spyte van hulle sosiale senioriteit. 'n Soortgelyke voorbeeld kan ook uit die geskiedenis van die Changana verhaal word. Vergelyk byvoorbeeld die aansluiting van Sikunyama, die erfopvolger van Zwide, wat as die mees senior verteenwoordiger uit die vroeëre Ndawandweledere, hom by Sochangana

(junior in afkoms) as ondergeskikte kom voeg het. (Verge=lyk Hoofstuk II.)

Uit die voorgaande uiteensetting blyk dit duidelik dat die reg tot politieke gesagsuitoefening 'n element is wat addisioneel tot die bestaande prestige van 'n gesagspersoon toegeken word en dat hierdie reg slegs bestaan indien, en vir so lank as wat dit erken word deur onderdane. Coertze (1961:144-5) merk dan ook tereg op dat: "Die basis vir die ontstaan van sulke "politieke prestige" is die aanwesigheid van "sosiale prestige" deurdat aan 'n houer van "sosiale prestige" stilswyend of by openbare verklaring, die addisionele status van politieke gesagdraer verleen word".

'n Studie van verskillende monografieë oor die Suid-Bantoe het aan die lig gebring dat die kaptein 'n deel van sy reg tot politieke gesagsuitoefening binne die stamgebied aan 'n verskeidenheid van persone kan deleger. (Vergelyk Schapera (1956:185), Coertze (1971:116 e.v.) asook Fortes en Evans-Pritchard (1940:37).) Hierdie persone voer elkeen gesag oor bepaalde onderafdelings van die stamgebied. Hulle herlei hul reg om gesag uit te oefen vanaf die kaptein as hoogste politieke gesag en kan slegs gesag uitoefen met enersyds die steun van die kaptein en andersyds, indien hulle gesag deur lede van die eenheid waaroor hul aangestel is, aanvaar word. Laasgenoemde feit is van deurslaggewende belang omdat dit impliseer dat die kaptein nie normaalweg enigiemand as hoof oor so 'n onderafdeling sal aanwys en politieke gesag aan hom sal deleger nie. Dit is vir hom noodsaaklik om byvoorbeeld die bestaande senioriteitstruktuur binne elke eenheid te respekteer deur sover moontlik slegs daardie persone wat reeds status en prestige, dit wil sê permanente sosiale aansien het, met politieke gesag te beklee, tensy die kaptein iemand vanuit die kapteinsfamilie "stuur" om die gesag oor daardie eenheid te gaan uitoefen. Selfs in so 'n geval kom die verteenwoordiger van die kapteinsfamilie as iemand met hoë sosiale aansien in die betrokke mindere eenheid teregt. Language (1943:11) wys byvoorbeeld daarop dat by die Tlhaping (Tswana), die senior familiehoof, "van die families wat aan mekaar verwant is" in elke wyk normaal-

weg as wykshoof erken word, terwyl de Clercq (1969:94) ten opsigte van die Nzuzastam (Zulu) aanvoer dat, "dit te betwyfel (is) of die kaptein so dwaas sou wees om 'n persoon wat geen aansien in die betrokke gemeenskap (wyk) geniet, as sy verteenwoordiger aldaar aan te stel nie." Senioriteit in afkoms hoef egter nie die enigste oorweging by die aanstelling van 'n wykshoof te wees nie. Ander vorme van sosiale prestige soos byvoorbeeld militêre prestasies kan ook in aanmerking geneem word.

Uit die bogaande uiteensetting volg dit logies dat die kaptein in die aanstelling van wykshoofde normaalweg nie diegene wat reeds sosiale prestige besit, sal ignoreer nie. In die onderhawige verhandeling is daar getrag om vas te stel in welke mate hierdie beginsel vroeër sowel as in die huidige tyd by die aanstelling van wykshoofde onder die Changana in ag geneem is.

Daar is reeds vroeër daarop gewys dat daar binne die stam as groter sosiale en politieke eenheid verskillende kleiner eenhede aanwesig is waarvan sommige suiwer sosiale eenhede is, dit wil sê eenhede waarvan die lede verwantskapsgebonde is, byvoorbeeld die groter gesinne-eenheid, die linie en die sibbe. Daar is ook op gewys dat daar binne hierdie eenhede gesagsfigure funksioneer wat hulle reg tot gesagsuitoefening vanaf hulle senior status binne die afkomseenheid herlei. Op hierdie wyse ontstaan daar 'n tweede gesagslyn wat binne die stam funksioneer waarvan die reg tot gesagsuitoefening nie deur die sentrale stamgesag verleen word nie. Hierdie gesagslyn staan los van die suiwer politieke gesagslyn en moet duidelik daarvan onderskei word. Daar moet egter op gelet word dat gesag deur sosiale aansien en politieke gesag gelyktydig in 'n bepaalde gesagsfiguur gekonsentreer kan wees, byvoorbeeld in gevalle waar politieke gesag deur die kaptein aan die hoof van 'n afkomsgroep gedelegeer is. Hoewel die politieke en sosiale gesagslyne van mekaar onderskei kan word, is die twee aspekte baie nou met mekaar verweef. Daar is egter ook sosiale gesagsfigure aan wie geen politieke gesag deur die kaptein gedelegeer is nie, maar wat nogtans belangrike funksies op politieke terrein vervul. (Vergelyk

de Clercq 1969:167.) Die noue verband tussen die politieke en sosiale gesagslyne strek dus klaarblyklik verder as die gesagsfigure wat met politieke gesag beklee is. Politieke gesagsuitoefening is ook ter sprake in die gevalle van sosiale gesagspersone aan wie geen formele politieke gesag gedelegeer is nie.

Die verbandhoudende vraag wat onmiddellik op die voorgrond tree is, waar en op welke wyse die koppeling tussen die politieke- en sosiale gesagslyne bewerkstellig word en of 'n studie van laasgenoemde inderdaad by 'n besinning oor politieke organisasie betrek moet word. In sy studie van die politieke en judisiële organisasie van 'n Zulustam herlei de Clercq hierdie koppeling na die funksionering van die politieke gesag op die judisiële terrein. Hy wys naamlik daarop dat geen saak deur 'n wykshoof as laagste punt van die politieke gesagslyn aanvaar sal word tensy dit nie eers voor die sosiale gesagsfigure in hul onderskeie nie-openbare howe gedien het nie. Hierdie stelling word ook deur Coertze (1971:384) in sy bespreking van die hofstelsel van die Bafokeng gemaak, wanneer hy aanvoer dat: "Die korrekte prosedure vandag nog (vereis) dat alle eise eers in die verweerde se lesika hanteer moet word, voor dit deur die verskillende openbare howe verhoor sal word". Hierdie standpunt impliseer dus dat die sosiale gesagslyn 'n verlengstuk is van die politieke gesag en dat dit daarom as deel van die politieke organisasie bestudeer moet word. Sodanige uitgangspunt koppel die sosiale gesag slegs by wyse van die hofstelsel aan die politieke gesag en kan nie as voldoende regverdiging beskou word om eersgenoemde as deel van die politieke organisasie te beskou nie. Dit blyk noodsaaklik te wees om in hierdie verband ook te verwys na die koppeling van die betrokke gesagslyne in die geval van die funksionering van die politieke gesag op ander lewensterreine. In alle monografieë oor die Suid-Bantoe word daar besonder klem gelê op die feit dat enige gewestelike politieke gesagsfiguur (wykshoof) slegs in-rade regeer en dat hierdie rade bestaan uit persone wat status en prestige binne die gemeenskap besit. Laasgenoemde is feitlik deurgaans die hoofde van sosiale eenhede soos kraalhoofde,

hoofde van groter gesinne-eenhede en selfs liniehoofde. Dit het tot gevolg dat hierdie eenhede op politieke terrein deur die ondergeskikte politieke gesagsfigure by die sentrale politieke gesag verteenwoordig word. Anders gestel, beteken dit dat die hoofde van genoemde sosiale eenhede uit hoofde van hulle sosiale status 'n aandeel in die politieke organisasie van die stam gegee word. Na my oordeel moet die koppelingspunt tussen die politieke en sosiale gesagslyne ook in hierdie raadstelsel gesoek word en nie alleen in die aktiwiteite van die sosiale gesagsfigure op die judisiële terrein nie. Dit verskaf ook voldoende regverdiging vir die betrekking van hierdie sosiale eenhede by 'n studie van politieke organisasie. By gebrek aan 'n beter term word sodanige eenhede gevoleklik hierna as sosio-politiese eenhede getypeer.

c. Die bestaan van 'n bepaalde gebied

Daar is vroeër daarop gewys dat 'n sentrale politieke gesag, normaalweg gesag voer oor mense wat in 'n bepaalde gebied woonagtig is. Benewens die bestaan van 'n ordenende gesag en die bestaan van 'n sosiale eenheid moet daar ten slotte ook daarop gewys word dat die bestaan van 'n bepaalde gebied een van die kenmerke is van 'n politieke organisasie. Hoebel (1972:523) merk in hierdie verband op dat, "... since every community is a distinguishable territorial entity, every political system, both primitive and civilized, uses the geographical unit as a basis of organization as well", terwyl Coertze (1961:142) hierdie koppeling tussen politieke gesag en territoriale eenheid herlei na die feit dat, "die lede van die politieke eenheid die bewussyn van afsonderlikeheid wat in hulle gedagtes teenoor alle ander politieke eenhede bestaan in waarneembare begrensing (oorplaas)". Dat hierdie beginsel ook in die geval van die Suid-Bantoe van toepassing is, word duidelik deur Schapera (1956:16) uitgewys wanneer hy beweer dat, "political communities in South Africa are always territorial entities with well-defined rights to the land that they occupy".

Die voorgaande standpunte impliseer dus dat 'n mens kan verwag dat 'n kaptein by die Suid-Bantoe gesag voer oor sy stamlede en dat sy jurisdiksie territoriaal begrens is. Die

steekhoudendheid van hierdie stelling moet egter onmiddellik bevraagteken word aangesien dit nie duidelik is uit die beskikbare literatuur of die politieke organisasie van 'n Suid-Bantoestam ook funksioneer ten opsigte van stamlede wat buite die stamgebied woonagtig is nie. Enersyds weet 'n mens uit die geskiedenis dat daar in die geval van die Zulu voortdurend getrag is om alle onderdane van Shaka binne sy aanvaarde jurisdiksiegebied gefinkorporeer te hou. Vandaar die pogings deur Shaka om vlugtelinge te agterhaal en terug te bring na sy jurisdiksiegebied. Andersyds wys Schapera<sup>(1956:28)</sup> egter daarop dat in die geval van die Sothovolke die kaptein gesag voer oor lede van sy stam en nie noodwendig oor 'n bepaalde gebied nie. Hy wys naamlik pertinent daarop dat: "People identify themselves politically as subjects of such-and-such a chief, and not, as we do, as citizens, of such-and-such a country." In die onderhawige studie oor die politieke en judisiële organisasie van die Changana is dit as noodsaaklik geag om oor hierdie aangeleentheid duidelikheid te verkry deur vas te stel of die kaptein ook gesag voer oor lede van sy stam wat buite die aanvaarde stamgebied woonagtig is, en of hy slegs gesag uitoefen oor lede van sy stam wat binne die aanvaarde stamgebied aanwesig is.

2. Judisiële organisasie : Funksionering van politieke gesag op regterlike terrein

Hoebel (1972:537) wys daarop dat die uitoefening van die regsspraak een van die funksies van politieke gesag is. Handhawing van die reg dit wil sê, instandhouding van die reëls wat die orde binne die gemeenskap moet waarborg en waarvolgens die persoon, eiendom en regte van elke lid van die gemeenskap beskerm moet word, is dus ten nooste met die politieke gesag van daardie gemeenskap verbind omdat laasgenoemde as erkende gesagsinstelling moet toesien dat reg en geregtigheid binne daardie gemeenskap geskied. Hierdie regterlike funksie word vervul deur die inwerkingstelling van masjinerie om die optrede van lede van die gemeenskap te beoordeel, af te keur en te straf. Die bestaan en funksionering van hierdie masjinerie, kan as die judisiële organisasie van daardie gemeenskap beskou word.

By baie volke ter wêreld is bogenoemde masjinerie in 'n bepaalde vorm gegiet, naamlik in 'n stelsel van howe. Coertze (1961:171) wys daarop dat in die geval van primitiewe volke die politieke gesagvoerder ook die vernaamste regsspreker is en die bestaande monografieë oor die Suid-Bantoe dui daarop dat hierdie beginsel ook in die geval van die Suid-Bantoe van toepassing is. 'n Mens sou dus kon verwag dat die Bantoe-kaptein in sy regterlike hoedanigheid 'n hof kan hou en dat hierdie hof in ooreenstemming met die posisie van die kaptein, die hoogste hof in die stam sal wees.

Daar is reeds vroeër op gewys dat daar binne die stam 'n hiërargie van politieke gesagsfigure bestaan. 'n Mens sou dus nou verder kan verwag dat aan elkeen van hierdie gesagsfigure 'n hof verbonde sal wees. Ten opsigte van hierdie howe beweer Coertze (1971:135) die volgende: "Nie alleen kan die dwingende gesag wat die nakoming van die uitspraak en vonnis van elke hof waarborg, teruggevoer word tot die opdrag van die stamopperhoof nie, maar die regsspraak self is deel van die funksie van elke politieke en administratiewe gesagsinstansie." Waar die onderhawige studie ook 'n besinning oor die judisiële organisasie van die Changana insluit, volg dit dus logies dat daar ondersoek ingestel sal moet word na die bestaan van 'n stelsel van howe wat in hulle funksionering aan elkeen van die politieke gesagsfigure gekoppel is.

Daar is reeds vroeër daarop gewys dat daar benewens bogenoemde politieke gesagsfigure ook gesagsfigure wat oor sosio-politiese eenhede gesag voer, in die stam aanwesig is. De Clercq (1969:117 en 142) het aangetoon dat daar ook 'n hof aan elkeen van hierdie sosio-politiese gesagsfigure verbond is en dat daar in die verhoor van sake in hierdie howe 'n appèlprocedure gevvolg word wat verband hou met die hiërargiese opeenvolging van howe. Hierdie bevinding het daartoe geleid dat die bestaan en funksionering van regsspraak in hierdie sosio-politiese eenhede in die geval van die Changana bestudeer moes word.

Ten slotte moet daarop gewys word dat die reëling van menslike lewensaktiwiteite by wyse van howe nie arbitrêr en willekeurig geskied nie maar wel ooreenkomsdig reëls wat

voortdurend deur die waardes en norme van daardie mense voorgeskryf word. Coertze (1961:170) voer in hierdie verband aan dat: "Die regsgesag wat binne elke volk erken word, staan nie los van die gemeenskap nie. Dit kom uit die gemeenskap voort en straf namens die gemeenskap tot instandhouding van die bestaande orde .... Daarom is dit 'n kenmerk van die regterlike bestrawwing dat dit altyd op 'n bepaalde ordelike wyse sal plaasvind." In sy regterlike gesagsuitoefneming is elke hof dus verbind om die beginsels wat korrekte optrede binne die gemeenskap bepaal, te handhaaf. Hierdie beginsels sluit al daardie reëls in wat deur die regsbewussyn van die gemeenskap as van sodanige belang beskou word, "dat dit bereid is om altyd die oortreding daarvan deur die aanwending van dwang te straf" (Coertze 1961:166). In sy lewe ring van uitsprake word die hof dus tegelykertyd gekonroleer en ondersteun deur die openbare mening.

Indien en vir solank as wat die hof verseker is van die ondersteuning en eerbiediging van sy uitsprake deur die volkslede, is hy ook gewoonlik verseker van die afdwingbaarheid van elke uitspraak, terwyl die omgekeerde ewe waar is, naamlik dat indien die hof op een of ander wyse verhinder word om sy uitspraak af te dwing, die noue verbintenis tussen hofbeslissing en openbare mening ernstig benadeel word. 'n Mens kan dus verwag dat indien die werking van 'n Bantoekaptein se hof as hoogste regsprekende orgaan binne die stam op een of ander wyse aangetas word daar 'n skeiding tussen sy hofbeslissings en die openbare mening van sy stam sal ontwikkel. Dit volg dan logies dat indien daar 'n moontlikheid vir appèllering teen die uitspraak van die kaptein bestaan sou wat dit tans van Staatsweë moontlik gemaak word, kragtens art.9 van G.K.2082 van 1968, die gesag van die kapteinshof ernstig aangetas word. Die gegewens van de Clercq (1969:145 e.v.) dui daarop dat so 'n situasie inderdaad bestaan. Aangesien die kapteinshof die enigste tradisionele hof is waarvan die aansien op hierdie wyse van Staatsweë aangetas word, kan 'n mens verwag dat die normale verbintenis tussen uitsprake van howe en die openbare mening tans nog in die geval van die mindere howe in die stam sal bestaan. So 'n moontlike verskil in die omvang van die

funksionering van kapteinshewe en mindere howe sal by die Changana ondersoek moet word.

Aangesien daar in die onderhawige studie gepoog is om sover moontlik 'n uiteensetting te gee van die tradisionele politieke en judisiële organisasie van die Changana is die aandag by die behandeling van die judisiële organisasie hoofsaaklik toegespits op 'n beskrywing van die hofstelsel soos wat dit binne die stam bestaan en funksioneer met aanduiding van probleme wat in die praktyk teruggevoer kan word na die effek van statutêre maatreëls.

B. DOEL VAN ONDERSOEK

In die lig van die standpunte wat in die voorafgaande afdeling gestel is, was dit die doel van die ondersoek om die politieke en judisiële organisasie van die Changana sistematies te beskryf en om vas te stel of dit dieselfde patroon volg as wat reeds by ander Suid-Bantostamme gerapporteer is.

In hierdie beskrywing het die onderskeid wat anderreeds gemaak het tussen polities-administratiewe en sosio-politiese gesagseenhede as basis gedien en is daar getrag om die noue verweefdheid tussen politieke en regterlike gesagsuitoefening duidelik uit te wys.

Soos hierna verduidelik word was 'n beskrywing van die aard onmoontlik sonder 'n intensieve kennis van die historiese en kulturele faktore wat in die ontstaan van die Changana 'n rol gespeel het. Om hierdie rede moes die ondersoeker die trekbewegings van die stam en hulle verwantskap met ander stamme in suidelike Afrika duidelik aandui.

C. BEGRENSING VAN DIE NAVORSINGSGEBIED EN DIE TERREIN VAN ONDERSOEK

Dit is 'n ongelukkige feit dat die etnografiese gegewens ten opsigte van die Bantocvolke in Suid-Afrika tans nog opvallende leemtes vertoon. Gedurende die afgelope aantal jare het dit opnuut duidelik geword dat daar 'n gebrek aan betroubare etnografiese gegewens oor die Tsonga en Changana van Noord- en Noordoos-Transvaal bestaan.

Die grootste gedeelte van hierdie twee etniese eenhede is tans in die noordelike en suidelike gedeeltes van Gazankulu, wat geografies van mekaar geskei is, saamgetrek. Die suidelike deel van hierdie tweedeling bestaan uit die Mhaladistrik. Dit was aanvanklik die plan om die hele terrein van die huidige Mhaladistrik in die ondersoek te betrek. Dit was egter baie gou duidelik dat veralgemenings oor die politieke en judisiële organisasie van die vier verskillende stamme in die distrik baie moeilik sou wees. Dit kom omdat twee van die stamme Hlanganu (Tsonga) is, die Kutswe van Sotho herkoms is en die Changana 'n deel van die Changana-element in die dubbelkoppeling Changana-Tsonga verteenwoordig. Hierdie stamme se herkoms verskil nie alleen van mekaar nie maar daar is ook opvallende kultuurverskille wat veralgemenings te midde van die bestaande uiteenlopendheid slegs tot 'n "op-pervlakkige" beskrywing sou terugdwing.

Daar is daarom op die woongebied van een van hierdie stamme as navorsingsterrein besluit. Die Changana is verkies omdat hulle beskou kan word as die enigste stam wat binne hierdie suidelike gedeelte van die Machanganagebiedsowerheid met reg op die naam Changana aanspraak kan maak.

Die twee Hlanganustamme wat onderskeidelik onder waarnemende kaptein Willy Mnisi en kaptein Jongilanga Khoza resorteer, word deur Junod (1927:18) as 'n subgroep van die Tsongasprekendes geklassifiseer. 'n Eerste migrasie Hlanganu het reeds so vroeg as 1835 die huidige Transvaal binnegevlug uit vrees vir die Changana onder aanvoering van Sochangana wat sedert ongeveer 1821 Portugese-Oos-Afrika binnegedring het (Van Warmelo 1935:91). Hierdie stamme was dus nooit aan die gesag van Sochangana onderhorig nie. Volgens Stevenson-Hamilton (1949:192) was, "die familiegroep van die Hlangane wat weerskante van die Lebombo langs die Sabierivier woon ... te ver weg om onder direkte beheer of beskerming van hul nuwe baas (Changana) te wees ...."

Die Kutswestam wat tans as die Mativelastamowerheid binne die grotere Gazankulu funksioneer, staan onder leiding van kaptein Mativela Mokwena, 'n befaamde reënmaker van Kutsweherkoms. Hierdie heterogene-saamgestelde stam bestaan uit 'n

klein kern van Kutswe waarby 'n groot getal Changana en Hlanganu aangesluit het. Die Kutswe is een van die drie stamme wat vandag as Oos-Sotho geklassifiseer word en kan gevoglik nie as Changana beskou word nie.

Die Changanastam van kaptein Heavyman Mafemana Nxumalo kan as die enigste ware Changana in die suide van Gazankulu beskou word omdat hulle direkte afstammelinge sowel as volgelinge en onderworpenes van Sochangana verteenwoordig. Van Warmelo (1935:92) merk in hierdie verband teregt op: "Strictly speaking the Ma-Tshangana are the Nguni who came into the country with him (Sochangana), their descendants, and probably also a number of hangers-on of the Ngoni king's immediate entourage."

Dit was vroeg reeds uit die getuienis van verskillende skrywers duidelik dat die Ngoni van Sochangana wat in Portugees-Oos-Afrika ingetrek het vanuit die vroeëre Ndwandweverband in die noorde van Zululand hulle kultuur vir sowat vyf en sewentig jaar met geweld op die inheemse Tsongastamme afgedwing het. In hierdie proses het hulle eie kultuur egter nie onaangetas gebly nie.

Junod (1905:243) en Liengme (1901:125) dui baie duidelik aan dat die onderworpe Tsonga, en selfs die Rongastamme in die suide van Portugees-Oos-Afrika (wat nooit aan die gesag van Sochangana onderworpe was nie) die militêre stelsel van die Zulu en die gepaardgaande militêre terminologie in sy geheel oorgeneem het. Veral die Tsongamans het die Zulutaal, wat die algemene spreektaal in die openbare howe was, in 'n groot mate hul eie gemaak.

Indien 'n mens in aanmerking neem dat die Changana, die Ngoni van Sochangana tydens hul veroweringstogte, 'n baie groot hoeveelheid Tsongavrouens in hul geledere opgeneem het, moet 'n mens aanvaar dat die daaropvolgende generasie Changana deel van die Tsongataal en -gewoontes sou aanleer. Daar sou so die besliste moontlikheid wees dat die huidige Changana in Gazankulu reeds in 'n hoë matevertsinga het, ondanks die feit dat hulle daarop aandring dat hulle eintlik Zulu is. Van Warmelo (1935:91) het hierdie verandering reeds lankal aange-

dui: "The Matsangana, though supposed to be of Nguni extraction .... represent the fourth or fifth generation that has been living amongst the Tonga. Their Nguni language and culture have survived in the midst of an alien environment only at the prize of considerable modification." Hieruit blyk dit duidelik dat daar in werklikheid nie alleen 'n proses van gedwongeakkulturasie by die Tsonga was nie maar ook 'n proses van transkulturasie by die Ngoni van Sochangana plaasgevind het.

Vervolgens moet daarop gelet word dat indien die herkomst en geskiedenis van hierdie Changana (vergelyk Hoofstuk II) in aanmerking geneem word, dit voor die hand liggend is dat die politieke en judisiële organisasie van hierdie stam in werklikheid slegs begryp sou kon word ná 'n deeglike studie van die oorspronklike Ndwandwe- sowel as die Tsongapatroon. In 'n poging om uit hierdie onvolledige akkulturasieproses 'n duidelike en konsekwente beeld van die politieke en judisiële organisasie te verkry, is daar te staan gekom voor die probleem dat daar geen geskikte gegewens uit die literatuur oor die oorspronklike Ndwandwepatroon bestaan nie. Daar is ook geen waarborg dat die omvattende uiteensetting van die kultuur van die Tsonga deur Junod (1927:Vol.I en II) werklik as geldig aanvaar kon word vir daardie Tsongastamme wat hulle vandag in Gazankulu bevind nie.

In die lig van die probleme wat in die voorafgaande paragrafe uiteengesit is, was die enigste praktiese uitweg om 'n beskrywing te gee van die feitlike toestande onder die Changana soos wat dit in die huidige tyd aangetref word met vermelding, waar moontlik, van vermoedelike oorname uit die Tsongakultuur soos die literatuur dit aandui. Hierdie benadering het die navorsingsterrein gevolegtlik uiteindelik verklein tot 'n hanteerbare omvang.

D. METODE VAN ONDERSOEK

Navorsing in verband met die politieke en judisiële organisasie van 'n Bantostam kan ten beste uitgevoer word deur gebruik te maak van die kennis van kundige segsmanne van die betrokke stam sowel as deur die waarneming van daaglikse

aktiwiteite op hierdie lewensterreine. As sodanig is die onderhawige studie dan ook in hoofsaak die resultaat van die veldwerk wat die ondersoeker persoonlik onder die Changana gedoen het.

Alvorens daar met die veldwerk begin is, is 'n intensesieve studie van die toepaslike literatuur gemaak ten einde 'n skema en vraelys op te stel. Daar bestaan egter geen bruikbare volkekundige werke oor die Changana as sodanig nie. Die ondersoeker moes hom aanvanklik dan ook verlaat op die gegewens in die werk van Junod (1927) wat eintlik 'n studie van die Tsonga en meer spesifiek die Rongastamme in die suide van Mosambiek gemaak het. Hoewel nie direk van toepassing op die Changana nie, het dit nogtans waardevolle hulp verskaf. Vanweë die herkoms van die Changana is die standaard volkekundige werke oor die Zulu-, Swazi- sowel as die Xhosastamme geraadpleeg ten einde die nodige agtergrond te verkry. Aangesien die genoemde werke nie direk op die onderwerp (veral met betrekking tot die funksionering van die onderskeie sosio-politiese eenhede sowel as die hofstelsel en hofprosedure) van toepassing is nie, is in die literatuurstudie ook aandag gegee aan verbandhoudende volkekundige werke oor diezelfde onderwerp by ander etniese eenhede. Veral die navorsingsresultate van Coertze (1971), de Clercq (1969), Pelser (1968) en Breytenbach (1971) het besondere hulp verskaf by die sistematisering van die versamelde feite. Die besondere wyse waarop Coertze (1971) die hofstelsel en hofprosedure van die Bafokeng aanbied, is nagevolg en as leiding gebruik by die opstel van 'n vraelys oor die besondere onderwerp.

Die vroeë geskiedenis van die Changana is hoofsaaklik aan die hand van brokstukke uit die bestaande literatuur weergegee. Van die periode voor 1820 is hoofsaaklik op die onkontroleerbare gegewens van veral Bryant (1929 en 1956) gekonsentreer. Die werk van Liesegang (1967) sowel as die artikels uit die pen van die Switserse sendelinge te wete Liengme (1901), Grandjean (1899), Jeanneret (1894), Berthoud (1892) en Jacques (1958) het waardevolle historiese gegegewens oor die periode 1820 - 1895 bevat. Ongelukkig is nie een van hierdie skrywers in die volkekunde geskool nie en hoewel

Liesegang (1967) hom op die gebied van die volkekunde begeef, maak hy as gevolg van sy gebrekkige volkekundige kennis soms foutiewe afleidings. Vanuit 'n historiese oogpunt gesien, was sy bydrae egter van groot waarde, veral sy verwerking en weergawe van die oorspronklike Portugese argiefstukke.

Die latere geskiedenis sowel as die inligting vir die onderhawige beskrywing van die politieke en judisiële organisasie van die Changana, is deur ondervraging van kundige segsmanne verkry en sover moontlik gekontroleer. Hierdie gegewens is gedurende vakansies oor 'n periode van drie jaar (1969 - 1971) in die stamgebied van die Changana sowel as die van omliggende stamme by wyse van veldwerk versamel.

Nadat die doel van die ondersoek aan die stamkaptein verduidelik is en hy sy toestemming verleen het dat daar navorsing in die stamgebied gedoen kon word, is die stamgesag gevra om kundige segsmanne vir ondervraging aan te wys. Dit is geredelik gedaan. Op hierdie wyse is daar kontak met verskillende segsmanne verkry. Namate die ondersoek gevorder het, is daar hoofsaaklik op die mees kundige informante gekonsentreer. Daar is ook sover moontlik gepoog om informante uit alle lae van die Changanastam te ondervra. Die ondersoeker was besonder bevoorreg om tydens die oriënteringsfase van die ondersoek nie alleen die kaptein H.M. Nxumalo van die Changana-stam nie, maar ook die naburige kapteins, te wete waarmende kaptein Willy Mnisi van die Mnisi-stamowerheid sowel as kaptein Jongilanga Khoza en die senior lede van die Jongilanga-stamowerheid in die geledere van sy informante te hê. Van die kennis van raadslid I.K. Nxumalo, huidige raadslid van die Machanganagebiedsowerheid en voormalige regent van die Changanastam, is by herhaling gebruik gemaak. Die ander informante wat ondervra is, was die volgende:

- |                 |   |
|-----------------|---|
| Freddie Sithole | - Wykshoof van die Mukweyantabawyk.   |
| Harry Sambo     | - Senior lid van die Changanastamraad.  |
| Jobe Khoza      | - Medevlugteling van regent Mpisane uit Gazaland.                                 |
| Xirodze Nxumalo | - Lid van die kaptein se familieraad en privaat adviseur van die huidige kaptein. |

- |                      |   |
|----------------------|---|
| Petrus Nxumalo       | - Lid van die kaptein se familieraad.   |
| Jack Mdluli          | - Susterskind van regent Mpisane.   |
| Eerwaarde J. Mapophe | - Sendeling in diens van die Switserse sendinggenootskap.   |
| Samuel Mhlanga       | - Wykshoof van die Ntembeniwyk.   |
| Jim Nxumalo          | - Scun van die voormalige kaptein Gija van die Gijastam (noordelike Changana) in die Malamuleledistrik in die noorde van Gazankulu. |
| Siyohle Nxumalo      | - Enigste oorlewende dogter van kaptein Nghunghunyana.  |
| Moses Mnisi          | - 'n Jonger broer van die voormalige Hlanganukaptein, Xobvana Mnisi van die Mnisistam in die Mhaladistrik.                          |

Daar is gepoog om sover moontlik een en/of hoogstens twee informante per geleentheid te ondervra en dan later die gegewens met die kennis van ander informante te kontroleer. Hierdie metode het in die praktyk die beste resultate gelewer. Dit kon egter alleenlik gevolg word nadat 'n diepgaande ondersoek na die kennis en betroubaarheid van die onderskeie informanté gedoen is.

Ten einde absolute helderheid oor sekere aangeleenthede te verkry, het die ondersoeker met goedkeuring van die kaptein by twee geleenthede die voorreg gehad om die volle Changanastamraad te ondervra. By hierdie ontmoetings kon nie alleen inligting bekom word nie maar ook 'n duidelike beeld verkry word van die wyse waarop die verskillende raadslede stelling inneem en die prosedure wat tydens 'n raadsitting gevolg word. Hierbenewens is ook verskeie sittings van die kapteinshof sowel as die van sekere wykshoofde bygewoon. Ongelukkig was dit nie moontlik om die hofsittings van die onderskeie nie-openbare howe by te woon nie omdat dit geheime sittings is (vergelyk Hoofstuk V). Die ondersoeker moes hom dus in hierdie verband grotendeels verlaat op die inligting van die onderskeie informanté.

Alle ondervraging is in Changana/Tsonga met behulp van 'n tolk gedoen. Mn. Stephen Mathebula my tolk, is 'n gegradeerde onderwyser wat onder andere Tsonga as hoofvak

vir sy graad aangebied het. Hy is die seun van 'n senior stamlid. 'n Mens is dankbaar dat daar vir die volle duur van die ondersoek van sy dienste gebruik gemaak kon word. Aangesien die ondersoeker aanvanklik nie ten volle in staat was om die formuleringe van sowel die tolk as die informante in Tsonga te volg nie, is volledige bandopnames van alle onderhoude gemaak ten einde die gegevens soos dit deur die tolk verstrekk is, met behulp van taalkundige adviseurs te kontroleer. Namate die eie kennis van Tsonga daardie peil bereik het dat 'n mens in staat was om die bespreking tussen die tolk en informant te volg en te kontroleer, is slegs die vraag en die antwoord op band opgeneem ten einde die maksimum gebruik van die beskikbare ondervragingstyd te kon maak.

E. TEGNIESE BESONDERHEDE

(1) Stamname en ortografie

Een van die grootste probleme wat tydens die navorsing en die aanbieding van die navorsingsgegewens ondervind is, was die verwarringende en dikwels foutiewe wyse waarop in die literatuur met verskillende terme na die Changana en Tsonga verwys is. In hierdie verband kan 'n mens Junod (1905:222) in 'n groot mate gelyk gee, waar hy beweer: "One of the greatest difficulties of African ethnography is to decide upon the real name of native tribes. A great number of these names are mere nicknames .... given to the tribes by their enemies or their neighbours, and are naturally on that account resented by the peoples to whom they are applied." Hoewel hierdie verskeidenheid van benaminge in aanhalings weerspieël sal word, was dit nodig om in die terminologie wat in die navorsingsresultaat gebruik word, konsekwentheid te verkry.

Dic term Changana-Tsonga word dikwels gebruik wanneer daar verwys word na die inwoners van Gazankulu. Die aanwending van hierdie saamgestelde benaming is misleidend en kan na my oordeel nie aanvaar word nie omdat dit mense van wisselende etniese herkoms terminologies saamsnoer asof hulle een homogene etniese eenheid verteenwoordig. Dat dit 'n foutiewe benaming is, blyk duidelik uit die gegevens van

mens die term Changana moet reserweer vir die Tsongagroepe wat onderwerp en aan Sochangana se gesag horig gemaak is. Dit sou na my oordeel nie korrek wees nie.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal die benaming Changana gebruik word wanneer verwys word na die Ngunigevolg van Sochangana en al die Tsongagroepe wat deur hom oorwin en by sy Ngunigevolg ingelyf is. Die benaming Tsonga daarenteen sal slegs gebruik word om te verwys na daardie Tsonga wat nooit aan Sochangana se gesag onderworpe was nie; byvoorbeeld die Ronga in die suide van Portugees-Oos-Afrika en daardie stamme wat sedert ongeveer 1835 voor hom Transvaal binnegevlug het soos die Hlanganu en Nkuna.

Ten slotte moet daarop gewys word dat die wisselinge in die ortografie mechelp om die verwarring van stamname te vergroot. So byvoorbeeld verwys Junod (1927:15) en Liesegang (1967) na die Tsonga as Thonga; St. Vincent Erskine (1871: 123) verwys na hulle as Tonga en Van Warmelo (1935:90) dui hulle as Tonga aan. In navolging van die ortografie wat deur die Departement van Bantoe-onderwys aanbeveel word, word die benaming konsekwent hierna as Tsonga geskryf. Hierdie ortografie is ook aangewend by die neerskrywe van alle inheemse woorde wat in die verhandeling opgeneem is. Daar is egter vandag nog 'n hele aantal Zuluwoorde wat in die Changana-spraaktaal voorkom en wat nie gemaklik binne die klankwaardes van die Tsonga-ortografie neergeskryf kan word nie. Dit geld veral die verskillende klapklanke. Die Zulu-ortografie moes noodgedwonge in die gevalle gevolg word. Dit sluit die volgende in:

icala	-	hofsaak	nceko	-	lyfbediende
Nxumalo	-	sibbenaan	civo	-	assegaai.

Hiernaas is daar natuurlik talryke leenwoorde uit Zulu by informante gevind. Die belangrikste hiervan is die volgende:

indlunkulu	-	hoofhut	umndeni	-	buurskapseenheid.
ikhohlwa	-	hut met tweede rang	hlangana	-	vergadering
buthu	-	regiment	bunga	-	raad
usende	-	van Zulu usendo	umbongo	-	prysnaam, bedank.

(2) Die aanbieding van genealogiese gegewens

Ter illustrasie van die geskiedenis en opeenvolging van regeerders van die Suidelike Changana, is daar drie genealogieë in hoofstuk II opgeneem. In tabel 1 word 'n sleutel-genealogie van die kapteinshuise van die Ndwandwe aangebied. Die verskillende generasies word met behulp van vertikale lyne aan mekaar verbind. Die name van die senior afkomslede verskyn direk onder mekaar terwyl verskillende broers se name horisontaal langs mekaar verskyn. Die mees algemene naam van elke persoon verskyn eerste en daarna alle alternatiewe name in hakies.

In tabel 2 word daar 'n aanduiding gegee van watter persoon gedurende watter periode as kaptein of as regent oor die Changana gesag gevoer het. Ook hier verskyn die mees algemene naam van elke persoon eerste en daarna alle alternatiewe name in hakies. Die name van regente is ondersteep. In gevalle waar 'n persoon as kaptein sowel as regent regeer het, verskyn sy naam twee keer – een keer as kaptein en een keer as regent. Die gegewens wat in hakies voor elke persoon se naam verskyn dui die periode aan waarin hy as kaptein of as regent regeer het.

In tabel 3 word die stamnaam van elke Changana-kaptein met die name van sy vroue en kinders wat vir 'n begrip van die geskiedkundige oorsig in hoofstuk II noodsaaklik is, aangedui.

Die wyse waarop hierdie tabel aangebied is, geskied volgens die sistem wat in die afdeling van die staats-ctnoloog van die Departement Bantoe-administrasie en -ontwikkeling gebruik word. Hiervolgens word,

- (a) alle manspersone met 'n driehoek en alle vroue met 'n sirkel aangedui;
- (b) 'n man se vrou of vroue aan hom verbind met 'n dubbele vertikale lyn. Die nommers wat voor vroue se name verskyn dui hulle senioriteitsorde sowel as die status van hulle onderskeie seuns en dogters aan. Geen driehoek of sirkels verskyn voor die name van hierdie persone nie, omdat dit

vanselfsprekend is dat hulle almal vroue is.  
Die asterisk wat in die tabel verskyn dui aan  
dat die betrokke vrou 'n stutvrou is. Daar ver=  
skyn ook geen nommer voor haar naam nie, omdat  
sy geen eie status het nie;

- (c) kinders van een vrou vertikaal volgens die orde  
van hulle geboorte, die een onder die ander aan=  
gedui en aan hulle moeder verbind met 'n horison=  
tale lyn; en alle kapteins wat regeer of regeer  
het se name in hoofletters aangedui en die name  
van regente onderstreep.
-

## HOOFSTUK II

### DIE HERKOMS EN WOONGEBIED VAN DIE SUIDELIKE CHANGANA

---

#### (A) HERKOMS

##### (1) Inleiding

Alhoewel 'n mens hier slegs gefinteresseerd is in die geskiedenis van die stam van kaptein Mafemana Nxumalo (23-Ol: van Warmelo 1935:92) wat hulle tans in die Mhaladistrik in die suide van Gazankulu bevind, sou 'n mens hierdie stam 'n oneer aandoen indien daar nie vooraf aandag geskenk word aan hulle roemryke en soms veelbewoë vroeëre geskiedenis nie - 'n geskiedenis wat na reg eers van noemenswaardige belang geag kan word sedert die begin van die negentiende eeu tydens die veroweringsoorloë van die voormalige Zulu-opperhoof, Shaka. 'n Mens moet dus aandag skenk aan historiese gebeure in Zululand en Natal waar die bakermat van hierdie stam geleë is en dit opvolg met 'n relaas van 'n verdere vyf-en-negentig jaar waarin die stam aanvanklik in Portugees-Oos-Afrika gebly het en later, sedert die aanvang van die twintigste eeu, na die Transvaalse Laeveld verskuif het. Hier woon die stam vandag nog.

##### (2) Herkoms

Soos reeds vermeld is, is die Nxumalosibbe die mees senior sibbe binne die huidige Changanageledere en verteenwoordig steeds die direkte afstammingslyn van Sochangana (Manukuza) Nxumalo. Die Nxumalosibbe waarvan Sochangana die hoof was tydens sy vlug uit Zululand (Bryant 1929:160) was op daardie stadium, op grond van senioriteit gereken, die tweede in rang binne die grotere Ndwandwegeledere waarvan Zwide die destydse hoof was.

Die Ndwandwe wat aan die einde van die agtiende begin negentiende eeu as een van die belangrikste groepe in Natal en Zululand gereken is, behoort etnies tot die grotere Ngunigroep en daarbinne tot die Embo-Nguni (Bryant 1929:158). Oor die herkoms, trekroetes en vestiging van die verskillende Ngunigroepe (waaronder die Ndwandwe) bestaan daar nog geen


helderheid nie. Die bestaande kennis berus op uiters skrale gegewens en botsende oorlewerings. Dikwels word feite met fiksie verbind.

Die histories bekende voer 'n mens nie veel verder terug as Zwide Ndwandwe wat as hoof van die Ndwandwegroep, tesame met die Mthethwa onder leiding van Dingiswayo, met die wisseling van die eeu, gedurig besig was om hul invloed oor kleinere stamme uit te brei by wyse van verowering en inlywing nie (Bruwer 1962:16). Volgens Bryant het die Ndwandwe aan die einde van die agtiende eeu ten noorde van die Swart Umfolozi in die omgewing van die Pongolarivier gewoon waar hul bykans die hele noordelike helfte van Zululand beset het (Bryant 1929:160). Zwide, die mees senior persoon in die indlunkulu-afkomslyn van Langa (informante sê dit was Mkatshwa) was verwant aan Sochangana Nxumalo, die hoof van die ikohlo-afkomslyn van dieselfde Mkatshwa maar het volgens informante nie dieselfde sibbenaan gedaan nie.

Bryant (1929:161) skets 'n genealogie van hierdie persone waarvan hy die volgende vermeld: "So conflicting is the evidence in regard to the genealogy of the Ndwandwe royal family, that certainty in the older stages is no longer attainable". Aan hierdie genealogie moes daar op grond van gegewens wat te velde versamel is, sekere toevoegings gemaak word. Van die uiteindelike resultaat (vergeelyk tabel 1) kan daar afgelees word dat daar vanaf Manukuza I, die seun van Langa I, tot en met die generasie van Sochangana 'n afkomsgroep bestaan het wat vir ses generasies in stand gehou is. Hierdie linie het steeds (vanaf Manukuza I) dieselfde naam gedaan, te wete Nxumalo. Die herkoms en verklaring van die betrokke naam kan nog informante, nog Bryant met sekerheid aandui.

Verskeie redenasies word aangevoer vir die totstandkoming van hierdie afkomslyn. Volgens Bryant bestaan daar twee verskillende oorleweringe as verklaring. Die eerste lui dat Manukuza I die seun van Langa (Mkatshwa) per geleenthed 'n hoeveelheid bier aan sy broer Mavuso, wat op daardie stadium die familie- en insgelyks die sibbehoof was, gestuur het. Laasgenoemde raak verlief op een van die jong maagde

TABEL 1: SLEUTELGENEALOGIE VAN DIE KAPTEINSHUISE VAN DIE NDWANDWE



(vermoedelik 'n dogter van Manukuza I) wat as draer opgetree het, waarna hy ook later 'n wederegtelike huwelik met haar sluit. Vanweë hierdie verbode huwelik (sibbe-endogamie) en die skande daarvan verbonde gee Mavuso 'n nuwe naam aan die familie van die vrou, nl. aba-Kwa-Nxumalo. Bryant skets as tweede verklaring voorts: "Why this particular cognomen was chosen does not appear; for the explanation usually given - namely, that Manukuza's mother having died during his infancy, it was therefore necessary to suckle him with an um-Nxuma (a leathern funnel through which the child draws the milk) - is hardly convincing" (Bryant 1929:161).

Watter verklaring ookal aanvaar word is nie ter sake nie. Wat wel van belang is, is dat daar 'n nuwe sibbe onder 'n nuwe naam (Nxumalo) uit die grotere Ndwandwe-geledere ontstaan het waarvan Manukuza I die gemeenskaplike voorvader was. Vergelyk ook in hierdie verband Bryant 1964:13.

### (3) Gebeure in Natal tot 1820

Die vroeëre geskiedenis van die Changana hou direkte verband met die opkoms van Sochangana (Manukuza II) en die Gazaryk.

Hoewel daar beweer word: "Soshangane was not a person of imposing consequence at home" (Bryant 1929:447) is dit tog opmerklik dat Sochangana 'n baie prominente rol gespeel het tydens die oorloë tussen die Ndwandwe van Zwiede wat tussen die Pongola- en Swart Umfolozirivier gewoon het en Shaka se izimpi. Die opkoms van Shaka en die ontstaan van die Zuluryk is welbekend. So ook die militêre respek wat die Mthethwa van Dingiswayo en die Ndwandwe van Zwiede aan die begin van die negentiende eeu afgedwing het.

Nadat Dingiswayo op sluwe wyse deur Zwiede gevange geneem en vermoor is (1818) en sy leërs gevolglik verslaan is, het Shaka toegeslaan (Omer-Cooper 1966:31). Hy het die Mthethwaleërs by syne ingelyf en hulle só direk onder sy gesag geplaas (Krige 1965:11). Hierdie gebeure laat 'n mens na 1818 slegs met Zwiede en Shaka as noemenswaardige en mededingende leiers in Noord-Natal. Die jaar 1818 word dan ook gekenmerk deur die konsolidering van magsblokke met die

gevolg dat: "Chiefs fled from their kraals and offered their allegiance either to Zwide or Shaka" (Becker 1962:17). 'n Botsing tussen Shaka en Zwide was die noodwendige gevolg. Zwide het gereken, "Shaka was becoming too powerfull to his liking" (Krige 1965:11). Shaka wou daarenteen die dood van Dingiswayo wreke en insgelyks ook die mag van die Ndwandwe breek. Hierdie konflik tussen die twee leiers sou uiteindelik die einde van Zwide en sy Ndwandwe beteken.

Drie veldslae van belang het hierna gevolg. Reeds by die eerste veldslag van 1818 te Qokliheuwel, besuide die Wit Umfolozirivier moes Zwide met sy getalsterkere Ndwandwe swig voor die krygsvernuf van Shaka. Die Ndwandwe is verslaan. Zwide het tydens die slag vyf van sy seuns verloor, onder andere die erfopvolger Nomahlanjana (Bryant 1929:175).

In die daaropvolgende jaar (1819) het Zwide getrag om 'n finale aanslag op Shaka te maak. Die Ndwandwe het suidwaarts opgeruk met 'n leer twee keer so talryk as dié te Qokliheuwel en was toegerus met 'n korter tipe assegaaie waarmee hulle die izimpi van Shaka wou troef (Becker 1962:18). Zwide self het nie saam met sy magte opgeruk nie. Die leierskap is aan Sochangana, 'n briljante taktikus, opgedra (Becker 1962:19). Hieroor word berig: "Zwide himself had not accompanied the expedition. Handing the royal shield to the honourable keeping of Soshangane, son of Zikode, of the ikchlo branch of the Ndwandwe clan ...." (Bryant 1929: 205).

Ook by hierdie geveg het die krygsvernuf van Shaka hom 'n oorwinning besorg en in wat Becker (1962:19) beskryf as die "Ndwandwe fiasco" het Shaka die mag van die Ndwandwe totaal gebreek. Hy het naamlik sy volgelinge tesame met alle vervoerbare graan en vee verder suidwaarts verplaas en alles wat agtergelaat is, verbrand. Die gevolge hiervan was dat Sochangana nie kontak met die Zulu kon maak nie en geen voedsel vir sy leer kon vind nie. Moeg en uitgeput laat vaar Sochangana sy agtervolging en wend hom na die Umhlatuzerivier waar hy deur Shaka aangeval word (Bryant 1929:33). Die geveg wat daar plaasgevind het was van korte duur en was 'n finale neckslag vir die Ndwandwe - baie het gesneuwel terwyl

dié wat die geveg oorleef het in alle rigtings gevlug het (Omer-Cooper 1966:33).

Verskillende Ndwandwe-vlughtelinggroepe moet hier vermeld word. Zwide het vergesel van sy seuns, Sikunyana en Somapunga die Pongolarivier oorgestek in die rigting van die huidige Wakkerstroom waar Zwide dan ook in 1824 gesterf het (Bryant 1929:588). Hy is opgevolg deur sy seun Sikunyana, wat tesame met Somapunga, die enigste oorlewende seuns van Zwide was. Sikunyana met sy gevolg het tot 1826 aan beide kante van die Komatirivier gewoon in die huidige Barberton- en Carolinadistrik terwyl Somapunga politieke asiel by Shaka gaan vra het. "Shaka graciously received him and furnished him with a wife" (Bryant 1929:588).

Sikunyana het vir oulaas in Februarie 1826 met sy Ndwandwe reste teen Shaka opgeruk, "to retake possession of their country" (Krieger 1965:12). In die geveg wat hom in Oktober 1826 afgespeel het, het Shaka slegs anderhalfuur in beslag geneem om Sikunyana en sy impi finaal af te maai (Bryant 1929:592). Shaka het ongeveer 60 000 stuks vee gebuit en die Ndwandwe, "disappear as an independent tribe" (Omer-Cooper 1966:39). Sikunyana en sy Ndwandwereste vlug daarna na Sochangana die, "now powerfull relative" (Bryant 1929:594) te Bilenc (eBiyone) in die suide van Portugees-Oos-Afrika (Omer-Cooper 1966:39).

Die Ndwandwefiasco van 1819 het egter nie net die uiteindelike verdwyning van hierdie etniese eenheid aan die einde van 1826 tot gevolg gehad nie, maar ook "far reaching political eruptions throughout the whole length of Bantuland" (Bryant 1929:417) gehad.

Afgesien van plaaslike verskuiwings onder die Nguni te Natal en Zululand het sommige groepe selfs noordwaarts oor die Limpoporivier gevlug (Bruwer 1962:14). Zwangendaba van die Jelestam en 'n horige van Zwide, Ngwana van die Maseko en Nxaba met sy Msanevolgelinge was van die belangrikste vlughtelinggroepe naas Sochangana (Manukuza) wat sedert ongeveer 1820 die suide van Portugees-Oos-Afrika binne gedring het (Omer-Cooper 1966:57).

(4) Die Trek na die Noorde (± 1820)

Sochangana het nadat hy as aanvoerder van die Ndwandwelleer vernederend deur Shaka by die Umhlatuzevallei verslaan is (1819), na afloop van die geveg met sy Nxumalovolgelinge na hul tuiste in die omgewing van die Tshaneni-heuwel, begin noorde die Swart Umfolozirivier gevlug. Spoedig ontvang hulle egter berig dat Zwide reeds gevlug het terwyl al hul besittings verbrand en verwoes is. Uit vrees vir 'n verdere aanval van Shaka vlug Sochangana met sy gevolg, wat volgens die meeste historici nie meer as honderd getel het nie (hoewel sommige dit op heelwat meer skat), 'n eie rigting in: "Thus it came about that the Gaza family and adherents failed to accompany the latter (Zwide) in his flight" (Bryant 1929: 448). Sochangana het 'n poging aangewend om die kus te bereik maar vanweë die teenwoordigheid van Zulu izimpi aldaar, beweeg hy noordwaarts: "He was not heard of again until years later when he emerged as the conqueror of the tribes of Portuguese East Africa and the potentate of the Shangana empire" (Becker 1962:20).

Dit is vandag nog geen uitgemaakte saak presies wanneer Sochangana noordwaarts gevlug het nie. Die gegewens van Bryant is die mees aanvaarbare naamlik: "Their migration could have taken place hardly later than the year 1821 and may have been a season earlier (1820)"(Bryant 1929:449). Na 'n vreedsame vlug al langs die oostelike hange van die Lebomboergreeks vestig Sochangana en sy Nxumalo hulle op die walle van die Temberivier, waar Owen hulle in 1822 aantref. Van hierdie ontmoeting tussen Sochangana en Kaptein Owen sê Bryant: "This interview possesses for us here an especial historical interest - it was not only the first occasion on which these particular 'Zulus' had ever beheld a white man, but, what is more, marked, so far as we know, the first meeting between the English and 'Zulu' races on detailed record"(Bryant 1929:449). Dieselfde sending (Owen) wat vir Sochangana besuide Lourenco Marques in die gebied van die Tembé (Tsonga) aangetref het, het later (1823) ook vir Zwangendaba (Soonkundava, aldus Owen) in 'n gebied benoorde Lourenco Marques op die Manicerivier aangetref wat dan daarop

dui dat Zwangendaba voor Sochangana die Komatirivier oorgesteek het.

Sochangana was nou buite bereik van Shaka en het vir bykans vyf jaar in die gebied van die Tembe gewoon, "enriching and strengthening himself by constant raids" (Bryant 1929: 451). Daarna het hy ongeveer 1825 (hierdie datum verskil by verskillende skrywers – Junod stel dit reeds so vroeg as 1820) die Temberivier oorgesteek en in 'n noordwestelike rigting opgeruk.

Tydens sy verblyf in die gebied van die Tembe en daarina, het Sochangana bykans al die Rongasibbes in die omgewing van Delagoabaai sonder enige teenstand oorwin en al hul beeste geneem, terwyl hy die jong vroue gevange geneem en die oorwonne jongmans in sy leërs opgeneem het (Grandjean 1899:72).

Die suksesse wat Sochangana tydens sy intog in Portugese-Oos-Afrika behaal het, kan aan verskeie faktore toege-skryf word, onder andere (i) Die verskillende Tsongasibbes het as losse politieke eenhede onder die gesag van 'n sibbehoof probeer weerstand bied. Daar het geen nasionale eenheid onder die Tsongasperekendes bestaan nie – eerder 'n gevoel van onderlinge haat en afguns. Gevolglik het hul 'n maklike prooi vir die oorlogsugtige Ngoni geword (Grandjean 1899:70).

(ii) Die Tsonga was geensins militaristies georden nie. Hulle het oor weinig wapens beskik terwyl 'n gebrek aan militêre dissipline en onderlinge wantroue hul ondergang bewerkstellig het. "The Thonga were not warriors. They were armed only with sticks and arrows rather than assegais, and were easily conquered" (Junod 1905:229).

(iii) Die Portugese besetting in die suide van Portugese-Oos-Afrika was hoofsaaklik beperk tot hul handelsposte te Lourenco Marques en Inhambane, "They had no dominion or authority beyond the limits of their forts and factories" (Theal 1889, V:133). Vanweë hul geringe getalle, gebrek aan wapens en ammunisie en die feit dat hul van Rongakrygers gebruik gemaak het, het hul geen bedreiging vir Sochangana ingehou nie. Hiervan sê Erskine (1871:53) die volgende: "Since the invasion of the Zulus, the Portuguese are neither

feared nor respected. Having pure negroes for troops, they are held in the greatest contempt by the surrounding tribes."

Nadat Sochangana eers die Tembe en Putju (Ronga) besuiden Delagoabaai aan sy gesag onderwerp het, beweeg hy weswaarts en oorwin ook die Tjolo waarna hy die gebied van die Ronga verlaat, die Komatirivier oorsteek en vir bykans een jaar in die gebied van die Ntimane vertoef, in afwagting op die graanoes (Grandjean 1899:73). Tydens hierdie stadige opmars het Sochangana sy leër stelselmatig uitgebrei. Soos vermeld is, het hy alle jong mans uit die oorwonne Tsongaledere in sy leër opgeneem.

Spoedig het hy hulle onder aanvoering van 'n Ngoni-owerste in hulptroope (regimente) georganiseer en gebruik om as baanbrekers tydens sy opmars te dien. Aan hierdie troepe het hy die prysnaam Mabulandlela (Mabuyandleya) -- hulle wat die pad skoonmaak -- gegee en voor sy Ngonileer uitgestuur om alle hindernisse uit die weg te ruim. Junod (1927:450) beweer dan ook dat die Tsonga deur hierdie optrede die militêre stelsel van die Zulu in sy geheel oorgeneem het en selfs die militêre terminologie van die Zulu hul eie gemaak het. Hy sê voorts: "Their apprenticeship began during the invasion ; the Ba-Ngoni seeing that the Thongas had a certain aptness for war, incorporated them into their own regiments and used to send them forward to the attack. They praised them by calling them the Mabuyandlela - those who prepare the way, - a kind of nickname which the Thongas have kept to this day and of which they were very proud" (Junod 1927, I:450).

Op hierdie wyse het Sochangana sy segetog voortgesit. Hy oorwin so die Shiburi, Rikotjo en Khosa (almal Djongasprekendes) wat tussen die Komati- en Olifantsrivier woonagtig was, waarna hy hom uiteindelik suidwaarts wend en ongeveer 1827 op die vrugbare vlaktes van die Laer-Limpopo vestig in die gebied van die Bila, bekend as Bilene (Grandjean 1899:73). Bevestiging hiervoor is ook by Junod (1927:18) gevind: "The Bila group, called after the name of Bila, the great and fruitful plain of the lower Limpopo valley, includes the

clans living on both banks of the river. They have suffered very much at the hands of the Zulu invaders who made their home in that fertile country ...."

Sochangana was egter nie die enigste Ngoniveroweraar in die omgewing van Delagoabaai nie. Ook Zwangendaba wat twee jaar vantevore hierdie gebied binnekgedring het, was besig om sy gesag oor die omliggende Tsonga uit te brei (Bryant 1929:459), terwyl Barnes (1954:7) beweer dat ook Nxaba van die Msane - 'n ander vlugtelingleier uit Natal - hom in die selfde omgewing bevind het. Dit is dus duidelik dat die aanvanklike onderwerping van die Ooskusstamme nie slegs deur die optrede van Sochangana geskied het nie. Bryant (1929:459) vermeld dan ook dat: "There they (Zwangendaba cum Nxaba) spent their time competing with Soshangane at the game of cattle- and slave-raiding among the unfortunate Tongas around." Bevestiging hiervoor is ook gevind by Barnes (1954:7) en Liesegang (1967:49).

Vanweë toenemende vyandighed besluit Nxaba om verder noordwaarts te trek waar hy hom benoorde die Sabie aan die Buzirivier vestig en bykans al die Ndaustamme (Shona) aan sy gesag onderwerp terwyl hy in 1835 ook Sofala aanval (Liesegang 1967:48).

Sochangana en Zwangendaba het die een vir die ander 'n bedreiging ingehou. Afgesien van hul steeds toenemende Tsonga-aanhang is beide leiers se mag ook aansienlik versterk deur latere vlugtelingsgroepe vanuit Natal. Die nederlaag van Sikunyana (opvolger van Zwide) in 1826 teen Shaka en die gevolglike uitdelging van die Ndwandwe het direk daartoe bygedra dat veral Sochangana en in 'n mindere mate ook Zwangendaba (Omer-Cooper 1966:64) by wyse van 'n toenemende Zulu-aanhang gebaat het, "...owing to the continuous stream of fugitives, individually and in bands, flowing in from every clan in Zululand, the adherents of Soshangane here multiplied apace" (Bryant 1929:451). Vreedsame naasbestaan tussen die twee reeds magtige Ngonileiers was nie meer moontlik nie. Zwangendaba, besluit daarom gerieflikheidshalwe om in die spore van Nxaba te volg en vestig hom net besuide die Sabierivier (Grandjean 1899:75).

Ondertussen het Sikunyana self hom ook na sy nederlaag in 1826 teen Shaka, by Sochangana, "his now powerfull relative", kom aansluit. Ook Mawewe, hoof van die Nxumalo-sibbe sedert die vertrek van Sochangana vlug vir Shaka vanweë sy wederregtēlike liefdespēl met een van die dogters van Jama wat as "royal cattle" beskou was. Die toevoeging van laasgenoemde twee invloedryke hoofde het nie alleen prestige aan die gesag van Sochangana verleen nie, maar hom ook die gramskap van Shaka op die hals gehaal.

Teen die einde van Julie 1828 stuur Shaka vir oulaas sy leërs uit, "into the famished and pestilential wilds of Soshanganeland" (Bryant 1929:626). Volgens Isaacs, die Engelse reisiger wat ten tyde van die aanval in Zululand was, het Shaka sy leërs uitgestuur "... to attack the tribe of Sochungurnes who had possession of the country beyond Delagoa Bay, and whom the Zoolas had before conquered and driven to their present place of settlement" (Isaacs 1836, I:229).

Die leër van Shaka, reeds uitgeput en oorlogsat, bereik die suidelike grens van Bilene na ongeveer twee maande van ontbering in September 1828. Sochangana wat lank reeds die nuus van hul aantog verneem het en goed bekend was met die krygsvernuf van Shaka het hom geensins voorberei om teen die leërs van Shaka te veg nie. Daar het inderdaad geen veldslag plaasgevind nie. Sochangana het verkies om te vlug eerdat hy moontlik aan die gesag van die magtige Shaka onderwerp word (Bryant 1929:628).

Isaacs (1836, II:20) beskou hierdie optrede as 'n oor-winning vir die leërs van Shaka. 'n Mens moet onthou dat dit 'n duur sukses was: "Although the Zoolas had defeated their enemy, they had obtained no positive advantage nor obtained any spoils ... in this expedition the Zoolas lost 5 000 men, besides upwards of 15 000 who perished from hunger, sickness and fatigue. This was perhaps the most signal defeat the Zoolas ever sustained" (Isaacs 1836, II:21). Tydens die terugkeer van die leërs uit die Noorde het die broers van Shaka nl. Dingane en Mhlangana omgedraai en Shaka vermoor. By die tuiskoms van die leërs uit die noorde was Shaka reeds dood (Bryant 1929:662).

Uit vrees vir hernude aanvalle deur Shaka verlaat Sochangana hierna die Limpopovallei en beweeg nog verder noordwaarts in die rigting van die Sabierivier: "So on he moved, slowly fighting his way through intervening Thonga tribes" (Bryant 1929:452). Presies wanneer hierdie noordwaartse trek plaasgevind het, kan nie met sekerheid aangedui word nie. Datummateriaal verskil by verskillende skrywers. Bryant (1929:452) en Omer-Cooper (1966:58) glo dat Sochangana reeds so vroeg as 1831 met Zwangendaba aan die Sabierivier slaags geraak het wat beteken dat hy in die omgewing van 1828/29 reeds die Limpopovallei moes verlaat het. Liesegang (1967:51) stel dit dat Sochangana tot 1834 in Bilene vertoeft het en eers daarna noordwaarts beweeg het. Indien ons die datum waarop Zwangendaba die Sambezirivier oorgesteek het nl. 1835 (volgens die meeste historici) en die feit dat Sochangana op 22 Oktober 1833 nog die Portugese fort te Lourenco Marques aangeval het, in ag neem, skyn die datum soos deur Liesegang gestel, die mees aanvaarbare. Met sy vestiging aan die Sabierivier bevind Sochangana hom in die nabijheid van die ander drie vlugtelingleiers uit Natal.

Zwangendaba het aanvanklik net besuide die Sabierivier gevestig terwyl Ngwana van die Maseko eers in die gebied van die Rozwe gewoon het, maar hom later gaan aansluit het by Nxaba van die Msane wat woonagtig was in die omgewing van die Buzirivier, besuide die Sambezi. In 1836 het laasgenoemde twee groepe Sofala aangeval en die meeste van die Shonastamme, wat tussen die Sabie- en Sambezirivier woonagtig was, aan hulle gesag onderwerp (Liesegang 1967:48 e.v.).

Sochangana wat voor 1835 geen gesag benoorde die Sabierivier uitgeoefen het nie, kom by sy aankoms hier in botsing met Zwangendaba. In 'n geveg wat bykans drie dae geduur het word Zwangendaba verslaan waarna hy met sy Angoni=gevolg in 1835 oor die Sambezirivier noordwaarts vlug (Grandjean 1899:76). Op sy terugtog vanuit die noorde moet Sochangana die leërs van Nxaba, waarby nou ook die Maseko-groep van Ngwana ingelyf is. In 'n kort geveg wat aan die Buzirivier plaasgevind het, word Nxaba verslaan en oor die Sambezi verdryf (Liesegang 1967:49). Bryant (1929:454)

berig hieroor as volg: "Then, like a maddened bull, Soshangane headed straight for the red rag, and in a jiffy had Nxaba hard on the trail of Zwangendaba." Dic oorwinning oor sy vernaamste teenstanders het Sochangana teen ongeveer 1835 die onbetwiste heerse van die ooskus gemaak oor 'n gebied wat gestrek het vanaf die Sambezirivier in die noorde tot by Delagoabaai in die suide en vanaf die see in die ooste tot by die Sabierivier in die weste (Warhurst 1969:48).

Die onderwerping van die stamme wat tussen die Sabie- en Sambezirivier woonagtig was, moet na regte op die rekening van Zwangendaba en Nxaba geplaas word. Hierdie leiers het reeds voor die koms van Sochangana die mag van die plaaslike stamme gebreek en het trouens ook heelwat jong mans en vroue van die oorwonne stamme in hul gelede opgeneem. Liesegang (1967:50) stel dit as volg: "Ngwana, Nxaba und Zwangendaba hatten einen grossen teil der späteren Reichs der Gaza Nguni beherrscht, bevor letztere kamen und endgültig der Herrschaft übernahmen."

Sochangana, "now undisputed cock of the walk" (Bryant 1929:424) het egter nog een groot vrees behou nl. vir die Zulu, wat hul gesag onder Dingane nou reeds tot aan die gebied van die Tembe uitgebrei het en in 1833 selfs in die omgewing van Lourenco Marques bedrywig was (Liesegang 1967:53). Gerieflikheidshalwe keer Sochangana daarom nie na Bilene in die suide terug nie maar vestig hom aan die einde van 1835 te Musapa, oos van die Sabierivier, in die huidige Melsetter-distrik in Suid-Rhodesië (Grandjean 1899:76 ; Kuper 1954:17).

Hierdie nuwe vesting van Sochangana, midde in die Ndaugebied (Shona), het nadelige gevolge gehad vir die omliggende Shonastamme, wat reeds vanuit die weste blootgestel was aan die plundertogte van Mzilikazi wat hom ondertussen met sy Ndebele in Rhodesië kom vestig het. Bryant (1929: 452) tipeer die situasie as volg: "A few years later, another old acquaintance from Northern Zululand, the famous conqueror, Mzilikazi, would come and settle alongside him in Matabeleland with the hapless mashona packed in, as a buffer-state, between, and a common hunting place for both."

Die Ndaustamme is egter nie net blootgestel aan plundertogte nie maar is inderdaad direk onder die gesag van Sochangana gebring terwyl die jong manne ook as Machangana, soortgelyk aan die oorwonne Tsonga, in die leërs van Sochangana opgeneem is. Die invloed wat van Sochangana uitgegaan het, was so intens dat volgens Kuper (1954:17): "The present Sanga and Dondo (Shona of the Ndau speaking group) came directly under Shangana rule, and abandoned their own language for that of the conquerors, changed the form of their mutupo to fit in with the Nguni form of clan name, and assimilated various Nguni customs." Naas dic aanvanklike Tsonga is daar dan nou ook Shona-elemente in die gelede van Sochangana opgeneem. In watter mate dit die aanvanklike Ngunikultuur beïnvloed het, kan egter nie met sekerheid aangedui word nie.

Vanuit sy vesting te Musapa het Sochangana na 1835 ekspedisies in alle rigtings uitgestuur. Met sy vernaamste teenstanders reeds buite bereik was hy spoedig in staat om die oorwonne gebiede tussen die Sambezirivier en Delagoabaai onder sy gesag te konsolideer en 'n ryk op te bou wat sedertdien as die Gazaryk, gencem na sy voorvader Gaza, bekend gestaan het (Omer-Cooper 1966:58). Bevestiging hiervoor is deur Liesegang in die Portugese annale gevind terwyl Warhurst (1969:48) meld: "All the local peoples from the Sambezi to the Limpopo and beyond were forced to accept Soshangane as their overlord and paid tribute to him. Many of them were Shona, like the majority of people in Southern Rhodesia."

Presies hoe lank Sochangana te Musapa gewoon het, kan nie met sekerheid aangedui word nie. Junod (1905:231) en Liesegang (1967:52) berken dat Sochangana tydens 1838 weer suidwaarts verhuis het. Die rede vir sy verhuis was volgens Grandjean (1899:77) die gevolge van 'n pokke-epidemie waartydens Sochangana baie van sy krygers verloor het. Terug in die suide vestig hy hom weer te Bilenc in die vrugbare Limpopovallei waar hy op die heuwel Chayimiti vir hom 'n nuwe hoofstad aanlê. Hoewel daar 'n seksie Ngoni te Musapa agtergebly het, het Sochangana met bykans sy hele gevolg suidwaarts verhuis. Hy het ook 'n menigte volgelinge uit die Ndau,

Thonganono en Nkuna met hom saamgebring (Grandjean 1899:78).

Dit is tydens hierdie suidwaartse trek van Sochangana dat die eerste groep Tsonga uit Portugese-Oos-Afrika na Transvaal gevlug het. Volgens Junod (1905:229) het hierdie vlugtelingsgroepes tussen 1835 en 1840 die Transvaal binnegevlug. Tydens sy opmars teen Zwangendaba het Sochangana blykbaar aan alle Tsongaleiers opdrag gegee om hom in sy agtervolging van die vyand te ondersteun. Slegs 'n paar het hierdie opdrag uitgevoer terwyl die res slegs enkele van hul onderdane gestuur het of gladnie opgedaag het nie. "This greatly roused the anger of Manukosi, all the more because they had confiscated and promptly eaten a number of oxen left behind by the Ba-Ngoni in their retreat" (Junod 1905:230). Nadat die skuldiges verneem het dat Sochangana al die volwassenes (dit wil sê dié van wie die nuus getatoëer was) om die lewe wou bring en slegs die jong mans en vroue sou spaar, vlug die grootste gros Nkuna onder leiding van kaptein Shiluvane asook die Vundja van kaptein Gulamenyo en die Loyi van kaptein Nkami tesame met 'n seksie Hlanganu- en Hlabigroepe na die huidige Transvaal. Die nuwe woonpunte het hul dan in later jare ook as hul permanente tuiste aanvaar (Junod 1905:231).

Grandjean (1899:79) beweer dat Sochangana tot en met sy terugkeer uit die noorde bekend gestaan het as Manukuza (Tsonga= Manukosi) en eers na sy vestiging te Bilene die naam Sochangana aan homself gegee het. In hoeverre hierdie stelling waar is, kan nie met sekerheid aangedui word nie. Dit is egter opmerklik dat die naam Sochangana in geen Portugese bronne vermeld word nie, maar dat hulle volgens Bryant (1929: 452) steeds gebruik maak van die benaming Manikoos of Manikusa. Dieselfde verskynsel is ook te bespeur in die argiefstukke van die Boere~~republieke~~. Volgens Jacques (1958:14) lê die herkoms van die naam Sochangana in die woorde "owa changa imizana ya bathu" opgesluit, wat beteken: Hy was die eerste om die krale van mense te versamel.

Getrou aan sy naam het Sochangana na sy hervestiging te Bilene sy veroweringspolitiek voortgesit teen die omliggende Tsonga, terwyl die Limpopovallei, waar sy mag gesentreer was diencoreenkomstig Kachangana genoem is en sy onderdane

as Machangana bekend gestaan het (Junod 1905:222). Volgens Omer-Cooper (1966:59) was die assimilasieproses slegs suksesvol in die onmiddellike omgewing van Sochangana se woonplek. Hy vervolg voorts: "Away from the vicinity of the royal households many tribes remained virtually independent, simply paying tribute on demand." Hierdie gegewens strook met dié van Junod wat beweer dat: "... the old region of Gaza which includes Bilen, the Makwakwas, the Ba-Loi, the Hlabi and part of the Hlengwe clans" (Junod 1927:20). Ooreenkomsdig die kaart op bladsy 16 in genoemde bron is die woonplek van die bogenoemde stamme almal in die onmiddellike omgewing van die Limpopovallei geleë en kan ons aanvaar dat hulle die eintlike Machangana uitgemaak het. Die res was slegs belastingpligtig jeens Sochangana, terwyl hul oorwonne kapteins as onderhorige hoofmanne (vassal sub-chiefs) beskou is (Omer-Cooper 1966:59).

Die meeste historici beweer dat Sochangana na sy terugkeer weinig groot oorloë gevoer het... Hy het wel die Khosa wat tydens sy afwesigheid weer groot dele van die Limpopovallei beset het uit hul woonplek verdryf om plek in te ruim vir die Ndhimandi - 'n Ngunisibbe - wat as die reënmakers bekend gestaan het en vir Sochangana van groot waarde was (Grandjean 1899:78). Andersins het hy weinig steurnis veroorsaak. Die laaste jare van sy bewind is gekenmerk deur die stabilisering van sy mag en die afdwinging van sy gesag deur jaarliks sy regemente tot aan die Sambezirivier uit te stuur om belastings te gaan vorder.

Hoewel Junod (1905:232) vermeld, "Manukosi himself was not a cruel man, and the various tribes had recognized his supremacy", het sy optrede nogtans 'n ekonomiese krisis onder die verskillende Tsongastamme veroorsaak. Hy het naamlik alle beeste van die Tsonga geneem en dit as "crown property" verklaar wat nie alleen die status van genoemde stamme ernstig aangetas het nie maar ook hul huweliksgbruiken beïnvloed het. Aangesien hul geen beeste meer gehad het om as trougoedere te lewer nie, is die bees spoedig met pikke vervang. Grandjean (1899:74) beweer dat hulle hierdie pikke vir ander artikels van die Venda geruil het. Tien pikke is

as die ekwivalent van een bees as lobolo gebruik (Junod 1927: 275). Erskine sowel as Das Neves wat die Gazagebied deurreis het, vertel ook van hongersnood wat daar onder die Tsonga geheers het vanweë die jaarlike plundertogte van die Changanaregimente. Dit het sulke afmetings aangeneem dat sommige Tsonga selfs nie meer die landbou wou beoefen nie daar die regimente van Sochangana telkens wanneer die graan ryp is, opgedaag en dit wat hulleself nie weggegneem het nie, verbrand het.

Tydens die regeringstyd van Sochangana was die krag van die Portugese aan die ooskus nooit van enige noemenswaardige belang nie. Omer-Cooper (1966:59) beweer: "The Portuguese were treated (deur die Machangana) as a conquered tribe and forced to pay tribute which was collected every year by a party of armed warriors." Vanweë hul geringe getalle en gebrek aan wapens en ammunisie het hul ook geen poging aangewend om Sochangana te verhinder om sy mag oor die hele binneiland sover noord as die Sambezi uit te brei nie. Bykans al die Portugese handelsposte moes voortdurend die aanslae van Sochangana verduur. Hoewel Liesegang en Omer-Cooper (1966: 59) beweer dat: "Soshangane had no grand scheme to drive the white men in the sea", weet mens dat hy reeds so vroeg as 1833 die Portugese fort te Lourenco Marques verwoes het, op 3/11/1834 die handelstasie te Inhambane geplunder het en in 1849 die Portugese nedersetting te Sofala aangeval en verwoes het. Die nedersettings, Sena en Tete aan die Sambezi is in 1840 aan sy gesag onderwerp tesame met die Portugese markpleine te Manica, Barue en Zumbo. Die laasgenoemde markpleine moes vir bykans vyftig jaar ten gevolge van die optrede van Sochangana ontruim word. Kort voor sy dood in 1858 het Sochangana weer eens sy leërs uitgestuur teen die omliggende Tsongastamme. Die rede vir hierdie optrede was dat hy geglo het dat bose toornaars uit hul geledcre sy siekbed veroorsaak het. Die gevolg hiervan was dat nog 'n migrasie Tsonga na die Transvaal moes vlug (Omer-Cooper 1966:58).

- (5) Die dood van Sochangana en die gevolge daarvan
- (a) Die Regering van Mawewe 1858 – 1862

Die dood van Sochangana in 1858 wat ooreenkomstig Changana-gewoonte vir een jaar geheim gehou is (vergelyk later), het verreikende gevolge vir die Gazaryk ingehou. Sochangana wat vir bykans agt en dertig jaar regeer het en gevolglik op 'n hoë leeftyd te sterwe gekom het, het baie volwasse seuns, elk reeds in een of ander gesagsposisie (militêr sowel as polities) naglaat.

Die vernaamste aanspraakmakers op die opperhoofskap was die volgende: Muzila, oudste seun van die eerste vrou met wie Sochangana, reeds in Zululand, getrou het. (Sy ander broers te wete Umsutu en Nomboya was reeds oorlede). Ooreenkomstig die Tsonga-opvolgingsreg was Muzila dan ook die regmatige opvolger van Sochangana. Ook Modanisa en Couce die oudste seuns by die tweede en derde vroue onderskeidelik, het 'n groot aanhang gehad. Ooreenkomstig die gegewens van Das Neves (1879:107) wat tydens 1860 die gebied besoek het en in noue verbintenis met Muzila was, word ene Chu'ne (xohono) as die oudste seun van die hoofvrouw van Sochangana aangegee en ooreenkomstig die Changana-opvolgingsreg dan ook die regmatige opvolger. Ander skrywers onder andere Erskine (1869:248), Grandjean (1899:81), Silva (1909:85), Junod (1905: 233) en Myburgh (1949:76) weerspreek die gegewens soos deur Das Neves geskets. Dumiya, die moeder van Mawewe was volgens hul getuienis (informante bevestig dit) die hoofvrouw van Sochangana.

Sochangana het egter 'n besondere liefde gekoester vir Muzila wat as jong seun die vlug uit Natal met hom meegevoer is (Grandjean 1899:81). Grandjean (1899:82) verwys in die verband na die Changana-gewoonte dat wanneer 'n Tsongahoofman oorwin word en onderskik aan die gesag van Sochangana geplaas is, hy een van sy vroue na die kraal van Sochangana moes neem om hom (die hoofman) te vermaak tydens sy besoeke aan die hof. Die hutafdeling van Sochangana waarbinne so 'n vrou dan geplaas word, word dan daarna geregtig op die belasting van die gebied waaruit die vrou kom. Volgens Grandjean (1899:82) het Sochangana 'n hele aantal van hierdie gelewende vroue aan die hutafdeling van die moeder van Muzila, Sokujamba, toegesê en sodoende verseker dat Muzila oor tale-

ryke oorwonne gebiede gesag gevoer het wat aan hom 'n goeie jaarlikse inkomste verseker het.

Sochangana het ondanks die bevoordeling en in stryd met die tradisionele opvolgingsreg sy raad versoek om na sy dood die opperhoofskap aan Muzila te gee. Junod (1905:232) beweer: "Manukosi before his death called his headmen to him and spoke thus : 'I am about to die. Mozila, my son, must become your king, he and no other. When you bury me leave my head above ground, that I may see that my orders are carried out. If you do not obey my last wishes, endless trouble will fall on the country'."

Aan hierdie versoek van Sochangana het nog die familievergadering, nog die stamraad gehoor gegee. Muzila wat self albei hierdie vergaderings bygewoon het, moes toegeek dat: "He (Muzila) is married and has children and wears the shidlodlo. Our Zulu law ordains that the Zulu chief shall be a young man who still shares a hut with the boys and is unmarried" (Junod 1905:233). Mawewe het aan al hierdie versigte voldoen en was na regte ook die oudste seun van die hoofvrou en is met heftige teenkanting van Muzila in 1859 as opperhoof ingehuldig (Junod 1905:233). Aangespoor deur die stamraad was dit dan ook die eerste taak van Mawewe om vir Muzila wat verder noord aan die Limpopo gewoon het vir sy optrede te straf. Muzila, oorweldig deur 'n goedeorganiseerde leër, vlug daarna uit Gazaland en gaan soek skuiling by Joao Albasini in die Soutpansbergdistrik (Junod 1905:233).

Mawewe het in sy kortstondige regering sy wreedaardige despotiese geaardheid tot die uiterste gevoer. Kort na sy inhuldiging besluit hy byvoorbeeld om al die ou tindhuna van Sochangana om die lewe te bring sodat, "... he might be free from their restraining influence" (Junod 1905:233). Die gevolg van dié daad was opstand. 'n Samewering onder die broers van Mawewe teen sy optrede het veroorsaak dat die Changanagelcdere nou vir die eerste keer verdeeld geraak het. Na 'n geveg waartydens 12 000 sneuwel, trec Mawewe as oorwinnaar uit. Sy broers, Xohono, Modaniso, Nyophanjwa en Mohlabadabuka vlug noordwaarts en word almal in 'n tweede geveg aan die Sambezirivier deur die krygers van Mawewe dood=

gemaak (Das Neves 1879:107 ; Grandjean 1899:83). Nadat Mawewe van sy broers ontslac geraak het, keer hy suidwaarts terug en verjaag die Khosa van Khosene uit hul wcongebied. Tydens die geveg word hul leier Pukuane gedood en is opgevolg deur sy seun Magude, 'n bondgenoot van Muzila (Grandjean 1899: 83).

Mawewe was vanweë sy jong ouerdom duidelik nie opgewasse as opperhoof van die Gazaryk nie. Afgesien van sy strydlustige karakter het hy selfs ook wreedaardig teenoor sy eie mense gehandel. Baie van sy onderdane het hom verlaat en hulle na Muzila gewend waar hy hom onder beskerming van Albasini in die Transvaal bevind het (Grandjean 1899:84).

Uit die berigte uit die regering van Mawewe blyk dit duidelik dat die jong leier, op soek na roem, verskeie aanvalle op sowel die Portugese vestings as die omliggende Tsongastamme uitgevoer het. Hy beset so die Portugese gebiede om die eiland Chiluana in Desember 1859, molesteer die Portugese handelaars te Lourenco Marques en Inhambane in 1860 en 1861 terwyl hy sy regemente so ver noord as Sena aan die Sambezi stuur om die stamme aldaar van hul beeste te gaan beroof. Hy waag dit selfs om horige Shonastamme van Mzilikazi aan te val en te beroof terwyl hy die Blanke boere, wat reeds van Sochangana vergunning verkry het om olifante in die gebiede van horige Tsongastamme te jag, hierdie reg ontsê (Liesegang 1967:78 e.v. ; Grandjean 1899:84).

In die jare 1860/61 het Mawewe dan ook na bewering die eerste voorbode van die misnoë in sy optrede van die voorvadergeeste ontvang. 'n Langdurige droogte het sy gebied geteister en kon ondanks alle pogings nie gebreek word nie. Mawewe, desperaat, stuur 'n gesantskap na die reënkoninkin, Modjadji, om hulp. Das Neves (1879:100 e.v.) wat in Oktober 1860 hierdie reënseremonie bygewoon het, meld dat 'n eerste poging om reën te maak, onsuksesvol was. Die priesters van Modjadji het die oorsaak probeer vasstel en na enkele dae aan Mawewe meegedeel dat die teenspoed veroorsaak word deur die geeste van sy vermoorde broers. Volgens Das Neves (1879:103): "The king took such a terrible fright that he remained invisible for a week, during which time only his

great wife and his chief priest were permitted to speak to him." Daarna volg 'n offerseremonie aan die geeste van sy broers waartydens Mawewe om sy onskuld pleit terwyl hy die blaam op sy familie sowel as die stamvergadering, wat hom as opperhoof aangestel het, plaas. Hy roep by dié geleentheid uit: "I was but only a child when they proclaimed me king, because my inexperience suited their views for working to their own profit upon the ignorance of our good people" (Das Neves 1879:108). Kort daarna volg daar 'n hewige reënbuï en, "The king was delighted that he was now freed from the persecution of the spirits of his brothers" (Das Neves 1879:111).

Tevrede dat hy nou verlos is van die gevolg van sy wandade gaan Mawewe daarna voort met sy plundertogte. In 1861 val hy weer die Khosa onder leiding van Magude aan, doen aan die hand dat alle mans in sy eie geledere wat te oud geword het om te veg, gedood moes word terwyl hy te Lourenco Marques en omgewing die gruwelikste barbaarshede pleeg en verskeie Portugese onderdane vermoor (Grandjean 1899:85 ; de Vaal 1953:58 en Stevenson-Hamilton 1949:194).

Hierdie laaste optrede het 'n breekpunt veroorsaak. Sy eie mense, sowel as kaptein Magude en die Portugese owerheid het hulle na Muzila vir hulp gewend (Liesegang 1967:78).

(b) Stryd tussen Muzila en Mawewe en die gevolge daarvan

Muzila wat reeds in 1859 deur Mawewe verslaan is en uit Gazaland gevlug het, het hom sedertdien by Albasini in die Transvaal gevestig.

Albasini was 'n Portugese handelaar aan die Ooskus van Afrika en het tydens sy verblyf aldaar reeds politieke asiel aan menige Bantoepersone wat in onguns by hul hoofde geraak het, verleen. Spoedig kon hy só weerbare manne organiseer en 'n militêre mag opbou waarmee rekening gehou moes word. Sy volgelinge het hom as opperhoof erken en aan hom die naam Juwawa gegee (de Vaal 1953:5). Later het hy na die Transvaal verhuis en hom binne Vendagebied gaan vestig aan die voet van Luonde (Piesangkop) net besuide die Soutpansbergreeks (de Vaal 1953:20). Die grootste gedeelte

van sy Bantoe-aanhang (Tsonga) het hom daarheen gevolg en in later jare as die Makwapa (Magwamba) onder die Sotho en as die Knopneuse by die Boere bekend gestaan (Junod 1905:235). Volgens de Vaal (1953:57) het "Muzila, net soos baie ander vlugteling kapteins voor hom, met 'n groot verlies van 'n aantal onderdane, meide en kinders, as 'n verarmde na die Transvaal toe uitgewyk en by Albasini gaan beskerming soek." Hier is hy gul ontvang aangesien sy teenwoordigheid nie net die prestige van Albasini verhoog het nie, maar ook die troepe van laasgenoemde aansienlik versterk het (Grandjean 1899:82).

Muzila het hom te Tshitungulu gevestig. Sy volgelinge het aansienlik vermeerder tydens 1860 omdat Changana-vlugtelinge wat die tirannie van Mawewe nie langer kon verduur nie by hom kom aansluit het. Daar is ook aan hom meegedeel dat baie onderdrukte kapteins bereid is om hom te ondersteun in 'n opstand teen Mawewe terwyl sy ou bondgenoot, kaptein Magude van die Khosa sowel as die Portugese owerheid hul steun aan hom sou toesê in 'n geveg teen Mawewe (Grandjean 1899:83). Na talryke versoeke vanuit die Changanageledere self vertrek Muzila na 'n verblyf van twee jaar op 26 Oktober 1861 met sy hele gevolg na Gazaland (de Vaal 1953:61). Tydens sy trek sluit kaptein Magude van Khosene met ongeveer 4 500 man by hom en sy bykans 3 000 krygers aan. Die vroue en kinders word verder suid na die gebiede van die Tembe en Matola (Ronga) besuide Lourenco Marques gestuur. Op 27/11/1861 bots die hoofmag met die troepe van Mawewe by Bololuanene digby Lourenco Marques (Junod 1905:233). Liessengang (1967:81) beweer dat die meeste van die Ngoniregimente van Mawewe na Muzila oorgestap het en dat dit slegs die halfhartige Mabuyandlelaregimente (ingelyfde Tsonga), was wat die opmars van Muzila probeer stuit het.

In 'n bloedige geveg wat bykans twee dae geduur het en waarin Mawewe volgens de Vaal (1953:61) bykans 7 000 man verloor het, vlug Mawewe terwyl Muzila verder suidwaarts beweeg na Lourenco Marques. Hy het op 30 November 1861 Lourenco Marques bereik en hom aan die Portugese gesag onderwerp om hul steun teen Mawewe te verkry (de Vaal 1953:61).

Op 2 Desember sluit hy 'n verdrag met die Portugese

overheid wat die volgende klousules bevat:

- (i) Hy sou 'n opperhoof wees, skatpligtig wees en met al sy onderdane onderdanig wees aan die Portugese regering. Al die bevele wat deur die regering van Lourenco Marques uitge-reik word, moes deur hom gehoorsaam word.
- (ii) Die opperhoof sou al sy onderdane beveel om respek aan alle blankes wat deur sy land mag reis, te betoon. Sodra iemand hom aan 'n oortreding hiervan skuldig maak, sou Muzila hom tot voorbeeld van die ander straf.
- (iii) Die handel en die jag sou vry wees vir iedere Portugees wat self uitgaan of skuts uitstuur om te jag.
- (iv) Muzila moes gewilliglik sy toestemming gee vir die daarstelling van fortifikasies, van welke aard ookal, wat die Portugese regering binne sy grondgebied ter verdediging en veiligheid sou wou oprig. Ook moes hy verlof gee vir die aanlē van plantasies en landerye op groot of klein skaal, het-sy deur die Regering, hetsy deur enige private Portugese onderdaan in enige van die sodanige gebiede wat hul die beste mag voorkom. Muzila sou nie daarteen beswaar kon maak nie maar moes die beste gronde vir die doel aanwys.
- (v) Die Portugese vlag moes in die opperhoof se stat wapper. Hy mag nie teen iemand oorlog maak alvorens hy nie sy redes aan die Portugese overheid verstrck het nie.
- (vi) Die gronde van Mohamba, Cherinda, Manhice en Injote, wat aan die Portugese kant van die Komatirivier geleë was, sou voortaan aan die Portugese regering skatpligtig wees en niemand anders sou daar skatting mag invorder nie.
- (vii) Sake wat tussen Muzila se volk en die Portugese mag ontstaan, sou voor die Gouverneur te Lourenco Marques besleg moes word.
- (viii) Muzila sou, sodra hy besit van die grondgebied geneem het, al die slawe van inwoners van Lourenco Marques, wat van hul base weggedros het, uitlewer.
- (ix) Die eerbied en respek wat van Muzila verwag word, moes ook aan die inwoners van Inhambane, Sofala, Quilimane, Sena, Tete en Bazaruto getoon word.

- (x) Die Portugese owerheid het hom verbind om, wanneer dit mag nodig wees, Muzila asook sy opvolgers met 'n gewapende mag by te staan, om hom te verdedig teen alle aanvalle wat op hom gemaak mag word in die lande wat hy okkupeer.
- (xi) Die Portugese owerheid het hom verbind om vir Muzila 'n steenhuis, soos dié te Lourenco Marques te bou.
- (xii) Twee of meer van sy seuns sou ook kostcloos in die Portugese skole opgevoed word (de Vaal 1953:61 e.v.).

Muzila, met Portugese steun (waaronder drie honderd Ronga wat met gewere gewapen was) het daarna op 16 Desember 1861 na Bilene opgeruk. Hy ontmoet so die leërs van Mawewe op die Nwambavlakte aan die Komatirivier waar hy hul nog diezelfde dag verslaan (Junod 1905:234). Mawewe vlug daarna langs die linkeroewer van die Limpoporivier tot by die monding van die Olifantsrivier en daarna suidwaarts na Swaziland om hulp te soek by Mswati wat met 'n suster van hom getroud was (Liesegang 1967:81).

Ondersteun deur die regemente van Mswati keer Mawewe terug en verslaan die leërs van Muzila waarna laasgenoemde met sy hele gevolg noordwaarts vlug, terug na Musapa waar sy vader Sochangana enkele jare gewoon het (Grandjean 1899:85). In Maart 1862 is Mawewe, "once more master of Bilene" (Junod 1905:234). Hy besluit om Muzila verdor te agtervolg en in 'n vierde geveg tussen die leërs van die twee broers word die aanval van Mawewe op die walle van die Sabierivier afgeweert terwyl sy leërs teruggedryf word en uiteindelik moes vlug (Junod 1905:234). Muzila stuur dan sy leërowerste Manjombo agter die vlugtendes aan en op 20 Augustus 1862 word Mawewe finaal verslaan terwyl Manjombo namens Muzila die Limpopo-vlakte beset en Mawewe terugkeer na Swaziland (Junod 1905:234). Ook Magude van die Khosa keer terug na Bilene. Tesame met Manjombo beveilig hul die suidelike gedeelte van Gazaland vir Muzila (Grandjean 1899:85).

Na sy nederlaag in 1862 vlug Mawewe en sy gevolg tesame met die oorwonne Swaziregimente terug na Swaziland. Mswati gee aan hom woongebied in die noorde van sy gebied en wel in die huidige Piggs Peak- en Barbertondistrik (Myburgh

1949:76). Aldaar het Mawewe die status van 'n kaptein gekry. Hy was 'n outonome gesagvoerder binne die grotere Swazigebied.

In 1863 en 1864 het Mawewe weer pogings aangewend om die leërs van Muzila onder leiding van Manjombo te Bilene aan te val maar is by albei geleenthede verslaan (Junod 1905:234). Die hoop is gekoester dat daar nou 'n tydperk van vrede sou heers maar: "Mawewe had succeeded in stirring up a warlike ambition amongst the Swazi" (Junod 1905:234). Hy stuur jaarliks tot ongeveer 1870 gereeld ekspedisies uit na die Limpopo-vallei om die lande te plunder en die statte af te brand (Grandjean 1899:85). Die gevolg hiervan was dat die gebiede besuide die Limpopo totaal ontvolk geraak het terwyl die Khosa wat net benoorde die Limpoporivier gewoon het die gebied ontruim het. Hierna het Mawewe sy strooptogte gestaak (Grandjean 1899:86).

Mawewe sterf in 1872 (Myburgh 1949:78). Ndlemane, 'n broerskind van Mawewe tree dan as regent op tot in 1874 totdat Hanyana, die seun van Mawewe die kapteinskap oorneem (Myburgh 1949:90). Tydens sy regering word die grens tussen die Transvaal en Swaziland bepaal. Hiervolgens het Hanyana onderskik geraak aan die Transvaalse regering aan wie hy belasting moes betaal. In 1881 word hy daarom gevra maar weier en laat selfs van die Bantoekonstabels wat die belasting kom invorder het, vermoor. Uit vrees vir verdere optrede vlug hy met 'n klein gevolg terug na Gazaland vanwaar hy in 1891 deur die Portugese owerheid gedeponeer word (Liesegang 1967:121). Tydens sy afwesigheid tree sy suster Mkhonjwase tot 1911 as regent op oor sy mense in Swaziland. Sedert 1912 regeer Muntu, 'n seun van Hanyana, hierdie stam (Myburgh 1949:81).

(c) Die regering van Muzila, 1862 – 1884

Die regeringstyd van Muzila, wat vir meer as twee dekades in Gazaland regeer het, het geensins aan die verwagtinge van die Portugese en die Tsonga, wat hom in sy stryd teen Mawewe ondersteun het, voldoen nie. Sy vestiging aan die Buzirivier, benoorde die Sabie het ook rampspoedige gevolge vir die Shonastamme aldaar ingehou. Die merkbare

vrees wat Muzila tot in die vroeë sewentigerjare vir Mawewe gekoester het, het bygedra tot 'n verwaarlozing van die suidelike gedeeltes van Gazaland terwyl die Ndebele van Mzilikazi asook die toenemende vestiging van Blanke boere in die Soutpansbergdistrik en omliggende gebiede, 'n potensiële gevaar vir hom ingehou het.

Dit is opmerklik dat Muzila, sedert hy in 1862 oor die Sabierivier gevlug het hom nooit weer in die suide, te Bilene (Limpopovallei) gaan vestig nie. Hoewel hy sy kraal by 'n paar geleenthede verskuif het, het hy hom slegs beperk tot die gebiede benoorde die Sabierivier. Muzila het hom aanvanklik te Musapa, aan die regteroewer van die Buzirivier gevestig. Musapa was vermoedelik die naam van 'n grotere gebied. Die naam is moontlik ontleen aan die Musaparivier wat ten weste daarvan vloei en via die Revuerivier in die Buzi uitmond. (Vergelyk in hierdie verband die kaart van Erskine, 1869:276.) Mhlanga (1948:71) verwys egter na hierdie vesting as Dongonda naby Chibaba - geen bevestiging hiervoor kon in die literatuur of by informante gevind word nie. Hoe lank Muzila daar gewoon het, kan nie met sekerheid aangedui word nie maar Mhlanga (1948:71) beweer dat Muzila later 'n weersin in hierdie plek ontwikkel het en daarom verhuis het.

Tydens 'n besoek van Erskine in 1871 aan die kraal van Muzila tref hy hom by 'n nuwe kraal aan - Tshamatshama (Chamachama), ook genoem Uduengu aan die bopunt van die Umzwilisirivier, ongeveer 100 kilometer suidwes van sy vorige verblyfplek aan die oewers van die Buzirivier. Die herkoms van die naam van die kapteinskraal skets Erskine (1871:98) as volg: "Tshamatshama being its ancient and Tonga appellation, and the latter (Uduengu) a Zulu innovation imitated from the name of the dwelling of Umpanda, the king of the Zulus." Mhlanga (1948:72) beweer dat: "In Natal, Sotshangana had kraals called by these names, and these kraals were also named after them to perpetuate their memory." Ongeveer 1873/74 verhuis Muzila weer eens na 'n plek genaamd Buchanibude - die plek van lang gras - (Utshani - Ude, aldus Liesegang 1967:95) geleë aan die Xinikerivier ongeveer twintig kilo-

meter suid van die bergspits Silinda, in die huidige Melsetterdistrik in Suid-Rhodesië. Dit was ongeveer dertig kilometer van sy vorige verblyfplek. Mhlanga sê (1948:72) "He believed that kaffir corn would do well in that part of the country." Kort voor sy dood verhuis Muzila in 1883 na Moyamuhle waar hy in 1884 sterf (Liesegang 1967:96).

Dit is opmerklik dat Muzila sy kraal bykans elke vyf jaar verskuif het. Blybaar was dit nooit aan oorloë toe te skrywe nie maar wel om ekonomiese redes byvoorbeeld vanweë uitgeputte grond of 'n moontlike tekort aan brandhout. Informante is baie beslis oor die verskillende kraalname. Hoewel hul daarvan bewus is dat Muzila te Musapa gewoon het, stel hul dit uitdruklik dat die naam van Muzila se kraal, waar hy hom ook al bevind het, steeds bekend was as Uduengu terwyl Musapa 'n distriksnaam was en Chamachama, Buchanibude en Moyamuhle vermoedelik plekname kon wees. Volgens Liesegang (1967:96) het Uduengu ook na die dood van Muzila as setel en administratiewe eenheid bly voorbestaan.

Die gedurige vrees wat Muzila vir Mawewe en sy bondgenote gekoester het, het bykans sy hele optrede binne sy stam maar ook na buite gekenmerk. Die eerste optrede in hierdie verband was om 'n groot gedeelte van sy leër onder leiding van Manjombo, een van sy mees senior militêre tindhuna na Bilene te stuur om as buffer teen verdere aanvalle van Mawewe te dien. Hoewel hierdie optrede hom nie verkwalik kan word nie het dit nogtans 'n verdere versnippering van die Changanagedere, wat alreeds baie uitgedun was, veroorsaak.

Manjombo arriveer in Augustus 1863 te Bilene, net bytyds om 'n hernude aanval van Mawewe af te weer, terwyl hy in 1864 ook daarin slaag om Mawewe se leërs na Swaziland terug te dryf (Junod 1905:234). Manjombo het namens Muzila die militêre sowel as administratiewe pligte in die suide van Gazaland behartig. Hy het ook 'n militêre kraal, bekend as Umkontwene, enkele kilometer suid van die ou administratiewe hoofkwartier van Sochangana, aan die Limpoporivier opgerig. Erskine (1871:70) vertel van: "Umkontwain, the Royal Military kraal of Biyin," en beskryf dit as volg: "It was a very

pretentious place. The cattle kraal was a very creditable construction, built of thick straight poles, driven into the ground, and crossing each other diagonally, like a number of the letter X placed side by side, and forming such a dense stockade that the cattle could not be seen inside. There was probably room in it for one or two thousand head, but it does not usually contain more than a hundred" (Erskine 1871: 70).

Muzila vestig dus die Changanaleërs uit vrees vir Mawewe aan verskillende fronte en slaag so daarin om sy beheer in die noorde sowel as die suide van Gazaland af te dwing. Erskine (1871:70) tipeer die situasie soos volg: "Manjombo is the commander of the forces of this district (Eilene). Umzeila the chief, being afraid that his precious life might be forfeited by such close proximity (as 250 miles) to the Amzwazi, has removed himself further off (ongeveer 600 kilometer noord); and naturally his subjects here, at such a distance from the seat of government, display all the characteristics of the savage ..." Hierdie beveiligingstaak het Manjombo in samewerking met Magude die kaptein van die Khosa, wat aanvanklik tesame met Muzila na Musapa gevlug het, maar vanweë 'n gebrek aan voedsel na Bilene teruggekeer het, tot die afsterwe van Muzila en trouens ook gedurende die eerste gedeelte van die regering van Ngunghunyana, suksesvol uitgevoer (Grandjean 1899:86).

Muzila het volle beheer oor die geheel van Gazaland uitgeoefen. Nêrens word van enige opstand binne hierdie gebied tydens sy bewind vermeld nie. Hy het steeds periodiese ekspedisies na die oorwonne Tsongastamme uitgestuur om jaarliks die belastings binne sy gebied te vorder. Ook die omliggende Shonastamme wat buite die bereik van Mzilikazi gevall het, veral die Duma ('n Karangastam) on die Ndau wat noord van die Sabierivier woonagtig was, is direk onder sy gesag geplaas. Hiervan vermeld Mhlanga (1948:71): "Muzila took over an area of Vandau chiefs and their country and ruled them as a governor," en voeg by: "From this place armies were sent out to kill and to plunder the neighbouring tribes - the Mashonas" (Mhlanga 1948:72).

Muzila het egter nie net die Shonastamme geplunder en

beroof nie maar ook die jong mans uit hul geledere met hom saamgeneem en as rekrute in verskillende regemente geplaas om sodoende sy verswakte leërs aan te vul. "The vandau were organized into regiments according to their ages and were taught how to fight and to use weapons. The trainer was Magigwana, the leader of all Mzila's armies" (Mhlanga 1948:72). Mhlanga vermeld ook dat: "Armies composed of different buthos (regiments) were sent to the following places : Mtoko, Sweswe and to Munyarari. Chiefs Sweswe and Munyarari were killed during the time" (Mhlanga 1948:72). Liesegang (1967:84) konstateer ook dat die Ndaustamme tot 1890 aan die Changana, wat hulle in hul tradisionele woongebied gevestig het, onderdanig was.

Hoewel Muzila periodieke aanvalle op die Shonastamme van Suid-Rhodesië uitgevoer het, het hy hom slegs beperk tot daardie stamme, "who fell outside the limits of territory raided by Mzikazis regiments" (Omer-Cooper 1966:60). Die goeie verhouding wat daar tussen Muzila en die Ndebele bestaan het, is verder verstewig met 'n huwelik tussen Lobengula (die seun en opvolger van Mzikazi) en 'n dogter van Muzila, Xwalile. Lobengula het veertig beeste aan Muzila gestuur vir 'n "royal wife" aangesien geeneen van sy vroue vir hom 'n geskikte erfopvolger kon baar nie (Liesegang 1967:89). Hierdie goeie verhouding tussen die Changana en die Ndebele het selfs na die dood van Muzila in 1884 bly voortbestaan vanweë die huwelik wat Nghunghunyana (die seun van Muzila) met een van die dogters van Lobengula aangegaan het (Omer-Cooper 1966:60).

Muzila het, hoewel hy in 1861 'n verdrag met die Portugese owerheid gesluit het, waartydens hy sy onderdanigheid aan die Portugese gesag toegesê het, weinig van sy beloftes nagekom. Die Portugese owerheid was met die sluiting van die verdrag asook die daaropvolgende oorwinnings van Muzila oor die leërs van Mawewe baie ingenome, aangesien: "Their ally, Mzila had became king. What is more, the intervention had been initiated by the Gaza chief himself" (Warhurst 1969:49). Warhurst (1969:50) vermeld dan ook dat: "The Portuguese were much to busy trying to maintain a

precarious foothold on the coast to interfere often in the interior. But the prospect of friendship with the King of such a powerfull people as the Gazas was an opportunity not to be missed. They virtually regarded Mzila as a Portuguese protected person." Muzila daarenteen het nooit die soewe=reiniteit van die Portugese owerheid erken nie. Hoewel hy oorengekom het, "to remain a tributary chieftain --- obeying all orders issued from this government of Lourenço Marques", het hy homself en sy onderdane tydens sy bewind geag as, "tributary to none" (Warhurst 1969:50).

Muzila het veral klousules (3) en (6) van die 1861-verdrag naamlik dat die handel en die jag vir alle Portugese oop sou wees en dat die Tsonga in die omgewing van Lourenço Marques direkte onderdane van die Portugese owerheid sou wees, nooit gehoorsaam nie (Liesegang 1967:81). Daar is veral klagtes uit die distrikte Sena en Quiteve in die noorde ontvang dat Muzila gevegte met die Portugese olifantjagters aangeknoop en hulle uit die gebiede verdryf het. Die Portugese handelsposte aan die Sambezirivier moes ook ontruim word vanweë herhaalde strooptogte van Muzila terwyl hy in 1862 die ontginding van goud te Manica en Quiteve verbied het totdat, soos hy in 1873 vermeld het, daar geen inkomste uit ivoor meer vir hom was nie (Liesegang 1967:86). Die Portugese handelsposte aan die kus was veel minder blootgestel aan die strooptogte van Muzila. Hy het trouens 'n gesonde handel met Sofala, waarvan die belangrikheid later verplaas is na die eiland Chiluana, aangeknoop. Die handel in Lourenço Marques het egter floreer vanweë hul ver verwijderdheid van die hoofstad van Muzila (Liesegang 1967:87).

Ondanks hierdie gesindheid van Muzila en die terugslae wat hul moes verduur, het die Portugese 'n steeds groter belangstelling in hul Oos-Afrikaanse gebiede ontwikkel. Die Portugese militêre magte aan die Ooskus is uitgebrei terwyl Portugese koloniste hul in toenemende mate in die binneland gaan vestig het. Omer-Cooper (1966:61) vermeld dan ook dat: "In spite of Mzilas apparent contempt for the Portuguese, the balance of power began to shift in their favour during his reign."

In 1882 word Muzila besoek deur die goeweneur van Inhambane, Antonio Maria Cardosos, vergesel van twee honderd man. Die doel van die sending was om die verdrag van 1861 weer eens onder die aandag van Muzila te bring. Muzila ontken egter dat hy aan die verdrag gebonde is, aangesien hy dit nooit onderteken het nie. Die onderhandelinge bereik daarna 'n dooiepunt en Cardosos beveel by die Portugese owerheid aan dat alle onderhandelinge met Muzila, nou reeds 'n ou man, gestaak moes word en dat daar later met sy opvolger onderhandel word. (Liesegang 1967:95).

Die Portugese was egter nie ontmoedig deur hierdie optrede nie. Handelsverbindinge is met die Zuid-Afrikaansche Republiek aangeknoopt. Dit het 'n herlewing van hul vesting te Lourenço Marques ten gevolg gehad terwyl die energieke Portugese onderdaan van Indiese herkoms, Gouveia de Andrada, 'n effektiewe leër opgebou en bykans die hele Senadistrik vir die Portugese owerheid herwin het (Omer-Cooper 1966:61). Die historikus Theal (1908, v:290) vermeld dat: "The Zambezi settlements were relieved of the burdens of tribute (aan die Machangana) and much of the prazo land was recovered."

Die vrees wat Muzila steeds vir Mawewe gekoester het en sy minagting van die Portugese gesagsvermoëns het hom in 1870 twee boodskappers, Umzungulu en Dubule, na Sir Theophilus Shepstone in Natal laat stuur, "to ask to be accepted as its ally, friend and tributary" (BPP. Inc. I:198). Daar is ook versoek dat 'n Britse amptenaar hul land moet kom besoek en dat hulle handelsverbindinge met Natal wil aanknoop. Die cintlike doel van hul besoek was blykbaar: "He (Muzila) begs this Government to signify its wish to the Amaswazi to refrain from interfering with a quarrel that does not concern them, and which has been settled by an appeal to arms, so that Umzila's people may reoccupy in peace their old country" (BPP. Inc. I:198). Gevra na hul onderdanighheid aan die Portugese gesag was die gesante se antwoord: "Mzila is a king ; the Portuguese are women" (BPP. Inc. I: 198).

Shepstone laat hierdie versoek van Muzila onbeantwoord maar stuur nogtans 'n Britse gesant, ene St. Vincent

Erskine in 1871 om met Muzila te onderhandel. Die Britte was veral geïnteresseerd om arbeiders vir die suikerplantasies in Natal te bekom. Die Britte was hierby ook begerig om hul gesag in Oos-Afrika uit te brei.

Op 8 April 1872 arriveer Erskine na 'n lang en vermoeiende reis deur die binneland by die kraal van Muzila. Hieroor berig hy soos volg: "Here I saw the most dirty and ragged collection of natives that it has ever been my luck to witness. They were badly armed, with wornout assegais, and furnished with small shields, composed of all materials, from that of a poor goat skin to that of a buffalo. This was the material of Muzila's army" (BPP. 1890:211). Hy was geensins beïndruk met die leer van Muzila wat uit ongeveer 1 000 krygers, verdeel in 16 regemente, waarvan elk voorsien was met 15 gewere, bestaan het nie. Hy meld voorts: "Muzila has no regular army ; but the Zulu or Umgoni section of his people are divided into regiments, and duly officered. They are not called out for drill at regular periods as the Zulus are, but only for action when war is threatened. They are kept compact by the indunas, or captains making a plentiful use of the stick ---- An army of our own Southern Zulus is an impressive sight, but these, their degenerate kinsmen, make a sorry figure in their war dress" (Erskine 1871:104).

Muzila was nie tevrede met die geskenke wat Erskine uit Natal gebring het nie. Erskine sê: "He wanted guns and nothing else" (BPP. 1890:211). Muzila was ook nie begerig om by die Britte te nkhonza dit wil sê om sy ondordanigheid aan hulle te betoon nie maar wou wel bekazandhla dit wil sê hulle ondersteuning hê. Hy het daarop aangedring dat die Britte eers vir Mawewe moes neutraliseer voordat hy enige toestemming aan die onderworpe Tsonga sou gee om in Natal te gaan werk (BPP. 1890:212).

Hoewel die onderhandelinge tussen Erskine en Muzila op 'n dooiepunt uitgeloop het en Erskine na Natal teruggekeer het, het sy besoek wel op indirekte wyse vrugte afgewerp. By sy terugkeer vind hy dat baie Changana reageer het op sy versoek om arbeid en dat hulle reeds werksaam was op die suikerplantasies. Volgens Erskine was so 'n optrede moontlik,

aangesien, "their property is safe from petty plunder" (BPP. 1890:212). Die Britte kon egter nie daarin slaag om die begeerde arbeid van die Tsonga sonder die toestemming van Muzila te bekom nie. Erskine laat hom soos volg hieroor uit: "... the main section of the inhabitants are those held in abject subjection by the so-called Umgoon or Zulus. These people cannot leave their districts without the permission of their Chiefs and all their property is at the mercy of any Zulu that chooses to rob them. These are the people that it is so desirable to obtain, as they are not used in war" (BPP. 1890:212).

Voordat die Britte, wat in elk geval nie daartoe bereid was nie, aan die versoek van Muzila kon voldoen, sterf Mawewe ongeveer 1874 waarna Muzila nie meer met die Britte in aanraking kom nie. Gevolglik was hy ook sy goue ring wat Erskine hom belowe het, met die inskripsie: "Muzila - inkosi Kwa Gaza", kwyt (Erskine 1875:41).

Muzila het ook met die Blanke boere in die Soutpansbergdistrik in direkte verbintenis getree. Aanvanklik het hy 'n agressiewe houding ingeslaan. Die boerejagters is telkemale deur sy regimenter beroof en beleidig. Erskine beweer oor die verhouding met die boere: "He (Muzila) both fears and hates them and suspects them all of being spies" (Liesegang 1967:242). Hierdie gesindheid het vermoedelik uit 'n vete tussen Muzila en Albasini gespruit. De Vaal (1953:77) vermeld: "Nadat Muzila weer heerser oor wyle sy vader Manukosi se gebied geword het, het hy aan al sy besittings gedink en probeer om dit bymekaar te kry. Hy het boodskappers na Goedewensch (die tuiste van Albasini) gestuur en die uitlevering van Monene (die voormalige leëroverste van Sochangana) met die volk en goedere wat hy by hom van Manukosi gehad het, van Albasini teruggeëis. Alvorens hy nie aan sy versoek voldoen nie, sou hy geen jagter in die veld toelaat nie."

Die probleme wat die boere van Soutpansberg sedert 1864 met veral die Venda gehad het, het hul verplig om aan die einde van 1868 vir sowel die Swazi as die Changana om ondersteuning te vra. In November 1868 stuur Stephanus

Schoeman 'n Tsonga met 'n paar beeste na Muzila met so 'n versoek (Liesegang 1967:87). Muzila was bereid om hulp te verleen mits die President aan hom 60 osse, 40 koeie en 'n menigte kleinere geskenke sou gee tesame met 'n stuk grond waarop 'n deel van sy onderdane met hul vee kon woon (de Vaal 1953:119). In 1869 arriveer daar gevvolglik 'n leër van Muzila onder aanvoering van Magidjana vergesel van vier regimentsleiers en 5 000 man te Soutpansberg. De Vaal (1953:120) meld dat: "In plaas van te wag óf die vyande (naamlik) Katlagter en Makhado aan te val, het hulle die vredeskaffer Thengwe met die grootste gedeelte van sy volk uitgedelg en baie van die ander vredeskaffer Mphaphuli se volk vermoor. Van Tshivase het hulle vyftig slagbeeste en 'n aantal bokke en skape gekry, maar het die volk wat die vee gebring het, almal om die lewe gebring." Muzila se leërs het ook 'n aanval op Lwamondo gemaak maar die kop was te goed verskans terwyl 'n gebrek aan ammunisie die leërs laat terugkeer het. Volgens de Vaal (1953:122) is daar gevvolglik aan Muzila berig dat aangesien hy nie sy belofte om die Venda ten onder te bring, gestand gedoen het nie, die regering homself ontslae van die belofte ag om aan hom woongebied te gee.

Nadat die grense tussen die Republiek en Portugese-Oos-Afrika in 1869 neergelê is, is Muzila verwittig dat hy in Portugese gebied woonagtig is: "Die vertroue is uitgespreek dat hy die handel en jag ongehinderd sou toelaat en dat hy sy beeste wat nog onder die Republiek se onderdane was sou laat haal" (de Vaal 1953:123). Hoewel Muzila nie bereid was om hierdie grens te aanvaar nie word daar van geen verdere kontak tussen die Boere en Muzila vermeld nie.

Na die dood van Mawewe in 1874 het Muzila sonder enige verdere steurnis regeer. In die suide van Gazaland het daar 'n tydperk van vrede geheers en het baie Tsongastamme na hul vroeëre woongebiede teruggekeer. So vermeld Junod (1905:235): "Indeed, from 1875 tot 1885 those who left the Transvaal were perhaps more numerous than those who entered it." Benoerde die Sabierivier het Muzila voortgegaan met sy gereelde ekspedisies teen veral die Duma, Ndau en omliggende Shonastamme. Hy het volle beheer oor Gazaland uitgeoefen ten

spye daarvan dat sy leërs aansienlik uitgedun is vanweë die jong mans wat buite sy gebied vir Blankes gaan werk het. Die ontdekking van diamante het ook 'n groot uittog van Changana na Kimberley ten gevolg gehad. Meegesleur deur hierdie groot industriële beweging het oorlogvoering ook baie van sy "sjarme" verloor (Grandjean 1899:88).

Muzila sterf in Augustus 1884, vermoedelik aan malaria (Liesegang 1967:100).

(6) Die regering van Ngunghunyana (1884 -- 1896)

Na die dood van Muzila in 1884 het daar weer eens oom binne die Changana~~geledere~~ geheers.

Volgens Grandjean (1899:88) en Jacques (1958:11) het Muzila reeds lank voor sy dood die opvolgingsreg gewysig. Hy het dit vermoedelik gedoen om sy eie posisie te regverdig en vermoedelik om dit in groter ooreenstemming met dié van die Tsonga, waarvan daar baie binne Changanageledere opgeneem is, te bring. Dat daar wel 'n wysiging ten opsigte van die opvolgingsreg geskied het, is 'n voldonge feit aangesien die gewysigde reg, naamlik dat die eerste vrou wat na die lawini-vrou getrou word, die hoofvrouw is, vandag nog 'n lewende werlikheid is.

Die hoofvrouw van Muzila was vermoedelik Fussiye, die moeder van Mafemana wat daarom die regmatige opvolger van Muzila was. Die volgende vrouw in die hiërargie van vroue was Yosiyo, die moeder van Mudungazwe alias Ngunghunyana.

Ooreenkomstig die gewysigde opvolgingsreg van die Nxumalosibbe word die eerste vrouw met wie 'n man trou nadat hy die lawini-vrouw (vergelyk later) getrou het, sy hoofvrouw.

Toscano en Quintinha (1935, I:105) beweer dat Fussiye en Yosiyo op dieselfde dag deur Muzila as vroue geneem is met dié uitsondering dat Fussiye (moeder van Mafemana), die stamvrouw was. So 'n situasie is egter te betwyfel aangesien Muzila reeds 'n hele paar vroue gehad het voor die afsterwe van Sochangana en dit juis ooreenkomstig die tradisionele opvolgingsreg verhoed het dat daar aan die begeerte van Sochangana dat Muzila hom moes opvolg, voldoen kon word. 'n Ander

teenstrydige berig van Muzila aan Erskine lui: "I wish to announce that I have not yet raised any woman to be Queen of the country (1881), and that, although I have already six sons, I have appointed no heir to the Throne" (BPP. 1890: 214).

Grandjean (1899:89) beweer dat Nghunghunyana die regmatige opvolger was maar voeg in dieselfde asem by dat Nghunghunyana beveel het dat aangesien Mafemana en sy ondersteuners 'n groot bedreiging vir die stamregering ingehou het hulle doodgemaak moes word. Informante stel dit uitdruklik dat Mafemana die seun van die hoofvrou was maar oor 'n ongewenste persoonlikheid beskik het. Die familieraad het gevolglik vir Nghunghunyana, wat 'n groot aanhang onder die volgelinge van Muzila gehad het, as kaptein van die Changana aangewys. Vermoedelik het die suster en groot vertroueling van Muzila, Domboya asook die ndhunankulu van Muzila tesame met etlike senior tindhuna hul steun aan Nghunghunyana toege-  
sê (Liesegang 1967:104). Ooreenkomsdig gebruik het Nghunghunyana, bewus van die steun vanuit familiegeledere, wederrechtelik die graf van Muzila ('n voorreg van die erfopvolger) sonder die medewete van Mafemana, begin grawe.

Kort na die dood van Muzila versoek Nghunghunyana dan ook vir Magigwana, die leërowerste van Muzila om Mafemana om die lewe te bring waarna Nghunghunyana as erfopvolger aan die einde van 1884 as kaptein ingehuldig word.

Nghunghunyana het na sy inhuldiging 'n nuwe kraal, Mandlakazi, opgerig aan die oewers van die Mussurizerivier - 'n sytak van die Buzirivier (Liesegang 1967:104). Na 'n verblyf van twee jaar keer hy egter terug na Moyamuhle (waar Muzila gesterf het) waar nog 'n nuwe kraal, weer met die naam Mandlakazi vir hom opgerig word (Mhlanga 1948:72).

Die Portugese overheid wat weinig sukses in hul onderhandelinge met Muzila gehad het, het nou die vroeëre raad van Cardosos gevolg en met Muzila se opvolger kontak gemaak. Hulle wou hul gesag verder in Gazaland uitbrei. In Junie 1885 word Nghunghunyana deur Rodriques d'Almeida as Portugese gesant besoek. 'n Verdrag word opgestel wat later deur twee gesante van Nghunghunyana nl. Matanda Encoce en Mapinda, te

Lissabon onderteken is (Warhurst 1969:51). Die belangrikste bepalings van hierdie verdrag lui ondermeer:

(i) Nghunghunyana, tesame met al sy onderdane sou die vasale van die Portugese owerheid word en sou daarom die bevele en wette van die Goewerneur-Generaal van Mosambiek moes gehoorsaam.

(ii) Nghunghunyana moes ook belowe dat hy geen stamme wat aan die Portugese owerheid onderdanig is, sou aanval nie.

(iii) Nghunghunyana sou slegs jurisdiksie hê oor die gebied waaroer sy vader, volgens die 1861-verdrag, geheers het.

(iv) Die Portugese owerheid sou 'n gesant by die kraal van Nghunghunyana vestig.

(v) Klousule 9-15 het gehandel oor die verwester-sing van die inboorlinge by wyse van landbouvoorligting en die oprigting van sendingstasies en skole in Gazaland.

(vi) Nghunghunyana sou die rang van kolonel en twee van sy militêre tindhuna die rang van kaptein van die tweede linie in die Portugese leër ontvang.

In die praktyk het daar egter weinig van hierdie verdrag tereg gekom. Die vise-konsul, Smith de la Cour berig op 2 April 1891 aan die Markies van Salisbury in hierdie verband: "According to Gaza laws, a concession can only be granted by a king together with all his councillors assembled for that distinct purpose. The matter has to be discussed at previous councils and agreed to at the latest one, before the final council can be called for the affixing of signatures. .... A King of the country has no power to change any law without the consent of his council" (BPP. 1890:196).

Aangesien die Changana hulle nie met hierdie verdrag vereenselwig het nie en die Portugese owerheid self begin twyfel het aan die geldigheid daarvan, stuur hul in 1886 'n ekspedisie onder José D'Almeida na Nghunghunyana (Warhurst 1969:51). Tydens hierdie samesprekings blyk dit duidelik dat Nghunghunyana en sy raad ontevrede is oor die uitbreiding van Portugese gesag, veral in die hinterland van Inhambane, waar Binguana, 'n Nwanatihoofman asook etlike Kwakwa- en

Bilakuluhoofde hulle aan die Portugese gesag onderwerp het. Nghunghunyana eis nou ook die suidwestelike gedeelte van die distrik van Inhambane wat volgens hom aan Gazaland behoort. Hieruit blyk dit duidelik dat hoewel Nghunghunyana vrede met die Portugese owerheid wou bewaar, hy gconsens bereid was om enige van sy onderhorige gebiede aan die Portugese owerheid af te staan nie (Warhurst 1969:51). Uiteindelik word daar ooreengekom dat slegs klousules 2, 3, 12 en 16 van die 1885-verdrag sou geld nl. (i) Die Portugese regering die versering bied dat hul geen gebiede van Gazaland sou oorneem nie.

(ii) 'n Portugese resident hom by die kapteinskraal kom vestig.

(iii) Dat Nghunghunyana die jag sou reguleer en

(iv) Die benoeming van Nghunghunyana as kolonel in die tweede linie van die Portugese leër (Liesegang 1967:109).

Die vestiging van 'n Portugese resident by Mandlakazi het ook die hys van die Portugese vlag aldaar vereis. Hieroor was nie net die toestemming van al die lewende broers van Muzila nodig nie maar die volle raad van die kaptein, "der regierenden Familie und den mächtigen Vatuahefs" moes cers oor hierdie vlaghysing beraadsdag (Liesegang 1967:110). Die vlaghysing word goedgekeur en op 17 Junie 1886 woon Nghunghunyana, "in der Uniform eines Obersten" die vlaghysing by (Liesegang 1967:110). Hoewel Nghunghunyana later ontken het dat hy sy goedkeuring aan bogenoemde verdrag verleen het, het die Portugese owerheid veel bereik sedert die terugslag in 1886, deur die vestiging van 'n Portugese resident, ene Rodrigues, by die kraal van Nghunghunyana (Liesegang 1967:111).

Nghunghunyana het uit vrees dat hy baie van sy gesag in die suidelike gedeelte van Gazaland sou verloor, dadelik in 1886 regemente uitgestuur teen die opstandige Tswa wat in die hinterland van Inhambane woonagtig was asook teen sommige Hlengwe- en Bilagroepes in die omgewing van Lourenco Marques. Na 'n kort geveg is al die opstandelinge onderdruk en het hulle onderdanigheid aan die gesag van Nghunghunyana belowe (Liesegang 1967:111).

Die Goewerneur-Generaal van Mosambiek wou egter die Portugese gesag oor hierdie gebiede behou. Daar word daarom Portugese hulptroope uitgestuur teen die Tswa, Hlengwe en Bila wat geredelik weer hul onderdanigheid aan die Portugesegesag betuig. In 'n poging om die situasie op te klaar word D'Almeida in 1887 na Nghunghunyana gestuur om finaal 'n vredesverdrag met hom te sluit. Die Portugese het met die onderhandelinge die oorwonne gebiede geëis sowel as Nghunghunyana se toestemming om die ontginding van goud te Manica te hervat. Nghunghunyana het gesê dat hy by wyse van militêre optrede die betwiste gebiede onderwerp het en het daarom die Portugese eise verwerp (Liesegang 1967:112).

Uit vrees vir verdere Portugese optrede stuur Nghunghunyana twee gesante te wete Umzungulu en Udhlanjaza na Shepstone in Natal met die versoek: "Ngungunyana wishes to be held by the arm (i.e. guided) by the Governor .... and to give us a tent, not to be used by us on the road, but as a house for our chief when deciding cases or holding interviews" (BPP. 1890:217). Die Britte was blykbaar nie geneë om in die Portugese huishoudelike aangeleenthede in te meng nie. Hul antwoord op die versoek het daarom gelui: "The Governor has heard that Umdungazwe (Nghunghunyana) and the Amandwandwe now pay tribute to the Portuguese, and that they have a Portuguese Representative with them" (BPP. 1890:218). Gevolglik keer die gesante terug sonder enige belofte van hulp en sonder tent.

Nghunghunyana gaan hierna voort met die afdwinging van sy gesag in die suide terwyl die Portugese hul hoofsaaklik op die noordelike gebiede konsentreer. 'n Portugese vesting word daarom aan die kus by die mond van die Pungwe-rivier (huidige Beira) opgerig terwyl hul ook in 1888 uiteindelik vergunning van Nghunghunyana verkry om die goudmyne van Manica te heropen. Dit is deur die Companhia de Mocambique behartig. Hoewel hierdie gebied deur kaptein Mutasa van die Manyika (Shona) bewoon is, was hul blykbaar horiges van Nghunghunyana aan wie die Portugese ook skatting vir die Konsessie moes betaal (Liesegang 1967:116). Die verhouding tussen Nghunghunyana en die Portugese owerheid was na hierdie

vergunning besonder gunstig: 'n Portugese leermeester het selfs die seuns van Nghunghunyana aan die Portugese residen=sie digby Mandlakazi onderrig gegee.

Na 'n verblyf van bykans agt-en-twintig jaar te Musapa (sedert 1862) besluit Nghunghunyana om sy hoofstat 600 kilometer suidwaarts te verskuif. Ooreenkomsdig Portugese bronne verlaat Nghunghunyana met sy hele Changanagevolg op 15 Junie 1889 die Musapadistrik op weg na Bilene (Limpopo=vlakte) waar Sochangana vanaf ongeveer 1838 tot sy dood in 1858 gewoon het. (Vergelyk kaart I.)

Dit is uiters moeilik om uit die beskikbare literatuur die rede vir hierdie gewigtige besluit te vind. Warhurst (1969:52) beweer dat Nghunghunyana tot hierdie stap oorgegaan het, "to lessen the tension". Grandjean (1899:88) noem egter drie moontlike beweegredes nl. (i) dat die Portugese overheid hom versoek het om suidwaarts te verhuis om hom so=doende binne bereik en onder hul toesig te hou; (ii) dat die British South Africa Company met toenemende belangstelling in die noordelike gedeeltes van Gazaland, byname die goudvelde te Manica, hom vysgemaak het dat hy groter voordele deur 'n ves=tiging te Bilene sou verkry; en (iii) Nghunghunyana self daarvan bewus geword het dat die hele suide van Gazaland geleidelik besig was om sy gesag af te werp en het ten einde die proses teen te werk hom aldaar gaan vestig. Die derde moont=likheid klink die mees aanneemlike. Die Portugese aandeel aan die verskuiwing word sterk betwyfel aangesien Nghunghun=yania nooit voorheen voor enige druk van Portugese kant geswigt nie. Die wense van die B.S.A.C. kon ook nie veel gewig gedra het nie, daar Nghunghunyana reeds in 1888 aan die Com=panhia de Moçambique toegang tot die goudmyne te Manica ver=leen het.

Nghunghunyana het met 'n groot gevolg: "Men and even women with babies on their backs" (Mhlanga 1948:72) na Bilene vertrek. Warhurst (1969:52) skat sy gevolg op on=geveer 60 000 terwyl Coelho dit veel nader aan 200 000 stel (Liesegang 1967:117). Voor sy vertrek het die Changanaleërs wat sedert 1862 onder Manjombo te Bilene gestasioneer was, daar opgedaag: "for their were some among the Vandau (Shona)

people who did not want to go with him" (Mhlanga 1948:72).

Die roete wat hul gevolg het, het al langs die Sabierivier tot by die mond van die Sabierivier gegaan, en vandaar suidwaarts tot in Bilene. Nghunghunyana was genoodsaak om deur die hinterland van Inhambane deur die gebiede van die Kwakwa en die Tswa te trek ten einde genoegsaam voedsel vir sy gevolg te verseker. Hy bereik so die distrik van Inhambane op 12 September 1889. Uit vrees dat hy moontlik aanval sou word, word sy gevolg in drie afdelings, elk onder aanvoering van 'n senior militêre ndhuna geplaas. Begelei deur die leër trek hul in die volgende volgorde deur die gebied van die Tswa: (a) Die linkerflank het bestaan uit die familie van Uduengu (Muzila) tesame met al die vee, (b) die regterflank het die nakomelinge van die huis van Chayimite (Sochangana) verteenwoordig en (c) in die middel, die familie van Mandlakazi (Nghunghunyana) en enkele stuks vee (Liesegang 1967:117). 'n Afdeling van die leër is vooruit gestuur om aan al die Tsongastamme opdrag te gee dat die jong mans as Mabuyandlela moes aansluit en die res vrywillig moes oorgee ten einde nie uitgemoor te word nie. Gevolglik dra hierdie sneeubalbeweging daartoe by dat Nghunghunyana met 'n veel groter leër te Bilene arriveer as waarmee hy Musapa verlaat het (Grandjean 1899:89).

Om hom in die suidkooste van Gazaland te kon vestig moes Nghunghunyana die Tsongastamme aldaar uit hul woongebied verdryf. Binguana, kaptein van die Nwanatistam (Kwakwa) en sy seun Chipenanyana het moedig weerstand gebied nadat hulp vanuit die Chopegeledere opgedaag het. (Die Chope (skieter van die boog) wat aan die kus, tussen Lourenço Marques en Inhambane woonagtig was, was die aartsvyande van die Changana en is nooit aan hul gesag onderwerp nie.) Binguana word egter vermoor. Sy seun tesame met al sy volgelinge vlug daarop in verskillende rigtings. Sommige vlug suidwaarts waar hul skuiling vind by die Chope terwyl andere na Zululand en 'n seksie oor die grens na die Transvaal vlug (Grandjean 1899:89).

Nghunghunyana en sy volgelinge het hulle nou in die gebied tussen die Limpopovallei en die Indiese Oseaan gevestig.

In die omgewing van die Sulemoeras, ongeveer 200 kilometer van Lourenco Marques word weer 'n nuwe kraal, nogeens met die naam Mandlakazi vir hom in September 1889 opgerig (Liesegang 1967:118). Hierdie Mandlakazi is tussen 1890 en 1895 by drie geleenthede verskuif maar steeds weer in dieselfde omgewing aangelê (Liengme 1901:99).

Die vestiging van Nghunghunyana en sy Changana in die suide het 'n nuwe tydperk van stryd en oorloë ingelui. Aanvanklik verdryf hy die Tsongastamme ten weste van die Limpopo-vlakte om sodoende groter grondgebied vir die Changana te verkry. Die hele oostelike Khosene (gebied van die Khosa) word "skoongevce". Die omliggende gebiede van die Tswa en Kwakwa asook die Loyi wat almal in die driehoek, wat deur die samevloeiing van die Olifants- en die Limpoporivier gevorm word, gewoon het, is ewe-eens verdryf, sodat die Changana hulle daar kon vestig. Die Changana het so mettertyd gesentreer geraak in die suidoostelike gedeelte van Gazaland. (Die konsentrasiepunte van die Changana in Gazaland kan by Liesegang (1967:129) duidelik afgelees word).

Tussen 1890 - 1895 het Nghunghunyana verskeie oorloë teen die Chope wat oos van die Changana gewoon het, gevoer, maar kon nooit daarin slaag om hul totaal aan sy gesag te onderwerp nie (Liesegang 1967:119). Die Chope was trouens tot in 1895 nog aan die gesag van die Changana, nog aan dié van die Portugese overheid onderwerp, terwyl die Rongasprekendes, wat hoofsaaklik besuide die Komatirivier woonagtig was, nooit aan die gesag van die Changana onderwerp was nie: "The Ba-Ronga always remained independent of the Ngoni chiefs, being directly under the Portuguese authorities" (Junod Vol. I: 29). (Die Rongasprekendes is volgens Junod (1927:16) in die omgewing van Lourenco Marques en Delagoabaai aangetref en het bestaan uit die volgende groepe: Mpumo, Matjolo, Mabota, Mazwaya, Shirindja, Manyisa en dic Tembe. Laasgenoemde word onderverdeel in die Matutwen en Maputje, wat die gebiede benoorde St.Luciabaai bewoon.) Gevolglik kan 'n mens die suidelike grens van Gazaland, as die Komatirivier aandui.

Nghunghunyana het nog jaarliks ekspedisies na die noorde uitgestuur maar sy invloed onderveral die Shonastamme

wat tussen die Pungwe- en Sambezirivier woonagtig was, het aansienlik afgeneem sodat Liesegang (1967:132) in hierdie tyd die noordelike grens van Gazaland by die Pungwerivier, tussen die Sabie- en Sambezirivier, aandui.

Verskeie Blankes het Nghunghunyana in die suide kom besoek: Dit was hoofsaaklik konsessiesoekers, handelaars en sendelinge.

Hy het die <sup>W</sup>Sitserse Sendinggenootskap toegelaat om sendingwerk onder die Changana te doen en so het dr. Liengme (van hierdie genootskap) hom in 1894 ongeveer een myl vanaf Mandlakazi kom vestig. Hy het nie alleen mediese dienste verskaf nie, maar is ook toegelaat om Sondagmiddae 'n diens by Mandlakazi waar te neem. Hy het die oortuiging uitgespreek dat die genootskap met verloop van tyd 'n deeglike Christeninvloed op die Changana sou kon hê (Liengme 1901: 11).

Brittanje, deur middel van die B.S.A.C. en Portugal het elk om besondere redes 'n groot belangstelling in Gaza=land openbaar terwyl Nghunghunyana volgens Omer-Cooper (1966: 61) "... continued his policy of attempting to play one white power off against the other, while at the same time building up his own strength." In 1890 word Nghunghunyana deur 'n agent van die B.S.A.C. (wat reeds die Rudd-konsessie met Lobengula in Suid Rhodesië aangegaan het en gevoleglik begerig was om 'n weg na die see te verkry en 'n moontlike hawe aan die Indiese Oseaan op te rig) besoek. Nghunghu=nyanā word oorreed om 'n mondelinge toestemming aan 'n konses=sie te verleen waarin hy, "mining rights and rights to every=thing necessary for the operation of a mining industry throughout his kingdom" (Omer-Cooper 1966:62) aan die B.S.A.C. afstaan in ruil vir 1 000 gewere, 20 000 patronen en 'n jaarlikse subsidie van £500 sterling. Nghunghunyana weier egter om sy handtekening op die dokument te plaas al=vorens hy die goedere ontvang (Warhurst 1969:53). Volgens Omer-Cooper (1966:62) was hierdie optrede, "The first step in a complicated struggle between the B.S.A.C. and the Portuguese authorities to establish legal claims to the Gaza em=pire". Die besonderhede van hierdie ingewikkelde kompetisie

tussen Rhodes en sy B.S.A.C. aan die een kant en die Portugese owerheid aan die ander kant is te veelyvuldig om hier in besonderhede behandel te word. Ngunghunyana was verheug oor die kontak met die B.S.A.C. en vertolk sy verbintenis met hierdie maatskappy dan ook as 'n direkte verbintenis met koningin Victoria. Warhurst (1969:53) vermeld dan ook: "In this way he was throwing in his hand with the British and trusted them to support the Gaza against Portugal."

In Augustus 1890 sluit Brittanje en Portugal egter 'n verdrag waarvolgens hul gebiede in Suidsentraal-Afrika afgebaken word. Hiervolgens gaan, "the whole of Gazaland, that is the area from the Sabi to the sea, to Portugal, in addition to Manicaland" (Warhurst 1969:55). Die Portugese was egter nie met hierdie reëling tevreden nie. Daarom word op 11.6.1891 'n nuwe grens tussen Rhodesië en Portugees-Oos-Afrika neergelê wat oos van die Sabierivier sou lê en gevoglik die gebied van Ngunghunyana tussen Groot-Brittanie en Portugal verdeel het.

Liesegang (1967:124) vermeld dat daar verdeelde gevoelens binne die stamraad van die Changana geheers het oor die trou wat Ngunghunyana aan twee Europese moondhede verskuldig was. Aan die een kant was daar die aanhangers van Mafemana (die vermoorde broer van Ngunghunyana) wat gekant was teen die uitbreiding van Portugese gesag oor die erwe van hul vaders terwyl die ndhunkulu, Manyune en die tindhuna, Magunyana en Jebana tesame met ander tindhuna hul steun aan die Britte toegesê het. Ngunghunyana het egter sy gebied as 'n eenheid beskou. Die Blankes het hom, omdat hy binne die nuwe Portugese gebied woonagtig was, as 'n Portugese onderdaan beskou.

Hoewel die B.S.A.C. slegs binne afgebakte Britse gebied werkzaam was, het hulle steeds goeie verhoudinge met Ngunghunyana bewaar. Liesegang (1967:127) berig byvoorbeeld dat ene Longden, 'n afgevaardigde van die B.S.A.C. vanaf 1891 - 1892 teen £25 per maand te Mandlakazi ingewoon het terwyl die B.S.A.C. in 1891 £1 000 aan konsessiegeld en vanaf 1892 - 1894 'n verdere £1 000 aan Ngunghunyana betaal

het. Aan boord die "Countess of Carnarvon" is daar ook te Xai-Xai aan die Limpopo, "a river over which Gungunyane claimed complete control", 'n hoeveelheid gewere en ammunisie met 'n Britse herkoms ingesmokkel (Warhurst 1967:54).

Die onsekerheid oor waar Nghunghunyana sy steun van Blanke kant kon vind, het homself in 1897 opgelos. In 1894 het Mahazule, 'n Rongahoofman van die Mazwayasibbe wat naby Lourenco Marques gewoon het in opstand teen die Portugese owerheid gekom vanweë 'n verhoogde hutbelasting (Warhurst 1969:59). Ook Nwamantibyana, 'n Rongahoofman van die Mpumosibbe het geweier om die Portugese owerheid onderdanig te wees.

Die Portugese regering in Lissabon was op daardie stadium, vanweë 'n toenemende belangstelling in Oos-Afrika, meer bereid om hulle gesag af te dwing. Antonio Enes, 'n Portugese parlementslid en voormalige minister belas met oorsese gebiede, is as koninklike kommissaris met volmag na Mosambiek gestuur (Warhurst 1969:59). Portugese troepe is teen die opstandelinge uitgestuur en in 'n veldslag op 2.2.1895 is die Ronga naby Marakwene, aan die Komatirivier, verslaan, waarna hul by Nghunghunyana gaan skuiling soek het (Junod 1927, I:511). Die beskerming wat Nghunghunyana aan die opstandige leiers verleen het, het geleei tot spanning tussen die Changana en die Portugese owerheid.

Die Portugese owerheid het lank reeds beplan om Nghunghunyana aan hulle gesag te onderwerp – vandaar die sending van Enes, Andrade en Albuquerque wat Warhurst (1969:60) beskryf as, "The most famous figure in the history of Moçambique." In bogenoemde optrede van Nghunghunyana het hulle gevolglik 'n gulde geleentheid gesien om met die troeppersterkings wat in April 1895 uit Portugal opgedaag het, bylyse van 'n militêre magsvertoon, hul gesag in Gazaland af te dwing (Liesegang 1967:155 e.v.).

'n Portugese afgevaardigde word eers na Mandlakazi gestuur om die uitlewering van die rebelleleiers te eis. Hoewel die raad van die Changana verdeeld was oor die aangeleentheid weier Nghunghunyana nogtans hierdie versoek (Lieng-

me 1901:132). Hy begin sy leërs bymekaar maak en binne enkele dae is daar 'n mag van ongeveer 30 000 man by Mandlakazi bymekaar (Junod 1927, I:512). Op 16.8.1895 gee Enes opdrag dat die Changana vernietig moes word. Die Portugese mag het bestaan uit 300 Blankes en 3 000 Tsonga wat met gewere gewapen was. Hulle is egter vertraag en het eers in November 1895 in Gazaland opgedaag. Hierdie vertraging het meegebring dat baie krygers, hoofsaaklik Tsonga, reeds vanaf Mandlakazi huiswaarts gekeer het. Volgens Junod (1927, I:512), "... the Thonga battalions, having nothing to eat, broke up. However, a strong bodyguard, the flower of the great king's troops, consisting principally of Ba-Ngoni, remained at the headquarters." Mens moet dus vir Omer-Cooper (1966:62) gelyk gee waar hy vermeld: "The number of the 'Ba-Ngoni' aristocrats had always been small and their assimilation of conquered peoples was incomplete". Junod (1927, I:29) voeg hierby: "... the Thongas hated them. Therefore when the war between the Portuguese and some Ronga clans in 1894 led to difficulties between the Whites and Gungunyane, the Ngoni chief was abandoned by most of his people ..."'

Op 7 November 1895 val Nghunghunyana daarom met 'n erg verswakte leër die Portugese troepe by Cooleta, digby Mandlakazi aan. In 'n hewige geveg waartydens Nghunghunyana driehonderd krygers verloor het, word sy leërs verslaan en teruggedryf (Junod 1927, I:512). Op 11 November 1895 word Mandlakazi afgebrand waarna Nghunghunyana en sy mees getroue ondersteuners na die vroeëre vesting van Sochangana vlug. Hulle het gaan skuiling soek in die "heilige bos" by Chayimite waar Nghunghunyana geoffer het, "to the spirit of his grandfather Manikusa" (Theal 1908, V:166).

Na die vlug van Nghunghunyana was die oorlog verby en het die Portugese begin met hul besetting van Gazaland. Te Longuene op die regteroewer van die Limpoporivier word 'n Portugese militêre pos opgerig en 'n groot deel van die Changanahoofde aan Portugese gesag onderwerp. Vroeëre verdryfde Tsongastamme en onderwerptes was verheug. Reeds op 10 Desember 1895 keer Chipenyanana met sy Nwanativolgelinge

terug na die omgewing van die Sulemeer terwyl die Ndau, wat Nghunghunyana met geweld uit Musapa saamgebring het, terugkeer na Suid-Rhodesië. Gazaland word op 7 Desember 1895 in 'n militêre distrik omskep met Mousinho de Albuquerque as Goewerneur (Liesegang 1967:158).

Mousinho de Albuquerque vertrek op 25.12.1895 met vyftig man na Chayimite waar Nghunghunyana hom intussen skuil gehou het. Volgens Theal (1908, v:166): "The surprise was so complete that no resistance was offered." Nghunghunyana stuur sy tindhuna Zaba en Socunaca tesame met sy seun Godide met £1 000 sterling, 2 groot olifanttande en tien jong vroue om met Albuquerque te onderhandel. De Albuquerque was egter gedetermineerd om Nghunghunyana gevange te neem. Nadat sy oom Nkuyu hom verraai het en sonder enige geveg, het hy Nghunghunyana met sy hele gevolg in hegtenis geneem nadat die Portugese sy ndhunankulu, Manyune en sy oom Queto doodgeskiet het (Liesegang 1967:158). Nghunghunyana versoek egter dat sy oom, Mpisane, 'n jonger broer van Muzila, saam met sy seun Masinganeya (later bekend as Thulilamahanxi) losgelaat moes word. Na die betaling van 'n losprys is dit dan ook deur die Portugese toegestaan.

In Januarie 1896 word Nghunghunyana saam met enkele vroue en al sy senior seuns te wete Godide, Buyisonto, Mangwa, Mphetu en Nyomayenja onder luide toejuicing van sy vroëre onderdane na Lourenco Marques geneem. Vandaar is hulle aan boord die "Africa" na Lissabon waarna Nghunghunyana met sy mede-gevangenes na die Azore-eilande oorgeplaas is. Hier is hy in 1899 herdoop as Reinaldo Frederico Gungunhana en in 1907 aldaar in ballingskap oorlede (Liengme 1901:135). "The last of the great independent Bantu Monarchies in Southern Africa was (thus) brought to an end" (Omer-Cooper 1966:62).

Met die val van Nghunghunyana word die periode van inboorling-oppergusag in die binneland van Portugees-Oos-Afrika in 'n groot mate beëindig. Trots berig Fries: "Ich glaubte, dass es nötig war, koste was es wolle, Europa zu zeigen, dass wir materielle Kraft und moralische Autorität besassen, um eine Erbehung von Eingenorenen niedierzuschlagen ..... Dank der Stimmen der Engländer in Südafrika, die uns

sogar anklagten, wir gefährdeten das Prestige, das die weisse Rasse immer bei der schwarzen hatte, und dass wir die Bevölkerung aller afrikanischen Kolonien zur Rebellion ermunterten, hatten die an sich unbedeutenden Ereignisse von Lourenço Marques die Ausmasse einer Prüfung angenommen, welche unserer Fähigkeit zu kolonisieren gestellt war" (Liesegang 1967:160).

Daar is geen opperhoof in die plek van Nghunghunyana aangewys nie. Die hele Gazaland is in distrikte onderverdeel en direk onder Portugese kontrole geplaas, terwyl die meeste opstandelinge na Portugal gedeporteer is.

#### (7) Verwikkelinge na 1895

Die Changana was nou "onttroon" en verspreid in verskillende distrikte onder direkte Portugese beheer. Tog het hulle steeds gepoog om hul verlore prestige te herwin en herhaalde pogings aangewend om Nghunghunyana uit sy bälingskap terug te bring. In 1896 word daar daarom om hulp gevra by die Britse overhede: "Even at this moment when Gaza power was collapsing, Gungunhana's last mission of indunas was trying in vain to persuade the British authorities in South Africa of their chief's allegiance to Britain" (Varhurst 1969:60). Die sending was egter onsuksesvol.

In Januarie 1897 was daar reeds tekens van 'n opstand teen die Portugese oorheersing. Daar is gemurmureer teen die verhoogde hutbelasting van £5 per jaar, die feit dat die Portugese al die vee van Nghunghunyana gekonfiskeer het en die verskerpte polisie-optrede in die Limpopovlakte (Liesegang 1967:163). Die ernstige droogte sedert 1895 was waarskynlik die faktor wat uiteindelik tot 'n uitbarsting geleid het. Daar word selfs beweer dat Umpibekazana, die "moeder" van Nghunghunyana doodgeskiet is vanweë haar vriendskap met die Blankes en haar onvermoë om reën te maak (Liesegang 1967:169).

Die volkstrots van Magigwana, die leërowerste van Nghunghunyana, het hom gedwing om weer eens 'n Changanaleë op die been te bring. In Mei 1897 gaan vra hy om ondersteuning by Ngwanasi, die hoof van die Maputa, 'n Ronga-

sprekende sibbehoof wat besuide die Komatirivier gewoon het. Uit vrees vir die Portugese word bystand egter gevlei. Vervolgens gaan Magigwana na sy eie mense (hy was nie van die Ngoni nie maar 'n Khosa) waar hy uiteindelik steun ontvang (Liesegang 1967:169).

Die oorblywende Changanaraadsmanne was egter skerp verdeeld oor hierdie nuwe verwikkelinge. Nkuyu (hy het Nghunghunyana in 1895 verraai) en Nguyusa, broers van Muzila, tesame met vooraanstaande tindhuna soos Socunaca, Xipane en Munhi was gekant teen enige optrede teen die Portugese gesag terwyl Mpisane (broer van Muzila) tesame met Mpikanyiso en Hlope-Hlope (broers van Nghunghunyana) en twee militêre tindhuna, Zaba en Machamene asook Jambule en 'n broerskind Gija vir opstand teen Portugese gesag te vind was (Liese-gang 1967:164).

Onder aanvoering van Magigwana, die leerowerste van die Changana, ruk 'n bykans suiwer Ngonileër op 21 Julie 1897 teen die Portugese op maar is spoedig verslaan waarna die Portugese: "divided up the country into a number of military zones and the districts of Lourenco Marques and Inhambane have been perfectly quiet ever since" (Junod 1927, I:512).

(8) Vlug en vestiging in Transvaal, 1897

(a) Inleiding

Na 'n tydperk van bykans ses en sewentig jaar van stryd, corloë, onderwerping en opvolgingstwis in Portugees-Oos-Afrika betree die Changana nou 'n nuwe tydvak van vrede en vreedsame naasbestaan.

Die stryd van 1897 was nie 'n stryd tussen die grotere Machanganaleërs en die Portugese nie maar is hoofsaaklik gevoer tussen die Ngoni en die Blankes.

Die Changana het nou hoofsaaklik bestaan uit die Ngoni waarvan die getalle nooit groot was nie. Junod (1927, I: 27) beweer : "The Ba-Ngoni had greatly diminished in number. In 1890 there were not more than a few hundred of them in the whole country". Omer-Cooper (1966:62) vermeld dat: "The numbers of the 'ba-Ngoni' aristocrats had always been

small ...". Stevenson-Hamilton (1949:200) sê: "Die volbloed ba-Ngoni het as gevolg van oorlog en emigrasie sterk in getalle afgeneem en was teen hierdie tyd (1890) waarskynlik minder as 'n duisend in getal." Die Changana was nou slegs 'n klein gereduseerde groepie van verwante tesame met getroue Machangana volgelinge.

Na die deportasie van Nghunghunyana en al sy senior seuns en die Portugese oogmerk, "... om al die lede van die ba-Ngonistam asook die Tshanganeleiers wat 'n prominente rol in die oorlog gespeel het, aan te hou en te deporteer" (Stevenson - Hamilton, 1949:204) bly daar weinig senior figure binne die Nxumalosibbe en binne die Changanageledere oor. Manyune (ndhunankulu), Magigwana (phini ya nyimpi), Queto (broer van Muzila) en Zaba ('n senior ndhuna) het gesneuwel terwyl Jambule, Muzamana en Hlope-Hlope gedeporteer is. (Nkuyu en Socunaca is onderskeidelik in 1902 en 1906 gedeporteer.)

(b) Mpisane (Regent), 1897 - ± 1910

Die oudste oorblywende seun en aanspraakmaker op die kapteinskap, Masinganeya (Thulilamahanxi), vir wie Nghunghunyana tesame met sy oom Mpisane 'n losprys laat betaal het, was nog minderjarig en gevolelik moes 'n regent aangewys word. Die senior aanspraakmaker op hierdie posisie was Mpikanyiso, 'n jonger broer van Nghunghunyana, maar weens sy krankheid is hy nie oorweeg nie. Gevolglik word Mpisane, 'n jonger broer van Muzila (by dieselfde moeder) en oom van Nghunghunyana na afloop van die oorlog in 1897 as regent aangewys. (Daar is blybaar geen opvolger vir Nghunghunyana, na sy deportasie in 1895, vir die interim periode tot 1897 aangewys nie aangesien die Changana steeds gepoog het om die vrylating van Nghunghunyana te verkry.)

Uit vrees vir verdere Portugese optrede en uit weerzin vir die nuwe Portugese administratiewe bedeling besluit die oorblywende Changana om van die Portugese oorheersing weg te vlug (vergelyk kaart I). Volgens Omer-Cooper (1966: 62): "They are all that remain of Soshangane's family"; terwyl Stevenson - Hamilton (1949:205) beweer dat: "'n Groot aantal van die ba-Tshangane het hul voëlvry verklaarde leiers oor die grens in 1896 gevolg . . . ."

TABEL 2 : DIE TIEN OPEENVOLGENDE REGEERDERS VAN  
DIE CHANGANA SEDERT 1820

( 1820-1858 )	SOCHANGANA (MANUKUZA II)
( 1858-1862 )	MAWEVE
( 1862-1884 )	MUZILA
( 1884-1896 )	NGHUNGUNHUNYANA
( 1897-1910 )	<u>MPI SANE</u>
( 1910-1922 )	THULILAMAHANXI
( 1922-1932 )	BUYISONTO
( 1932-1942 )	<u>THULILAMAHANXI</u>
( 1942-1968 )	<u>KHETHO</u>
( sedert 1968 )	MAFEMANA

L.V. Die name van regente is onderstreep.

Mpisane stuur twee gesante nl. Matsavana en Maswamene met geskenke na die Transvaal om geskikte woonplek te vind terwyl hy sy gevolg versamel en in 'n westelike rigting oor die Lebomboberge versit. Junod (1905:236) vermeld: "These then left Bilen under Mpisane, brother (sic) of Gungunhana, and settled in Transvaal territory ...." Die destydse veldkornet van die Z.A.R., belas met die administrasie van die Transvaalse laeveld, Abel Erasmus, kon nie opgespoor word nie. Aangesien die gebied tussen die Lebombo- en Drakensberge bykans totaal onbewoon was en die kaptein van die Pulanastam (Oos-Sotho) in die omgewing van Mabulaneni (huidige Bosbokranddistrik) geen beswaar teen sodanige vestiging langs sy gebied gehad het nie, keer die gesante terug waar hul Mpisane, tesame met al die oorblywende vroue en kinders van Nghunghunyana en 'n gevolg van 'n paar honderd Changana, reeds in aantog vind (Stevenson - Hamilton 1949:204).

Oral waar hul gesikte woonplek kon vind, het hierdie vlugtelinge hulle sonder enige toestemming van die Z.A.R. hoofsaaklik in die gebiede benoorde die Sabierivier (Transvaal), aan die uitlopers van die Drakensberg gevestig (Junod 1905:236). Mpisane en die res van die Nxumalosibbe vestig hulle so te Mukhweyantaba' (huidige plaas Orinoco KU 233) terwyl die res van sy Changana hulle verspreid op die huidige plase Dingleydale KU 229 en Edinburgh KU 228 gevestig het. Alhier het, volgens Stevenson - Hamilton (1949:204) ook: "Soniye, Gungunyane se "groot" vrou tot 1926 met 'n klein gevolg van indoenas, vroulike verwantes en slawemeidjies gewoon" terwyl die res van die gebied noordwaarts, tot aan die Letaba beset was deur brokstukke van die Machangana soos die Nwalungu en die Baloyi (Stevenson - Hamilton 1949:206).

Tydens 1898 vertrek Mpisane met 'n geskenk (informante beweer diamante en olifantande) na Abel Erasmus, waar hul versoek om bewoning van die laeveld, toegestaan word. Geen amptelike bevestiging vir hierdie bewering kon egter gevind word nie. Stevenson - Hamilton (1949:206) vermeld egter: "Gedurende enige jare voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog van 1899 was Abel Erasmus die Naturellekommissaris wat die Transvaalse Regering in die Laeveld verteenwoordig het en sy posisie met betrekking tot die naturelle was die van 'n outokraat. Iedere winter het hy volgens gewoonte van sy plaas naby Lydenburg afgekom om wild te jag, belastings in te vorder en in die algemeen die reg te administreer. Maar met die toename in die bevolking het hy steeds meer moeilikhede met al hierdie sake ondervind."

Die grondkwessie op die Transvaalse laeveld, tydens die besetting daarvan deur die Changana, word deur Stevenson - Hamilton (1949:211 e.v.) as volg geskets: "In die neentiger jare is die land tussen die Sabie en die Olifantsriviere vanaf die oostelike hange van die Drakensberg tot aan die Lebomboheuwels in plase van sowat agt duisend akker elk opgemeet ..... Steenbakens is opgerig om die vier hoeke van elke nuwe plaas aan te gee en vir die eerste keer was daar 'n taamlike betroubare kaart van die land beskikbaar .... Hierdie nuwe plase is aanvanklik deur die Regering aan verskeie burgers

van die Republiek toegesê, maar aangesien die land beskou is as van waarde alleen vir jagdoeleindes en die burgers destyds die vrye gebruik van die hele gebied vir die jag op wild gehad het en boonop geen begeerte gehad het om in die koorsgordel blywend te woon nie was die meeste van hulle gereed om hul grond van die hand te sit. Verskeie Johannesburgse grondmaatskappye het gehoop om 'n nuwe veld vir minerale ontginning te ontdek en was dus in staat om die plase teen 'n betreklike geringe koste op te koop. Die verwagting om enige betalende ondernemings aan te tref het op niks uitgeloop nie, en die plase het onbewerk en vir hul eienaars onwinstig geword gebly tot na die Anglo-Boereoorlog. Met die beëindiging daarvan het sommige van die maatskappye inwonende agente op daardie digbevolkte dele van hul eiendom onmiddellik onder die Drakensberg geplaas, en hulle het etlike jare lank 'n aansienlike inkomste uit die sogenaamde "Kafferboerdery" getrek. Hierdie term dui op die invordering van huurgeld van die naturelle wat op beheerde plase bly sonder dat die eienaar enige besondere verpligting van sy kant onderneem." Hy voeg verder by: "'n Uitgerekte tydperk van uitdorring het 'n aansienlike deel van die Laeveld onbekwaam gemaak om so 'n groot naturelle bevolking soos vroeër te onderhou, en sy algemene onvrugbare aard gepaard met 'n steeds aanwesige malaria, het enige gedagte dat dit 'n geskikte gebied vir blanke nedersetting sou vorm, onaanneemlik gemaak'" (Stevenson – Hamilton 1949:214).

In hierdie gebied het die Changana nou rustig, sy aan sy met die Swazistamme aan hul suide, Oos-Sothostamme (Pai, Pulana en Kutswe) ten weste en Hlanganu, noord sowel as oos van hulle gewoon en aldus Stevenson – Hamilton (1949:205) "Met weinig om die kalmte van die lewe te versteur behalwe die betaling van 'n jaarlikse hoofbelasting en verbiedinge aangaande die uitroei van wild." Liesegang (1967:165) beweer dat Mpisane gedurende 1902 opnuut 'n opstand probeer organiseer het ten einde die Portugese te verdryf en Gazaland weer eens te beset maar weens 'n gebrek aan ondersteuning het die poging op niks uitgeloop nie.

Nadat verneem is dat Mpisane geskikte woonplek in die

Transvaal gevind het, het talle Machangana, Portugees-Oos-Afrika verlaat en by hom kom aansluit. In 1904 word daar ook soos volg gerapporteer: "From time to time numbers of natives have entered the Transvaal from the east and north-east.

A considerable immigration took place in this way, since the defeat and capture of Gungunyana by the Portuguese in or about 1896. Gungunyana's chief wife, and many members of the household, together with about 2 000 souls took refuge in the Sabi district, where they are living on the following farms: G 267 New Forest, G 276 Rolle, G 256 Dingley-Dale, G 249 Dwarsloop, G 266 Edinburgh, G 275 Arthurstone, G 247 Champagne, G 248 Orinoco and G 260 Merry Pebble Stream.

Mpisane is acting as their chief. No Location has been granted to these people. (A number of people from the same tribe have established themselves in the Spelonken district.)" (Report by the Commissioner for Native affairs, relative to the acquisition and Tenure of land by natives in the Transvaal : July, 1904.)

Die geleidelike toestroming van Machangana het steeds toegeneem terwyl geen lokasies vir hul afgebaken is nie en vestiging daarom op kroongrond en private plase geskied het. H.R. Griffith, Assistent-Naturellekommissaris van die Pelgrimsrustdistrik getuig dan ook voor die Beaumontkommissie: "About 400 families of Tshangaans came into the district in 1906 from the Portuguese side. The chiefs could not afford to buy land, not tribally even. They came here practically naked" (Report of the Natives Land Commission, 1916, Vol.II:389(UG 22 - 16).

Bogenoemde gegewens is moontlik foutief tensy nie alle nuwe aankomelinge Machangana was nie. Statistiek vir die jaar eindigende 30/6/1909 dui die onderdane van Mpisane soos volg aan:

MANS	VROUWE	KINDERS	TOTAAL
421	452	858	1 731.

(Transvaal : Annual Reports, Native Affairs, 1906-1910).

Dit mag wees dat hierdie statistiek slegs die onderdane van Mpisane wat op kroongrond woonagtig was, aandui.

In 1906 trag Mpisane om al die Machangana, wat in die Transvaal woonagtig was onder sy gesag te konsolideer. Hy stuur daarom twee tindhuna na die destydse Sekretaris van Naturellesake, Sir Godfrey Lagden met die boodskap dat Gija, hoof van die Machanganaseksie in Spelonken en voormalige ndhuna van Nghunghunyana begerig is om hom onder die gesag van Mpisane te plaas. Mpisane maak ook daarop aanspraak dat Abel Erasmus aan hul grondgebied toegeken het maar aangesien die Changana omring is deur Oos-Sotho en Hlanganustamme, daar geen ruimte vir uitbreiding bestaan nie. Lagden het die aangeleentheid na die Lokasiekommisie verwys en hoewel hy die aansoek simpatiek behandel het, rapporteer hy aan Mpisane: "That he (Mpisane) was in the position of being a refugee in this colony ... and that kindness was extended to him by the late Government in that Abel Erasmus, the late Native Commissioner, Lydenburg, ... allowed ... him (to) remain in that district and take up occupation.

No letters can be found which gave Mpisane leave to remove or to remain in the Transvaal, so that his status is purely that of a squatter." (Department of Native Affairs : Transvaal, N.A.727/1906 Nr.3664/06 gedateer 17.8.1906.)

Daar kon geen verdere inligting in hierdie verband gevind word nie. Mpisane het, hoewel hy eers in 1927 gesterf het, reeds ongeveer in 1910 afstand van sy regentskap gedaan. Hierna het die kapteinskap oorgegaan op Masinganeya, nou beter bekend as Thulilamahanxi. Hy is so genoem na aanleiding van hul vlug uit Portugees-Oos-Afrika. Die naam beteken : die stof van perde.

(c) Die Regering van Thulilamahanxi, ± 1910 - 1922

Thulilamahanxi was die enigste senior seun van Nghunghunyana wat nie in die oorloë van 1896/97 gesneuwel het of deur die Portugese gevange geneem en gedeporteer is nie. Hy is wel aanvanklik deur die Portugese gevange geneem maar nadat Nghunghunyana 'n losprys laat betaal het, is hy weer losgelaat. Hy is ongeveer 1887 te Musapa, pas voordat Nghunghunyana suidwaarts verhuis het, gebore. Tydens die vlug van die Changana na Transvaal was hy ongeveer tien jaar

oud. In 'n ongedateerde verslag van Stevenson - Hamilton word sy ouderdom op ongeveer agtien jaar by die aanvaarding van die kapteinskap, geskat. Op daardie stadium was Thulilamahanxi dan ook die regmatige opvolger. Buyisonto, die oudste seun van Daniye (Muphisa) en die regmatige opvolger van Nghunghunyana was in ballingskap. Gevolglik het die familievergadering vir Thulilamahanxi, die seun van Sabeka (Maweya), derde in die hiërargie van die vroue van Nghunghunyana as kaptein en nie as regent nie, aangewys.

Aangesien etlike vroue van Nghunghunyana die vlug na die Transvaal meegemaak het, is die kralekompleks van Mandlakazi in 'n groot mate te Mukhweyantaba in die Transvaal herbou. Vier van die bestaande krale uit Mandlakazi is weer opgerig te wete Nteza (die kraal van die hoofvrouw), Uduengu, Ziphosiye en Khavinaya. Nadat hy as kaptein ingehuldig is, het Thulilamahanxi geen nuwe kapteinskraal opgerig nie maar het te Nteza aangebly wat dan ook as die xigodlo (die woonpunt van die hoofvrouw van 'n kaptein) bly voortbestaan het. Met beeste, afkomstig uit al vier hierdie krale is daar vir Thulilamahanxi verskeie vroue getrou. Die vroue is aan die onderskeie krale waaruit die beeste gekom het toegevoeg. (Vergelyk later.)

Die hoofvrouw van Thulilamahanxi te wete Mhlabasi (Dhlamini) is tot Nteza toegevoeg. Sy kon geen manlike naamelinge vir hom baar nie en ooreenkomsdig die sororale aanvulling is 'n jonger suster, Majoyi (Dhlamini), as nhlantswa vir hom gelewer. Sy het drie seuns gehad te wete Isaac Khetho, Modaniso en Nthumbu. Isaac Khetho (huidige raadslid van die Regering van Gazankulu) was daarom die regmatige opvolger van Thulilamahanxi.

Informante beweer dat die stamorde tydens die kapteinskap van Thulilamahanxi vanuit 'n verwarring weens die vlug na Transvaal na bestendigheid gevoer is. Die stam het nou 'n kaptein gehad en nie 'n regent wat nougeset op alle wense van die stamraad ag moes gee nie. Daar kon ook nou definitiewe uitsluitsel gegee word oor die groepering van mense onder gewestelike hoofde. Dit het gevvolglik stamsolidariteit gewaarborg.

Die Machangana wat te Portugees-Oos-Afrika agtergebly het, het hul ook met die aanstelling van Thulilamahanxi vereenselwig en in die loop van 1919 boodskappers na die Transvaal gestuur met die versoek dat hy met sy gevolg na Mosambiek moes terugkeer. Hoewel Thulilamahanxi en die stamvergadering hierdie gedagte ernstig oorweeg het, was die Portugese owerheid 'n sodanige terugtog nie goedgesind nie. Thulilamahanxi en die stamraad het op 19/11/1919 dan ook teen emigrasie besluit.

Op 21 Julie 1919 word Thulilamahanxi van owerheidsweë in Transvaal as kaptein van die Changana erken toe daar kragtens Art.4 van Wet 4/1885 volle kapteinsjurisdiksie aan hom, met setel te Orinoco (Mukhweyantaba) verleen is (Dept. van B.A.en O., Kapteins-en hoofmanne lêer No.44/55). Stevenson - Hamilton (1949:234) vermeld hieroor: "Die seun van Nghunghunyana wat met ander van die vorige koninklike huis van die ba-Ngoni 'n voortvlugtige in die Transvaal was, word deur al die Thongagroep wat onder die benaming ba-Tshangane behels word, as opperhoof erken, en alle appelle teen toekennings deur onderhoofde kragtens naturellereg word nog aan hom vir beslegting voorgelê."

Na 'n termyn van twaalf jaar as kaptein van die Changana het daar in die regeringstyd van Thulilamahanxi een van die mees sonderlinge gebeurtenisse in die geskiedenis van die Changana plaasgevind: Buyisonto, die oudste seun van Daniye en die regmatige opvolger van Nghunghunyana wat saam met sy vader na die Azore-eilande gedeporteer is, het hom as ontsnapte na Wêreldoorlog I (sommige beweer as gevangene van die Duitsers) in Suidwes-Afrika bevind. Aldaar was hy werkzaam by die Babosmyn te Grootfontein. Nadat hy verneem het dat die Changana onder Thulilamahanxi hul in die Transvaal bevind het, het hy via 'n Blanke met die Bantoesakekommissaris, Pelgrimsrust, in verbinding getree. Nietenstaande onderlinge stuveling in die stamraad is besluit om fondse vir die terugkeer van Buyisonto in te samel.

Nou bekend as Antonio Buyisonto Nxumalo, arriveer hy ongeveer 1922 by Mukhweyantaba, en is onmiddellik deur Thulamahashi en die inwoeners van die ba-Ngoni as hulle opper-

hoof erken" (Stevenson - Hamilton 1949:206). Vergelyk ook Omer-Cooper (1966:62).

(d) Die Regering van Buyisonto, 1922 - 1932

Informante beweer dat veral Mpisane en Soniye (die eintlike hoofvrou van Ngunghunyana wat slegs dogters gebaar het) hulle beywer het vir die aanstelling van Buyisonto. Op 30 Mei 1922 word daar op 'n stamraadsvergadering (nadat die familievergadering aldus beveel het) besluit dat Buyisonto as kaptein aangestel word waarna Thulilamahanxi moes terugstaan. Hierdie gewigtige besluit het politieke implikasies ingehou wat in die huidige tyd nog merkbaar is en navorsingswerk aansienlik bemoeilik het.


Thulilamahanxi het wyslik besluit om die stamgebied te verlaat en gaan werk op die suikerplantasies in Natal.

Buyisonto het kort na sy inhuldiging verskeie polities-administratiewe omwentelinge teweeggebring. Alle "steurende" elemente is verwys. 'n Nuwe ndhunankulu en heelwat nuwe tindhuna is aangestel (vergelyk later) terwyl die kraal van die kaptein in 1923 van Mukhwayantaba na Mandlakazi (huidige plaas Arthurstone) verskuif is. In 1929 wend hy ook 'n poging aan om na Manyeleti (huidige plaas Exeter) te verhuis. Die versoek is egter geweier. Dit is beter geag om die nuwe kaptein nader aan die setel van die Blankegesag te hou.

Buyisonto was klaarblyklik nie gelukkig onder die nuwe omstandighede in die Transvaal nie en ook nie met die gedurige teenkanting van die familievergadering wat hy ondervind het nie. Tydens 1929 wend hy daarom 'n poging aan om met die Changana na die omgewing van Sibasa te trek. (Sy hoofvrou Nkothase Mabunda, was uit die Nkunageledere van Sibasa.) Sy versoek is egter op 2 Augustus 1929 deur 'n vergadering van die stamraad wat deur 23 lede bygewoon is, geweier. Daar het nou duidelik tweespalt binne die stamgeledere geheers. Voordat daar teen Buyisonto opgetree kon word, sterf hy op 12 Oktober 1932.

TABEL 3: KERNGEALOGIE VAN DIE KAPTEINSHUIS VAN DIE CHANGANA.

▲ ZIKODE



Buyisonto het tien vroue gehad waarvan Nkothase Mabunda sy hoofvrou was. Met die oorlye van Buyisonto was sy regmatige opvolger, Mafemana die seun van Nkothase Mabunda slegs sewe jaar oud. Informante beweer dat die vertroueling van Buyisonto vir Mafemana, uit vrees vir moontlike optrede uit die geledere van die ondersteuners van Thulilamahanxi na sy moedersmense in Sibasa geneem het, waar hy opgegroei het. Dit sal onthou word dat Thulilamahanxi ook as kaptein ingehuldig is. Daar is inderdaad ook vir hom 'n hoofvrou getrou te wete Mhlabisi Dhlamini, die sosio- logiese moeder van Isaac Khetho.

(e) Die regering van Thulilamahanxi (Regent), 1932 - 1942

Die voormalige ndhunkulu van Thulilamahanxi, Gobanana Muyotshwa en 'n senior ndhuna, Cetshwayo het na die dood van Buyisonto 'n besoek by die Bantoesakekommissaris gaan afle waar hul vir Thulilamahanxi as regent vir Mafemana aanbeveel het. Binne die geledere van die stamraad het hulle, hul ook beywer vir sodanige aanstelling.

'n Stamraadsvergadering onder voorsitterskap van die plaaslike Bantoesakekommissaris is vir hierdie doel op 22 November 1932 belê. Nkothase, die nkosikazi van Buyisonto het op die vergadering 'n brief wat deur Buyisonto kort voor sy dood geskryf is, aan die voorsitter oorhandig. Hierin is vermeld dat Buyisonto nie meer die steun van sy raad geniet nie en word versoek dat Nkothase die kapteinskraal na sy dood moes beheer en die regentskap na haar moes oorgaan. Gobanana het teen dié versoek ten sterkste beswaar gemaak daar so 'n handeling in stryd sou wees met die opvolgingsreg van die Changana. Na die poging, oënskynlik gemik teen Thulilamahanxi, misluk het, wend Nkothase haar weer eens tot die voorsitter. Sy beweer dat Thulilamahanxi, op wie die leviraatverpligting moes oorgaan nog nie eens haar kraal besoek het na die dood van Buyisonto nie. Hokwe, 'n senior ndhuna het hierop in die bresse getree vir Thulilamahanxi en volgens 'n verslag gesê: "It is taboo for the probable heir to visit the kraal of his brother's widow during the first year, following his death and that it was the council-lors and indunas duty to call on their chief, and not for

him to summon them" (Departement B.A. en O., Lêer No.54/1080/13, Deel I). Hoofman Manyakatana beveel daarop aan dat Gija, die Changanakaptein te Sibasa, asook die vader van Nkothase, Mapethwa, 'n Nkunakaptein, ontbied moet word vir advies in hierdie aangeleentheid waarop Hokwe hom troef met die volgende antwoord: "The tribe is just like a big family with the chief as father. Difficulties can only be settled by the father and other members of his family" (Departement van B.A. en O., Lêer No.54/1080/13, Deel I). Die siening het vereis dat daar eers 'n regent aangestel moes word voor die probleem verder opgelos kon word. Die saak kon egter nie opgeklaar word nie, en die vergadering het verdaag.

'n Volgende vergadering is op 18 April 1933 gehou. Slegs drie lede nl. Manyakatana (ndhunankulu van Buyisonto) tesame met Mtendeya en Mzilikazi het die vroeëre voorstel van Nkothase gesteun terwyl die res (9 lede) ten gunste van die aanstelling van Thulilamahanxi as regent vir Mafemana was. Op 15 Junie 1933 word hy dan ook as sodanig ingehuldig. 'n Nuwe kraal word te Kumane, ongeveer 2 kilometer vanwaar Buyisonto gewoon het, vir hom opgerig.

Ooreenkomsdig G.K.1818 van 4/12/1936 is hy van overheidsweë kragtens Art.2(7) van Wet No.38/1927 as waarnemende kaptein van die "amaTshangana tribe on crown land and privately owned farms in the district of Pilgrims Rest" erken (G.K. No.1818 van 4/12/1936). Ooreenkomsdig genoemde kennisgewing word daar ook Siviele- en Krimineleregsbevoegdheid kragtens Artikels 12 en 20 van Wet No.38/1927 aan Thulilamahanxi toegeken.

Na sy inhuldiging het Thulilamahanxi vir Gobanana, sy voormalige ndhunankulu in die amp herstel terwyl Manyakatana, die ndhunankulu van Buyisonto slegs as 'n gewone raadslid gefunksioneer het. In 1935 het hy ook drie van sy opponente in die stamraad te wete Mzilikazi, Mathule en Ntendeya van die amp van ndhuna onthef, waarna hy in vrede regeer tot aan die begin van die veertiger jare toe hy begin blind word het.

Op 'n stamvergadering wat op 7 Mei 1943 belê is, het

Thuli lamahanxi die begeerte uitgespreek om vanweë sy toenemende blindheid van sy regentskap afstand te doen. Mafemana was op daardie stadium 18 jaar oud en is te jong geag om te regeer. Isaac Khetho, die oudste "seun" van die voormalige stamvrou, Mhlabasi en erfopvolger van Thulilamahanxi word daarop as regent aangewys.

(f) Die regering van Isaac Khetho (Regent), 1943 - 1968

Isaac Khetho Nxumalo (huidige raadslid van die Regering van Gazankulu) was ongetwyfeld die mees gewilde leier binne Changana-geledere sedert baie jare. Hy het as regent toegetree op 'n stadium toe daar 'n ernstige tweespalt binne stamgeledere geheers het. Sy persoonlike kwaliteite as leier het sy status deur geboorte tot so 'n mate aangevul dat hy in staat was om hierdie dreigende onenigheid tot rus te bring.

Kort na sy inhuldiging is daar besluit dat die kaptein (regent) en die stamraad nie die uitsluitlike beheer oor gewestelike hoofde sou hê nie, maar dat die inwoners van 'n stamwyk self hulle ndhuna by wyse van 'n verkiesing sou aangewys onderhewig aan 'n finale goedkeuring deur die kaptein-inrade. Daar is tot hierdie stap oorgegaan ten einde stamsolidariteit te verseker. Die stelsel is so suksesvol toegepas dat dit tans nog die gebruik binne die Changanageledere is.

Daar bestaan vandag 'n verskeidenheid ~~van~~ procedures waarop hierdie verkiesings plaasvind. Die mees algemene patroon is egter om die volwasse manlike persone op 'n openbare vergadering volgens ondersteuningsgroepe te laat plaasneem. Die vergadering geskied onder voorsitterskap van die ndhunankulu en die kaptein het 'n vetoreg oor hierdie beslissing. Hierdie sinvolle verbintenis tussen die tradisionele en die Westerse kultuurpatroon is die resultaat van die insig en oorredingsvermoë van Isaac Khetho wat ondanks die feit dat hy oor geen akademiese kwalifikasies beskik nie, een van die belangrikste leiersfigure in die hele Gazankulu geword het. Sy kennis van en advies oor stamaangeleenthede kon in die gang van hierdie navorsing met groot vrug gebruik word.

Thulilamahanxi die vader van Isaac Khetho is op 12 Mei 1949 oorlede en sedertdien kon laasgenoemde meer vryelik in stamsake optree.

Hy tree uit diens op 23/11/1967, dieselfde dag as wat Mafemana, kaptein van die Changana word.

(g) Die regering van Heavyman Mafemana, 1967 tot tans.

Kaptein Mafemana Nxumalo is tydens 1925 as oudste seun van Nkothase, nkosikazi van Buyisonto, gebore. As jong seun is hy na sy moedersmense te Sibasa geneem waar hy sy skoolopleiding geniet het en waar hy ongeveer 1940 die St.VI sertifikaat verwerf het.

Hoewel 'n stamraadsvergadering eers in 1967 besluit het dat Mafemana, die regmatige opvolger van Buyisonto, sy vader moes opvolg, was Isaac Khetho lank reeds bereid om die opvolger te erken.

By sy bewindsaanvaarding versoek Mafemana egter dat Isaac Khetho hom op alle statutêr ingestelde rade moet vergesel sodat hy hom van raad kon bedien. Hiermee is beoog, die gesamentlike sitting op

- (i) Die Machanganastamowerheid.
- (ii) Die Mokwena -- Changana - Nhlanganustreeksowerheid en
- (iii) Die Machanganagebiedsowerheid.

Die situasie binne die Changanageledere is van so 'n aard dat Mafemana steeds in die skadu van Isaac Khetho (wat ondertussen as raadslid van die Regering van Gazankulu funksioneer), regeer. Mafemana, woonagtig te Nwambila (New Forest) waar die stam reeds gedurende 1966 'n ou winkelgebou vir hierdie doel aangekoop het, se regering is steeds wankelrig. Hy het reeds vyf vroue getrou, waarvan drie hom verlaat het. Ten spyte van langdurige aandrang deur die familievergadering het hy nog geen stamyrou getrou nie. Die hoofmanskap in etlike stamwyke is tans vakant terwyl daar nog geen ndhunankulu sedert die oorlye in 1969 van die vorige een aangevys is nie.

B. DIE HUIDIGE WOONGEBIED

Die huidige stamgebied van die Changana staan bekend as tiko ra hosi en is geleë in die Mhaladistrik in die suide van Gazankulu (vergelyk kaart 2). Hierdie stamgebied het onder abnormale omstandighede sy beslag gekry. Historiese gebeure het hoofsaaklik die totstandkoming van 'n nuwe stamgebied bepaal. Die Changanavlugtelinge onder leiding van Mpisane het na die val van Magigwana, die leërowerste van Nghunghunyana in 1897 hul na die Transvaalse Laeveld gewend en hulle aanvanklik sonder enige magtiging, as vlugtelinge in alle gesikte, onbewoonde gebiede gevvestig.

Die aanvanklike vestiging van die Changana was in 'n hoë mate gesentreer te Mukweyanthaba (huidige plaas Orinoco KU 233) aan die uitlopers van die Drakensberge, benoorde die Sabierivier. Hier het die lede van die kapteinshuis soos van ouds die kern van die stam uitgemaak. Dit dien daarop gewys te word dat die bogenoemde plaas, private eiendom van Blankes was en hoewel onbewoon, nie werklik as stamgebied gereken kon word nie.

Mpisane die regent van die stam tydens die vestiging van die Changana in Transvaal en sy raadslede het egter 'n behoeftte aan 'n eie wettige stamgebied gevoel. Hulle het daarom in 1898 besoek gebring aan Veldkornet Abel Erasmus ten einde die nodige magtiging vir hul okkupering van 'n doel van die Transvaalse Laeveld te verkry. Volgens informante het Erasmus (Madubula), nadat 'n groot geskenk deur Mpisane aan hom oorhandig is, aan die Changana toestemming verleen om hulle met inagneming van die "stamgebiede" van die omliggende stamme op enige onbewoonde gebied in die suidelike gedeelte van die Transvaalse Laeveld, in die gebied wat strek vanaf die Lebombo- tot by die Drakensberge, te vestig. Geen amptelike bevestiging vir hierdie bewering kon egter opgespoor word nie. Hoewel die bewering ietwat verregaande klink, was die daaropvolgende vestiging van die Changana in die suidelike Laeveld 'n uitvoering van hierdie vergunning.

Die gerug dat Mpisane 'n woongebied vir die Changana in die Transvaal verkry het, is spoedig ook oor die grense

na Portugees-Oos-Afrika gedra. Talle Changana het die voorbeeld van Mpisane gevolg en veral na afloop van die Engelseoorlog in hordes na die Transvaalse Laeveld gevlug, waar hulle hul met die toestemming en onder die gesag van Mpisane, gaan vestig het.

Soos in hierdie hoofstuk verduidelik is, is die Transvaalse Laeveld kort voor die koms van die Changana in plase opgemeet. Hierdie plase het hoofsaaklik in die hande van groot maatskappye oorgegaan wat die gronde nog bewoon, nog bewerk het. Die oorblywende individuele grondeienaars het hul plase hoofsaaklik vir jagdoeleindes benut. Etlike van hierdie plase het kroongrond gebly sedert die opmeting daarvan in 1883 plaasgevind het. Geeneen van hierdie plase is aanvanklik afgekamp nie. Grense was slegs aanduibaar ooreenkomsdig die klipbakens wat op elk van die vier hoeke aangebring is. Die Changana het hulle dus sonder inagneming van plaasgrense in verskillende stamwyke (miganga) gevestig, ooreenkomsdig hul tradisionele vestigingspatroon. Sommige miganga het oor twee of drie van hierdie plase gestrek. (Vergelyk hoofstuk III C). Vanweë die gebreklike benutting van die plase deur die eienaars kon die Changana ongestoord en soms onbewus van die identiteit van die werklike grondbesitter, hul tradisionele politieke organisasie uitbou binne 'n gebied wat spoedig as die tiko ra hosi (gebied van die kaptein), bekend gestaan het. Onderskeid tussen private plase en kroongrond het vir hul geen betekenis gehad nie. Bewoningsregte is deur die kaptein verleent. Hy het gevvolglik ook sy eie belasting in hierdie gebiede gehef. Namate die hervestiging van Changana uit Portugees-Oos-Afrika toegeneem het, het daar steeds nuwe stamwyke tot stand gekom. Dit het 'n uitbreiding van die "stamgrense" ten gevolg gehad.

Na die vredesluiting van Vereeniging in 1902 het die situasie op sommige private plase ietwat verander. Die maatskappye het Blanke inwonende agente op hul verskillende eindomme geplaas ten einde die invordering van huurgeld by die bewoners van hierdie plase te verkry. In enkele gevalle is die bewoningsregte wat die kaptein verleent het ernstig aangesatas. Daar het gevvolglik 'n mate van onsekerheid by die be-

woners ontstaan. Die beklemtoning van die reg van die eienaars om verblyf te reël, het dit vir die kaptein onmoontlik gemaak om volle toesig en beheer oor sy volgelinge te handhaaf en die administrasie van stamaangeleenthede doeltreffend te behartig. Dit was inderdaad 'n ernstige aantasting van die gesag en prestige van die kaptein. Ondanks hierdie situasie het die Changana nogtans die grond wat deur die kaptein aan hulle toegeken is, bly bewoon terwyl die stam as geheel hom steeds binne hierdie selfaanvaarde "stamgebied" probeer handhaaf het.

Vanweë hierdie onbestendige situasie het Mpisane in 1906 'n poging aangewend om die stam verder noord te verskuif ten einde die gebied van die Changana in die suide, met dié van kaptein Gija in die noorde te konsolideer. Die poging was egter onsuksesvol waarna Mpisane vertoë tot die Lokasiekommissie gerig het om geskikte stamgrond te verkry. Die verskillende kommissies het, hoewel hul getuienis in hierdie verband aangehoor het, weinig aan die reeds bestaande situasie gedoen.

Die kraal van die kaptein, en inmiddels ook die grense van die mees senior wyk binne die stam was tot in 1922 steeds in Blanke gebied op die plaas Orinoco KU 233 geleë. Op 21 Julie 1919 is jurisdiksie aan kaptein Thulilamahanxi oor die Changana woonagtig op kroongrond sowel as private Blanke plase verleen kragtens Artikel 4 van Wet 4 van 1885. Dit het erkenning van sy hoofsetel te Orinoco (Blanke plaas) ingesluit.

Vanweë die netelige posisie waarin die kaptein en sy familie hulle as plakkars op Blanke eiendom bevind het, besluit die familieraad, pas na die inhuldiging van kaptein Buyisonto in 1922 om die kapteinskraal na nabijgeleë kroongrond (Arthurstone KU 247) te verskuif. Daar is tot hierdie verskuiwing besluit omdat die kaptein toestemming geweier is om besoeke van sy onderdane te ontvang of om hofsittings aldaar te hou vanweë die steurende effek op die algemene plaasadministrasie van die Blanke boer. In navolging van die kaptein het baie van sy onderdane ook begin skuif na die omliggende kroongrond, na die plaas Agincourt KU 254,

Dumfries KU 245, Merry Pebble Stream KU 246, Newington (resterende gedeelte) KU 255, Edinburgh (restant) KU 228, Rolle (restant) KU 235 en Xanthia KU 253. (Vergelyk kaart 3). Daar was 'n groot toestroming na hierdie plase wat toe reeds as stamwyke binne die "stamgebied" bestaan het. Die aanvanklike lae bevolkingsdigtheid op hierdie plase het spoedig in oorbesetting verander.

Vanweë die gunstiger omstandighede op ander plase in besit van Blanke het nie alle Changana na kroongrond verskuif nie. Die jurisdiksie en gesag wat die kaptein oor sy onderdane op die onbewerkte plase van die verskillende Blanke maatskappye uitgeoefen het, het aan hierdie Blanke grondbesitters die versekering van 'n geordende gemeenskap op hul eiendom gewaarborg en is trouens ook deur sommiges verwelkom. Gevolglik het baie Changana op die plase Allendale KU 237, Athol KU 238, Dingleydale KU 229, Dumfries (gedeelte A) KU 245, Dwarsloop KU 248, Edinburgh (gedeelte 2) KU 228, New Forest KU 234, Newington (gedeelte A) KU 255, Orinoco (gedeelte A) KU 233 en Rolle (restant van gedeelte B) KU 235, asook op Champagne KU 230, Ludlow KU 227, Rooiboklaagte KU 215, Exeter KU 244, Wallingford KU 256, Ottowa KU 242 en Ravenscourt KU 257 bly woon asof dit deel was van die stamgebied, terwyl die gesag van die kaptein-in-rade steeds eerbiedig is.

Inmiddels is waarnemende kaptein Thulilamahanxi (regent vir Mafemana, die erfopvolger van Buyisonto) ook in 1936 van owerheidsweë ooreenkomsdig G.K.1818 van 4 Desember 1936 kragtens Artikel 2(7) van die Bantoe-administrasie Wet nr. 38 van 1927 as waarnemende kaptein aangestel. Hy het ook siviele en kriminele regsprekende bevoegdheid ingevolge artikels 12 en 20 van laasgenoemde wet ontvang oor al die lede van die Changanastam wat op kroongrond en private plase in die Pelgrimsrustdistrik woonagtig was.

Kragtens die Bantoe-trust- en -grond Wet nr.18 van 1936 is die grootste gedeelte van die gebied (met insluiting van die kroongrond wat op 31.8.1936 na die S.A.B.T. oorgegaan het) en waarbinne die tradisionele Changana- "stamgebied" geleë was, as 'n oopgestelde gebied verklaar. Hiervolgens kon die S.A.B.T. daardie grond namens die trust vir Bantoe aankoop. Die datums

waarop die plase wat binne die huidige Changanastamgebied geleë is deur die Bantoetrust aangekoop is, kan van tabel 4 afgelees word.

Die huidige gebied van die Changanastamowerheid (vergelyk kaart 3) is veel kleiner as die selfaanvaarde stamgebied wat vroeër deur die Changanastam bewoon is. Vanweë hul vroeëre wydverspreide vestiging, moes die Changana met die verdeling van die Lebowa- en Machangana-overheidsgebied heelwat van die westelike gedeelte van hul vroeëre stamgebied prysgee. Ook met die verdeling van die Hlanganu- en Changanastamowerheidsgebied binne die Mhaladistrik moes die Changana verskeie plase ten noorde van die huidige stamgebied aan die Hlanganu-stamowerheid afstaan, terwyl hul uit die aard van die saak daardie Blanke plase wat buite die oopgestelde gebied ressorteer, moes afstaan. Talle Changana woon dus tans nog in die gebiede van omliggende stamme of op Blanke plase buite die jurisdiksiegebied van die Changanastamowerheid waar hul bereid is om die nuwe gesag wat oor hul bestaan, te aanvaar. Die plase Wallingford KU 256 en Exeter KU 244 wat binne oopgestelde gebied geleë is en aan die oostelike gebiede van die stamgebied grens, is tans nog in private Blanke besit maar word deur soveel Changana bewoon dat die kaptein dit steeds as 'n stamwyk beskou, terwyl hy ook 'n ndhuna oor daardie stamlede aangestel het.

Die huidige amptelik erkende stamgebied van die Changana kan van kaart 3 afgelees word. Dit strek oor vyftien plase te wete Agincourt 254, Arthurstone 247, Dumfries 245, Edinburgh 228, Newington 255, Merry Pebble Stream 246, Rolle 235, Allandale 237, Athol 238, Utha 239, Orinoco 233, Dwarsloop 248, New Forest 234, Dingleydale 229 en Xanthia 253. Die totale oppervlakte van die stamgebied beslaan 60 410 morg, 171 vierkante roede. Al die grond is in besit van die Suid-Afrikaanse Bantoetrust en vir gebruik deur die Changana aangedui. Die totale van die plaasoppervlaktes wat in tabel 5 aangedui word, is die totale oppervlakte van die oorspronkelike plase sodat die grenslyne wat op kaart 3 aangedui is, as korrek aanvaar kan word.

TABEL 4

STAMGEBIED VAN DIE SUIDELIKE CHANGANA

(a) Kroongronde wat in 1936 kragtens Art.6 van die Bantoe-trust en - grond Wet Nr.18 van 1936 oorgegaan het na die Trust.

<u>PLAASNAAM NR.KU.</u>	<u>KROON</u>	<u>TRUST</u>	<u>OPPERVLAKTE</u>		
			<u>MORG</u>	<u>VK.</u>	<u>ROEDE</u>
Agincourt 254	12.3.86	31.8.36	4788	193	
Arthurstone 247	12.3.86	31.8.36	4253	189	
Dumfries 245 (rest.ged.)	12.3.86	31.8.36	384	175	
Edinburgh 228 (restant)	12.3.86	31.8.36	1271	412	
Merry Pebble Stream 246	12.3.86	31.8.36	4638	414	
Newington 255 (rest.ged.)	12.3.86	31.8.36	2384	329	
Rolle 235 (restant)	12.3.86	31.8.36	2839	341	
Xanthia 253	12.3.86	31.8.36	4414	51	
		<u>TOTAAL</u>	24974	304	

(b) Oopgestelde gebiede (Wet Nr.18 van 1936) wat sedert 1936 kragtens art.10 van die wet deur die Trust aangekoop is.

<u>PLAASNAAM NR. KU.</u>	<u>OOPGESTEL</u>	<u>TRUST</u>	<u>OPPERVLAKTE</u>		
			<u>MORG</u>	<u>VK.</u>	<u>ROEDE</u>
Allandale 237	1936	19.2.62	3596	58	
Athol 238 Ged.I	1936	5.6.62	700	-	
Ged.II	1936	29.3.62	300	-	
Rest.Ged.	1936	21.5.54	2964	79	
Dingleydale 229	1936	14.2.56	3943	450	
Dumfries 245 Ged.A	1936	27.8.63	3593	582	
Dwarsloop 248	1936	30.6.64	3364	485	
Edinburgh 228 ged.2	1936	13.2.50	2926	470	
New Forest 234	1936	13.8.58	3738	144	
Newington 255 ged.A	1936	6.3.48	2008	354	
Orinoco 233 ged.A	1936	30.6.64	1422	446	
ged.B	1936	14.1.65	2326	288	
Rolle 235 Rest.ged.B	1936	16.2.65	1000	149	
Utha 239	1936	15.5.43	3549	562	
		<u>TOTAAJ.</u>	35435	467	
<u>TOTALE OPPERVLAKTE : A + B :</u>			60410	171	

In tabel 5 kan die bevolkingsyfer van die Changana-stamgebied ooreenkomstig die 1970-sensus afgelees word. Voorsiening is gemaak vir 'n aanduiding van die aantal Changana sowel as lede van ander etniese eenhede wat op elke plaas binne die stamgebied woonagtig is. Uit die totaal van 26 064 inwoners is 21 799 Changana/Tsonga, dit wil sê, by kans 85% van die totale bevolking. Ongelukkig maak die opgawe geen onderskeid tussen Changana en Tsonga nie. Amptenare wat deeglik met die bevolkingsverspreiding vertrouyd is, skat die Changana op 19 000 - die res is Tsonga (Hlanganu). Ongeveer 15% van die inwoners is lede van ander etniese eenhede waarvan die meeste (3 810) van Pediherkoms is en hoofsaaklik woonagtig is op die plase New Forest 234 en Dingleydale 229 waarop 'n besproeiingskema aangelê is. Met uitsondering van die plase waarop die besproeiingskema aangelê is, weerspieël die bevolkingsverspreiding cor die verskillende plase duidelik dat die bevolkingsdigtheid op die vroeëre kroongrond veel hoër is as op daardie plase wat eers sedert 1936 deur die Bantoetrust aangekoop is en waarvan sommige eers so laat as 1965 deel van die amptelik erkende stamgebied geword het.

Die lede van die Changana wat binne hierdie amptelik erkende stamgebied woonagtig is, erken die gesag van die kaptein-in-rade soos van ouds. Waar daar vandag 'n soewereine Blanke staatsgesag in die Republiek van Suid-Afrika bestaan wat verantwoordelikheid het met betrekking tot die inwoners van elke Bantoetuisland wat nog nie selfregering verkry het nie, volg dit logies dat die Changanakaptein se gesag oor sy stamlede op erkenning van Blanke overheidsweë geregtig is. Die praktyk bewys egter dat sodanige erkenning nie ten volle geskied nie. Die bepalings van die Bantoe-administrasie Wet nr. 38 van 1927 tas nie alleen die gesag van die kaptein oor sy stam aan nie, maar gee ook op direkte en indirekte wyse daartoe aanleiding dat die aansien van die kaptein as hoogste politieke gesag oor sy stam ernstig afgetakel word. Hierdie wet magtig nie alleen die Staatspresident om enigiemand as kaptein van die stam te erken nie, maar gee ook aan die staat die reg om aan die kaptein sy pligte en bevoegdhede voor te

TABEL 5 : BEVOLKINGSYFER VOLGENS 1970-SENSUS

PLAASNAAM NR. KU.	XHOSA	ZOELOE	SWAZI	PEDI	NDEBELE	SUID- TSWANA	SUID- SOTHO	CHANGANA/ TSONGA	VENDA	ANDER	TOTAAL
Agincourt 254	-	14	11	10	-	-	-	2080	-	1	2116
Newington 255	-	-	-	-	17	-	-	986	-	-	1003
Dumfries 245	-	-	14	187	-	-	-	1276	-	-	1477
Merry Pebble Stream 246	-	-	-	88	-	-	-	2105	-	-	2193
Rolle 235	2	10	43	112	1	3	-	2233	5	-	2409
Allandale 237	-	-	-	400	1	-	-	753	-	-	1154
Athol 238	1	2	3	22	-	-	2	598	-	-	628
Utha 239	-	-	-	4	3	-	-	302	-	-	307
Orinoco 233	-	3	6	42	-	-	1	753	-	2	807
Dwarsloop 248	-	29	24	607	2	-	-	1489	-	3	2154
New Forest 234	6	62	89	1450	-	18	-	3308	1	-	4934
Dingleydale 229											
Arthurstone 247	1	2	9	237	1	-	1	1473	-	1	1725
Xanthia 253	-	1	20	566	1	1	-	1035	7	-	1631
Edinburgh 228	-	3	-	74	-	--	-	2246	-	-	2323
Thulamahashe-Bantodorp	3	22	3	11	-	-	-	1162	-	2	1203
<b>TOTAAL</b>	<b>13</b>	<b>148</b>	<b>224</b>	<b>3810</b>	<b>26</b>	<b>22</b>	<b>4</b>	<b>21799</b>	<b>14</b>	<b>9</b>	<b>26064</b>

skryf. Die aanstelling van Bantoesakekommissaris ingevolge hierdie wet skep ook 'n kanaal van optrede vanaf die Blanke staatsgesag na die lede van die stam wat nie via die kaptein loop nie.

Benewens die aantasting van die kapteinsposisie as gevolg van Wet nr. 38 van 1927 en die regulasies daarkragtens uitgevaardig sowel as verbandhoudende proklamasies en goewermentskennisgewings wat van tyd tot tyd uitgevaardig is, moet daar ten slotte ook gewys word op die invloed van die Bantoe-owerhedestelsel op die posisie van die kaptein. Ooreenkomsdig hierdie stelsel wat in 1951 sy beslag gekry het met die Wet op Bantoe-owerhede nr.68 van 1951 en sedertdien aangepas en uitgebrei is, word daar voorsiening gemaak vir die skepping van 'n kunsmatige politieke bobou bokant die kaptein-in-rade in die vorm van die Machangana Wetgewende vergadering. Op hierdie wyse is die Changanastam nou saam met ander stamme van die Changana -- Tsongaverband onder een oorkoepelende gesag ingeskakel. So 'n situasie impliseer uit die aard van die saak 'n aantasting van die tradisionele posisie van die kaptein-in-rade as soewereine stamgesag.

C. SAMEVATTING

In die voorgaande beskrywing kon daar duidelik aange toon word dat die Changana wat tans in die Mhaladistrik woonagtig is, van Nguniherkoms is, aangesien Sochangana, die stigter van hierdie stam, van Ndwandweherkoms was. Hy was as gevolg van 'n militêre botsing met Shaka verplig om met 'n aantal volgelinge vanuit Zululand noordwaarts weg te vlug. Hierdie noordwaartse uittog het hulle selfs sover as die Sambezirivier gevoer.

Die militêre karakter van Sochangana en sy volgelinge sowel as die ander Nguni-vlugtelingsgroepe onder Zwangendaba en Nxaba wat reeds vroeër aan die heerskappy van Shaka ontvlug het, het spoedig in Portugees-Oos-Afrika aanleiding gegee tot onderlinge stryd. In hierdie botsings het Sochangana as oorwinnaar uit die stryd getree waarna Zwangendaba en Nxaba oor die Sambezirivier gevlug het. Met alle Nguniteenstand uit die weg geruim het Sochangana sedert 1835 stelsel=

matig die Shonastamme benoorde die Sabierivier en die bedeese= de Tsongastamme in die gebied tussen die Sabie- en Komati= rivier aan sy gesag onderwerp. In 'n poging om aan die gesag van Sochangana te ontkom het 'n groot aantal Tsongastamme hul voormalige tuistes sedert 1835 ontruim en Transvaal binne= gevlug.

Sochangana het algaande sy gesag in die gebied tussen die Komati- en Sambezirivier bestendig. Op hierdie wyse kom die Gazaryk tot stand. Die militêre prestasies en om= vangryke erkenning van sy politieke gesag gee mettertyd daar= toe aanleiding dat 'n groot aantal Ngunivlugtelinge en vlugte= linggroep vanuit Natal wegtrek en hulle onder sy gesag en beskerming gaan plaas. Die resultaat van bogenoemde gesags= vestiging en -uitbreiding van Sochangana was dat die stameen= heid wat vandag as Changana bekend staan, die nakomelinge insluit van die oorspronklike Ndwandwevolgelinge van Sochan= gana, die Tsonga wat deur hom oorwin en ingelyf is sowel as latere Ngunivlugtelinge wat hulle onder sy gesag in die Gazaryk gevestig het.

In die proses van die bestendiging van sy gesag in Gazaland het Sochangana 'n groot aantal Tsongavroue gevange geneem en die jong Tsongamans in sy leërs opgeneem. Op hier= die wyse is die oorspronklike Ndwandwekultuur van Sochangana en sy volgelinge op die oorwonne Tsongastamme afgedwing. Dit is egter voor die hand liggend dat hulle eie kultuur in hierdie proses egter nie onaangetas gebly het nie.

In 1895, met die inhegtenisname van Nghunghunyana, die kleinseun van Sochangana deur die Portugese owerheid word die tydperk van Changana-oppergesag in Gazaland beëindig. 'n Groot gedeelte van die Changana vlug daarna sonder 'n kap= tein onder leiding van 'n tydelike regent Mpisane na Transvaal en vestig hulle in die suidelike laeveld van Transvaal. Na hulle aankoms hier, vind daar 'n geleidelike toestroming van Changana vanuit Portugees-Oos-Afrika plaas en neem die Chan= ganagetalle binne die grense van Transvaal toe.

Sedert hulle vestiging in Transvaal tot met die aan= stelling van Mafemana as kaptein in 1963, het die Changana

'n onnatuurlike bestuurspatroon gehad. Mpisane as enigste oorblywende en gesikte lid van die afkomslyn van Sochangana is naamlik as volwaardige regent aangewys. In 1910 bereik Thulilamahanxi die enigste oorblywende seun van Ngunghunyana volwassenheid en word as kaptein aangestel. In 1922 keer Buyisonto, die regmatige opvolger van Ngunghunyana vanuit sy gevangeneskap op die Azore-eilande na sy stam terug, word as kaptein aangestel, en regeer tot sy dood in 1932.

Tydens sy dood was Buyisonto se regmatige opvolger, Mafemana nog minderjarig en Thulilamahanxi wat vroeër as kaptein regeer het, word as regent aangestel. Sy seun Khetho volg hom in 1942 as regent op en regeer die stam, ondanks die feit dat Mafemana reeds volwassenheid bereik het, tot in 1968 as regent. In die laasgenoemde jaar word Mafemana as kaptein aangestel en verkry die Changanastam sodoende vir die eerste keer sedert 1932 weer 'n volwaardige kaptein. Hierdie wisselinge tussen regente en volwaardige kapteins het 'n invloed op die vormgewing van die bestuurspatroon gehad.

Die geskiedkundige gebeurtenisse wat in die voorafgaande paragrawe kortliks saamgevat is en wat uit die aard van die saak aanleiding gegee het tot 'n onnatuurlike bestuurspatroon was egter nie die enigste faktore wat 'n rol gespeel het in die verandering van die huidige politieke en judisiële opset binne Changanageledere nie. Daar moet daarop gewys word dat die Changana sedert hulle koms na die Transvaal nie die veroweringspolitiek van hulle voorgangers gehandhaaf het nie en as immigrante vreedsaam met die Tsonga in die gebied saamgeleef het onder die oppergesag van die Blanke staat. Die veranderde omstandighede het ook daartoe aanleiding gegee dat die vorming van regemente, wat vroeër so 'n belangrike funksie in hulle politieke en judisiële organisasie vervul het, nou nie meer plaasgevind het nie. 'n Deel van die fondament waarop die ou bestuurspatroon gebou was, het verdwyn.

Verder moet ook daarop gelet word dat die Changana as vlugtelinge vanuit Portugees-Oos-Afrika na die Transvaal gekom het en as sodanig oor geen stamgebied beskik het nie. Veldkornet Abel Erasmus het wel na bewering aan hulle toestem-

ming verleen om hulle in gedeeltes van die Suidelike Lae=  
veld te vestig. Hulle het daarom gesikte onbewoonde ge=  
biede betrek. In 1936 het hulle vir die eerste keer kragtens  
Wet nr.18 van 1936 'n amptelike stamgebied verkry. Hoewel  
'n groot aantal Changana hulle in die daaropvolgende jare  
binne hierdie stamgebied wat deur die Blanke owerheid aan  
hulle toegeken is, gevestig het, het die gebied wat vroeër  
deur Changana bewoon is egter veel verder gestrek. Dic ge=  
volg is dat daar selfs in die huidige tyd nog enkele stamwyke  
buite die amptelike stamgebied funksioneer.

Die gebied wat tans van Blanke owerheidsweë as die  
stamgebied van die Changana erken word, bestaan uit vyftien  
omheinde plase met 'n totale oppervlakte van 60 410 morg, 171  
vk. roede. Binne hierdie gebied is daar 26 064 Bantoe woon=  
agtig waarvan ongeveer 85% as Changana geklassifiseer word.  
Hierdie totale gebied met al sy inwoners staan onder die ge=  
sag van kaptein Heavyman Mafemana Nxumalo wat in 1968 krag=  
tens Artikel 2(7) van Wet 38 van 1927 van Blanke owerheids=  
weë en met die goedkeuring van die stam as kaptein erken is.

## HOOFSTUK III

### POLITIEKE, JUDISIELLE EN ADMINISTRATIEWE EENHEDE BINNE DIE STAM

#### A. INLEIDING

Daar is in hoofstuk I aangedui dat die bestaan van 'n bepaalde gebied en die bestaan van 'n sosiale eenheid twee voorvereistes vir die bestaan van 'n politieke organisasie is. Aan albei hierdie vereistes voldoen die politieke organisasie van die Changana. Eerstens bestaan die Changanastamgebied uit 'n bepaalde afgebakende gebied waarbinne verskillende kleiner territoriale eenhede onderskei kan word. Tweedens is die Changanastam 'n eenheid van mense wat soos reeds vroeër aangedui almal Changana is, hetsy hulle nakomelinge is van die oorspronklike Ndwandwevolgelinge van Sochangana, hetsy hulle nakomelinge is van vreemde stamme wat reeds op 'n vroeë stadium in die geskiedenis by bogenoemde Changanakerngroep ingelyf is. In die hieropvolgende gedeeltes sal daar aan albei bogenoemde aspekte aandag gewy word deur 'n aanduiding te gee van daardie territoriale eenhede en sosiale eenhede waaruit die stam saamgestel is en wat vir 'n begrip van die politieke ordening belangrik is.

#### B. DIE STAMGEBIED (TIKO RA HOSI)

Die Changanastamgebied in Transvaal staan as die TIKO RA HOSI bekend en het sy oorspronklike beslag gekry vanweë die erkenning deur mense van die gesagsinstansie eerder as deur die bestaan van 'n selfstandige stamgebied. Van Warmelo (1935:51) beweer met betrekking tot die Pelgrimsrustdistrik waarby die Changanawoongebied ingesluit is dat: "As a result, we find today immigrants from all quarters of the compass peacefully living side by side, and the boundaries of tribal influence intersecting and overlapping to an amazing extent." Hoewel daar in gedagte gehou moet word dat die bogenoemde getuienis die toestand in die vroeë dertigerjare na bewering aandui, was dit tog opmerklik dat informante in die huidige tyd nog 'n duidelike begrensing van die vroeëre gesag van hul leiersfigure binne die grense van hul "stamgebied" kon aandui. Dit is wel waar dat hierdie grense van tyd tot tyd gewysig is. Dit is egter 'n onomstootlike feit dat die

onderlinge samehorigheidsgevoel onder 'n bepaalde gesag en die noue verbintenis tussen stamlede wat dieselfde gesagsinstansie oor hulle woongebied erken het, tog van groot betekenis is. Hierdie standpunt word bevestig deur J.E. de la Cour Travers se getuienis voor die "Oostelike Transvaal Naturelle Grondkomitee" (U.G.32-18) waar hy beweer dat die Changana-immigrante vanuit Portugees-Oos-Afrika wat hulle in die gebied van Mpisane in die Mhaladistrik gaan vestig het, "komen in wegens verschillende redoneen, heel dikwels wegens huiselike en stam zaken".

Dit sou egter foutief wees om die bestaan van 'n territoriaal-begrensde gebied as die deurslaggewende kenmerk van die Changanastameenheid aan te dui aangesien hulle vir 'n groot gedeelte van hulle verblyf in Transvaal geen wettiglik erkende stamgebied gehad het nie maar nogtans as 'n stameenheid bly voortbestaan het. Dit sou meer korrek wees om aan te voer dat in die aanvangsjare van hulle verblyf in die Mhaladistrik die aanvaarding, vertroue in en onderdanigheid aan die gesag van 'n kaptein, daartoe aanleiding gegee het dat 'n stamgebied uitgekristalliseer het. Dit sou dan impliseer dat die stam aanvanklik eerder 'n eenheid van mense as die bewoners van 'n territoriale eenheid was.

In die huidige tyd is dit egter duidelik dat die Changanastam 'n eenheid van mense onder gesag van 'n erflike kaptein is en dat hulle 'n bepaalde gebied bewoon aangesien hulle nou 'n wettiglik erkende stamgebied verkry het. Hulle onderskei hulself as Changana duidelik van alle nie-Changana en toon daarvan 'n bewussyn van 'n eie Changanaverband wat vanuit die geskiedenis verstaan kan word. Op grond hiervan sal daar ook aangedui kan word dat die belangrikste kenmerk van die stamgebied op politieke terrein die erkenning is van 'n oorkoepelende gesagsinstansie wat oor die stamgebied en die mense daarin gesag voer. Hierdie gesag setel in die stamkaptein wat in die uitoefening van sy gesag en die nakoming van sy verpligtinge teenoor die stam deur aanvullende instellinge bygestaan word.

Die totale stamgebied word vir polities-administratiewe doeleindes in 'n aantal kleiner territoriale eenhede

verdeel. Hierdie kleinere eenhede of stamwyke (miganga) staan elk onder die gesag van 'n erkende politieke leier wat sy bevoegdheid om oor die wyk gesag te voer, van die kaptein ontvang.

Naas die territoriale verdeling van die stamgebied in stamwyke bestaan daar ook verskillende sosiale eenhede binne die stam wat in die politieke opset funksioneer. Binne hierdie eenhede waaronder die kraaleenheid, die groter gesinne-eenheid en die linie-eenheid ressorteer, berus die gesagsposisie op 'n senioriteitsbasis en is nie afhanklik van erkenning deur die sentrale stamgesag nie. Al hierdie eenhede is inderdaad op indirekte wyse ingeskakel in die politieke struktuur van die stam en moet daarom saam met die meer suiwere polities-territoriale afbakening hierna aandag geniet.

C. DIE WYK (MUGANGA), AS TERRITORIALE EENHEID  
BINNE DIE STAM

(1) Algemeen

Die totale stamgebied van die Changana (tiko ra hosi) is sedert alle jare onderverdeel in verskillende miganga (stamwyke). Elke so 'n muganga was 'n geografies afgebakte geheel en het onder die gesag gestaan van 'n hoofman (ndhuna) bygestaan deur verskillende raadgewende instellinge. Vanweë die vestigingsgeskiedenis in Transvaal was daar nie sprake van 'n stamgebied wat mettertyd in wyke onderverdeel geraak het nie. Soos steeds verdere groepe vlugtelinge hier aangekom het, is steeds nuwe stamwyke gevorm en die stamgebied sodoende uitgebrei. Wyksvorming deur die verdeling van 'n bestaande wyk het sedert die aankoms in Transvaal selde voorgekom. Die verskillende miganga verteenwoordig die kleinste polities-administratiewe eenhede binne die stam en stamgebied en toon geen interne onderverdelings nie.

Elke muganga staan onder gesag van 'n ndhuna ya muganga (wykshoofman) wat deur verskillende raadgewers en helpers (xandla xa ndhuna - die oë/hande van die ndhuna) bygestaan word. Dit is duidelik dat die ndhuna deur die kaptein-inrade aangestel word en dat hierdie hoër gesag ook die wyk

formeel erken en afbaken. Elke ndhuna en sy raad funksioneer as 'n plaaslike gesagsinstansie ondergeskik aan die gesag van die kaptein-in-rade.

In die huidige tyd het daar egter 'n verandering ten opsigte van die tradisionele verdeling in miganga ingetree. Vanweë die toekenning van tradisionele stamgrond waarop Changana-miganga geleë was, aan ander etniese eenhede en die behoefté van die Staat om belastings ooreenkomsdig die verskillende plase te vorder, is daar afgewyk van die oorspronklike afbakeningswyse van die verskillende miganga. In die huidige tyd bestaan daar 'n stamwyk vir elke plaas wat bewoon word. Binne elke wyk is die tradisionele funksionarisbehou en vervul hulle ook hul pligte volgens die tradisionele voorskrif. Hierdie nuwe wykseenhede is egter vir die stam nie sinoniem met die tradisionele muganga begrip nie en staan gevolglik nie meer as muganga bekend nie maar na analogie van die Afrikaans heet hul tans purasi (plaas) en word alternatiewelik ook xifundzha (mv. swifundzha) genoem. Laasgenoemde term kom vermoedelik van die Zulu isifunda - distrik, dit is onderafdelings van die totale gebied onder Zulugesag in die tyd van Shaka.

Daar bestaan ook 'n nuwe Bantodorp, Thulamahashe binne die stamgebied. Hoewel die dorp Thulamahashe 'n deel van vier verskillende plase wat andersins stamwyke is, insluit, funksioneer die dorp as 'n afsonderlike eenheid binne die stamgebied. Geen ndhuna (wykshoof) het daar gesag nie. Die dorp is ook nie 'n wyk binne die stamgebied nie. 'n Verkose dorpsraad onder voorsitterskap van 'n xibonda (hoofletterlik stutpaal) hanteer algemene dorpsaangeleenthede en is direk verantwoording aan die magistraat van die Mhaldistrik verskuldig.

## (2) Benaming

Vanweë die herkoms van die Changana is verwag dat die woord vir stamwyk of uit die Zulu, of uit Tsonga afkomstig sou wees. Nog die Zuluterm isigodi wat as dit letterlik vertaal word 'n "vallei" beteken, nog die Tsongabegrip nyangwa (Junod 1927, I:357) wat as dit vertaal word 'n "deur-opening", "poort" of "provinces" beteken, was vir die infor-

mante die korrekte term.

Die Changana benaming vir 'n wyk soos dit tradisioneel aangewend is, is muganga (mv. miganga) en beteken 'n "bult" of 'n "opdraende terrein". Volgens Cuenod (1967:113) is die betekenis daarvan: "a small district in charge of a ndzhuna; generally high ground between two rivers." 'n Muganga is eintlik 'n heuwelrif wat tradisioneel deur verwante bewoon is en as 'n geografiese eenheid aangedui kan word. Tradisioneel was riviere die grense tussen miganga.

By enkele informante is ook die begrip xigava teengekom. 'n Xigava was tradisioneel 'n onderafdeling van 'n nyimpi of regiment van die Changana. Die gebruik van hierdie term bevestig die getuienis van ander dat enkele wyke binne die stamgebied gevorm is, deurdat 'n regimentsleier (ndhuna ya mabuthu) wat tesame met sy regiment (buthu) en hul afhanklikes as 'n eenheid uit Portugees-Oos-Afrika gevlug het, soms van die kaptein 'n gebied verkry het waar hulle hul kon vestig. Die regimentsleier is dan as ndhuna ya muganga erken. Vanweë die huidige verdelingswyse van wyke binne die stamgebied is ook die begrippe purasi (plaas) waarna vroëre reeds verwys is en xifundzha (mv. swifundzha) teengekom. Die begrip xifundzha beskou informante in die huidige tyd as sinoniem met muganga. Cuenod (1967:230) vertaal die woord xifundzha dan as: "one person's area of ground occupied; farm; parish". Vandaar dan ook die gebruik van die term in die huidige tyd.

Informante (veral die bejaardes) verkies egter die begrip muganga hoewel dit nie ten volle in ooreenstemming met die huidige bedeling is nie.

### (3) Die miganga van die Changana

Omdat die stamgebied van die Changana onder abnormale omstandighede tot stand gekom het, het die verskillende miganga-eenhede soms op gereelde en soms op ongereelde wyse hul beslag gehad.

Die aanvanklike vestiging van die Changana was, soos vroëre reeds vermeld, op die huidige plaas Crinoco 233 en

die omliggende gebiede. Die kaptein se hoofstat was hier gevestig. Dit was ook die senior muganga binne die vroeëre Changanastamgebied. Vanweë die geringe getal mense wat met Mpisane en die kapteinskraal gevlug het, het daar tydens die vestigingsjare geen behoefte bestaan om die gebied in verdere wyke te verdeel nie. Hierdie gebied is vanweë sy ligging tot die Drakensberge Mukhweyantaba genoem.

Etlike voormalige tindhuna van Nghunghunyana het die vlug na die Transvaal met Mpisane meegemaak. Sommige was wykshoofde (ndhuna ya muganga) terwyl ander regimentsleiers (ndhuna ya mabuthu) was. Die belangrikste figure onder hierdie tindhuna was Machakayile Machaba, Govanana Muyotshwa en Sibambanyoni Cibi, voormalige wykshoofde en Mandjandje (Gwidi) Mathe en Hubo Mthethwa, voormalige militêre tindhuna in die leërs van Nghunghunyana. Mpisane het die middeweg gevolg en albei tipes tindhuna, met behoud van hul status as raadslede benoem terwyl hy slegs een, te wete Machakayile Machaba as ndhuna ya muganga van Mukhweyantaba aangestel het.

Die toename in getalle en die ontwikkeling van die tradisionele vestigingspatroon waarvolgens liniegenote hoofsaaklik dieselfde lokaliteit bewoon het, het meegebring dat die grense van Mukhweyantaba algaande uitgebrei moes word. Dit het volgens informante mettertyd oor die volgende please gestrek: Newington, Merry Pebble Stream, Agincourt, Arthurstone, Rolle, 'n gedeelte van New Forest, Dwarsloop, Dumfries, Allandale en natuurlik ook Orinoco waarop die kapteinskraal geleë was. Sommige van hierdie please was kroongrond terwyl die res aan private eienaars behoort het. Die gebied was aanvanklik yl bewoon en het 'n oppervlakte van meer as 20 000 morg beslaan. Machakayile Machaba is mettertyd oorlede en is as ndhuna te Mukhweyantaba opgevolg deur Sibambanyoni Cibi, ook 'n eertydse gewestelike gesagsdraer van Nghunghunyana.

Om sy vroeëre status weer te kon opneem, het Govanana Muyotshwa (hy was 'n senior nceko (lyfbediende) te Nteza die hoofkraal van Nghunghunyana en die seun van Madumana Manyune Muyotshwa, ndhunankulu van die Changanastamraad te Portugees-Oos-Afrika) met 'n aantal verwante en volgelinge vanaf Mukhweyantaba suidwaarts verhuis. Hier het 'n nuwe muganga,

Lehukwe, wat aan Mukhweyantaba gegrens het, tot stand gekom. Lehukwe het 'n groot oppervlakte beslaan en die plase Calcutta, Cunningmoor, Madras en Oakley (kroongrond sowel as private eiendom) ingesluit. Govanana Muyotshwa is as ndhuna aangestel en kort daarna as die ndhunankulu van die Changanastamraad. Hy het die posisie beklee gedurende die regeringstermy van Mpisane asook tydens die eerste regeringstermy van Thulilamahanxi. Na die inhuldiging van Buyisonto is hy van sy pos as ndhunankulu onthef en het slegs die status van ndhuna te Lehukwe behou. Na sy oorlye is Mangezi Chobete in sy plek as ndhuna aangestel. Ook hy is as ndhunankulu aangewys.

Vanweë die yl verspreiding van die Changana te Lehukwe kon die Hlanganu, onderdane van kaptein Ndjondjela Khosa (huidige Jongilangastamowerheid) van die Changana hier woonregte verkry nadat hul in groot getalle die Nasionale Krugewildtuin moes verlaat. Na die erkenning van die status van kaptein Ndjondjela Khosa en met inagneming van die feit dat die meerderheid persone nou van die Hlanganustam was, is die Lehukwe-gebied van owerheidsweë aan die Hlanganustam toegeken. Die hele gebied waarop Lehukwe geleë was, is vandag gevvolglik nie meer deel van die Changanastamgebied nie. Lehukwe het as muganga verdwyn.

Na afloop van die Engelse-oorlog het talle Changana uit Portugees-Oos-Afrika gevlug en hulle onder Mpisane kom vestig. Die nuwe vestiging was hoofsaaklik ten noorde van Mukhweyantaba in die omgewing van die huidige Klaserie- en Acornhoekgebied. Hier het Mpisane aan die vlugtelinge woongebied toegeken. 'n Seksie het hulle ook suid van Mukhweyantaba in die omgewing van die huidige Bosbokrand (Maviljan) en die F.C. Erasmus-natuurreservaat gaan vestig. Drie nuwe miganga het aldus tot stand gekom te wete Mbezi, Nqumati en Mabushweni. Mpisane het drie senior persone uit die Nxumalosibbe te wete Mbido Nxumalo (broer van Nghunghunyana) te Mbezi, Sithutha Nxumalo te Nqumati en Masihameni Nxumalo te Mabushweni as tindhuna aangestel. Dit kon by die informante afgelei word dat Mpisane hierdie familieverwante as tindhuna oor die nuwe intrekkers aangestel het ten

einde van die lojaliteit van die nuwe intrekkers verseker te wees. Benewens die plaas Xanthia (geleë in die voormalige Mabushweni) val hierdie miganga in die huidige tyd nie meer binne die Changanastamgebied nie. Die geskiedenis van hierdie miganga tot en met hul einde is soos volg:

MBEZI : Hierdie muganga het sy naam ontleen aan die Mbezirivier wat die grens gevorm het tussen Mukhweyantaba en Mbezi. Die noordelike grens van Mbezi het tradisioneel ook die noordgrens van die stamgebied gevorm. Mbezi het 'n groot oppervlakte beslaan en gestrek oor die huidige Klaserie- en Acornhoekgebied met Mbido Nxumalo as ndhuna. (Informante beweer hy was nie 'n ndhuna nie maar wel 'n hosana met dieselfde funksie. Lede van die kapteinsibbe is tradisioneel nie as tindhuna aangestel nie.)

Ten einde 'n effektiewe beheer uit te oefen is die grotere Mbezi in drie verskillende miganga verdeel te wete (i) Mbezi, geleë in die noordwestelike hoek van die stamgebied (ii) Mditloli in die middel en (iii) Khokhovela, geleë in die noordoostelike hoek van die stamgebied. Die grond van Mbeziwyk, met Mbido Nxumalo as hoofman, is kort na die verdeling plaasgevind het deur die Blanke eienaars van die verskillende plase beset waarna die Changana hierdie gebiede moes ontruim. Die wyk het tot niet gegaan. Enkele jare later was dit ook die lot van Mditloli waar Vumana Chauke as ndhuna aangestel en na sy afsterwe deur sy seun Maningipuza Chauke opgevolg is. Die Khokhovelawyk waar Gayisa Khosa sedert die verdeling as ndhuna aangestel is, het ruim woongebied gebied aan 'n steeds toenemende toestroming van Hlanganu-onderdane van kaptein Mnisi wat vanuit die Lydenburgdistrik onder die Changana ingetrek het. Vanweë die hoë persentasie Hlanganu wat mettertyd te Khokhovela gewoon het, het hierdie hele gebied met die latere verdeling van die stamgebiede na die Mnisi-stamowerheid oorgegaan. Ook die wyk het so vir die Changana verlore geraak.

NQUMATI (om af te sny) was geleë op die huidige Rooibokklaagte en omliggende plase. Die westelike grens van Nqumati het vroeër 'n deel van die wesgrens van die stamgebied

gevorm. Sithutha Nxumalo is as die eerste ndhuna (hoofman) daar aangestel maar is vanweë familietwis deur sy broer Mathumbu Nxumalo vervang. Na sy dood is sy seun Famayunga Nxumalo as ndhuna aangestel. Hy is weer later opgevolg deur sy broer Wanga Nxumalo as die ndhuna van die Nqumatiwyk. Met die verdeling van grond tussen die Lebowa- en Machangana-gebiedsowerheid het die wyk na die Lebowagebiedsowerheid oorgaan. In die huidige tyd funksioneer Nqumati dus nie meer as 'n Changanawayk nie.

MABUSHWENI : Soos vermeld is, het verskeie nuwe intrekkers vanuit Portugees-Oos-Afrika hulle besuide Mukhweyanataba gaan vestig. 'n Groot gedeelte van die gebiede wat deur hul bewoon is, ressorteer in die huidige tyd onder die gesagsbevoegdheid van die Lebowagebiedsowerheid onder andere die Bosbokranddorpsgebied op die plaas Maviljan asook die plase London en Violetbank. Die resterende gedeelte van die gebied wat binne die gebied van die Machanganagebiedsowerheid val, sluit slegs die plaas Xanthia in. Die hele genoemde gebied het vroeër die mees suidelike muganga van die Changana-stamgebied gevorm en was bekend as Mabushweni. Die eerste ndhuna wat oor hierdie wyk aangestel is was Masihameni Nxumalo (broer van Nghunghunyana). Na 'n verdeling van owerheidsweë is slegs die plase Lothian, Exelsior en Xanthia binne die Changanastamgebied gelaat. Eersgenoemde twee plase is vir natuurbewaringsdoeleindes gereserveer en moes ontruim word. Slegs die plaas Xanthia het dus van die vroeëre Mabushweniwyk oorgebly. Die wyk was egter steeds as Mabushweni bekend en Pound Ubisi is as ndhuna alhier aangestel. Tydens die regering van kaptein Buyisonto is hy afgesit en vervang met Nwayimbela Sibuye en opgevolg deur Mabasa Maweya. Die huidige ndhuna is Johannes Mambana.

Aan die oostekant van die stamgebied het Mahlahluvane Mthethwa, 'n regimentsleier uit die leërs van Nghunghunyana, hom met sy gevolg kom vestig. Hy is deur Mpisane vanweë die gesagsposisie wat hy vroeër beklee het, as ndhuna oor die gebied wat hy en sy gevolg betrek het, aangestel. Hierdie gebied is deur die stamraad as 'n muganga verklaar en is sedertdien as Manyeleti bekend. Manyeleti het oorspronklik

'n groot oppervlakte beslaan en het onder andere die plase Utha, Exeter, Athol, Otha~~a~~wa en Wallingford ingesluit. Die wyk het ook die oosgrens van die stamgebied gevorm. Die plase Exeter, Otha~~a~~wa en Wallingford was egter private eiendom en moes in later jare met uitsondering van Wallingford in hoofsaak ontruim word. Die bevolkingsdigtheid op die plaas Wallingford was van so 'n aard dat die kaptein, met toestemming van die plaaseienaar, daar 'n ndhuna oor sy onderdane aangestell het. Sedertdien is dit as die Mavurakawyk (hoewel buite die stamgebied) bekend met Kokisi Masia as ndhuna. Sedert die nuwe bedeling het slegs die plase Utha en Athol binne die grense van die stamgebied oorgebly. Utha het die ou muganga-naam, Manyeleti, behou en het as ndhuna, Xiviti Mabunda gekry. Hy is opgevolg deur sy seun Manyongoni Mabunda, die huidige ndhuna. Athol het mettertyd as 'n nuwe wyk, Hukumurhi, sy beslag gekry onder ndhuna Nwaswihalana Mkanzi wat na sy afsterwe deur die huidige ndhuna, Thomas Moyane, opgevolg is.

Kort na die vestiging van Mpisane te Mukhweyantaba het Nwambila Ubisi, 'n regimentsleeruit die Mbumbawyk te Gazaland na die Laeveld verhuis. Hy het verkies om sy eie identiteit te behou en hom met sy volgelinge oos van die Klein Sandrivier te vestig waar Mpisane hom as ndhuna van die Mbumbawyk erken en aangestel het. Mbumba sluit vandag die plase Dingleydale, Edinburgh en 'n groot gedeelte van New Forest in en beslaan ongeveer 16 000 morg. Vanweë bevolkingstename en die koms van die nuwe bedeling word Mbumba in twee wyke verdeel te wete Nwambila (vernoem na Nwambila Ubisi, die stigter van Mbumba) wat in die huidige tyd slegs die plase New Forest, waarop die huidige kaptein Mafemana Nxumalo woonagtig is, insluit. Na die afsterwe van Nwambila Ubisi is hy opgevolg deur sy seun Gilani Ubisi terwyl die huidige ndhuna te Nwambila, Juvela Ubisi, 'n kleinseun van die stigter is. Die tweede wyk waarin Mbumba onderverdeel is, heet Nsongeni wat aanvanklik die plase Edinburgh en Dingleydale ingesluit het met Frans Mathebula as die ndhuna ya muganga. Sedert ongeveer 1920 is Nsongeni onderverdeel in die plase Edinburgh en Dingleydale onderskeidelik bekend as Nsongeni.

met Sijuju Malamula as die ndhuna (hy is na sy afsterwe opgevolg deur die huidige ndhuna Mvexa Nxumalo) en Mbumba waarvan Alfred Mnisi die seun van Amos Mnisi die huidige ndhuna is. Sedert die sestigerjare is 'n besproeiingskema vanuit die Klein Sandrivier aangelê wat 'n gedeelte van die plase Edinburgh, New Forest, Dingleydale en Orinoco insluit. Hierdie besproeiingskema is deur die stamraad vanweë 'n ander bedeling op die skema as afsonderlike wyk binne die stamgebied beskou. Petrus Ubisi is die huidige ndhuna.

Vanweë toenemende vestiging te Mukhweyantaba, die mees senior wyk binne die stamgebied wat hoofsaaklik geleë was op kroongrond binne die stamgebied, was onderverdeling noodsaaklik. Mukhweyantaba is gevolglik mettertyd in vier wyke verdeel te wete (i) Mukhweyantaba op die plase Orinoco en Dwarsloop met Sibambanyoni Cibi as ndhuna, (ii) Dlabesuthu, wes van die Dlabesuthurivier op die plase Arthurstone, Rolle en Merry Pebble Stream met Hokwe Ntimane as ndhuna, (iii) Matsavana, op die plase Agincourt en Newington met Cetshwayo Khosa as ndhuna en (iv) Hlezeni (Allandale en Dumfries) in die ooste, waar Umzikazi Mdluli as ndhuna aangestel is.

Veranderde omstandighede en nuwe verwikkelinge binne die stamgebied het ten gevolg gehad dat elk van hierdie vier wyke weer onderverdeel is. Vervolgens sal die historiese verloop van elk afsonderlik behandel word.

MUKHWEYANTABA: Na die inhuldiging van kaptein Buyisonto in 1922 is die kapteinskraal vanaf Orinoco na Arthurstone verskuif. (Vergelyk Hoofstuk II(B)). Mukhweyantaba was gevolglik ook nie meer die senior wyk binne die stamgebied nie. Vanweë blanke okkupasie op die plase Orinoco en Dwarsloop is Mukhweyantaba verdeel in Mukhweyantaba (Orinoco) en N'warela, (Dwarsloop) wat na regte as wyke buite die stamgebied beskou moet word met onderskeidelik Mpiti Nxumalo en Thayi Nhuvunga as die tindhuna. Orinoco en Dwarsloop is albei op 30.6.64 deur die S.A.B.T. aangekoop en het so deel van die wettige stamgebied geword. Die huidige tindhuna is Freddie Sithole op Orinoco, steeds bekend as Mukhweyantaba en Six Gazithe op Dwarsloop, bekend as N'warela.

DLABESUTHU: Na die afstigting uit Mukhweyantaba het Dlabesuthu onder ndhuna Hokwe Ntimane die plase Arthurstone, Merry Pebble Stream en Rolle ingesluit. Behalwe die restant van Ged. B. van Rolle was al hierdie plase sedert 1886 kroongrond. In 1923 is die kapteinskraal na die plaas Arthurstone verskuif. Die deel is toe as 'n afsonderlike wyk afgesny van die grotere Dlabesuthu ten einde 'n hoër status aan die gebied waar die kapteinshuis gevestig is te kan verleen. Vanweë die nuwe administratiewe bedeling van die Bantoesakekommissaris is Arthurstone as 'n afsonderlike wyk aangedui. Dit is Mandlakazi (soms ook genoem Mange) na analogie van die kapteinskraal (wyk) van Nghunghunyana genoem. Xingala Makamu is as ndhuna aangestel en later ook as die ndhunankulu van die Changanastamraad. Sedert die afsterwe van Makamu (1969) is daar nog geen ndhuna in die vakature aangestel nie en inderdaad ook geen ndhunankulu nie. Die kapteinskraal is ook sedert 1968 met die aanstelling van kaptein Mafemana na Nwambila (New Forest) verskuif.

Die resterende gedeelte van Dlabesuthu het verdeel in Dlabesuthu (Merry Pebble Stream) en Kumane (Rolle). Te Dlabesuthu is die oorspronklike ndhuna van hierdie wyk, voorverdeling (Hokwe Ntimane), na sy afsterwe opgevolg deur sy seun Mack Ntimane. Nadat hy as ndhuna afgesit is, is sy broer Ntaname Ntimane as ndhuna aangestel. Sedert sy afsterwe (1969) is daar nog geen ndhuna te Dlabesuthu aangeset nie. Die Kumanewyk het na verdeling die hele plaas Rolle, hoewel slegs 'n gedeelte daarvan kroongrond was, ingesluit met Ntendeyi Mavunda as ndhuna. Die restant van ged. B. van Rolle is op 16.2.1965 deur die S.A.B.T. aangekoop en gevolglik ressorteer die hele plaas nou binne die Changana-stamgebied. Na die afsterwe van ndhuna Ntendeyi Mavunda (1968) is daar nog geen nuwe ndhuna te Kumane aangestel nie.

MATSAVANA: Vanweë die uitgestrekte gebied wat Mukhweyantaba vroeër beslaan het en die groot afstand tussen Orinoco, (die administratiewe hoofkwartier) en die plase Agincourt en Newington het Mpisane vir Cetshwayo Khoza as xikulu (kundige) benoem om op die laasgenoemde twee plase na die algemene welvaart van die bewoners om te sien. Hy kon

egter geen hofsittings hou nie. By die verdeling van Mukhweyantaba is genoemde plase (albei kroongrond) in een wyk bekend as Matsavana saamgevat onder Manyakatana Siyawule as die ndhuna. Sedert die inhuldiging van Buyisonto is hy ook aangestel as die ndhunankulu van die Changanastamraad. (Informante beweer dat Manyakatana die senior nceko (lyfbediende) by die hut van Daniye, hoofvrou van Ngunghunyana en moeder van Buyisonto was.) Onder die nuwe bedeling is Matsavana onderverdeel in twee wyke te wette Matsavana (Agincourt) en Nwamagubu (Newington). Die kraal van Manyakatana Siyawule was geleë te N'wamagubu waar hy gevoglik as ndhuna aangebly het. Na sy afsterwe is sy seun Machayi Siyawule as ndhuna te N'wamagubu aangestel maar sedert sy dood in 1969 is die posisie nog vakant. Matsavana (Agincourt) het die oorspronklike naam van die wyk behou. Aldaar was Jim Ngobeni ndhuna. Hy is deur sy seun Philemon Ngobeni, die huidige ndhuna van die Matsavana wyk opgevolg.

HLEZENI: Die vierde onderdeel van die vroeëre Mukhweyantaba was geleë tussen die wyke Dlabcsuthu en Manyeleti en was bekend as Hlezeni. Die wyk het die grootste gedeelte van die plase Allandale en Dumfries ingesluit. Slegs die resterende gedeelte van Dumfries was kroongrond. Hierdie wyk was dus uitsluitlik op Blanke private eiendom geleë met Umzikazi Mdluli as ndhuna. Ongeveer 1920 het Hlezeni in twee wyke verdeel byname Hlezeni (Dumfries) en Ntembeni (Allandale). Umzikazi Mdluli is deur sy seun Zikayi Mdluli te Hlezeni opgevolg en laasgenoemde weer deur die huidige ndhuna, Jeremiah Ubisi. Oor die nuwe wyk Ntembeni (Allandale) is Mahuvo Mhlanga aangestel. Hy is deur sy seun Samuel Mhlanga, die huidige ndhuna opgevolg. Allandale (Ntembeni) is op 19.2.1962, en gedeelte A van die plaas Dumfries op 27.8.1963 deur die S.A.B.T. aangekoop waarna genoemde plase tans binne die Changanastamgebied ressorteer en steeds as twee afsonderlike wyke onder die tradisionele benaming funktioneer.

Ten einde 'n korrekte beeld van die ontstaansgeskiedenis van die verskillende wyke, die onderverdeling daarvan en die opvolging van die verskillende tindhuna in die onderskeie

miganga te verkry, is die ontplooiing van die wyke met die vergunning en medewerking van kaptein Mafemana, met die volle Changanastamraad bespreek. Hierdie gegewens kan as gesaghebbend aanvaar word.

(4) Die totstandkoming van wyke

Die primêre vereiste vir die totstandkoming van 'n nuwe wyk, as semi-outonome eenheid met 'n territoriaal afgebakende polities-administratiewe bevoegdheid is steeds geleë in die erkenning en wettiging van so 'n nuwe eenheid deur die kaptein en sy raad. Die totstandkoming van nuwe wyke is by die Changana in 'n hoë mate deur die gang van die geskiedenis bepaal. Historiese gebeure het nie net die tradisionele vestigingswyse versteur nie maar inderdaad ook die afbakening van nuwe wyke beïnvloed. Nuwe omstandighede en 'n steeds toenemende beïnvloeding vanuit Tsongageledere het insgelyks ook sy invloed laat geld.

Ten tye van die onderwerping van die Tsonga deur Sochangana en die vestiging van die Changana in Portugese-Oos-Afrika is die tradisionele Tsongapatroon in 'n hoë mate versteur. Sochangana het naamlik die gebiede van oorwonne Tsongakteins en/of die verskillende Tsonga-tindhuna met hulle inwoners as onderdane van die Changana verklaar. Hy het dan die oorspronklike territoriale afbakening in verskillende wyke gehandhaaf met die wysiging dat hy Changana-hoofde, hoofsaaklik liniegenote en by uitnemendheid sy eie seuns as hosana (hoofmanne) oor die onderskeie wyke van die oorwonne Tsonga uitgeplaas het. Die eenhede is dan as nuwe wyke binne die Changanageledere opgeneem.

Die Changana self, die Ngonikerngroep, het vanweë hul geringe getalle en militêre optrede steeds as eenheid die kapteinshuis vergesel, waar die hulle ookal gevinstig het. Na verhuis en vestiging in 'n nuwe gebied is daar telens 'n nuwe wyk, die muganga wa hosi, wat gewoonlik die naam van die kapteinskraal gedra het, tot stand gebring. Die wyk het dan as die senior wyk binne Gazaland gefunksioneer. Vergelyk in hierdie verband die vestigingspunte van Sochangana: Aanvanklik het hy in die suide gewoon, daarna het hy 500

kilometer noordwaarts verhuis en hom uiteindelik weer in die suide van Gazaland gevestig. By elk van hierdie geleenthede het 'n nuwe kapteinswyk by wyse van verhuisning tot stand gekom, terwyl die territoriale indeling in wyke ten opsigte van die res van die gebied onder gesag van Sochangana g eensins versteur is nie. Soortgelyke stigtingsaksie van kapteinswyke het ook by die vestiging van Muzila in die noordweste plaasgevind en ook met die vestiging van Ngunghunyana in die suide waartydens die Tsonga uit hul tradisionele woongebied verdryf is, ten einde plek vir 'n kapteinswyk te kon maak.

Informante was daar baie spesifieker oor dat daar in Gazaland aan regimentsaanvoerders (tindluna ta mabuthu) vanweë besondere militêre prestasies 'n eie gebied toegeken is. So 'n gebied wat deur die ndhuna ya mabuthu, sy krygers en hul verwante bewoon is, was 'n territoriaal afgebakende gebied, bekend onder die militêre term xigava (afdeling). Hierdie toegekende gebied het dan as afsonderlike wyk (muganga) binne die stamgebied tot stand gekom. So byvoorbeeld is die Gijanewyk van ndhuna Gija wat in die suidooste van Gazaland geleë was oorspronklik aan hom toegeken vanweë militêre prestasies, terwyl die verdediging van die Limpopovlakte teen aanvalle uit die suide van Gazaland aanleiding gegee het tot die vestiging van 'n militêre eenheid in die gebied wat onder ndhuna Manjombo tot 'n stamwyk omskep is.

Die totstandkoming van nuwe wyke deur 'n organiese groei proses was in Gazaland blykbaar 'n rariteit. Die oorloë en onderwerping het veel eerder 'n stremmende uitwerking op die bevolkingsgroei en wyksverdeling gehad. Daar was blykbaar selde sprake van 'n rustige en stelselmatige onderverdeling in nuwe wyke.

Hoewel die totstandkoming van nuwe wyke te Gazaland in 'n hoë mate gekoppel was aan die militêre stelsel van die Changana beweer informante ook dat nuwe intrekkers vanuit die Ngunigaledere, byvoorbeeld vlugtelinge uit Zululand, met goedkeuring van die kaptein, in die onmiddellike omgewing van die kapteinswyk, vestigingsplek gekry het. Hierdie vlugtelinggroepe was van tweërlei aard. Eerstens het regiments-

leiers uit Natal met hul krygers en verwante by die Changana kom aansluit. Dan het die kaptein aan so 'n nuwe groep 'n gebied gegee, waar die leier met verlies van sy militêre status as wykshoof van die nuwe wyk wat ingestel word, aangeset is. Verskeie Ndwandwe- en Mthethwaregimente is op die wyse geakkomodeer. Tweedens het verskillende groepe van verwante hulle as vlugtelingsgroepe uit Natal by die Changana kom aansluit. Ook aan hierdie groepe is elk 'n afsonderlike gebied toegeken waarbinne die kaptein aan die mees senior lid (gewoonlik hul leier) ndhuna-status verleen het. Vergelyk in hierdie verband die vestiging van Sikunyana, die seun van Zwide en sy Ndwandweverwante aan wie Sochangana 'n afsonderlike gebied gegee het en vir Sikunyana as ndhuna aangestel het, asook enkele Mthethwa-vlugtelingsgroepe wat op dieselfde wyse in nuwe wyke binne Gazaland geakkomodeer is.

Binne die huidige Changanastamgebied in Transvaal was natuurlike aanwas en die akkomodasie van nuwe intrekkers hoofsaaklik vir die totstandkoming van nuwe wyke verantwoordelik. Daar was ook 'n gepaardgaande territoriale uitbreiding van die stamgebied. In die gevalle waar 'n besondere wyk oorbevolk geraak het, soos in die voorgaande bespreking uitgewys is, was onderverdeling in nuwe wyke noodsaaklik. Gewoonlik het 'n ndhuna sy gesag oor die resterende gedeelte van die wyk waarop sy kraal geleë is, behou, terwyl 'n nuwe ndhuna uit die geledere van die inwoners binne die nuut afgebakte wyk aangestel is.

Die stigting van 'n wyk kan ook die gevolg wees van die afsplintering van 'n invloedryke persoon met sy verwante en aanhangars na 'n nuwe gebied ten einde sy politieke status te handhaaf. Vergelyk hier die totstandkoming van die Lehukwewyk onder Govanana Muyotshwa. Informante het beweer dat hierdie prosedure by wyksvorming baie skaars was. Dit sou ook slegs kon geskied met die versekering van volgehoud onderdanigheid aan die hoogste gesagsinstansie van die stam en die belofte van getrouheid aan die kaptein.

Die normale prosedure by die totstandkoming van 'n nuwe wyk, stel as primêre vereiste die bereidwilligheid tot onderdanigheid aan en erkenning van die bestaande gesag binne

die stamgebied. Hierdie vereiste geld as vanselfsprekend by die onderverdeling van 'n bestaande wyk maar was 'n absolute prioriteit by die totstandkomming van nuwe wyke ten behoeve van nuwe intrekkers. Die plig rus op die leier van die nuwe intrekkers om sy onderdanigheid aan die kaptein te kom toon. Daarna kon hy verlof kry om 'n gebied waarvan die kaptein-in-rade die grense bepaal het te mag bewoon. Na die vestiging het dit dan as 'n afsonderlike wyk binne die stamgebied gefunksioneer. Ten opsigte van 'n reeds bestaande wyk wat vanweë oorbevolking, by wyse van natuurlike aanwas of andersins, 'n onderverdeling noodsaak, rus die verantwoordelikheid steeds by die ndhuna van die betrokke wyk om die situasie by die kaptein aan te meld. Na deeglike bespreking sal die kaptein-in-rade besluit oor die wenslikheid van so 'n onderverdeling. Indien dit nodig bevind word, sal definitiewe grense (sedert 1920, plaasgrense) aangedui word om die nuwe wyk binne die stamgebied te begrens.

Onder die huidige bedeling waar die stamgebied in 16 wyke, een wyk vir elk van die 16 plase binne die stamgebied verdeel is, bestaan tans geen onmiddellike behoefte aan 'n verdere onderverdeling in kleiner territoriaal afgebakende eenhede nie. Die gemiddelde oppervlakte van hierdie wyke (plase) beslaan ongeveer 4 000 morg elk met 'n egalige bevolkingsverspreiding van ongeveer 2 000 siele per eenheid. Toenemende vestiging in plaaslike dorpsgebiede en 'n groter konsentrasie van inwoners op die besproeiingskema bied gerieflike vestigingsgeleentheid aan 'n steeds toenemende getal mense. In hierdie nuwe eenhede binne die stamgebied sal daar in die toekoms 'n verdere ontwikkeling van politieke wyksverdeling moet kom.

#### (5) Kenmerke van die wyk

Die muganga wa Machangana is by uitstek 'n polities-administratiewe eenheid waarvan die totstandkomming verband hou met 'n behoefte aan die desentralisasie van gesagsuitoefening en die verkryging van 'n effektiewe plaaslike beheer ten opsigte van politieke en judisiële aangeleenthede binne die eenheid. Gesagsbeoefening vereis normaalweg 'n definitiewe afbakening van die eenheid waарoor gesag uitgeoefen sal word.

Die bestaan van definitiewe geografiese grense waarbinne die gesagsbevoegdheid van 'n ndhuna-in-rade duidelik aangedui word, is die kenmerk van elke Changana<sup>2</sup>wyk.

Die Changana benaming vir 'n grens is ndzilekano (mv. mindzilekano) en is sinoniem met die heining rondom die beeskraal of die takomheining buite om 'n kraaleenheid (muti). Vanweë die huidige onderverdeling van die stamgebied in wyke ooreenkomsdig die grense van die verskillende plase word wyks-grense deur draadomheinings aangedui. Tradisioneel het riviere en spruite die grense tussen verskillende miganga gevorm. Die topografie van die Laeveld leen hom uitstekend vir hierdie doel. Elke inwoner van 'n muganga is bewus van die grense van die wyk. Dit word ook aan elke nuwe intrekker deur die ndhuna uitgewys wanneer 'n toekenning van woon- en bewerkingsregte binne die muganga gemaak word.

Die gesag in die muganga is gesetel by die ndhuna-in-rade wat, hoewel onderskik aan die sentrale stamgesag, as semi-outonome funksionaris binne sy regsgebied die politieke en judisiële aangeleenthede binne die muganga hanteer. Daar bestaan egter 'n vaste vereiste dat die wykshoof sowel as sy raadslede binne die wyk woonagtig moet wees. Die wyse waarop 'n wykshoof hierdie gesag uitoefen en sy administratiewe pligte uitvoer, verleen aan hom 'n besondere prestige (veral wanneer hy namens die muganga na buite optree). Die prestige van die ndhuna word weerspieël in die aansien wat die besondere muganga en sy inwoners geniet.

Die volledige funksionering van die ndhuna-in-rade word later (vergelyk Hoofstuk IV) behandel. Dit kan egter nou reeds gesê word dat die hof van die ndhuna ya muganga die laagste openbare hof in die stam vorm en die bevoegdheid het om kleiner regsgeskille te finaliseer.

Dit is reeds aangetoon dat die stamwyke met hulle ontstaan 'n sameskakeling van mense van heterogene herkoms was. Dit is dus nie moontlik om vir die Changana te toon hoe stamwyke direkte skakeling vertoon met afkomseenhede binne die stam nie. Die duidelike skakeling tussen die sosiale en politieke organisasie wat ander skrywers ten op-

sigte van die Suid-Bantoe kon aantoon, kon by die Changana nie gekry word nie. Wat wel duidelik is, is dat daar binne die meeste wyke 'n afkomslyn (linie) bestaan waarvan die lede as die seniorpersone in die wyk gereken word. Hierdie lyn loop gewoonlik terug op die eerste wykshoof wat as sodanig erken is. Dit was vroeër blybaar gebruiklik dat nuwe wyke ontstaan het wanneer 'n tak van 'n linie 'n nuwe muganga (heuwelrif) gaan bewoon het of wanneer 'n militêre leier met sy regiment 'n nuwe gebied gaan oorheers het. Diegene wat van sodanige stigtersgroep afgestam het, het mettertyd seniorstatus in die wyke verkry. Nuwe intrekkers kan hulle by 'n bestaande wyk voeg, maar is dan as van laer status as die kerngroep beskou. Die senioriteit van diegene uit die kerngroep word vandag nog erken deur die respek wat aan hulle op die bandla ra ndhuna betoon word. Daar bestaan 'n rangorde tussen sibbes by die Changana. Dit is eintlik slegs 'n breeë onderskeid tussen die nasate van diegene wat uit Natal gekom het, diegene wat as Tsonga en Changana bygekom het en onlangse toevoegings uit Sothogebiedere in die stam. Aansien binne die sosiale verband van wyksgenote word hierdeur ook bepaal.

Elke wyk omvat verskillende sosiale eenhede. Die kleiner gesinne-eenheid, groter gesinne-eenheid en in 'n mate ook die linie funksioneer as eenhede binne die grense van die wyk. Op ekonomiese gebied verleen die wyk aan die lede van sulke eenhede woon-, weidings- en bewerksregte wat slegs binne die grense van die wyk beoefen mag word. Indien geografiese gesteldhede of ander omstandighede 'n inwoner nie welgeval nie, mag hy van woonplek binne die wyk verander met die toestemming van die wykshoof. Wanneer iemand egter na 'n ander wyk wil verhuis, geld as vereiste dat hy sy wykshoof daarvan sal verwittig en ook eers die toestemming van die nuwe wykshoof moet verkry. Okkuperingsreg in die nuwe wyk word gewoonlik slegs verleent indien daar voldoende grond beskikbaar is. 'n Mens dra egter kennis van gevalle waar 'n ndhuna okkupasiereg geweier het vanweë die karakter van 'n voornemende intrekker en/of die bedreiging wat die vestiging van die intrekker as senior persoon binne die stamgebiedere vir die posisie/status van die wykshoof mag inhoud. In die

laasgenoemde omstandighede word die hulp van die kaptein ge=woonlik ingeroep ten einde seker te kan maak of sodanige ves=tinging, probleme sal oplewer.

Tradisioneel is die wykshoof nooit geraadpleeg by die verdeling van 'n kraal nie. Elke volwasse seun het met toesemming van die kraalhoof (nkulukumba wa muti) 'n nuwe kraal in die omgewing van die "senior kraal" opgerig en ongesteurd sy regte as inwoner van die wyk bly handhaaf. In die huidige tyd is die toestemming van die wykshoof egter noodsaaklik by die oprigting van elke nuwe kraal binne die wyk.

Elke wyk het 'n eie naam. Hierdie naamgewing kan op verskeie wyses geskied. Vanweë die ontstaangeskiedenis van die verskillende wyke tref ons 'n verskeidenheid soorte name by die onderskeie wyke aan. Die ligging van 'n besondere wyk (bv. Mukhweyantaba: onder die Drakensberge) kan aan die eenheid sy naam gee. Die name van riviere en spruite as wyksname kom in 'n paar gevalle voor byvoorbeeld Mbezi en Dlabe=suthu. In sommige gevalle het die naam van 'n regimentsleier die wyksnaam geword byvoorbeeld Mbumba. Die Nwambilawyk wat afgestig het van Mbezi het sy naam ontleen aan N'wambila Ubisi, die stigter van die wyk. Die naam van die Nqumatiwyk kom van die werkwoord ukunquma wat letterlik beteken om af te sny. Die wyk is van Mukhweyantaba afgesny. Die mees senior wyk in die stamgebied (kapteinswyk) dra gewoonlik die naam van die kapteinskraal wat binne die grense daarvan gehuisves is. So het Mandlakazi aan sy naam gekom. Die wyksname van die wyke word vry--algemeen onder stamlede gebruik. Informante het beweer dat die inwoners van daardie wyke wat vroeër op 'n militêre basis tot stand gekom het op die betrokke wyksnaam aangespreek kan word soos wat dit ook die gebruik is by die Changana om 'n persoon op sy sibbenaan te noem.

Die senioriteitsrangorde tussen die onderskeie miganga is in die verlede bepaal ooreenkomsdig hulle ligging tot die wyk waarbinne die kapteinskraal geleë is. Die wyk waarbinne die kapteinskraal gehuisves is, is in alle gevalle (tans ook) as die mees senior wyk beskou. Binne die wyk is daar 'n afsonderlike ndhuna oor daardie inwoners wat nie aan die kapteinslinie behoort nie. Mukhweyantaba, Mandlakazi (Mango)

en Nwambila het in die verlede hierdie senior status gehad en kan vandag nog as die mees senior wyke binne die stamgebied beskou word. Mukhweyantaba (die oudste wyk binne die stamgebied) moes heelwat voormalige prestige inboet. As stigterswyk het dit die kapteinskraal sedert die vestiging in die Laeveld tot 1922 gehuisves. Baie Changana moes egter vanweë die bescutting van grond deur die wettige eienaars hierdie wyk ontruim. Die kerngedeelte van die wyk (Orinoco) is eers tydens 1964 deur die S.A.B.T. aangekoop. In die huidige tyd word Mukhweyantaba nogtans as 'n senior wyk beskou vanweë sy tradisionele prestige en die feit dat baie voorvadergrafte daar geleë is. Hoewel die huidige kapteinskraal nie aldaar gehuisves is nie, is Mange (Mandlakazi) na my mening die mees senior wyk binne die stamgebied. Hoewel informante huiverig was om 'n mening hieroor uit te spreek is dit so dat Mange (Mandlakazi) nie alleen die kapteinskrale van Buyisonto, Thulilamahanxi en sy seun Isaac Khetho wat vir bykans drie dekades as regent opgetree het, gehuisves het nie maar in die proses ook die mees senior linies van die Nxumalosibbe binne sy grense woonagtig gevind het. Ouer informante verkies steeds die benaming Mandlakazi (waarop hierdie wyk nie meer geregtig is nie) in teenstelling met Mange, die nuwe benaming sedert die verskuiving van die kapteinskraal uit hierdie wyk. Die huidige kapteinskraal is sedert 1968 geleë te Nwambila maar by gebrek aan 'n naam vir die "kapteinskraal" (die kaptein het 'n ou winkelgebou betrek) kon hierdie wyk nie dienooreenkomsdig van naam verander nie. As administratiewe hoofkwartier binne die stamgebied en setel van die kaptein word daar nogtans 'n besondere status aan hierdie wyk verleen.

Aan die wyk waarbinne die kraal van die ndhunankulu geleë is, word 'n volgende posisie binne die rangorde van wyke verleen. Die probleem is dat geen spesifieke wyk die ndhunankulu lewer nie en gevolglik wissel hierdie status ooreenkomsdig die wisseling in tindhunankulu. So het die wyke Lehukwe (tans buite die stamgebied geleë) waarbinne twee opeenvolgende tindhunankulu gewoon het, asook N'wamagubu en Kumane tydens die ampstermyn van die betrokke ndhunankulu,

TABEL 7

MIGANGA YA MACHANGANA

<u>NAAM</u>	<u>PLAAS</u>	<u>HUIDIGE NDHUNA</u>
Mukhweyantaba	Orinoco	Freddie Sithole
Mange (Mandlakazi)	Arthurstone	Vakant
N'warela	Dwarsloop (Ged.)	Six Gazithe
Matsavana	Agincourt	Philemon Ngobeni
N'wamagubu	Newington	Vakant
Dlabesuthu	Merry Pebble Stream	Vakant
Hlezeni	Dumfries	Jeremiah Ubisi
Ntembeni	Allandale	Samuel Mhlanga
Hukumurhi	Athol	Thomas Moyane
Kumane	Rolle	Vakant
Manyeleti	Utha	Manyangani Mabunda
Mabushweni	Xanthia	Johannes Mambane
Nsongeni	Edinburgh	Mvexa Nxumalo
N'wambila	New Forest	Juvela Ubisi
Besproeiingskema	<div style="border-left: 1px solid black; padding-left: 10px;">           Ged. Edinburgh            Ged. New. Forest            Ged. Dingleydale            Ged. Orinoco         </div>	Petrus Ubisi
Mbumba	Ged. Dingleydale	Alfred Mnisi
Bantoedorp:		
Thulamahashe	Ged. New Forest	Lazarus Nguyusa
	Ged. Dingleydale	(Xibonda)
	Ged. Edinburgh	
	Ged. Rolle	
Mavuraka	Wallingford (Buite stam=gebied)	Kokisi Masia

elk 'n besondere status gehad.

Aan die ander wyke binne die stamgebied is tradisioneel 'n status verleen ooreenkomsdig die orde waarin hul ontstaan het. In die gevalle waar 'n bestaande wyk onderverdeel is byvoorbeeld Mbezi wat in Mbezi, Mditloli en Khokhovela verdeel het, word die resterende gedeelte (Mbezi) as senior bo die ander twee beskou. Hier teenoor beweer sommige informante dat die status van die ndhuna tradisioneel die status van 'n wyk bepaal het. By nadere ondersoek is gevind dat die betrokke informante inwoners was van, of verwant is aan daardie regimentsleiers aan wie die stigting van sekere wyke te danke is en wat deur die kaptein as ndhuna ya muganga aangestel is. 'n Mens moet die stelling met versigtigheid benader.

Informante ontken die bestaan van enige rangorde tussen die onderskeie wyke in die huidige tyd. Hierdie verskynsel kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die geweldige wisseling wat daar ten opsigte van die grense van die tradisionele wyke ingetree het en die nuwe bedeling waarvolgens die onderskeie plase as wyke binne die stamgebied funksioneer.

D. SOSIO-POLITIESE EENHEDE

(1) Algemeen

Soos vroeër vermeld is, is die muganga vir polities-administratiewe doeleindes nie onderverdeelbaar nie. Die muganga kan inderdaad as die kleinste polities-administratiewe eenheid binne die stamgebied beskou word, waarvan die kaptein-in-rade die plaaslike gesag sal erken en ondersteun.

Naas die polities-administratiewe eenhede (territoriaal afgebakende eenhede) binne die politieke organisasie van die Changana funksioneer daar ook 'n reeks sosiale eenhede waarin die gesagsposisie suiwer op senioriteitstatus binne die eenheid berus. Hierdie groepe verwante word as sosio-politiese eenhede beskou vanweë die gesagsfunksionering en beheer wat uitgeoefen word ter ordening van elk van hierdie afsonderlike eenhede binne die grotere politieke organisasie van die stam. Die gesagsbevoegdheid binne hierdie eenhede berus

nie op 'n delegering van bevoegdhede deur die sentrale stam=gesag nie.

As sosio-politiese eenhede kan onder andere verskil=lende kraal-, groter gesinne- en linie-eenhede binne die stamgebied aangedui word. Informante het beweer dat die sibbe-eenheid in die verlede ook as 'n sosio-politiese eenheid gefunksioneer het. In meer resente tye kon veral nuwe sibbe-eenhede wat as afsonderlike linies met 'n eie naam van die moeder~~sibbe~~ afgesplinter het moontlik so gefunksioneer het. Die kleiner getalle van hulle lede kon die nuwe sibbe onder die senioriteit en gesag van die sibbehoof - die mees senior persoon binne die senior linie van die betrokke sibbe laat funksioneer het. In die huidige tyd is dit egter van=weë die verspreidheid van sibbelede nie meer moontlik nie. Sibbelede woon nie alleen oor die stamgebied verspreid nie maar woon ook buite die grense van die stam. Gevolglik het die sibbe (xivongo) vandag slegs betekenis in die sosiale lewe en funksioneer dit nie meer as 'n sosio-politiese eenheid nie.

Die kraal- en groter gesinne-eenhed vorm lokale groepe terwyl die lede van 'n linie-eenhed nie noodwendig binne die selfde wyk (muganga) woonagtig hoef te wees nie en dit dus nie as 'n territoriale eenheid binne die stamgebied gereken kan word nie. Die leierskap binne sosio-politiese eenhede word ooreenkomsdig sosiale senioriteit bepaal. Elke afsonder=like eenheid het 'n hoof wat sy posisie op grond van geboorte verkry. Hierdie hoofde word normaalweg ook deur raadgewende liggame in die uitvoering van hul pligte bygestaan. Die hoof (-in-rade) kan uitsluitsel gee in regsgeskille waarin lede betrokke mag raak. Sosio-politiese eenhede is selfs in die huidige tyd nog van aansienlike betekenis by die interne ordening van die stamgebied soos later breedvoeriger aangedui sal word.

(2) Die linie-eenhed (usende / nyimba)

Hoewel die verskillende sosiale eenhede wat as sosio-politiese eenhede funksioneer, elkeen afsonderlik behandel word, moet 'n mens steeds in gedagte hou dat hierdie eenhede

in 'n hoë mate geïntegreer is en moeilik van mekaar te skei is vanweë die gelyktydige lidmaatskap van elke individu aan verskeie van die sosiale eenhede.

Die Changanastam in sy geheel is die grootste sosiale eenheid binne die stamgebied. Die stam het langs organiese weg ontstaan hoewel daar ook vreemdelinge gefinkorporeer is. Soms was dit vrywillige en soms was dit gedwonge inkorporasie. (Vergelyk Hoofstuk II.) Hieruit blyk dit duidelik dat die Changanastam heterogeen saamgestel is.

Die Changanastam is primer 'n endogamiese eenheid wat patriliniêr georganiseer is en ingedeel is in verskillende sibbes bekend as xivongo (mv. swivongo). Elke sibbe is 'n nie-totemistiese, eksogamiese, patriliniêre, eponieme eenheid wat in 'n hiërargiese orde tot die ander sibbes gerangskik staan. Die mees senior sibbe by die Changana is die Nxumalo-sibbe wat die kerngroep binne die stam vorm. Die senior persoon in die Nxumalosibbe is dan ook die stamkaptein. Dit is opmerklik dat die rangskikking in status van hierdie sibbes verband het met die herkoms van die Changana. In dalende orde onderskei mens sibbes wat van die Ndwandwe, Mthethwa, Swazi en ander Ngunistamme kom en eers hierna sibbes van Shona, Tsonga en enkeles van Oos-Sotho herkoms. (Vergelyk ook Jacques, 1958.) Sibbehoofde het oorspronklik blykbaar ook belangrike sosio-politiese funksies gehad, maar soos dit vroeër uiteengesit is, is dit in die huidige tyd nie meer waar nie. (Vergelyk egter Hoofstuk IV.) Die lede van 'n sibbe woon nie noodwendig saam nie en vorm dus nie 'n territoriale eenheid nie.

Elke Changanasibbe kan onderverdeel word in 'n aantal patriliniêre, eponieme linie-eenhede, wat onder verskillende benaminge bekend is en binne elke sibbe in 'n hiërargiese orde tot mekaar gerangskik kan word. Anders as by die sibbe strek die linie gewoonlik slegs oor drie tot vyf generasies vanaf die gemeenskaplike voorvader wat aangedui kan word. Omdat die sibbe eksogamies is, kan lede van een linie nie ondertrou nie.

Vanweë die herkoms van die Changana het die benaming

vir die linie-eenheid soms van informant tot informant verskil. Aanvanklik was die vermoede dat daar geen duidelikheid by informante bestaan oor die liniebegrip nie, maar name die vertroue van informante gewen is, het die probleem homself opgeklaar. Die mees algemene term wat informante aanvanklik vir die liniebegrip verstrek het, is rixaka (mv. tinxaka). Dit het probleme gegee want dit is ook die term wat Junod (Vol.I, 1927:226) gebruik om algemene bloedverwantskap aan te dui: "The general term to indicate this relationship is bushaka (from shaka, mashaka), relatives." Cuenod (1967:225) verklaar die term xaka (mv. maxaka) as volg: "relatives on both father's and mother's side, but excluding the closest relatives, such as parents, brothers, sisters". Dit is nie 'n korrekte weergawe van die liniebegrip nie. Die term rixaka (mv. tinxaka) vertaal hy met die begrippe: "tribe, species, sort." Hieruit kan 'n mens aflei (informante het dit ook bevestig) dat die term rixaka (mv. tinxaka) aangewend kan word om enige bloedverwant aan te dui, maar ook gebruik kan word ter beskrywing van 'n groep uniliniêre verwante in die vaderlike lyn, hoewel dit nie sinoniem is met die liniebegrip nie. Die term rixaka (mv. tinxaka) dui dan op die breëre verwantskap wat daar onder lede van dieselfde stam aangetref word en kan gevolglik ook in oordragtelike sin as sinoniem met die stameenheid beskou word; vandaar die vertaling "tribe" wat ons by Cuenod aantref. Dit hou verband met die stelling van Junod (1927, Vol.I:356): "... what we call the nation, tiko, is not the big tribe ... but the special clan (ek onderstreep) to which this Thonga belongs". Daarom ook is die verklaring van Jacques dat rixaka 'n sibbe aandui (van Warmelo 1931:54) heeltemal aanvaarbaar as hy sê die term, "denotes all those who bear the same clan name ... though living far apart and being only remotely connected. Hence vušaka "relationship." Even those that have never met before, can determine their relationship by tracing their descent through the male line until they arrive at the ancestor they have in common". Dit was dus mettertyd duidelik dat die begrip rixaka nie die korrekte aanduiding van die liniebegrip is nie.

Volgens informante onder die Suidelike sowel as Noordelike Tsonga is die korrekte liniebenaming onder die Tsonga, die term nyimba (*mv.* *tinyimba*) wat deur Cuenod (1967: 151) vertaal word as "pregnant womb". Vanweë die betekenis en as respeksbetoning is informante gewoonlik nie geneë om hierdie term teenoor vreemdelinge (veral Blankes) te besig nie. Dit is miskien die rede waarom dit nie algemeen in die literatuur genoem word nie. Die Changana ken ook die term en sommige nuwe intrekkers gebruik die term ter beskrywing van die linie-eenheid.

Die kerngroep binne die stamgeledere verkies as term vir die linie-eenheid steeds die terme umndeni en usende. Die term umndeni is vanuit die Zulu bekend en die betekenis wat die Changana daaraan heg stem in 'n hoë mate met die Zulu-begrip ooreen. 'n Mens het egter die indruk gekry dat hierdie term nie algemeen bekend is by die Changana nie en dat die gebruik daarvan miskien effens gedwonge is. Die woord usende (*mv.* *masende*) as term vir linie-eenheid is taalkundig moeilik te verklaar. Dit is die Changanawoord vir testis, en is sinoniem met die Zulu woord isende. Hiernaas ken die Zulu egter die term usendo wat deur Doke en Vilakazi (1948) verklaar word as: "descendants of the same male ancestor". Usendo word deur sommige Zulustamme gebruik om die linie-eenheid aan te dui. Dit is duidelik dat die Changanaterm usende met albei hierdie begrippe verband hou. Ook hier is die afleiding vermoedelik sodanig dat informante aanvanklik huiwerig is om die term teenoor enige Blanke te gebruik. Dit staan egter vas dat die Changana hierdie term in die omgang gebruik en dat die meerderheid van die informante ook mettertyd erken het dat dit die korrekte term is. Dit word so hier aanvaar.

Die verskil tussen die xivongo (sibbe) en usende (linie) is daarin geleë dat by die usende die afkoms van 'n gemeenskaplike voorvader genealogies aangedui kan word in teenstelling met die xivongo waar dit nie altyd moontlik is nie. Die afkomsrekening by die usende strek nie verder terug as vyf generasies nie waarvan in die praktyk gewoonlik slegs drie generasies nog lewend is. Die usende is dus 'n

patrioliniëre eenheid van bloedverwante en sluit mans sowel as vroue in. Elke vrou behou haar usende-verband, ook na die huwelik. Hoewel sy deel uitmaak van die groter gesinne-eenheid van haar man ressorteer sy geensins onder die beheer van die usende van haar man nie, haar kinders egter wel. Binne elke groter gesinne-eenheid is slegs die man, sy broers, hulle seuns en ongetroude dogters lede van dieselfde usende. Getroude dogters beweeg, vanweë patrilokale inwoning na die huwelik, weg van die lokale kerngroep van linieverwante maar ressorteer steeds binne die gesagsfeer van die usende ten opsigte van linie-aangeleenthede. (Vergelyk hoofstuk v.) Vanweë die afwesigheid van die vroulike usende-verwante funksioneer die linie in die praktyk hoofsaaklik onder die manlike lede. Ongetroude dogters is, hoewel lid van die eenheid en binne dieselfde lokaliteit en ondergeskik aan die gesag van die usende, gewoonlik onvolwasse. Hiermee wil 'n mens nie te kenne gee dat vroulike usende-verwante van minder belang is nie – hulle maak inderdaad deel uit van alle belangrike linie-byeenkomste (indien moontlik). Wanneer hulle direk by 'n saak in die liniehof betrokke is, moet hulle ook die hofsitting bywoon.

Die mees senior lewende manspersoon in die usende is die hoof daarvan en is bekend as umnumzana, gewoonlik aangedui as umnumzana wa usende lwaka ... Verskillende ander benaminge is van informante en uit die literatuur vir hierdie leiersfiguur gevind onder andere: mufambisi, murhangeli, kokwana, hosana, mudyandzhaka en nkulukumba. Die informante het die volgende verklaring ten opsigte van die onderskeie benaminge gegee.

Kokwana beteken as dit letterlik vertaal word oupa. In die meervoud gebruik, dui dit die voorvaders aan. Volgens informante dui die benaming kokwana op daardie nog bekende stamvoorvader van die betrokke linie, dit wil sê die stigter van die usende wat nie meer in lewe is nie.

Die benaminge mufambisi en murhangeli is in die huidige tyd van meer belang. Albei terme dui op leierskap en is 'n nalewenis van die vroeëre militêre orde. Die benaming murhangeli word in die huidige tyd algemeen gebruik. Vanweë die

toenemende eise wat aan die liniehoof in moderne omstandighede gestel word, het die innovasie ingetree, dat die liniehoof nie alleen die mees senior genealogiese figuur is nie maar ook die mees bekwame senior figuur binne die usende behoort te wees. Hoewel die umnumzana steeds vanweë sy senioriteit as hoof van die usende erken word, funksioneer die murhangeli vanweë persoonlike bekwaamheid as voorsitter in alle usende-aangeleenthede maar moet die nodige respek teenoor die umnumzana as senior figuur betoon.

Die benaming, nkulukumba, 'n ou, belangrike leiersfiguur is eintlik van toepassing op die kraaleenheid en word soms in oordragtelike sin as term vir die liniehoof gebruik.

Die benaminge hosana en mudyandzhaka lewer geen probleme nie. Die hosana is gewoonlik die mees senior seun van die senior guma in die kapteinskraal en is gewoonlik die opvolger van sy vader. In die huidige tyd word elke senior seun in elke guma binne die kapteinskraal aangespreek as hosana (Zulu : inkosana). In navolging van die kapteinhuis word die oudste senior seun van 'n gewone burger ook aldus genoem. Net soos die term mudyandzhaka (erfopvolger) word hierdie terme slegs ten opsigte van potensiële opvolgers gebruik. By die aanvaarding van die hoofskap van byvoorbeeld die linie geld hierdie figure nie meer as mudyandzhaka/hosana nie maar as umnumzana wa usende.

Die umnumzana word in die uitvoering van sy pligte deur 'n raad bygestaan wat bestaan uit al die kraalhoofde wat uit die usende-eenheid spruit. Hulle geld as die "skaap-wagters" van die linie-eenheid. Hulle het nie alleen sitting op die liniehof nie maar hou 'n wakende oog oor die opotrede van die umnumzana sowel as alle liniegenote.

Die totstandkoming van nuwe linies, 'n algemene verskynsel by die Changana, was vir die informante moeilik om te verduidelik. Hoewel verskeie direkte ontstaansmoontlikhede soos afsplintering na onderlinge twis tussen broers, verhuis, oorloë, ens. as moontlike faktore genoem word, was die verklaring van 'n sekere informant, "tyd bring verdeling", die mees aanvaarbare. Voorbeeld is ook aangehaal waar sommige linies, veral in die verlede, ontstaan het vanweë die

besondere kwaliteite van die stigter wat hom as die leier van 'n nuwe linie-eenheid aangedui het byvoorbeeld die vermoë om reën te maak, besondere militêre prestasies, ens. Ononder normale omstandighede egter kom die afsplintering van 'n linie deur 'n organiese groeiproses tot stand. Dit is die resultaat van die normale verdeling van krale as gevolg van toename in getalle. Indien broers nuwe krale oprig, word hulle so onbewus die stigters van nuwe afkomsgroepe en elkeen word deur die daaropvolgende generasies dan ook as die kokwana (stigter) van sy besondere usende gereken. Indien hierdie "stigter" oor uitnemende kwaliteite beskik kan daar selfs 'n naamsverandering intree en aldus die totstandkoming van 'n nuwe sibbe ten gevolge hê.

Vanweë die gemeenskaplike herkoms van die lede van 'n usende wat slegs oor drie tot vyf generasies strek, staan lede daarvan in 'n besondere gedragsverhouding tot mekaar. Op grond van hul beperkte bloedverwantskap word die onderskeie verpligte en regte van elke lid binne die eenheid bepaal. Die funksies van die linie-eenheid is geleë op verskillende terreine.

Op sosiale gebied, vanweë die bestaan van linie-eksigamie word die huwelikskeuse van die individu in 'n hoë mate gereël. By die keuse van 'n hoofvrou vir die kaptein word daar selfs deur die seniores in die senior linie 'n spesifieke linie aangewys waaruit die kaptein sy hoofvrou mag kies. Verder bestaan daar ook 'n hele reeks gedragsreëls wat linielede onderling moet handhaaf en by oortreding daarvan aan die gesagsinstansie binne die linie-eenheid verantwoording moet doen.

Die gesag binne die usende is gesetel in die liniehoof wat soos vermeld deur 'n raad bygestaan word. Hierdie liniehoof-in-rade funksioneer by uitstek op judisiële, politieke en ekonomiese gebied. Op judisiële gebied vind daar van tyd tot tyd sittings van die liniehof plaas. Dit is 'n nie-openbare hof waarin alle sake rakende linielede verhoor sal word. Die hof kan ook in sommige gevalle as appèlhof vir beslissings van kraalhoofde en die hof van die groter gesinne-eenheid optree. (Vergelyk Hoofstuk V.) Sulke hofsittings

staan bekend onder die benaminge timhaka ta bandla ra usende (die sake van die linieraad) of timhaka ta lendlwini (die sake van huis) vanweë die hoë mate van geheimhouding van alle linie-aangeleenthede. Indien die usende vir enige ander angeleentheid sou vergader, byvoorbeeld om die optrede van die ndhuna/hosi, ens. te bespreek, heet die samekoms nhlengeletano ya usende (vergadering van die linie). Die samestelling, funksie, ens. van die liniehof sal in die volgende hoofstuk bespreek word.

Op ekonomiese gebied verleen usende-lede hulp en beskerming aan mekaar. Tradisioneel het die liniehoof selfs oor die bevoegdheid beskik om die toekenning van grond aan linielede te beheer. Gevolglik het die liniehoof as belangrike skakel tussen die usende en die wykshoof gefunksioneer en was selfs verantwoording aan die wykshoof verskuldig.

Die hoë mate van geheimhouding van linie-aangeleenthede, die hulp en beskerming wat linielede onderling aan mekaar verleen, die steeds getroue navolging van die genealogiese orde binne die linie by die aanduiding van die hoof daarvan en gepaardgaande erkenning van die gesag van hierdie hoof is lewende getuenis dat hierdie eenheid steeds effektiief funksioneer, selfs onder veranderde omstandighede in die huidige tyd.

### (3) Die groter gesinne-eenheid

Die groter gesinne-eenheid is in wese 'n verdeling of uitbreiding van die kraalgroep wat vroeër onder gesag van die kraalhoof (pater familias) 'n eenheid was.

Tradisioneel het 'n kraalgroep bestaan uit 'n verskeidenheid verwante kleiner gesinne-eenhede wat in dieselfde kraal (muti) woonagtig was. Vanweë patrilokale inwoning na die huwelik kom seuns hulle met hul vroue in die kraal van hulle vader vestig. So huisves die kraal mettertyd 'n groter gesinne-eenheid. Getroude sowel as ongetroude broers het soms saam in dieselfde kraal gewoon. Die kern van hierdie kraalgroep het gevvolglik bestaan uit 'n groep bloedverwante mans elk met 'n besondere status onder gesag van die kraalhoof, die nkulukumba wa muti. Die samestelling van so 'n kraal kan dan bestaan uit die kraalhoof met sy onderskeie vroue en

hulle kinders, sy getroude broers en seuns met hulle gesinne, naas ongetroude broers sowel as ongetroude seuns en dogters.

So 'n kraal is in die eerste instansie onderverdeel in verskillende mindyangu/maguma eenhede. Elke poliginis het vanweë sy verskillende vroue aldus verskillende mindyangu/maguma waarvan hy die hoof is. Hy is dus ook nkulukumba wa mindyangu/maguma. Vanweë die gesamentlike bewoning van die kraal deur verskillende getroude broers en getroude seuns met hul gesinne is daar in dieselfde kraal verskillende vakulukumba va mindyangu/maguma. Elkeen is hoof van sy eie mindyangu/maguma-eenheid. Al hierdie hoofde staan in 'n hiërargiese orde ooreenkomsdig hul genealogiese posisie onder gesag van die nkulukumba wa muti.

Hierdie lokale groep het tradisioneel as 'n groter gesinne-eenheid gefunksioneer. In die huidige tyd is die samestelling van die muti in so 'n mate gereduseer dat dit nie meer die grootste deel of die geheel van 'n groter gesinne-eenheid as samewonende eenheid omvat nie. (Vergelyk Hoofstuk III : D.4.)

Onder nuwe omstandighede en veral vanweë die afwesigheid van stamoorloë breek hierdie groot eenhede gewoonlik op en vind 'n mens dat selfs enkel gesinne of kleiner gesinne-eenhede hul afsonderlik gaan vestig – egter op so 'n wyse dat die geheel nog as 'n breë lokale groep beskou kan word en steeds die gesag van die mees senior persoon binne die eenheid erken wat as nkulukumba wa mindyangu of nkulukumba wa muti bekend staan.

Die verdeling van die oorspronklike kraal van elke poliginis in verskillende krale, elk afsonderlik onder die gesag van 'n eie kraalhoof bekend as nkulukumba wa muti, geskied in die praktyk op so 'n wyse dat 'n kralekompleks tot stand kom wat gewoonlik 'n lokale eenheid uitmaak en wat op grond van onderlinge sosiale bande 'n politieke sowel as administratiewe eenheid vorm. Hoewel die verdeling van die tradisionele kraaleenheid 'n verhoogde status aan elke hoof van 'n kleiner gesinne-eenheid (nkulukumba wa mindyangu/maguma) verleen, (hy is naamlik nou nkulukumba wa muti) funksioneer al

hierdie vakulukumba va miti steeds in hiérargiese orde volgens hul genealogiese posisie onder gesag van die nkulukumba wa miti/mindyangu.

Die benaming vir die groter gesinne-eenheid verskil by verskillende informante. 'n Uiteensetting van die term ndyangu (Tsonga) en die Zulu-ekwivalent guma sal by die bespreking van die kraal (muti) gegee word. 'n Mens kan hier slegs noem dat Cuenod (1967:121) die woord ndyangu onder ander vertaal as "family" terwyl Jacques (van Warmelo 1931:54) vermeld dat "ndyangu can denote both the larger family, brothers, their wifes and children, or the single household." Die Changana het vermoedelik in navolging van die Tsonga die Zulu term guma (mv. maguma) wat in sy engere sin (vergelyk later) dieselfde betekenis het, gebruik om 'n groter gesinne-eenheid aan te dui. Die aanduiding van 'n groter gesinne-eenheid as miti ya ka ... (enkelvoud muti) is 'n algemene term by sommige informante. 'n Mens het die indruk gekry dat die benaming miti ya ka ... aangewend word deur diegene wat lede is van 'n groter gesinne-eenheid wat die resultaat is van die verdeling van die kraal van 'n monogamis waarin daar slegs een ndyangu/guma gehuisves was terwyl die kraal van 'n poliginis in verskillende mindyangu/maguma-eenhede opbreek. Ten einde verwarring met die onderverdeling binne die muti in verskillende mindyangu/maguma-eenhede te verhoed, sal die groter gesinne-eenheid hiermaas as miti ya ka ... aangedui word.

Die proses van kraalverdeling volg oor die algemeen geen vaste patroon nie en word deur geen spesifieke terminologie gekenmerk nie. Dit is geen eenmalige proses nie maar vind as 'n deurlopende versplinteringsproses plaas soos mindere eenhede die een na die ander afskei. Omstandighede is gewoonlik van so 'n aard dat die verdeling nie ooreenkomsdig die senioriteit van die onderskeie seuns geskied nie. Die seuns wat eerste volwassenheid bereik, trou eerste en kan dus voor hulle meerderes in status afskei. Waar poliginie beoefen word, sal 'n seun nie 'n eie kraal oprig alvorens sy eerste vrou 'n opleidingsperiode in die guma van sy moeder deurloop het en daar reeds kinders gebore is nie. Vanweë die toenemende uitbreiding van die kraal deur die sluiting van

daaropvolgende huwelike is dit wenslik dat 'n seun die kraal van sy vader verlaat alvorens hy 'n tweede huwelik aangaan. Dit geskied nie alleen vanweë die behoefté van 'n seun om 'n eie kraal op te rig nie maar gaan gewoonlik gepaard met die begeerte van sy vrou na 'n eie status en eie kookplek (guma) waar sy selfstandig kan optree. Hoewel informante aanvanklik beweer het dat die moeder saam met haar oudste seun (hosana) die kraal verlaat, is by nadere ondersoek gevind dat sodanige handeling slegs sal geskied wanneer die moeder reeds die re=produktiewe ouderdom verby is en indien daar geen minderjarige kinders sou wees wat van haar versorging afhanklik is nie. Dit is egter taboe vir 'n hoofvrou (nkosikazi) om die kraal van die nkulukumba wa muti te verlaat alvorens hy te sterwe kom. Hierdie reël word so streng toegepas dat daar 'n ver=pligting op die hosana rus om 'n hut (yindlu) by die guma van sy moeder (nkosikazi) op te rig waarin een van sy junior vroue geplaas kan word ten einde sy moeder as sy bejaard word, te help versorg. Die afsplinteringsaksie gaan nie noodwendig gepaard met 'n begeerte van jong getroudes om weg te trek nie. Indien die kraalhoof sou bevind dat 'n besondere seun wat reeds volwassenheid bereik het, 'n nadelige invloed op sy minderes sou hê en/of aanleiding sou gee tot onderlinge twis binne die kraal, kan hy hom gelas om die kraal te verlaat en 'n eie kraal op te rig op daardie grond wat die kraalhoof sou aanwys.

Die oprigting van nuwe krale geskied gewoonlik ooreenkomsdig die ligging van die guma van die moeder van die afskeier binne die hoofkraal. So byvoorbeeld sal die kraal van die hosana van elke guma geleë wees teenoor die betrokke guma waarin hy gebore is en die van sy jonger broers in sy onmiddellike omgewing. Die proses van kraalverdeling kon=tinueer totdat slegs die jongste seuns binne elke guma, bekend as die xiguma-ndzeni, in die kraal agterbly. Namate ook hulle eie krale oprig, kan die onderskeie ou moeders die kraal verlaat, en hulle vestig in die krale van hulle onder=skeie oudste seuns terwyl slegs die nkulukumba wa muti met sy nkosikazi in die oorspronklike kraal aanbly. (Sou die kraal=hoof te sterwe kom alvorens die verdeling voltrek is maar reeds getroude seuns met eie krale nalaat, sal die oudste seun

van die hoofvrou vanuit sy kraal die gesag voer oor die kraal van sy oorlede vader totdat die boedel beredder is. Vroue wat reeds die vrugbaarheidsleeftyd verby is, sal normaalweg, nadat daar finaal deur die familievergadering beslis is, met hul minderjarige kinders in 'n afsonderlike guma binne die kraal van hul oudste seun opgeneem word. Die ander vrouens sal normaalweg ooreenkomsdig die leviraatgebruik in afsonderlike maguma hervestig word, elkeen in die kraal van daardie broer van die gestorwe kraalhoof aan wie hul toegedeel word. Die oorspronklike kraal word na hierdie verdeling afgebrand.)

Die verdeling van een kraal in verskillende verwante kraaleenhede binne dieselfde lokaliteit lei tot die ontstaan van 'n afsonderlike sosiale eenheid, die samewonende groter gesinne-eenheid waarvan 'n deel van die lede bloedverwante is en die ander deur die huwelik bygekom het. By die Changana bestaan daar 'n duidelike onderskeid tussen hierdie eenheid en die linie-eenheid. Wanneer 'n vrou in die huwelik tree, doen sy afstand van haar band met die groter gesinne-eenheid van haar vader en word sy deel van die groter gesinne-eenheid van haar man. Sy bly egter steeds lid van die linie-eenheid waarin sy gebore is. Hierdie dubbele aanhorigheid plaas 'n vrou ondergeskik aan die gesagsbevoegdheid van twee instansies, enersyds aan die groter gesinne-eenheid van haar man en andersyds aan die linie-eenheid waarvan haar vader en sy self lede is. Die vrou is nie ondergeskik aan die gesagsinstansie van die linie-eenheid van haar man nie. Ondanks die feit dat dieselfde figure aan die hoof van die grotere gesinne-eenheid en die linie-eenheid van haar man mag staan, word die verband waardeur die vrou aan die gesagsfiguur ondergeskik is, duidelik onderskei. Aangeleenthede wat die vrou raak sal binne die gesagsbevoegdheid van die groter gesinne-eenheid besleg word maar nooit binne die linie van haar man nie. Linie-aangeleenthede het slegs betrekking op liniegenote.

Namate die getalle van 'n groter gesinne-eenheid toeneem moet daar 'n onderverdeling in nuwe kraaleenhede plaasvind. Nabye verwante groepeer hulle dan saam in nuwe afsonderlike groter gesinne-eenhede en laasgenoemde is dan die herkomspunt van nuwe linie-eenhede.

Die wyse waarop die groter gesinne-eenheid op sosiale, ekonomiese asook die politieke- en judisiële terreine funkioneer, word later (Hoofstukke IV en V) behandel. Dit is hier egter duidelik dat dit as sosiale eenheid 'n gesagsfunkisierung vertoon wat dit 'n afsonderlike sosio-politiese eenheid maak.

(4) Die kraal (muti)

Die huidige normale Changanakraal huisves nie meer soos in die verlede 'n gehele groter gesinne-eenheid nie. In sy kleinste vorm, vanweë die beoefening van monogamie, bestaan die kraaleenheid uit slegs 'n enkele gesin. By die mees volledige samestelling bestaan dit uit 'n poliginiese kleiner gesinne-eenheid wat in grootte wissel ooreenkomsdig die aantal vroue wat die kraalhoof getrou het.


Die Changanakraaluitleg volg geen vaste patroon nie. By sommige informante slaan die kraaluitleg in 'n hoë mate ooreen met die van die Tsonga terwyl by ander (hoofsaaklik die uit die mees senior sibbes binne die stamgebied) 'n na-lewenis van die Ngunipatroon te bespeur is. Hier teenoor ken informante ook die gebruik waarvolgens 'n kraalhoof (hoofsaaklik 'n belangrike persoon en by uitstek die kaptein) sy vroue in verskillende krale uitplaas, nie verspreid oor die stamgebied nie maar op sodanige wyse dat die kompleks wat so ontstaan steeds 'n lokale eenheid uitmaak. Hierdie gebruik kan moontlik toegeskryf word aan die algemene beskikbaarheid van 'n groot hoeveelheid Tsongavroue, wat almal tydens oorloë uit die oorwonne Tsongageledere weggevoer is en vir wie geen lobolo gelewer is nie.

Die beste voorbeeld (ook die laaste in die geskiedenis) van 'n verdeling van vroue in verskillende krale was in Maandlakazi, die kraalekompleks van opperhoof Ngunghunyana, wat in 1896 deur die Portugese afgelê is.

Liengme (1901:99 e.v. asook 1905:300 e.v.) gee die volgende uiteensetting van die kompleks: "Mandlakazi bestaan uit 'n aantal krale (informante tel ongeveer 20 verskillende krale, elk met 'n eie naam binne die grottere Mandlakazi) wat in 'n groot sirkel (radius van ongeveer 1

kilometer) rondom 'n oop plein, bekend as die chibandla gerangskik is. Die hele kompleks word deur 'n geslote "heilige" takomheining, bekend as hlambelo omring. Tussen die chibandla en die verskillende miti is 'n verskeidenheid beeskrale geleë waarin die beeste saans gejaag word. Die privaat ingang na die persoonlike kraal van Ngungunyana (twaalfuur posisie agter die beeskraal J.H.) is by wyse van drie gange verbind met die chibandla, elk is voorsien met smal deure wat gesluit kan word. In die middelste gang wat dan ook die hoofingang is, is 'n hut vir die bewakers van die eenheid opgerig terwyl die linkerkantste ingang toegang tot die kraal van die kapteinsmoeder en haar verskeidenheid bediendes verleen (ook op twaalfuur posisie J.H.) en direk agter die kraal van Ngungunyana geleë is. Elk van hierdie eenhede word omsluit deur 'n takheining. Links (tienuur posisie J.H.) en regs (tweeuur posisie J.H.) agter die kraal van die kapteinsmoeder is twee afsonderlike eenhede opgerig waarbinne verskeie tinduna gehuisves word. In die middel van die hoofkraal is 'n groot ontvangshut (ndhandhla), voor sien van twee ingange, een vir mans en een vir vroue, opgerig. Die hutte van die onderskeie vroue is simmetries in verskil lende krale elk met 'n eie naam, gegroepeer en vorm 'n sirkel buite om eersgenoemde krale. (Informante beweer op só 'n wyse dat hul aan weerskante van die xigodlo, die kraal van die nkosikazi en haar geaffilieerde vroue (twaalfuur posisie geleë is J.H.) Op hierdie wyse vertoon Mandlakazi 'n sirkel vormige eenheid van krale waarbinne 500 - 600 hutte tel, elk verbind met smal paadjies met 'n groot ingang naas die hoof ingang vir die leer. Tydens belangrike ceremonies word skuilings van takke en gras, die sogenaamde metchatcha buite om die eenheid opgerig" (Liengme 1901:99 e.v.). Nadat Mandlakazi afgebrand is en die Changana hulle in die Laeveld gevvestig het, is vier van hierdie krale te wete Nteza, Uduengu, Khavinaya en Ziphosiye vir die oorblywende vroue van Nghunghunyana wat reeds die vrugbaarheidsleeftyd verby was, opgerig terwyl die res ooreenkomsdig die leviraatgebruik in ander krale opgencem is. Sedertdien het geen soortgelike uitplasing van vroue in verskillende krale in die stam gebied voorgekom nie.

TABEL 6 : DIE CHANGANA C KRAALUITLEG



- 1 = Yindlu ya nsati lonkulu/Hut van die hoofvrou
- 2 = Yindlu ya nsati wa vumbirhi/Hut van die tweede vrou
- 3 = Yindlu ya nsati wa vunharhu/Hut van die derde vrou
- 5 + 6 = Geaffilieerde hutte tot hut nr. 3
- 7 + 8 = Tinhlantswa (stutvroue) van die hoofvrou
- 9 = Hut van die kraalhoof
- 10 = Lawu ra maCjaha/Hut van die seuns
- 11 = Nhanga ya ntombi/Hut van die dogters
- 12 = Xibaya/Beeskraal
- 13 = Ingang tot die beeskraal
- 14 = Hoofingang tot die kraal
- 15 = Ntuba/Uitgang na lande
- 16 = Huvo
- 17 = Bandla

Die Changanakraal waarbinne 'n poliginiese kleiner gesinnc-eenheid gehuisves word en waarbinne die senioriteitsbeginsel 'n belangrike rol speel, vertoon vandag 'n universele patroon oor die hele stamgebied. Die kraal is sirkelvormig met 'n takomheining (ndzilekano/rihlampfu) waarbinne die beeskraal (xibaya/tshanga) in die middel ingerig is met 'n soortgelyke maar steviger omheining (nr.12). Twee ingange (nrs. 14 en 15 op diagram) verleen toegang tot die kraal. Nr.14, die sango, is die hoofingang tot die kraal terwyl nr.15, die ntumba, as uitgang vir die vroue na hul onderskeie landerye gebruik word. Die landerye (ndzimo) is gewoonlik ten weste van die kraal geleë terwyl die weiveld (madyelo) oos daarvan geleë is. Die oop plein wat tussen die hoofingang en die ingang tot die beeskraal lê, staan as die hovo (nr.16 op diagram) bekend en word as algemene bymekaarkomplek vir mans sowel as vroue gebruik terwyl dit ook as speelplek vir die kinders dier. Die bandla (nr.17) is net links (seweuur posisie) van die hoofingang tot die kraal geleë en word soms met 'n takheining afgesonder. Die bandla is die vergaderplek van die mans. Geen vrou mag dit betree nie behalwe tydens maaltye wanneer die voedsel van die man daarheen gemaak word. Hierdie bandla moet egter nie verwarring word met die begrip bandla wat na 'n hofsitting of 'n raad verwys nie. Die bandla in die muti dien ook nie as die setel van die hof van die nkulukumba wa muti nie. Dit hoef ook nie noodwendig binne die kraal geleë te wees nie. Tydens onderhoude het ons selfs onder 'n boom net buite die ingang tot die kraal stelling ingeneem wat gewoonlik dan ook as bandla van die kraalhoof gebruik word. Tussen die heinings van die kraal en die beeskraal is die onderskeie hutte (yindlu my. tiyindlu) geleë. Vanaf die hoofingang gesien, is die eerste hutte links en regs van die ingang geleë. Links van die hoofingang in die agtuur posisie is die lawu ra macjaha (nr.10) die slaapkwartier van die minderjarige seuns in die kraal. Regs van die hoofingang in die vieruur posisie is die nhanga ya ntombi (nr.11) waarin die jong dogters van die kraal gehuisves word. By sommige krale is die laasgenoemde hut in die omgewing van die ntumba geleë en aldus in 'n hoe mate afgesonder van die lawu ra macjaha. Hütte nrs. 1 - 8 huisves die onderskeie

vroue van die kraalhoof terwyl sy persoonlike hut (nr.9) tussen die heining van die beeskraal en die van die hoofvrou geleë is. In sommige gevalle is dit direk agter die hut van die hoofvrou geplaas.

Die getal vroue van 'n kraalhoof bepaal die verdere uitleg van die kraal. Die plasing van die onderskeie vroue volg normaalweg geen vaste patroon nie terwyl die rangorde van die vroue (behalwe by die Nxumalosibbe) normaalweg streng ooreenkomsdig die volgorde waarin die vroue getrou is, gereel word.

Vanweë bogenoemde variasie is die diagram so opgestel dat al die verskillende variasie-moontlikhede geïllustreer kan word. Die mees algemene patroon binne die stamgebied slaan in 'n hoë mate ooreen met die kraaluitleg van die Tsonga. Hiervolgens is die eerste vrou met wie 'n man 'n huwelik aangaan, die hoofvrou (nkosikazi). Nadat die vrou 'n opleidingsperiode van ongeveer een jaar deurloop het, verlaat die jonggetroude paar die kraal van die vader en rig 'n nuwe kraal op. Daarin word slegs een hut vir man en vrou gebou. Die plasing is op die twaalfuur posisie (nr.1 op diagram). Die hut is bekend as yindlu ya nsati lonkulu. Regs van die ingang tot die hut word 'n afsonderlike kookplek van riet gebou. Dit is die ndyangu (mv. mindyangu), afgelui van die woord nhlangu (riet). Sou die vrou onvrugbaar wees, is dit die plig van haar familie om 'n jonger suster coreenkomstig die sororatetbruik as nhlantswa te lewer. (-hlantswa = om te was.) Hoewel sy geen afsonderlike status in die hiërargie van vroue kry nie word daar nogtans 'n afsonderlike hut (nr.7 op diagram) vir die nhlantswa opgerig. Sy het egter geen ndyangu van haar eie nie. By bereiking van hoë ouderdom mag die nkosikazi 'n verdere nhlantswa aanvra (gewoonlik die dogter van 'n broer) ten einde haar dagtaak te verlig. 'n Afsonderlike hut (nr.8 op diagram) word vir die nhlantswa opgerig. Ook sy kook egter in die ndyangu van die nkosikazi. Die hutte van die stutvroue van die hoofvrou geld as verlengstukke van die hoofvrou se hut. Alle kinders wat uit hierdie ndyangu gebore word, is die kinders van die nkosikazi. Die oudste seun staan bekend as hosana en is die mudyandzhaka (erfopvolger)

van die nkulukumba wa muti. (Hierdie eenheid kan tydelik aangevul word deur die oprigting van addisionele hutte daar=naas wanneer die onderskeie seuns van die nkosikazi trou en hul eerste vroue 'n opleidingsperiode onder leiding van die nkosikazi binne haar ndyangu moet deurloop.) Die ndyangu wa nkosikazi kan op hierdie wyse uit verskeie hutte bestaan. Die inwoners van hierdie eenheid is, vanweë die status van die hoofvrou, die schniores binne dic kraal en by uitstek die eenheid wat verantwoordelik is vir die lewering van die mudyandzhaka.

By die sluiting van verdere huwelike, word vir die onderskeie vroue wat getrou word, afsonderlike hutte deur die nkulukumba wa muti opgerig. Hoewel elke vrou so oor 'n eie hut beskik, kry sy geen eie ndyangu eer sy nie 'n oplidings=periode aan die ndyangu van die nkosikazi deurloop en kinders gelewer het nie. Soos vermeld is, verkry elke vrou 'n statusposisie ooreenkomsdig die orde waarin sy getrou is. Vir die tweede vrou wat deur die kraalhoof getrou word, word 'n hut (nr.2 op diagram) gewoonlik links van die hoofhut, gesien vanaf die hoofgang in die tienuur posisie opgerig. Dit staan bekend as die yindlu ya nsati wa vumbirhi (hut van die tweede vrou), soms ook genoem yindlu ya nsati lontsongo (hut van die "kleinvrou"). Sororale aanvulling (soos vir alle vroue) is ook hier van toepassing sodat daar ook by hierdie vrou se ndyangu meerdere vroue kan kook. Indien die nkosi=kazi en haar stutvroue geen seun lewer nie, sal die oudste seun van hierdie ndyangu ooreenkomsdig die erf- en opvolgings=reg, die mudyandzhaka wa muti word. Die hut van die vrou wat derde getrou word, bekend as yindlu ya nsati wa vunharhu (hut van die derde vrou) word regs van die hoofhut opgerig in die tweeuur posisie. Die ndyangu wat so gevorm word, is derde in rang. Alle ndyangu vir vroue wat hierna getrou word, sal gewoonlik in alternatiewe orde links en regs in die kraal geplaas word. (Vergelyk nrs.4 en 5 op diagram.)

By die Nxumalosibbe en sommige afkomsgroepe wat hulle steeds op hulle NdwandweCherkoms beroem, vind 'n mens basies dieselfde plasingswyse wat hierbo uiteengesit is, met enkele wysigings. Die ndyangu-begrip is deur hul oorgeneem maar

word met die Zuluterm guma (*mv. maguma*) aangedui. Doke en Vilakazi (1948) verklaar die term as: "a wind-screen erected of reeds .... before the entrance to a hut." Net soos die ndyangu word die guma ook as kookplek gebruik.

Die samestelling van die guma-eenheid kan egter van die ndyangu-eenheid verskil. Dit is moontlik dat die verskil toegeskryf kan word aan die aanwending van hutgoedere om verdere vrouens te trou al dan nie. Volgens Junod (1927, I:319) bestaan daar geen hutgoedere by die Tsongakraal nie. (Die informante by die Changana het dit ook ten opsigte van die Changana beweer.) In die kraal word slegs algemene kraalgoedere aangetref waарoor die nkulukumba wa muti die besikingsreg het. Die situasie by die Nxumalosibbe en andere verskil hier van die Tsonga. Benewens kraalgoedere is daar ook hutgoedere wat aan die hut van elke vrouw toegeken word. Trougoedere wat vir 'n dogter uit 'n spesifieke guma ontvang word, behoort ook as hutgoedere aan die guma van haar moeder. Wanneer daar nou deur die kraalhoof 'n verdere vrouw getrou word met beeste wat deur 'n bepaalde guma gelewer word, word die nuwe vrouw tot daardie guma toegevoeg en word ondergeskik aan die senior vrouw van die spesifieke guma. Hierdie gebruik gee aanleiding tot die ontstaan van verskillende maguma (afdelings) binne die kraal. Dit is egter belangrik om te onthou dat die rangorde van vroue wat so getrou word, nie deur hulle verbondenheid aan 'n besondere guma aangetas word nie. Elke vrouw het rang ooreenkomsdig die orde waarin sy getrou is. Dit bepaal die status van haar kinders. Waar sy woon in die kraal kan deur die herkoms van die beeste waarmee sy getrou is, bepaal word.

Die opvolgingspatroon by die Nxumalosibbe, waarbinne die kapteinskap ook gesetel is, verskil van die res van die Changana. Die vrouw wat by lede van die sibbe eerste getrou word, is nie noodwendig die hoofvrouw nie. Die eerste vrouw wat 'n jongman trou, staan as nsati wa le lawini bekend. Hoewel sy die persoonlike keuse van die jong man is, word sy nie as die hoofvrouw gereken nie. Eers die tweede vrouw met wie die jong man normaalweg trou wanneer hy reeds sy eie kraal begin het, word sy hoofvrouw (nkosikazi). Die hut van die

lawini-vrou, soos sy algemeen bekend staan, word in die kraal opgerig asof sy tweede in rang is en links van die hut van die hoofvrouw geplaas (nr.2 op diagram). Die lawini-vrou beklee inderdaad die tweede plek in die hiërargie van vroue in die kraal met die uitsondering dat haar oudste seun nie die mudyandzhaka wa muti kan word nie en slegs die goedere wat aan daardie guma toebedeel is, sal crf. Indien die kraalhoof slegs twee vroue sou hê en die nkosikazi geen seuns het nie, verander die situasie en is sodanige erfopvolging volgens die informante wel moontlik. Sou daar 'n derde vrouw getrou word en 'n nuwe guma so tot stand kom, geld daardie vrouw as derde in rang maar haar oudste seun kan die mudyandzhaka wa muti word indien die nkosikazi geen seuns het nie.

Vanweë die miskenning van die status van 'n lawini-vrou as die vrouw wat eerste getrou is, en die feit dat haar seuns, ondanks die feit dat sy die vrouw met tweede rang word, nooit kan opvolg nie, is dit normaal dat die verhouding tussen haar en die nkosikazi en tussen haar kinders en die van ander vroue gestrem sal wees. Dit gebeur daarom dikwels dat die nkulukumba wa muti 'n afsonderlike guma buite sy kraal vir die lawini-vrouw oprig selfs voordat haar seuns volwassenheid bereik het. Uiteindelik kan hierdie nuwe eenheid tot 'n volwaardige kraal uitgroei waarvan die oudste seun van die lawini-vrouw die kraalhoof sal word. Hy bly egter ondergeskik aan die gesag van sy vader.

Die sluiting van 'n sogenaamde lawini-huwelik by lede van die Nxumalosibbe kan vermoedelik herlei word uit die vereiste wat aan 'n toekomstige kaptein gestel word. Voordat hy ingehuldig word, moet hy getroud wees. Hierdie eerste vrouw sal egter nooit die nsati wa tiko word nie. Laasgenoemde is gewoonlik die tweede vrouw van 'n kaptein en kan selfs later getrou word. Alle vroue wat deur 'n kapteinseun getroud is voordat hy ingehuldig is, word beskou as vasati va le lawini. Hierdie reëling is egter nie van toepassing op 'n kapteinseun vir wie reeds voor sy inhuldiging 'n nkosikazi deur sy vader en die vana va hosi getroud is nie. Die vereiste dat daar 'n huwelik met 'n nsati wa le lawini moet bestaan voor 'n kaptein ingehuldig kan word, of sy hoofvrouw vir hom

getrou kan word, is in die praktyk so streng toegepas dat daar selfs aan Buyisonto na hy by die Changana in 1922 teruggekom het en toe reeds as ongetroude ongeveer 45 jaar oud was, die vereiste gestel is om 'n nsati wa le lawini te trou alvorens hy as kaptein aangestel en ingehuldig kon word.

Opsommenderwys kan 'n mens dus sê dat die begrippe guma en ndyangu as sinonieme beskou kan word in daardie gevalle waar die terme na dieselfde eenheid verwys, dit is 'n hutenheid waarby daar geen geaffilieerde vroue toegevoeg is nie. Sou daar wel vroue tot 'n besondere guma toegevoeg word (vergelyk nrs.3, 5 en 6 op diagram) verander die samestelling van die guma en is dit gevvolglik nie identies aan die ndyangu-begrip nie. Dit moet egter onthou word dat die werklike status van die senior vrou in die guma en van elke vrou wat daaraan toegevoeg word, omdat die trougoedere uit die hut kom streng volgens die orde waarin alle vroue getrou is, bepaal word. Volgens hierdie orde besit die verskillende groepe kinders ook status, die een teenoor die ander.

Die terme guma en ndyangu word ook gebruik om 'n groter gesinne-eenheid aan te dui. Om verwarring te voorkom word hierdie terme egter nie gebruik wanneer daar na hierdie eenheid verwys word nie.

Die kraalgroep vorm 'n hegte eenheid waarin die senioriteitsbeginsel deurslaggewend is. Die vader en sy seuns sowel as die ongetroude dogters wat daarin teenwoordig is, is direkte bloedverwante terwyl die vroue wat deur die huwelik bykom volgens hierdie orde van senioriteit tot mekaar gerangskik staan onder die gesag van die nkulukumba wa muti. As geordende en samewonende eenheid waarbinne verpligtinge en gedragskodes nageleef moet word, funksioneer die muti nie alleen as 'n lokale sosiale eenheid nie, maar ook op godsdiens-tige, ekonomiese, politieke en judisiële terrein.

Die nkulukumba wa muti is nie alleen grondlegger en hoof van die eenheid nie, maar as vader en mees senior man binne die eenheid, beskik hy oor die gesag om die onderlinge pligte en verpligtinge asook die bepaalde gedragsreëls binne die eenheid te orden. Hoewel hy nie sy besluite absolut

kan afdwing nie, beskik hy oor die gesag om familiesake te verhoor, onderlinge geskille by te lê, die vrede te handhaaf, ensovoorts. Tradisioneel het die nkulukumba wa muti ook oor die bevoegdheid beskik om grond aan sy onderskeie seuns toe te ken. In die huidige tyd is die goedkeuring van die wykshoof hiervoor nodig, hoewel die toekenning van landerye aan sy onderskeie vroue steeds by die kraalhoof berus. As sodanig kan die muti as die kleinste eenheid van die judisiële en politieke organisasie binne die stam beskou word ondanks die feit dat dit slegs 'n afsonderlike sosio-politiese eenheid is.

E. SAMEVATTING

Daar is gevind dat daar by die Changana 'n sentrale ordende politieke gesag in die vorm van die kaptein-in-rade bestaan en dat laasgenoemde gesag voer oor 'n stamgebied (tiko ra hosi) en oor stamonderdane (vanhu va hosi).

Die huidige Changanastamgebied het op 'n onnatuurlike wyse sy beslag gekry en as die jurisdiksiegebied van die kaptein-in-rade is dit tans veel kleiner as die totale gebied wat vroeër deur die Changana as stamgebied aanvaar is. In werklikheid het dit tot stand gekom as gevolg van lojaliteit aan die stamgesag sodat die stam ondanks sy heterogene samestelling 'n duidelik-onderskeibare sosiale eenheid vorm; die stamlede erken almal die gesag van die kaptein-in-rade as soewereine gesag.

Binne die totale stamgebied, bestaan daar tans 'n verskeidenheid stamwyke (miganga) wat elk 'n duidelik geografies afgebakende geheel vorm. Elke sodanige stamwyk staan onder die gesag van 'n hoofman (ndhuna), bygestaan deur verskillende raadgewende instellinge. Hy ontvang sy reg tot gesagsuitoefening van die kaptein as hoogste politieke gesag binne die stam. Die verskillende stamwyke is die kleinste polities-administratiewe eenhede binne die stamgebied en toon dus geen interne polities-administratiewe onderverdeling nie. Hoewel hierdie stamwyke vroeër in 'n bepaalde senioriteitsrangorde tot mekaar gestaan het op grond van hulle geografiese ligging met betrekking tot die wyk waarin die kaptein woonagtig was,

kon daar tydens die ondersoek vasgestel word dat hierdie rangorde vandag nie meer van betekenis is nie. Slegs die senioriteit van die wyk waarin die kaptein woonagtig is, word nog bewustelik erken.

Daar bestaan in die huidige tyd vyftien volwaardige stamwyke binne die amptelik-erkende stamgebied en een daarbuite. Elkeen van hierdie wyke het 'n eie naam. As gevolg van historiese faktore korrespondeer die grense van elke stamwyk vandag met die van die plaas waarop dit gevestig is en is dus in werklikheid veel kleiner as die gebied wat oorspronklik deur die kaptein erken is. Die oorspronklike stamgebied het ook verklein as gevolg van die verlies van gebiede waarin daar vroeër erkende stamwyke gefunksioneer het. Die Bantedorp Thulamahashe wat in werklikheid oor verskillende stamwyke heen sny, funksioneer nie as 'n afsonderlike stamwyk nie.

Binne die stam as sosiale eenheid bestaan daar verskillende kleiner sosiale eenhede in die vorm van kraaleenhede, groter gesinne-eenhede en afkomslinies. Met die uitsondering van laasgenoemde wat dwarsoor die wyksverband kan sny, funksioneer al hierdie eenhede as soveel afsonderlike eenhede binne wyksverband. Dit vorm egter nie onderafdelings van die wyk as polities-administratiewe eenheid nie. Dit kan as sosio-politiese eenhede getypeer word vanweë die gesagsfunkcionering en beheer wat ter ordening van elke afsonderlike eenheid binne die groter politieke organisasie van die stam uitgeoefen word. Gesagsbevoegdheid binne hierdie eenhede berus suwer op die senioriteitstatus van die gesagspersone en nie op delegering van gesag deur die kaptein nie.

Daar bestaan binne die Changanastam 'n aantal patrieliëre, eksogamiese, eponieme linie-eenhede wat gewoonlik as masende bekend staan en wat in hiërargiese orde tot mekaar gerangskik is. Elke linie sluit manlike en vroulike individue in wat hulle verwantskap oor drie na vyf generasies na 'n gemeenskaplike en bekende voorvader kan terugvoer. Die gesagvoerder oor die linie-eenhed is die mees senior lewende manlike persoon binne daardie eenheid en word gewoonlik met die benaming umnumzana wa usende aangedui. Hierdie liniehoof word in die uitvoering van sy pligte bygestaan deur 'n raad

wat saamgestel is uit sy senior manlike linieverwante.

Die totstandkoming van 'n nuwe linie is gewoonlik nie die resultaat van 'n bewustelike handeling nie maar in werklikheid die logiese gevolg van die voortdurende segmentering van kraaleenhede en die geleidelike toename in getalle.

Die groter gesinne-eenheid bestaan tans, veral as gevolg van die afwesigheid van stamoorloë uit 'n kern van verwante mans wat in verskillende kraale in dieselfde omgewing woonagtig is sowel as hulle vroue en ongetroude dogters. So 'n eenheid staan onder die gesag van die mees senior manlike lid daarvan wat as nkulukumba wa miti bekend staan. Laasgenoemde word in die uitvoering van sy pligte bygestaan deur die verskillende kraalhoofde binne die eenheid. Laasgenoemde staan in 'n hiërargiese orde ooreenkomsdig hulle genealogiese posisie onder die gesag van die nkulukumba wa miti. In die verlede het lede van dieselfde groter gesinne-eenheid egter dieselfde kraal bewoon.

Die Changana onderskei duidelik tussen die groter gesinne-eenheid en die linie-eenheid. Enige Changana vrou bly onder alle omstandighede 'n lid van die linie-eenheid waarin sy gebore is en bly aan hierdie eenheid verantwoording ver skuldig. Wanneer sy in die huwelik tree, word sy wel in die groter gesinne-eenheid van haar man gefinkorporeer maar val nie onder die gesag van die linie-eenheid van haar man nie; sy bly lid van haar eie linie-eenheid. Die Changana onderskei gevvolglik baie duidelik tussen hierdie twee eenhede.

Dit is duidelik dat die groter gesinne-eenheid as 'n afsonderlike sosio-politiese eenheid onderskei moet word aangesien dit as sosiale eenheid 'n onderskeibare gesagsinstansie vertoon.

Die kraaleenhed wat onder die Changana as muti bekend staan, is die kleinste sosiale eenheid binne die stam. In gevalle waar monogamie beoefen word huisves so 'n muti 'n man, sy vrou en hul ongetroude kinders. Indien poliginie egter beoefen word, sluit die muti 'n kleiner gesinne-eenheid in. In elke geval is die gesagvoerder van die muti by implikasie die vader, dit wil sê die kraalhoof. Hy staan bekend as

nkulukumba wa muti.

Alle krale word op dieselfde patroon uitgelê. Dit is sirkelvormig met 'n takomheining en 'n omheinde beeskraal in die middel. In 'n poliginiese kraaluitleg word die hut van die hoofvrou reg teenoor die ingang in die twaalfuur posisie opgerig, terwyl die posisie van die hutte van mindere vroue in die kraal die volgorde waarin hulle getrou is, aandui.

Behalwe in die geval van die Nxumalosibbe is die eerste vrou met wie 'n man trou sy hoofvrou. By die Nxumalo-sibbe trou 'n man eers 'n hoofvrou nadat hy sy sogenaamde lawini-vrou getrou het. Die hoofvrou staan in albei gevalle bekend as nkosikazi en op haar rus die verpligting om vir die kraalhoof 'n manlike opvolger te lewer. Die status van alle mindere vroue word bepaal deur die orde waarin hulle getrou is. Hierdie status word ook op hulle kinders geprojekteer.

As samestellende eenhede van die groter gesinne-eenheid vorm elke muti 'n onderskeibare sosio-politiese eenheid en is as sodanig dus ook die kleinste sosiale eenheid binne die stam wat van politieke betekenis is.

## HOOFSTUK IV

### DIE STAMREGERING

Die stamregering by die Changana kan verdeel word in 'n sentrale regering waar die kaptein-in-rade as hoogste politieke gesag oor die stam regeer en verskeie plaaslike regeringsinstansies wat aan die sentrale regering onderskeid word. Die funksionering van plaaslike regeringsinstansies naas die sentrale regering moet toegeskryf word aan die dezentralisasie van gesag waarvolgens die stamgebied in verskillende administratiewe eenhede verdeel is, elk onder die gesag van 'n ndhuna-in-rade wat namens die kaptein-in-rade die gesag voer. By 'n bespreking van die stamregering sal 'n mens dus onderskeid moet maak tussen die sentrale regering waarbinne die kaptein en sy verskillende raadgewende instansies plek het en die plaaslike regering van die verschillende ti=  
ndhuna-in-rade. Binne die laasgenoemde gewestelike administratiewe eenhede sal daar ook aandag gegee moet word aan die gesagsuitoefening in die verschillende sosio-politiese eenhede.

#### A. DIE SENTRALE REGERING

##### (1) Algemeen

Die bestaan en erkenning van 'n ordenende gesag is een van die basiese kenmerke van elke politieke eenheid. Volgens Coertze (1964:153) kan hierdie gesag uitgeoefen word deur "'n enkele leier, verskillende leidsmanne of selfs 'n instelling soos 'n raad".

Die Changanastam funksioneer inderdaad as 'n afsonderlike politieke eenheid binne 'n eie besondere gebied waarbinne die stam die gesaginstansie wat oor hul gevestig is, erken. Die hoogste politieke gesag oor hierdie stam en die gebied wat deur hul bewoon word<sup>+</sup> is net soos by alle Suid-Bantoevolke

---

<sup>+</sup> Hoewel die Changana beweer: "die kapteinskap oorskry nie die rivier (grens) nie" — Vuhosi a byi peli nambu, menende: Matimba ya hosi a ma tirhi handle ka tiko ra yona (die gesag van die kaptein strek nie buite die stamgebied nie), voer die Changanakaptein-in-rade vandag nogtans gesag oor lede van die stam wat op omliggende Blanke plase buite die stamgebied woonagtig is en nie onder die jurisdiksie van 'n ander kaptein ressorteer nie. Hierdeur word stamsolidariteit ten spyte van verstrooiing nog in 'n mate in stand gehou.

gesetel in die kaptein-in-rade, wat oor wetgewende sowel as uitvoerende bevoegdheid beskik. Die kwalifikasie "in-rade" impliseer dat die kaptein ten spyte van sy erflike posisie slegs in oorleg met verskillende rade elk met 'n bepaalde funksie, die stam kan regeer en dat die kaptein nie oor diktatoriale bevoegdhede beskik nie. Vandaar die Changana spreekwoorde: "Hosi i hosi hi vanhu-" die kaptein is kaptein deur sy mense (letterlik) en Vuhosi ku hava handle ka malandza- geen gesag kan bestaan sonder die toestemming van die stam nie." Vanweë sy hooggeborenheid geniet die kaptein nogtans die status en agting van 'n politieke leier.

2. Die kaptein (hosi)

(a) Algemeen

Soos vermeld is, is die Changanastam as sosiale eenheid opgebou uit verskillende sibbes wat in 'n hiërargiese orde tot mekaar gerangskik staan. Die mees senior sibbe binne die Changanastam is die Nxumalosibbe wat op grond van die erkenning van hulle sosiale senioriteit die kerngroep binne stamgeledere uitmaak en as sodanig verantwoordelik is vir die interne ordening, by wyse van politieke gesagsuitoefening, oor die stam. Die Nxumalosibbe het hierdie posisie hoofsaaklik aan historiese gebeure te danke. Hoewel van senior afkoms binne die voormalige Ndwandwegeledere word hulle senioriteit direk verbind met die militêre prestasies, oorheersing en onderwerping van Tsonga- en Shonagroepe deur Sochangana Nxumalo en sy volgelinge. Hierdie optrede van Sochangana het nie alleen die onderwerping en inlywing van "vreemde" sibbes ten gevolg gehad nie, maar ook direk aanleiding gegee tot die aansluiting, inskakeling en onderwerping van talle Nguni-afkomsgroepe uit Zululand en Natal, aan die gesag van die Nxumalokern. Hierdie vertroue in en onderdanighed aan die besondere afkomsgroep het dan ook in die huidige tyd in 'n hoë mate bygedra tot die kontinuering van die bestaande politieke gesag binne 'n nuwe geo-politieke verband (vergelyk Hoofstuk III).

Op grond van die senioriteitsbeginsel en ten gevolge van organiese groei word elke sibbe weer onderverdeelbaar in

verskeie patrilineies (masende) wat ook in 'n hiërargiese orde tot mekaar gerangskik is. Die mees senior linie binne die senior sibbe in die stamgebied is so van uitnemende belang. Dit verteenwoordig nie alleen die mees senior afkomsgroep binne die stam nie, maar is inderdaad die linie-eenheid van die regerende familie en is dus van groot politieke betekenis. Hierdie afkomslyn voorsien nie alleen die stamhoof nie, maar die kern daarvan funksioneer ook indirek as regerende eenheid. Die stamhoof is verteenwoordiger van hierdie linie en is vir sy optrede verantwoording verskuldig aan die linie-eenheid wat op hul beurt 'n morele plig teenoor die stam het om kontrole oor die optrede van die kaptein uit te oefen. Ooreenkommstig die erf- en opvolgingsreg van die Changana is die stamhoof (kaptein) gewoonlik die mees senior manlike lid van hierdie linie. Sy posisie as sentrale gesagsfiguur in die stam berus op sy afkoms deur geboorte binne die regerende linie en word erflik na sy opvolger oorgedra.

(b) Verkryging van posisie

By die Suid-Bantoe en ook die Changana geskied die opvolging in die kapteinskap ooreenkommstig die heersende opvolgingsreëls binne die stam. Dikwels word vermeld: "Die kaptein is kaptein deur geboorte - vuhosi byo velekeriwa." Die logiese afleiding waartoe mens geraak, is dat opvolging in die kapteinskap outomaties die reg is van die mees senior persoon naas die kaptein binne die kerngroep van die stam, by name die oudste seun van die hoofvrou van die kaptein. Hoewel die praktyk gewoonlik hierdie beginsel bevestig, geskied sodanige opvolging geensins outomaties nie. Die senioriteitsbeginsel word inderdaad as 'n primêre vereiste gestel en is meesal deurslaggewend, maar opvolging geskied slegs na deeglike oorweging en ruggespraak tussen die lede van die regerende afkomslyn (vana va hosi) wat die aanwysing van 'n opvolger gewoonlik formeel bekragtig. Vanuit die reëls van die Changana-opvolgingsreg sal die huidige situasie sowel as die verkryging van die kapteinskap in die verlede, in oënskou geneem word.

(i) Erfopvolging

Die status van stamhoof (kaptein) is erflik. Vandaar die Changanagesegde: "Die kaptein is kaptein deur geboorte." Soos vermeld is die kaptein gewoonlik die hoof van die kerngroep binne die stam en is as sodanig die mees senior persoon op sosiale terrein. Die kaptein kan beskou word as die vader van die stam. In hierdie posisie word die kaptein na sy afsterwe gewoonlik opgevolg deur die mees senior manspersoon binne die kerngroep, d.i. deur die oudste seun van sy hoofvrouw.

Die patriliniêre opvolging in die kapteinskap vereis dus ook dat die opvolger uit 'n besondere vrou van die kaptein - die stammoeder/vrou, nsati wa tiko, gebore word. Hierdie vrou is gewoonlik sy hoofvrouw en is by die Changana bekend as nkosikazi (mv. tinkosikazi). Vanweë die algemene neiging van die gewone stamlid om sy hoofvrouw ook as nkosikazi aan te duï en die hoë agting jeens die stamvrouw verkies informante om na haar as ndlovukazi, (Tsonga; ndlopfu - olifant) te verwys en om al haar mindere vroue in die meervoudsvorm te wete izindlovukazi (let op die Zulumeervoudsvorm) aan te duï.

Ten einde die status van die mees senior afkomslyn te handhaaf word die hoofvrouw van die kaptein op 'n besondere wyse aangewys: Dit is die gebruik dat die kaptein 'n dogter van 'n naburige of bevriende stamhoof as hoofvrouw sal neem maar dit is nie 'n absolute vereiste nie. Uit die geskiedenis weet ons dat Sochangana, Mawewe en Buyisonto kapteinsdogters as hoofvroue geneem het terwyl Muzila en Ngunghunyana ten einde hul posisie te beveilig wel met dogters uit die Amande-bele-kapteinshuis getrou het maar hul nie as hoofvrouw aange wys het nie. As dit nie moontlik is nie word daar gepoog om 'n vrouw van senior afkoms binne die stam as hoofvrouw te neem. Net soos by die aanwysing van 'n nuwe kaptein berus die plig om die stamvrouw aan te wys ook by die kapteinslinie (vana va hosi). Vanweë hul morele plig teenoor die stam dra hul ook die verantwoordelikheid om 'n stamvrouw aan te wys ooreenkomsdig die hoë eise waaraan sy moet voldoen. Geen spesifieke vrouw sal normaalweg deur die vana va hosi aange wys word nie maar wel 'n spesifieke linie, sibbe of kapteins-

huis waaruit die kaptein sy hoofvrou behoort te neem. Die kaptein het gevolglik die geringe keuse om sy hoofvrou uit die hubare vroue in 'n besondere aangewese eenheid te neem. Sy keuse is egter aan die finale goedkeuring van die vana va hosi onderhewig. Vanweë die besondere aandeel van die vana va hosi by die keuse van 'n hoofvrou vir die kaptein is dit ook hul plig om namens die stam die trougoedere te lewer. Anders as by sommige Suid-Bantoestamme dra die stam self normaalweg niks by tot die lewering van trougoedere vir die stamvrou nie. Ter illustrasie kan die geval van Buyisonto se huwelik voorgehou word. Tydens sy heraansluiting by die Changana in 1922 het hy oor geen vee beskik nie. Die vana va hosi het egter (sonder aantasting van die erfdeel van Buyisonto) die trougocdere aan die familie van Nkothase Mabunda gelewer.

Tradisioneel het 'n kaptein sy hoofvrou relatief laat getrou. Volgens Junod (1927, 1:369 e.v.) het die Changana in die verlede en ook die Tsonga onderskeidelik die volgende reëls gehuldig: "If his father is still living, the young man is not allowed to marry officially. He may certainly lobola ... and possibly some women may come and live with him ... but none of these women can be his official wife; they may bear him children, but these will be makohlwa, those who have no right to royalty; the young chief may not wed his official wife, she who is to become the mother of the heir to the throne, until after the death of his father." Hieruit blyk dit duidelik dat geen vrou wat deur 'n toekomstige kaptein voor die afsterwe van sy vader getrou is, sy hoofvrou sal wees nie. Die motivering vir hierdie gebruik is waarskynlik in die volgende vervat: "There is a saying, a precept of the royal code as follows: "Hosi a yi faneli ku bona ntukulu," a chief must never see his grandson, i.e. the one who will eventually succeed his son in the royal line. The Ba-Ngoni of Gungunyana (in Gaza) have the same custom; but with them things are arranged differently. The eldest son of the chief's principal wife, when at the requisite age for marriage, takes a wife and loses the right of succession; it is the youngest son, still young at the time of his fathers death, who inherits the throne, because he has no children of his

own" (Junod 1927, I:370). Informante is bewus daarvan dat hierdie gebruik in die verlede bestaan het en gee Junod hierin gelyk. Kaptein Mawewe is egter die laaste Changanakaptein wat ooreenkomsdig hierdie gebruik as kaptein aangewys is. Nadat sy ouer broer Muzila hom in 1862 verslaan het en die kapteinskap van die Changana oorgeneem het (vergelyk hoofstuk II), het Muzila ten einde sy eie posisie te regverdig, die opvolgingsreg met betrekking tot die orde waarin 'n hoofvrou getrou word, gewysig. Sedertdien lui dit as volg. Die eerste vrou wat deur 'n toekomstige kaptein in sy eie reg getrou word, is die sogenaamde lawini-vrou (vergelyk hoofstuk III). Vanweë sy gebrek aan lewenservaring sal hierdie vrou nooit sy hoofvrouw kan word nie maar sal tweede in die hiërargie van vroue geplaas word. Sodra hy 'n eie kraal oprig sal sy vader, na beraadslaging met die vana va hosi, vir hom 'n hoofvrouw trou. Haar status as hoofvrouw sal wanneer die jongman sy vader as kaptein opvolg bevestig word. Nadat hy as kaptein ingehuldig is, word sy dan die nsati wa tiko. Indien 'n toekomstige kaptein egter ongetroud sou wees met die afsterwe van sy vader word van hom vereis dat hy eers 'n lawini-vrou sal neem alvorens hy as kaptein ingehuldig kan word. Na sy inhuldiging as kaptein sal die vana va hosi 'n hoofvrouw vir hom trou. (Vergelyk die geskiedenis van Buyisonto.) Die goedkeuring van sy keuse deur die vana va hosi is noodsaaklik. Die huidige kaptein het reeds met vyf vroue sonder die goedkeuring van die vana va hosi getrou. Geeneen van hierdie vroue word vandag as hoofvrouw gereken nie - die moet nog getrou word ooreenkomsdig die wense en goedkeuring van die betrokke familieraad.

Op die hoofvrouw rus die verpligting om die mudyandzhaka (erfopvolger) te lewer. Indien sy onvrugbaar sou wees of slegs dogters het, sal sy aandring om 'n stutvrouw (nhlantswa) wat haar vader ooreenkomsdig die sororaatgebruik sal voorseen - gewoonlik sal dit haar jonger suster wees. Die Changana (veral die kapteinshuis) openbaar egter die neiging om vanweë die groot aantal vroue van die kaptein, die verpligting om 'n sororale aanvulling te verkry aan die onvrugbare vrouw self oor te laat. Kom daar nie so 'n opvolger nie

word die volgende seun volgens senioriteit tot die mudyandzhaka (erfopvolger) verhef. (Die hoofvrou van Nghunghunyana te wete Soniye Ndhimande het slegs dogters gehad. Die tweede vrou in status Daniye Muphisa, die moeder van Buyisonto, het by gebrek aan 'n stutvrou vir die hoofvrou, die mudyandzhaka gelewer.) Die egte sororaat is egter 'n normale verskynsel. Let daarop dat Daniye Muphisa nie 'n lawini-vrou van Nghunghunyana was nie. Sy is na die hoofvrou getrou.

In die huidige tyd openbaar die kapteinskraal (ntsindza) dieselfde struktuur as die van die gewone man. Tradisioneel het die kaptein vanweë sy groot aantal vroue en weens gebrek aan ruimte in een kraal, verskillende krale in dieselfde omgewing opgerig waar die verskillende vroue ooreenkomsdig hul onderskeie status uitgeplaas is (vergelyk Hoofstuk III). Hierdie verdeling van die oorspronklike kraal geskied egter nie sonder die nodige behoefté aan sodanige handeling nie. Aanvanklik sal alle vroue in dieselfde kraal, die xigodlo, gehuisves word. Hierdie naam dui die kraal aan wat die mudyandzhaka (opvolger) tot die kapteinskap moet lewer. Die hoofvrou en haar stutvroue is tussen die elf- en eenuur posisie geplaas, die tweede vrou in status (lawini) op die tienuur posisie en vroeër terwyl die derde vrou met haar stutvroue die tweeuur posisie en later, binne die kraal sal inneem. (Vergelyk Diagram I.) Die verdeling van die hoofkraal (ntsindza ook genoem die xigodlo) geskied ooreenkomsdig hierdie patroon in verskillende krale bekend as xigava (afdelings). Ooreenkomsdig hierdie beginsel sal verskeie krale opgerig word met inagneming van die senioriteitsposisie in die hoofkraal. Hiervolgens sal die vrou met tweede rang tesame met haar stut- sowel as latere geaffilieerde vroue 'n afsonderlike kraal bewoon, die derde, vierde en daaropvolgende vroue sal ook so uitgeplaas word, terwyl slegs die hoofvrou en haar stutvroue die oorspronklike kraal sal bly bewoon. Die kraal is dan steeds bekend as xigodlo, vanweë die verpligting daarvan om die mudyandzhaka te lewer. Vanweë die vestiging van die kaptein in die oorspronklike kraal staan dit ook bekend as die ntsindza dit wil sê die administratiewe hoofkwartier

van die stam. By gebrek aan 'n onderverdeling van die kapteinskraal funksioneer die eenheid (kapteinskraal) in die huidige tyd gelyktydig as ntsindza en xigodlo (die guma van die hoofvrou en haar stutvroue).

Die Changana beskou geen vrou wat tot 'n besondere guma geaffilieer word as senior bo 'n vrou wat reeds voorheen getrou is nie. Elke vrou met uitsondering van die stutvroue wat geen eie status het nie behou die status ooreenkomsdig die orde waarin sy getrou is, dit bepaal die senioriteitsorde. Hierdie status word ook op haar kinders geprojekteer. Dienooreenkomsdig sal die opvolging in die kapteinskap geskied. Die hoofvrou met haar stutvrou(e) het eerste die taak om 'n opvolger te lewer. Indien hier geen seun is nie, gaan die kapteinskap oor op die oudste seun van die vrou met tweede rang. Daarna volg die derde vrou en daarna die ander volgens die orde waarin hulle getrou is. Die seuns van die lawini-vrou wat eintlik tweede in rang geag kan word, kan nooit hierdie voorreg deelagtig word nie.

(ii) Aanwysing en inhuldiging

Die Changana gebruik die spreekwoord: Ndzeni ka m<sup>u</sup>nun<sup>i</sup>  
a ku nge huma tihosi timbiri - geen twee kapteinseuns sien tegelyk die lig nie, en sê verder: nambi va li mahahla, un'we  
a ta va hosi ya un'wana, va nga fumi va fanana - al is (daar) 'n tweeling seuns, die een is altyd die eersgeborene, die senior bo die ander, ter illustrasie van die senioriteitsbeginsel. Die Changana sê verder: Ndlala a yi ngheni hosi, ku  
nghena rifu - hongersnood ontwyk die kaptein maar die dood nie (letterlik: hongersnood kom nie in die huis van die kaptein nie - die dood wel). Na die afsterwe van 'n kaptein word hy deur die vana va hosi in die beeskraal begrawe. 'n Spesiale bees bekend as homu ya ku lahla hosi (bees om die kaptein te begrawe) word vir die gelcentheid geslag. Die gestorwe kaptein word in die vel daarvan toegedraai en begrawe. 'n Skyngraf word ook voor die hut van die nkosikazi gegrave waar slegs klere van die kaptein begrawe word. Geen stamlid het deel aan hierdie seremonie nie. Die afsterwe van die kaptein word dan vir ongeveer 12 maande "geheim" gehou. Tydens die interim-periode, dit is totdat 'n nuwe kaptein aange-

wys word, regeer die vana va hosi onder leiding van die murhangeli, 'n jonger broer van die gestorwe kaptein. (Die murhangeli, hoewel nie die mees senior manspersoon binne die linie nie, funksioneer reeds as plaasvervanger van die kaptein as voorsitter van die vana va hosi sedert die inhuldiging van die gestorwe kaptein. Hy kan egter nie beskou word as die umnumzana van die linie-eenheid nie. Hierdie status gaan oor op die oudste seun van die gestorwe kaptein.) Na verloop van ongeveer een jaar word die amptelike rouperiode beëindig by wyse van 'n openbare seremonie - die sogenaamde huilfees wat deur die hele stam bygewoon word en ongeveer drie dae duur. Informante het beweer dat die nuwe kaptein ten einde die voortbestaan van die stam te verseker, reeds aangewys is maar nie amptelik ingehuldig word voordat hierdie seremonie afgehandel is nie.

Die aanwysing van 'n nuwe kaptein berus uitsluitlik by die vana va hosi. Reeds tydens die rouperiode sal familielede informele samesprekings voer in hierdie verband. Aan die einde van die rouperiode sal 'n amptelike vergadering belang word om finale uitsluitsel te gee. Hierdie vergadering, bekend as nhlengeletano ya vana va hosi vergader onder vooritterskap van die murhangeli en word bygewoon deur al die manlike lede van die kernlinie, die ndhunankulu van die gestorwe kaptein asook die vatsundzuxi va yindlu ya vuhozi (privaat adviseurs van die huis van die kapteinskap). Die vroue van die gestorwe kaptein het egter geen sitting op hierdie vergadering nie. Hulle is nie linieverwante nie en het persoonlike belang wat besluite mag beïnvloed.

Die opdrag van hierdie vergadering is nie om 'n nuwe kaptein uit die moontlike konkurrente te verkies nie maar om die hoedanighede van die mudyandzhaka (erfopvolger) in die lig van die kapteinskap te oorweeg. Die wense van 'n gestorwe kaptein in verband met sy opvolger sal ook in oorweging geneem word maar is nie bindend nie en slegs 'n riglyn om toekomstige wrywing uit te skakel. (Vergelyk die aanwysing van Mawewe as kaptein en die gevolge daarvan.) Die vermoë om op alle terreine 'n leier te wees, 'n onbesproke karakter te hê, ens. is van deurslaggewende belang en 'n vereiste vir

opvolging in die kapteinskap. Sou die mudyandzhaka nie oor hierdie eienskappe beskik nie kan hy selfs oor die hoof gesien word en die volgende aanspraakmaker ooreenkomsdig die senioriteitsrangorde as kaptein aangewys word. (Vergelyk die keuse van Nghunghunyana bo Mafemana.) Dergelike afwyking van die opvolgingsreëls moet egter deur die vana va hosi verantwoord kan word. Dit gaan hier nie alleen om 'n harmoniese funksionering binne die kerngroep nie maar steeds om die mees senior verteenwoordiger uit die geledere van die vana va hosi as gerespekteerde stamhoof aan te wys.

Enige liggaamlike gebrek of geestelike afwyking is 'n diskwalifikasie. Sou die mudyandzhaka sulke belemmeringe openbaar, sal hy gewoonlik homself nie as 'n aanspraakmaker beskou nie. Die vana va hosi kan egter aan so 'n seun, indien hy geen verstandelike gebreke het nie, 'n statusgewende posisie verleen terwyl sy hooggeborenheid steeds gerespekteer word. (Na die deportering van Nghunghunyana deur die Portugeese in 1896 was Mpikanyiso, jonger broer van Nghunghunyana, die mees senior persoon binne Changanageledere en die eerste aanspraakmaker op die regentskap. Vanweë sy liggaamlike gebrek het hy egter vrywillig teruggestaan ten gunste van Mpisane, jonger broer van Muzila. Na die vestiging van die Changana in die Transvaal is hy as hosana (hoofman) oor 'n groot gebied aangestel.)

Indien die erfopvolger minderjarig sou wees, sal 'n plaasvervanger aangewys word wat as regent (mukhomeri) sal regeer totdat die mudyandzhaka volwassenheid bereik het waarna die vana va hosi sal vergader ten einde 'n kaptein aan te wys. (Vergelyk later.)

Nadat die vana va hosi die nuwe kaptein aangewys het, word die stamraad (bandla ra hosi) byeengeroep. Die naam van die aangewese kaptein word dan aan die raad bekend gemaak en slegs in uitsonderlike gevalle sal hul die aanwysing kritiseer. Die keuse en motivering van die vana va hosi kan inderdaad as finaal beskou word en moet slegs deur die bandla ra hosi bekragtig word. 'n Datum vir die inhuldigingsplegtigheid word hierna bepaal. Elke ndhuna ontvang opdrag om die keuse van die raad aan wykslede oor te dra, die datum van inhul-

digung bekend te maak en bydraes vir die plegtigheid in te samel.

Die inhuldigingsplegtigheid duur uiters drie dae. Dit neem 'n aanvang met die amptelike inhuldigingseremonie waartydens die reg om te regeer, formeel aan die kaptein verleen word. 'n Voorgeskrewe sitwyse word by hierdie geleentheid gevolg. Die aangewese kaptein, die murhangeli en twee spesifiek verkose raadgewers is die fokuspunt (twaalfuur posisie). Alle aanwesiges neem stelling in, in die vorm van 'n halfsirkel, ooreenkomsdig hul besondere status. (Tradisioneel, ooreenkomsdig die verskillende regimente.) Ooreenkomsdig hierdie beginsel sit alle lede van die kerngroep in die voorste ry tussen die tien- en tweeuur posisie. 'n Volgende ry, bestaande uit die ndhumankulu en die raadslede sit in 'n halfsirkel tussen die halftien- en halfdrieklippens. Die ander aanwesiges neem stelling in in daaropvolgende rye ten einde die halfmaanpatroon te voltooi. Daarna maak die murhangeli die besluit van die raad bekend, doen afstand van sy tydelike regentskap en versoek die stam om volle steun aan die nuwe kaptein te gee. (Tradisioneel was laasgenoemde versoek oorbodig. Die inhuldiging van Buyisonto in 1922 en sy seun Mafemana (1968) het sodanige versoeke geregverdig. Buyisonto het na 'n lang afwesigheid die kapteinskap van sy jonger broer Thulilamahanxi (nog in lewe) oorgeneem terwyl Mafemana op veertigjarige ouderdom as kaptein aangewys is ter vervanging van regent Isaac Khetho (nog in lewe) wat vir ses-en-twintig jaar die stam op uitnemende wyse geleid het.) Daarna volg 'n rede deur een van die raadslede waarin die murhangeli bedank word vir sy bekwame optrede en die vana va hosi vir 'n nuwe kaptein. 'n Ander raadslid, gewoonlik 'n kundige (xikulu) vermaan die nuwe kaptein om die stam goed te regeer en na sy raadgewers te luister. Daarna hang die murhangeli 'n leeuvel (die simbool van die kapteinskap) om die skouers van die nuwe kaptein en oorhandig aan hom 'n skildvel (xitlhangu) en assegaaai (xicivo) as simbole van sy plig om die stam te beskerm. Hierna word hy deur die aanwesiges begroet met uitroepen van Bayete .. Bayete. Die kaptein bedank nou die vana va hosi vir die vertroue wat hulle in hom gestel het en onderneem gewoonlik om in die voetspore van sy

vader te volg en om op die hulp van sy raad ag te slaan. Die seremonie word afgesluit met die uitvoering van oorlogsdanse en die sing van oorlogsliedere. Daarna volg 'n groot fees.

Twee dae na afloop van die feestelikhede volg 'n magiese versterkingseremonie. Hierdie seremonie vind plaas binne die beeskraal van die gestorwe kaptein en word slegs bygewoon deur manspersone uit die vana va hosi en die lede van die stamraad. 'n Bees, bekend as homu ya nyongwa ya hosi word buite die kraal doodgemaak en nadat die bloed opgevang is, na binne gesleep. Dic galblaas word verwijder en aan die kaptein oorhandig. Nadat dit geledig is, sal die aanwesiges die bloed drink terwyl repe van die galblaas om die gewrig van die kaptein gebind word as simbool van krag. Hierna volg die eerste amptelike optrede van die kaptein. Hy roep die stamraad byeen, lever sy beleidsrede en stuur elke ndhuna met spesifieke opdragte na hul onderskeie wyke. (Die inhuldiging- en versterkingseremonie en gepaardgaande gebruik wat aan die hand van Liengme (1901:111) en Junod (1927, I:371) weergegee is, was onbekend aan informante en is vermoedelik van Tsongaherkoms.)

Aan die Changanakaptein word gewoonlik ook 'n nuwe prysnaam gegee tydens die eerste jare van sy regering. Hierdie naam hou hoofsaaklik verband met 'n besondere karaktertrek of 'n uitstaande kenmerk van sy optrede as kaptein. Dit gaan nie gepaard met 'n spesiale seremonie of ritueel nie en kan inderdaad as 'n bynaam beskou word. Gewoonlik is dit die mbongi wa ku pfuxa, die herout van die kaptein, wat aan hom hierdie nuwe naam toedig waarna dit gou deur stamlede in gebruik geneem en mettertyd die enigste naam word waarmee die meeste mense na die kaptein sal verwys. Vergelyk in hierdie verband die name Manukuza wat later as Sochangana aangespreek is, Nyamandhe - die latere Muzila, Mudungazwe en Masinganeya wat onderskeidelik as Nghunghunyana en Thulilamahanxi bekend gestaan het.

(c) Opleiding

Formele opleiding in die kapteinskap is onbekend aan die Changana. Omdat daar geen besondere opleidingsvereiste

aan die toekomstige kaptein gestel word nie, is dit duidelik dat die persoonlike kwaliteite wat 'n kapteinseun openbaar, as van deurslaggewende belang geag word by die aanwysing van 'n nuwe kaptein.

By die Changana staan alle kapteinseuns as hosana (prins) bekend. Die navolging van hierdie gebruik word ver klaar as die van geen onderskeid tussen die onderskeie seuns nie ten spyte van die senioriteitsbeginsel. Hulle word almal as konkurrente om die kapteinskap behandel. Die logiese gevolg van dergelike handeling lei tot kompetisie tussen die onderskeie seuns. Nie alleen om die guns van die vana va hosi nie maar ook ten opsigte van hul optreden tydens hofsittings, ens. om sodoeende die nodige gesag en eerbied by stamlede af te dwing. Die wyse waarop 'n besondere hosana hom onderskei, kan aan hom prestige verleen wat in die verlede aanleiding gegee het tot onderlinge twis en selfs in burgeroorlog kon eindig.

Wanneer kapteinseuns volwassenheid bereik, dit wil sê getroud is, geniet hul soos alle volwasse mans die reg om hofsittings by te woon. Namate hul hulself onderskei, sal die kaptein hul stelselmatig in die stamadministrasie oplei en selfs versoek om die verskillende raadsittings by te woon. Informante beweer dat 'n seun egter geen mindere pligte van sy vader sal oorneem of as plaasvervanger van sy vader sal optree tydens siekte of afwesigheid buite die stamgebied nie. Die Changanagesegde: "Vuhosi a byi na xaka - gesag (kapteinskap) kan geen verwantskap nie" is hier van toepassing. Plaasvervanging van die kapteinskap berus steeds by die vana va hosi.

Dit spreek vanself dat die opleiding wat die kapteinseuns so terloops ontvang onvoldoende voorbereiding vir die kapteinskap is. Die mudyandzhaka beskik wel oor 'n basiese kennis van die algemene regsreëls maar die geleentheid om self uitspraak te gee en verantwoordelikheid vir sy optrede te aanvaar word hom in hoë mate ontneem. Vanweë sy karige opleiding is 'n jong kaptein aanvanklik ook meer aangewese op die hulp en leiding van die verskillende raadsinstansies.

Veral die vana va hosi tree in die eerste aantal jare van sy regering prominent na vore en sal hom gedurig van raad bedien en sover moontlik van blootstelling vrywaar. Die eerste jare van sy regering dien gewoonlik dan ook as 'n harde opleidingskool en beproewing wat elke jong kaptein moet deurloop.

(d) Behoud van posisie

Geen politieke leier beskik oor 'n onaantastbare posisie nie, ook nie die Changanakaptein nie. Daar is altyd verwante van die kaptein, veral sy broers wat die kapteinskap gretig=lik sal wil bekom. Daarteenoor waak die vana va hosi steeds noulettend oor elke optrede van die kaptein. Sou hy nie na wense regeer nie, hom misdra, of hom aan oortreding skuldig maak, sal hul hom berispe. Hulle kan hom selfs afsit indien hy herhaaldelik sy eie posisie en die van die vana va hosi in die verleentheid bring.

Tradisioneel het 'n kaptein gewoonlik die vernaamste aanspraakmakers op die kapteinskap na hy opgevolg het, laat doodmaak (vergelyk onder andere die optrede van Mawewe en Ngunghunyana). Die kaptein was hoof van die leër en kon dit gebruik om alle "steurende elemente" die swye op te lê. Die aanwending van die leër vir besondere militêre optrede kon egter slegs met die toestemming van sy raad geskied. As sodanig is die aanwending van die leër om sy opponente dood te maak nie 'n absolute waarborg vir die behoud van sy posisie nie.

Soos vermeld trou die kaptein gewoonlik met 'n vrou uit 'n invloedryke en bevriende kapteinslyn van 'n ander stam of met 'n vrou uit 'n senior linie binne die stamgebied. Dit verhoog en verseker nie alleen die status van sy eie kinders nie maar verseker aan hom die steun van sy vrou se mense vanweë die goeie verhouding wat daar tussen die twee families bestaan. (Vergelyk die steun wat Mawewe van kaptein Mswati ontvang het tydens die opstand van Muzila. Die moeder van Mawewe sowel as sy eie hoofvrou is uit die Swazikoningshuis geneem.)

Bogenoemde maatreëls verseker die lojaliteit van sommige mense vir 'n kaptein en kan selfs sy houvas op 'n deel van die stam verstewig maar is eintlik van sekondêre belang.

Primêr hang die behoud van sy posisie saam met die wyse waarop hy regeer. 'n Kaptein wat nie goed regeer en nie regverdig is in sy optrede teenoor onderdane nie, kan moeilikheid verwag. Daar is verskillende kanale waardeur 'n klag teen die optrede van 'n kaptein aanhangig gemaak kan word. Die vana va hosi is die ontvangspunt van sulke klagtes. Enige besware teen die optrede van die kaptein sal deur hierdie eenheid ontvang word. Indien hulle dit as van belang beskou, sal dit bespreek en na bevinding gehandel word. Op hierdie wyse kan verskeie klagtes byvoorbeeld wangedrag, oneerlikheid ensovoorts teen die optrede van 'n kaptein aanhangig gemaak word. 'n Mens kry egter die indruk dat wanneer 'n kaptein eers ingestel is, die vana va hosi steeds sal poog om die posisie van die kaptein as verteenwoordiger van die kerngroep te handhaaf en om sover moontlik die senior afkomslyn te beskerm en te bestendig. Daar moet dus ernstige klagtes wees wat mettertyd tot die afsetting van die kaptein sal lei.

In die verlede is slegs kaptein Mawewe sy kapteinskap ontneem tydens die oorlog van 1862. (Vergelyk Hoofstuk II.) Die gevolge van hierdie optrede en die verwarring wat dit binne stamgeledere veroorsaak het, kan selfs vandag nog by die Changana bespeur word.

(e) Pligsvervulling

Hoewel die kaptein sy posisie verkry deur geboorte is die behoud van hierdie posisie, soos vermeld, afhanklik van die wyse waarop hy sy verpligtinge nakom. Tradisioneel het die kaptein 'n hele reeks verpligtinge op verskillende terreine gehad. Vanweë veranderde omstandighede het sy verpligtinge veral op godsdienstige, ekonomiese en militêre terrein in 'n hoë mate verdwyn terwyl die verpligtinge op politieke en judisiële gebied nie onaangetas bly voortbestaan het nie. Sy verpligtinge was tradisioneel in hoofsaak op die volgende terreine geleë.

(i) Pligte op politieke terrein

Die kaptein is leier van die stam en daarby die politieke hoof. By die uitvoering van sy pligte op politieke terrein tree hy egter nie alleen op nie maar ontvang advies

van verskillende rade. Derhalwe sal die pligsvervulling van die kaptein op politieke terrein tesame met die funksionering van die stamraad in die volgende afdeling bespreek word. 'n Mens moet dit egter stel dat die kaptein die kultumasisie~~C~~punt van alle politieke gesag binne die stam is. Hy is die hoof uitvoerende beampete en niks kan sonder sy goedkeuring gedoen word nie.

(ii) Pligte op judisiële terrein

Die kaptein is verantwoordelik vir die handhawing van wet en orde binne die stamgebied. Hy is hoofregter van die stam. As hoogste judisiële gesag oor die stam is 'n regverdige beslissing deur die kaptein en sy hofraad noodsaaklik vir die beskerming en ordening van sy onderdane. Die leiding wat vanuit die kapteinshof uitgaan, dien as voorbeeld vir mindere howe.

In sy plig om die reg te spreek word die kaptein bygestaan deur 'n raad. (Vergelyk later.) Die kaptein is egter die voorsittende regterlike beampete en sy hof het tradisioneel siviele sowel as strafregtelike jurisdiksie oor alle persone binne die stamgebied gehad. Sy hof is die stamhof en by uitstek 'n hof van appèl by ontevredenheid oor 'n beslissing van mindere howe. Sekere sake wat buite die jurisdiksie van mindere howe ressorteer moet na die kapteinshof gebring word vir beregting. (Vergelyk later.)

Hoewel die kaptein bygestaan word deur lede van die vana va hosi en ander kundiges by die formulering van die bevinding van die hof, is dit die plig van 'n kaptein om met die nodige insig en wysheid 'n saak op te som en ook 'n eicoordeel te bereik. Indien hierdie kwaliteite sou ontbreek, is dit die plig van die vana va hosi en ander kundiges om die kaptein tot 'n bevinding te lei.

As hoogste wetgewende gesag kon die kaptein-in-raade ook nuwe wette uitvaardig aangaande enige aangleentheid raken-de die stam as geheel en wat hulle noodsaaklik ag vir die interne ordening van die eenheid.

Die verpligtinge van die kaptein op regterlike terrein soos hierbo uiteengesit, is die van die tradisionele stamhof.

Hoewel daar ooreenkomsdig artikels 12 en 20 van die Bantoe-administrasie Wet, nr. 38 van 1927 sekere bepalings neergelê is waaraan 'n kaptein wat kragtens artikel 2(7) van die wet aangestel is, gebonde is, funksioneer die tradisionele kapteinshof nog steeds, hoewel in 'n gewysigde vorm. ('n Volledige uiteensetting van die funksionering van hierdie hof sal in die volgende hoofstuk gegee word.)

(iii) Pligte op godsdiensstige terrein

Die verpligting wat 'n kaptein tradisioneel op godsdiensstige en magiese terreine gehad het, het onder veranderde omstandighede en ten gevolge van die sukses van die steeds ywerige kersteningsaksie van veral die Switserse Sendinggenootskap in 'n hoë mate afgewater geraak en het in die huidige tyd feitlik heeltemal verdwyn.

Tradisioneel was die kaptein die skakel tussen die stam en die stamvoorvadergeeste. Die geloof in die bona-tuurlike beskerming en ondersteuning van hierdie geeste het aan die kaptein as aardse verteenwoordiger en meduim waardeur die stam met hul in verbinding kan tree, die besondere status van hoofpriester verleen. In hierdie hoedanigheid is die kaptein as muphahli wa mhamba bekend en moes in medewerking met sy persoonlike priester en private toordokter (n'anga ya hosi) verskillende seremonies behartig onder andere die versterking van die stamgrense in tye van nood en die verskilende oesseremonies (luma) asook die nkwaya-fees - 'n jaarlikse magiese versterkingseremonie van die stam. Die Changanakaptein het nooit oor die bevoegdheid beskik om reën te maak nie maar het deurentyd reënmakers binne die stam betrek en selfs deur magsgeweld aan sy gesag onderwerp, ten einde sy verpligting om reën te maak te vervul.

Die vervulling van sy pligte op magiese terrein was voormaliglik 'n sterk waarborg vir die lojaliteit van onderdane en vrees van vyande. So kon die Ngoni as 'n klein minderheidsgroep steeds hul gesag oor die uitgestrekte Gazaland handhaaf. Erskine (1870:33) vermeld: "The influence of Umzila amongst the native tribes is mainly dependent upon a reputation he possesses of having some powerfull wizards in

his service, who fight with diseases and the elements, instead of with arms. He is very much feared by the surrounding barbarous chiefs, on this ground."

Die Changana se geloof in towerkrag en die diens aan die voorvadergeeste verleen dus nie alleen 'n priesterlike status aan die kaptein nie maar vereis ook besondere religieuse verpligtinge wat die kaptein teenoor en namens die stam moet behartig.

(iv) Pligte op Militêre terrein

Die kaptein was tradisioneel die hoof van die leër (nyimpi mv. tinyimpi) en het in hierdie hoedanigheid ook sy leër as hoofaanvoerder tydens militêre ekspedisies vergesel. (Vergelyk die optrede van Sochangana.)

In sy hoedanigheid as kaptein het hy die instelling en vorming van nuwe regemente (buthu mv. mabuthu) beheer en was dit ook sy plig om die leër magies te versterk of te laat versterk voor elke veldslag met mbengulu (oorlogsmedisyne). Na afloop van 'n veldslag was dit die taak van die kaptein om die buit te verdeel waarvan hyself ooreenkomsdig sy status die grootste gedeelte vir homself toegeeëien het (vergelyk Liengme 1901:113). Dit was ook die taak van die kaptein as leërowerste om militêre ekspedisies te organiseer. Die kaptein-in-rade het egter alleen die bevoegdheid gehad om oorlog teen ander stamme te gebied. Dit kon die kaptein nie alleen laat plaasvind nie.

Na die afsterwe van Sochangana en die bestendiging van die kapteinskap van Muzila het laasgenoemde egter 'n plaasvervanger, Magigwane, as leërowerste (phini ya nyimpi) ondergeskik aan die kaptein-in-rade, aangestel. Die aanstelling was egter geen nuwigheid nie. Sochangana was inderdaad die phini ya nyimpi van Zwide tydens die Ndwandefiasco en die daaropvolgende vlug uit Zululand na Portugees-Oos-Afrika (vergelyk Hoofstuk II).

Sedert die inhegtenisname van Nghunghunyana in 1896 en voor die finale onderwerping van die Changana in 1897 is daar slegs een regiment gevorm. (Vergelyk Hoofstuk II). Na die vlug en vestiging van die Changana in die Transvaalse

Laeveld in 1897 is daar sedertdien geen verdere regemente gevorm nie. Vanweë die vreedsame lewensomstandighede in Transvaal het die pligte van die kaptein op militêre terrein heeltemal verdwyn.

(v) Pligte op ekonomiese terrein

Die Changanawoord -fuma beteken "om te regeer" en in oordragtelike sin "om ryk te wees." (Vergelyk ook Cuenod 1967:38 en Junod 1927, I:404). Die reg om te regeer en ryk te wees was dan ook by uitnemendheid die prerogatief van die kaptein, met die verpligting, dat hierdie rykdom in belang van die stam as geheel aangewend moes word. Om aan hierdie verpligte te voldoen en na behore te regeer, het 'n kaptein die reg om sy onderdane te belas, "If the prerogative of the chief is to live in abundance, the duty of the subject is to pay taxes" (Junod 1927, I:405). Vandaar die gebruik dat elke nuwe intrekker in die stamgebied by die kaptein gaan nkonza; dit wil sê sy onderdanigheid gaan toon en sy bereid-willigheid verklaar om belastings aan die kaptein te betaal.

Die kaptein kan sy onderdane op verskillende maniere belas. Hy kan byvoorbeeld 'n klein gedeelte van die oesopbrengs van elke onderdaan opeis, 'n gedeelte van die inkomste verkry uit die verkoop van wildsvelle, olifantrande, ensovoorts ontvang asook 'n belasting op die inkomste uit dienslewering aan Blankes hef. Tradisioneel het hierdie belastingverpligting bekend gestaan as "mpandzwa wa hosi = die gedeelte wat die kaptein toekom", en is nie sinoniem met die mthelo wa tiko naamlik die stamheffing wat in die huidige tyd gevorder word nie. Die kaptein ontvang ook sekere boetegelde (umbongo), beeste van stamlede as geskenke, die grootste gedeelte van die buitopbrengs na 'n veldslag, ensovoorts. Op hierdie wyse kon 'n kaptein tradisioneel tereg daarop aanspraak maak dat hy die rykste persoon in die stamgebied is..

Soos vermeld moet hierdie rykdom in belang van die stam aangewend word. Die kaptein moet sy soldate, raadslede, bediendes, ens. goed voed. Die Changanagesegde lui: "Ndhuna yi dya ni hosi. L'a nga kusuhi ni hosi, o ta fuwa na yena - 'n raadslid eet saam met die kaptein; diegene naby die kaptein deel in sy welvaart". Tradisioneel het hy ook die verskil-

lende tindhuna periodiek vir hulle dienste beloon.

Die reg om te fuma (regeer) verleen ook aan die kaptein-in-rade die beheer oor die stamgebied. As sodanig kontroleer die kaptein die verdeling en aanwending van die stamgrond. Die kaptein-in-rade het egter hul bevoegdheid om grond binne die onderskeie wyke toe te ken aan die verskillende tindhuna gedelegeer, waarna laasgenoemde dit weer aan verskillende families toegesê het.

In die huidige tyd het daar weinig van al die boegenoemde voorregte en verpligtinge van die kaptein op ekonomiese gebied oorgebly. Nadat die Portugese bykans al die vee van Nghunghunyana en sy mense gekonfiskeer het, is die Changana hul grootste materiële bate ontneem. Hulle het met enkele stuks vee as verarmdes in die Laeveld aangekom en hoewel hul ekonomiese posisie sedertdien aansienlik verbeter het, is dit opmerklik dat die huidige kaptein slegs een bees het - 'n geregistreerde stoetbul wat deur die Suid-Afrikaanse regering aan hom geskenk is tydens sy inhuldiging as kaptein. Die Changana beoefen ook nie meer die rituele oopstelling van die saai- en oesseisoene nie terwyl die verdwyning van die militêre organisasie ook geen verbandhoudende ekonomiese verpligting meer op die kaptein plaas nie. Die aanwending van stamfondse berus nie meer by die kaptein alleen nie maar word streng deur sy raad (en van owerheidsweë) gekontroleer. Dit word hoofsaaklik aangewend vir die oprigting van skole, klinieke, welsynsdienste, ens. Die stamheffing as sodanig voldoen egter nie aan die behoeftes van die stam nie en moet jaarliks in 'n hoë mate deur regeringsubsidies aangevul word.

(vi) Pligte op sosiale terrein

Die status van 'n kaptein is direk herleibaar uit sy sosiale senioriteit. As die vernaamste sosiale figuur geniet hy dan ook die respek en onderdanigheid van die stam.

Sosiale status vereis egter sosiale leierskap en 'n gerespekteerde persoonlikheid. Indien 'n kaptein nie aan hierdie vereiste voldoen nie kan sy gesagsposisie hom selfs ontneem word.

Tradisioneel het die kaptein ook die verpligting

gehad om as hoof van die stam die verskillende ouderdomsgroepe en daaropvolgende regemente te vorm: Die voorafgaande inisiëring van die opgroeiende geslag is vandag veral ten opsigte van mans egter geen vereiste vir huweliksluiting en/of opname in die stamverband meer nie want getroude status verleen volwassenheid. So het die kaptein geen sodanige verpligting meer nie.

As gerespekteerde sosiale figuur word daar vandag nog na die kaptein opgesien en word daar verwag dat hy enige maatskaplike probleem van belang sal hanteer en as sosiale leiersfiguur sal funksioneer.

(f) Plaasvervangers

Die pligsvervulling van die kaptein soos hierbo uiteengesit, plaas nie net 'n groot verantwoordelikheidslas op die skouers van die kaptein nie maar het ten gevolg dat geen kaptein hierdie pligte na behore kan behartig indien hy nie daarin gehelp word nie. Vanweë die direkte verbintenis van besondere pligte met die statusposisie van die kaptein kan 'n kaptein sy bevoegdhede op daardie terreine waar gespesialiseerde vernuf, kennis en insig tot voordeel van sy onderdane mag strek aan ander persone deleegter. Op hierdie wyse word sekere pligte wat eintlik by die kaptein tuishoort deur 'n aantal aangestelde amptenare behartig ten einde die sentrale stamadministrasie te bestendig en gereelde "diens" aan die stam te verseker. Die aanstelling van sodanige amptenare verseker ook die kontINUering van die sentrale administrasie tydens die afwesigheid en/of oorlye van die kaptein.

Die belangrikste stamamptenaar is die ndhunankulu, dit wil sê die hoof- of groot-ndhuna. Hy word deur sommige informante as die "hoofminister" van die stam aangedui. Oor die verkryging van sy posisie en sy bevoegdhede is informante dit nie eens nie. Vermoedelik het die wisselinge in die geskiedenis van die Changana tot hierdie onsekerheid bygedra. Die direkte aandeel van die regerende familie in die Changanaoorloë in 1895 en 1897 teen die Portugese het die Portugese genoodsaak om die leiers in die kerngroep van die stam gevange te neem en te verban. Die gevolg is dat die geledere

van die regerende afkomslyn aansienlik uitgedun is en die regering van die stam in 'n hoë mate deur die oorblywende amptenary wat nie aan die kerngroep behoort het nie, behartig is. Sedert hul vestiging in die Transvaal het hierdie amptenare 'n besondere houvas op die stamadministrasie verkry en hul gevolelik 'n groter selfstandigheid as die normale toegeëien. Die situasie het na die kom van Buyisonto verander. 'n Beter balans tussen die regerende familie en die amptenary is bewerkstellig, hoewel die wrywing tussen hierdie "partye" vandag nog bestaan. (Vergelyk later.)

Die vier tindhunankulu wat mekaar in hierdie amp seert die vestiging van die Changana in die Transvaal opgevolg het, het elk hul posisie aan uiteenlopende kwalifikasies te danke gehad. Ons kan dus geredelik aanvaar dat die tradisionele patroon nie meer suiwer waarneembaar is nie. Die gewens soos dit deur ondervraging verkry is, gee die volgende beeld.

Tradisioneel het die regerende afkomslyn verskillende bediendes (nceko mv. tinceko) aangestel as owerstes oor die huishoudings van die verskillende kapteinsvroue. Op hierdie wyse is 'n spesifieke nceko aan 'n besondere hut of hutafdeling toegesê. Volgens Kropf en Godfrey (1915) funksioneer 'n nceko ook as, "an officer or servant of the royal household on whom the king, when walking or standing, leans, and presents the food to the king; and adjudant; attendant." Hy is dus as sodanig 'n persoonlike bediende van die kaptein. Daar was dus verskillende soorte tinceko met verskillende verpligte werksaam by die kapteinskraal. Die vernaamste vereiste vir aanstelling in hierdie amp is volwassenheid (d.i. getroude status), skranderheid en arbeidsaamheid. Geen behoort hierdie tinceko aan dieselfde regiment as die nuwe kaptein en word kort na sy inhuldiging aangestel. 'n Afsonderlike hut bekend as die lawu ra tinceko word vir hulle net buite die kapteinskraal naby die hoofingang van die kraal opgerig. Die tinceko verkeer dus in die besondere posisie dat hul nie alleen daagliks in direkte verbintenis met die kapteinsfamilie (waaronder ook die toekomstige kaptein en sy broers) is nie, maar ook as volwasse mans die

kapteinshof mag bywoon. Op hierdie wyse verkry hulle ge=woonlik 'n besondere kennis van die stamreg en algemene stam=aangeleenthede.

Sommige informante beweer dat 'n nuwe kaptein die ver=skillende tinceko, wat aan die hof van sy oorlede vader dien as die belangrikste aanspraakmakers vir besondere ampte sal beskou. Op hierdie wyse sal hy daardie nceko, wat by die guma van die voormalige stamvrou (dit wil sê sy moeder) werk=saam was, vanweë sy besondere verbintenis met die nuwe kaptein en sy status as voormalige hoofbediende, as ndhunankulu aan=stel. Hierdie aanstelling moet egter in oorleg met die re=gerende familie (vana va hosi) geskied en die goedkeuring van die stamraad wegdra. Voorbeeld van sodanige aanstelling is die van Manyakatana Sijawile, ndhunankulu van kaptein Buyisonto en Nguyuza Gazide die ndhunankulu van kaptein/regent Thulilamahanxi. Ander informante beweer dat sodanige aanstel=ling moontlik is maar nie as 'n reël beskou moet word nie. Daar word gewys op die aanstelling van Xingala Makama, die ndhunankulu van regent Khetho Nxumalo. Hy was nooit 'n be=diende aan die kapteinskraal nie en het sy posisie uitsluit=lik te danke aan sy besondere kennis van die stamreg en sy senioriteit binne die tindhuna-geledere gehad. 'n Derde groep informante beweer dat die amp van ndhunankulu erflik is. Govanana Muyotshwa, ndhunankulu tydens die regering van regent Mpisane was die senior seun van Madumana Manyune Muyotshwa, ndhunankulu van kaptein Nghunghunyana.

Bogenoemde getuienis is so uiteenlopend dat 'n mens geen vaste reël kan aandui nie. Die oorwig van die getuie=nis dui daarop dat die ndhunankulu 'n kenner van stamgebruiken moet wees, dat hy met besondere lojaliteit aan die kapteins=huis verbind moet wees en dat hy in die posisie aangestel moet word. Selfs by die voorgenoemde vererwing van die posisie was die opvolging nie outomaties nie.

Nadat die kaptein en die vana va hosi op 'n vergadering bekend as nhlangano wa le vuhosini die ndhunankulu aangewys het, word hul keuse aan die stamraad vir goedkeuring voorgéle. Indien die stamraad sodanige aanwysing goedkeur, word die aan=gewese amptenaar daarvan verwittig asook van die datum waarop

sy inhuldiging sal geskied. 'n Inhuldigingsceremonie, soortgelyk aan die van die kaptein word gereel en alle stamlede word uitgenooi. Tydens die ceremonie word 'n bees geslag, die galblaas verwijder en halfweg deur die aangewese ndhunankulu geledig ten einde hom magies te versterk. Die res van die inhoud van die galblaas moet deur die verskillende tindhuna geledig word om hul sodoende aan die ndhunankulu te verbind en hul hulle onderdanigheid aan sy gesag te laat betuig. Na lediging van die galblaas word dit deur die kaptein om die gewrig van die ndhunankulu gebind as uiterlike teken van sy gesag. (Die verwijdering van die galblaas gaan met geen ceremonie gepaard nie. Dit word na ongeveer twee weke deur die ndhunankulu self verwijder – om higiëniese redes). Die posisie van ndhunankulu is tans (sedert 1969) vakant. 'n Aanwysing en inhuldigingsceremonie van die bogenoemde aard is deur die informant in die vooruitsig gestel.

Die ndhunankulu het 'n enorme taak. Op my vraag wat sy plig is, het 'n informant geantwoord: "Die ndhunankulu is die oog, die oor en die mond van die kaptein; hy sien vir die kaptein, praat namens die kaptein en hoor vir die kaptein. Dit wil sê alles wat gehoor en gepraat word gaan via die ndhunankulu na die kaptein."

Die ndhunankulu is nie net 'n tussenganger na die kaptein nie. Daar is ook spesifieke pligte aan sy amp verbonde. Hy moet toesien dat die onderskeie tindhuna die belasting in hul wyke invorder, omsien na die algemene welsyn van die stam en in sekere gevalle die regsspraak beoefen. As hoof-ndhuna is hy die tussenganger tussen die tindhuna en die kaptein. Alle klagtes teen die optrede van die kaptein word ook deur hom ontvang en by die vana va hosi aanhangig gemaak. Die ndhunankulu is die voorsittende beampie van die stamraad (bandla ra hosi). By die huidige stamvergaderings (xividzo/nhleengeletano ya tiko) tree hy ook as voorsitter op. Hierbenewens funksioneer die ndhunankulu in die huidige tyd ook as ndhuna van die wyk waarin hy woonagtig is. (L.W.: Die ndhunankulu hoef nie noodwendig binne die mees senior wyk/kapteinswyk woonagtig te wees nie.) In die uitvoering van laasgenoemde verpligting word hy bygestaan deur 'n sogenaamde

museketeri (wyksekretaris) wat as plaasvervanger van die ndhunankulu in die betrokke wyk kan optree. Vanweë sy gedurige afwesigheid word 'n boodskapper (xirummiwa) deur die ndhunankulu aangestel ten einde hom gedurig in verbanding met of die wyksraad of die kapteinskraal te hou.

By die beoefening van die regspraak het die ndhunankulu beperkte bevoegdheid. Die verpligte en bevoegdhede verbonde aan sy amp op regterlike terrein dien slegs ter verligting van die verpligte van die kaptein. Saam met ander amptenare, die sogenaamde "ontvangers van sake" (tindhuna ta macala) wat spesifiek vir hierdie taak aangestel is, ontvang hy alle sake wat om watter rede ook al na die kapteinshof kom. Die meeste is appelsake. Die ndhunankulu vorm tesame met sy ondergeskikte tindhuna ta macala 'n hofraad, die bunga. Die raad vergader vir die verhoor van hofsake in die bandla (hofsetel) van die kaptein. Geringe sake wat onnodige tyd van die kaptein en sy hof sal verkvis kan deur die bunga verhoor word. Die uitspraak van die ndhunankulu en sy helpers is finaal. Indien die klaer of eiser daarop aandring dat die saak deur die kapteinshof (bandla ra hosi) verhoor moet word, sal die saak op die "rol" geplaas word en die betrokkenes in kennis gestel word van die dag van die verhoor. In die kapteinshof self lei die ndhunankulu die verrigtinge en formuleer die bevinding van die hof, waarna die kaptein slegs die finale uitspraak gee (vergelyk Hoofstuk V).

In die huidige tyd verrig die stamsekretaris (museketeri wa hosi) sekere administratiewe pligte. Informante stel dit uitdruklik dat hierdie amptenaar geen plaasvervanger vir die ndhunankulu is nie maar slegs sekere pligte van die ndhunankulu oorgeneem het. Die rede waarom die huidige kaptein nog geen ndhunankulu aangestel het nie hou geen verband met die feit dat 'n stamsekretaris reeds aangestel is nie.

Die kaptein tree nie self as verteenwoordiger van die stam na buite op nie. Hierdie verpligting word gewoonlik deur 'n senior ndhuna, 'n oom of 'n broer van die kaptein, behartig. Hy word aangestel deur die kaptein met die instemming van die stamraad. Hierdie amptenaar ... bekend as die ndhuna leyikulu tree namens die stam na buite op. By alle

interstam-aangeleenthede is dit sy plig om as tussenganger op te tree en soos 'n informant dit uitdruk: "die twee kapteins bymekaar te bring". Die Changanagesegde: "Tinghala timbirhi ta chavana - twee leeus vrees mekaar" impliseer inderdaad die respek wat kapteins onderling vir mekaar het. Daarom sê die Changana: "Tihosi timbirhi ti kombisana xichavo - twee kapteins respekteer mekaar." Vandaar die aanstelling van 'n verteenwoordiger om namens die kaptein op te tree en steeds goeie interstam-gesindhede te bewerkstellig.

Hoewel die kaptein vroeër die hoof van die leër was, het hy (behalwe Sochangana) nooit as leërowerste tydens militêre ekspedisies opgetree nie. 'n Spesifieke aanvoerder van die leërs word deur die kaptein met goedkeuring van die stamraad aangewys ten einde hierdie verpligting namens die kaptein te behartig. Die leërowerste, bekend as phini ya nyimpi word aangestel op grond van sy militêre prestasies. Krygsvernuf, dapperheid en 'n goeie verstand is die vernaamste vereiste vir aanstelling. Magigwana, die phini ya nyimpi van kaptein Muzila en sy opvolger, kaptein Ngunghunyana, was inderdaad nie eens van Ngoni-afkoms nie. Hy is afkomstig uit die Khosa, 'n oorwonne Tsongasibbe. As jong seun is hy saam met sy ouderdomsgenote in 'n Changanaregiment opgeneem en het hy hom spoodig as besondere kryger onderskei. Voor dat hy tot die rang van ndhuna ya mabuthu (regimentsleier) of ndhuna ya nyimpi (veggeneraal) verhef is, het Muzila hom as leërowerste aangestel - ondergeskik aan die gesag van die kaptein-in-rade. Selfs na die deportering van Ngunghunyana het Magigwana op bevel van die vana va hosi, die Changana-leërs teen die Portugese aangevoer. Die pligte en bevoeghede van die phini ya nyimpi en sy ondergeskikte tindhuna is uitsluitlik op militêre terrein geleë - hul beskik oor geen politieke gesag nie. Informante is egter bewus van die vroeëre funksionering van verskillende "krygshowe" binne militêre verband. Die aard en funksionering daarvan kon egter nie volledig bepaal word nie en kan ongelukkig daarom nie beskryf word nie. In die huidige tyd bestaan daar geen sodanige funksionaris nie.

Bogenoemde amptenare sit elkeen sy bepaalde pligte

voort tydens die afwesigheid of afsterwe van die kaptein, onder opsig van die vana va hosi. Afwesigheid, siekte of afsterwe van die kaptein verleen gevolglik geen uitbreiding aan hul bevoegdheid en/of toename in hul verpligtinge nie. Die vana va hosi onder leiding van die murhangeli tree onder sodanige omstandighede op as plaasvervanger van die kaptein.

Ooreenkomsdig die senioriteitsbeginsel is 'n kaptein die mees senior persoon in die senior afkomslyn binne die stam en daarom die liniehoof (umnumzana) van die regerende linie. Vanweë sy talryke verpligtinge as kaptein en die belangrike funksie van die regerende linie op politieke terrein word 'n murhangeli, die plaasvervanger van die kaptein, as liniehoof uit en deur die regerende afkomslyn aangewys. (Vergelyk later.) Die murhangeli beklee nie noodwendig die volgende posisie in senioriteit naas die kaptein nie maar word aangewys op grond van sy besondere persoonlike kwaliteite en is gewoonlik 'n oom aan vaderskant of 'n jonger broer van die kaptein. Tydens die afwesigheid van die kaptein funksioneer die murhangeli as volledige plaasvervanger in alle aangeleenthede rakende die kapteinskap. Na afsterwe van die kaptein sal die murhangeli as tydelike regent optree totdat die nuwe kaptein ingehuldig is of 'n regent aangewys is.

(g) Die Regent (mukhomeri)

Volwassenheid is die primêre vereiste vir aanstelling in die kapteinskap. Wanneer 'n kaptein sterf en sy opvolger nog onvolwasse is, moet daar 'n regent aangewys word. 'n Regent is by die Changana bekend as mukhomeri wa hosi (plaasvervanger van die kaptein) en word op bykans dieselfde wyse as 'n kaptein aangewys en ingehuldig.

Wanneer die rouperiode na een jaar ten einde loop, vergader die vana va hosi onder voorsitterskap van die murhangeli wat as tussentydse regent opgetree het, om 'n regent vir die minderjarige wettige opvolger aan te wys. Op 'n vergadering bekend as nlangano/nlengelatano ya vana va hosi sal daar ooreenkomsdig die senioriteitsbeginsel en hoersende opvolgingsreëls 'n mukhomeri wa hosi aangewys word. Ooreenkomsdig hierdie reëls sal die jonger broer van die oorlede

kaptein aangewys word. (Vergelyk die aanwysing van Thulilamahanxi as regent.) Indien hy nog minderjarig is of wanneer die kaptein geen jonger broers het nie, sal die oudste lewende broer van die vader van die oorlede kaptein, aangewys word. (Vergelyk die aanwysing van Mpisane as regent.) Wanneer geeneen van hierdie verwante meer leef nie, sal die regentskap oorgaan op die oudste volwasse seun van die jonger broer van die oorlede kaptein. (Vergelyk die aanwysing van Isaac Khetho as regent.) Geen vrou kan as 'n regent aangewys word nie.

Die voorregte, verpligte en bevoegdhede van 'n regent is dieselfde as die van 'n kaptein. Die uitsondering bestaan egter dat geen stamvrou vir 'n regent getrou word nie. Hoewel regent Isaac Khetho die seun van 'n voormalige stamvrou was, moet 'n mens steeds in gedagte hou dat sy vader Thulilamahanxi aanvanklik as 'n kaptein en nie as 'n regent nie, aangewys is. Die stamvrou vir Thulilamahanxi het inderdaad hierdie status moes prysgee by die aanwysing van Buyisonto as kaptein.

Anders as by die kapteinskap mag 'n regent voor sy dood uittree. Regent Thulilamahanxi het reeds op ongeveer sestigjarige ouderdom, vanweë sy toenemende blindheid, die vana va hosi versoek om van die regentskap afstand te mag doen en dat hulle 'n opvolger vir hom moes aanwys. In belang van die stam het die familieraad die versoek toegestaan en sy seun, Isaac Khetho, as nuwe regent aangewys.

Die moontlikheid bestaan dat 'n regent die kapteinskap kan usurpeer. Hy kan op verskillende maniere sy posisie verstewig, hetsy deur die steun van die vana va hosi te verkry hetsy deur op sodanige wyse te regeer dat hy die gunsteling van die stam word. Die vana va hosi bly egter steeds spreeklik vir sodanige optrede en is verantwoording aan die stam verskuldig. Die feit dat regent Isaac Khetho in sy hoedanigheid as regent regeer het terwyl die regmatige opvolger (Mafemana) reeds volwassenheid bereik het (45 jaar oud in 1968) voordat hy as kaptein aangewys is, hou geen verband met usurpering van die kapteinskap nie. Die vana va hosi was geensins onder die beïnvloeding van regent Isaac Khetho.

nie. Hy het hom steeds bereid verklaar om terug te staan vir die wettige opvolger. Hulle het slegs om besondere redes nie die wettige opvolger op 'n jonger leeftyd as kaptein aangewys nie.

Hoewel die Changana vir bykans vyftig jaar sedert hul vestiging in die Transvaal (1897) op 'n bekwame wyse deur verskillende regente te wete Mpisane (1879 - 1910) Thulilamahanxi (1932 - 1942) en Isaac Khetho (1942 - 1968) regeer is, koes ter hul steeds die begerte om deur 'n ware en egte kaptein regeer te word.

3. Raadgewende instansies

(a) Algemeen

Hosi i hosi hi vanhu, dit wil sê 'n kaptein is 'n kaptein deur mense. Vir die uitvoering van sy pligte is die kaptein aangewese op die advies en wense van verskillende raadgewende instansies. Daar rus 'n verpligting op die kaptein om sy verskillende adviseurs in alle stamsake te raadpleeg -- die stam verwag dit van hom en verwag van die regerende afkomslyn om toe te sien dat die verpligting van die kaptein nagekom word. Die hulp en advies van hierdie instansies verlig die taak van die kaptein en is veral in kritieke situasies, vir hom onontbeerlik. Hierdie instansies verleen nie alleen hulp en advies aan die kaptein nie maar kan selfs die optrede van die kaptein kritiseer. Die stamraad, saamgestel uit verteenwoordigers van die stam is inderdaad 'n integrale deel van die stamregering. Die sentrale regering van die stam kan aangedui word as die van die kaptein-in-rade wat mede-verantwoordelikheid dra vir die interne ordening van die stam en optrede van die stam na buite. 'n Goeie begrip van die funksionering van die politieke ordening kan alleen na 'n studie van die funksie van hierdie rade verkry word. Die kaptein is direk gemoeid met die samestelling van hierdie verskillende rade maar is nogtans tradisioneel verbind om sekere lede, ten spyte van sy persoonlike opinie aan te wys of op besondere rade te koöpteer. Die onderskeie raadgewende instansies is die linieraad, die familieraad of privaatraad, die stamraad en in die huidige tyd ook die stamvergadering.

Laasgenoemde instansie is 'n nuwigheid en nie van besondere belang vir begrip van die politieke orde nie.

Alvorens daar oorgegaan word tot 'n bespreking van die onderskeie rade is die volgende toelighting nodig. Die Changana gebruik die woord bandla om 'n openbare hof sowel as 'n raad aan te dui. Hoewel van Zulu-oorsprong hou die begrip direk verband met die besondere funksie van die bandla as vergaderplek van die mans binne die Changanakraal. (Vergelyk Hoofstuk III.) Dokc en Vilakazi (1915) verklaar die Zuluwoord bandla as: "Assembly of men (for discussion; to hear a trial or an announcement of the chief.)." Die Changanabegrip het dieselfde betekenis. Die Changana gebruik ook die woord nlangano (Zulu: -hlangana) om 'n byeenkoms of 'n vergadering aan te dui, sowel as die inheemse Tsongawoord nhlengelatano wat deur Cuenod (1967:131) as 'n: "meeting, assembly; gathering of people" vertaal word. Wan- neer die Changana spesifiek na 'n raadsinstansie verwys, gebruik hul die term bandla. Enige samekoms of vergadering van die raad (uitgesonderd 'n hofsitting) word egter met die term nlangano of nhlengelatano aangedui. (Vergelyk in hierdie verband ook Hoofstuk V: bandla/huvo.)

(b) Die Linieraad/Bandla ra usende

(i) Samestelling

Die samestelling van hierdie raad is tradisioneel bepaal. Geen formele aanstelling deur die kaptein is nodig vir sitting op hierdie raad nie - volwassenheid is die enigste primêre vereiste. Aangesien die bandla ra usende hoofsaaklik op politieke terrein funksioneer, het slegs die volwasse manlike patriliniêre verwante, sitting op hierdie raad. Hoe- wel alle volwasse mans die verrigtinge van die raad mag bywoon bewys die praktyk dat slegs die senior verwante, gewoonlik die kaptein se vadersbroers, hulle seuns en die broers van die kaptein, die raadsittings bywoon.

Die doel waarvoor 'n raadsitting belê word, bepaal wie as voorsitter sal optree. Soos vroeër vermeld, funksioneer die murhangeli as plaasvervanger van die kaptein in sekere linie-aangeleenthede. Wanneer die bandla ra usende sou

vergader vir 'n klagte oor die optrede of gedrag van die kaptein, is die murhangeli die sameroeper en voorsitter van die raad. Wanneer die kaptein die advies of goedkeuring van die raad sou verlang, tree hy ooreenkomsdig sy regmatige status as umnumzana wa usende op.

(ii) Funksie

In die alledaagse lewe funksioncer die bandla ra usende ter ordening en reëling van alle linie-aangeleenthede wat gewone linieverwante raak. Eers wanneer dit gaan om sake wat die kaptein en sy regering raak, het dit politieke betekenis.

As die mees senior verteenwoordiger van die eenheid is die kaptein vir enige optrede, persoonlik of polities, verantwoording aan die raad verskuldig. Die raad moet daareen teen waak oor die optrede van die kaptein en hom waar nodig van advies bedien, kritiseer, en kan hom selfs bestraf. (Ver gelyk Hoofstuk V.) Indien die raad ongelukkig voel oor die optrede van die kaptein, vergader hul privaat en in die geheim by die kraal van die murhangeli (voorsitter). Nadat hul tot 'n besluit geraak en 'n plan van aksie geformuleer het, word die kaptein versoek om op 'n bepaalde dag die sitting by te woon waar die murhangeli namens die raad hul opinie uitspreek en van die kaptein verantwoording eis. As sodanig bly die kaptein altyd bewus van die waaksame oog wat die bandla ra usende oor sy doen en late hou. Hierdie raad is ook direk gemoeid met die privaat lewe van die kaptein. Alle huwelike wat deur die kaptein aangegaan word, word hier bespreek en moet die goedkeuring van die raad wegdra. Hulle hanteer in die finale instansie ook die klagtes wat die kinders van die kaptein teen hul vader mag inbring byvoorbeeld by mishandeling, wangedrag, ens.

Die kaptein moet in alle belangrike stamsake die advies van die raad inwin en hul goedkeuring verkry nadat die aangeleentheid reeds deur hom en sy privaatraad bespreek is en voor dit vir 'n finale goedkeuring aan die stamraad voorgelê word. Die bandla ra usende het 'n vetoreg en kan met die nodige advies 'n saak terug verwys na die kaptein se privaat-

raad vir hoorweging. In die praktyk gebeur dit selde aangesien die kern van die raad ook die belangrikste privaatadviseurs van die kaptein is. Sodanige vergadering van die raad geskied in die bandla van die kaptein met die kaptein as voorsitter en nie die murhangeli nie.

Die raad het geen vasgestelde vergadertyd nie. Na gelang van die behoefte van die kaptein en/of die murhangeli word die raad periodiek tot sitting opgeroep.

- (c) Die familie-/privaatraad / Bandla ra vana va hosi  
(i) Algemeen

Tradisioneel het daar geen familieraad soos die huidige bandla ra vana va hosi gefunksioneer nie. Informante beweer dat Sochangana, Muzila en Nghunghunyana tydens hul regering aangewese was op die advies van 'n informele privaatraad saamgestel uit die kaptein se vadersbroers, sommige van sy eie jonger broers, die ndhunankulu en enkele invloedryke stamlede in wie die kaptein 'n vertroue gehad het. Daarbenewens was die kaptein ook aangewese op die linieraad soos onder (b) hierbo beskryf en die geslote stamraad. Soos vermeld het die oorloë van 1895 en 1897 ten gevolg gehad dat die geledere van die regerende familie aansienlik uitgedun is. Na die vestiging van die Changana in die Transvaal was daar 'n ernstige gebrek aan invloedryke verwante in die regerende linie.

Mpisane (regent en oom van Nghunghunyana) met sy verwant Thulilamahanxi, op daardie stadium die onvolwasse, wettige opvolger van Nghunghunyana en Mpikanyiso (liggaamlik gebrekkig), 'n jonger broer van Nghunghunyana was die enigste manlike verteenwoordigers uit die regerende linie. Hiertenoor het 'n sterk kerngroep, bestaande uit voormalige raadslede en regimentsleiers uit die regering van Nghunghunyana, ontwikkel. Mpisane moes as enkeling noodgedwonge op die advies en hulp van hierdie leiers staatmaak en reageer. As persoonlike adviseurs van die regent en belangrike lede van die stamraad is die stam spoedig regeer ooreenkomsdig die wense van hierdie groep. Die inhuldiging van Thulilamahanxi as kaptein en sy direkte verwantskap aan Nghunghunyana het die status van die kapteinshuis en die van die kaptein as verteenwoor-

diger van die regerende linie, aansienlik verhoog. Vanweë sy hooggeborenheid kon Thulilamahanxi groter invloed uitoefen in die stamregering. Sodanige optrede het die invloed en gesag van genoemde lede van die stamraad aan bande gelê. In daardie wyke waar meer as een voormalige raadslid van Ngunghunyana woonagtig was, het Thulilamahanxi slegs die senior raadslid erken en as wykshoof aangestel. Die res moes afstand doen van hul voormalige status en het geen sitting op die stamraad meer gehad nie. Die logiese gevolg van die optrede was dat 'n stryd ontwikkel het tussen die lede van die regerende linie (nog steeds in die minderheid) en die res van die stamraad. By die terugkeer van Buyisonto (die senior bo Thulilamahanxi) het die stamraad die ideale geleentheid gevind om van Thulilamahanxi ontslae te raak. Buyisonto is summier as kaptein aangewys en Thulilamahanxi het uitgewyk na die suikerplantasies in Natal. Buyisonto het as vreemdeeling spoedig weer sterk onder invloed van senior lede van die stamraad gekom – vandaar sy ongewildheid by die regerende linie. Eerdat teen hom opgetree kon word, is hy in 1932 oorlede en het daar 'n nuwe probleem vir die anti-Thulilamahanxi groep op die stamraad ontstaan. Die skyn is gewek dat Thulilamahanxi verantwoordelik was vir die afsterwe van Buyisonto en alle pogings is aangewend om hom van die regentskap te weerhou. Die opvolgingsreg het egter geseëvier. Thulilamahanxi is tydens 1932 as regent en nie meer as kaptein van die stam nie, ingehuldig. Dit was 'n groot terugslag vir sy teenstanders in die stamraad. Mafemana, (toe sewe jaar oud) die senior seun en erfopvolger van Buyisonto is na sy moedersmense te Groot Spelonken weggevoer uit vrees dat Thulilamahanxi hom sou laat doodmaak. (L.W.: Tydens die eerste aanwysing van Thulilamahanxi as kaptein (1910) is 'n stamvrou vir hom getrou. Haar stutvrou het 'n seun Isaac Khetho, die erfopvolger van Thulilamahanxi gebaar.) Nadat Thulilamahanxi blind geword het, het hy die linieraad versoek om 'n opvolger vir hom as regent aan te wys. Die regmatige opvolger, Mafemana was nog onvolwasse en steeds woonagtig te Groot Spelonken. Die familieraad het ten spyte van heftige teenkanting van die stamraad nogtans daarin geslaag om die oudste seun, die erfopvolger van Thulilamahanxi as die

regent aan te wys. Isaac Khetho, die opvolger van Thulilamahanxi en regent vir Mafemana, het oor 'n sterk persoonlikeheid beskik en spoedig die aansien en status van die regerende familie verhoog en bestendig. Teen hierdie tyd het die regerende familie reeds tot 'n getalryke eenheid uitgegroei en kon dit sy gesag in 'n hoë mate handhaaf. Die stryd het egter voortgeduur. Isaac Khetho het na sy inhuldiging enkele gevestigde tindhuna (teenstaanders op die stamraad) afgesit en met meer lojale amptenare vervang. Die Changanage segde: "Loko munhu a vekiwe vuhosini, a nga ha pfumeri ku tsongahatiwa - wanneer 'n man 'n gesagsposisie beklee het, aanvaar hy geen ondergesikte posisie nie" Is toepaslik op die struiweling wat daarnaas gevolg het. In Gerug dat Khetho diktaal optree, het onder stamlede versprei en skeuring het gedreig... Ten einde raad het Isaac Khetho, met goedkeuring van die familieraad besluit dat alle tindhuna in die toekoms ('sedert 1946) dêur die wyksledeself, by wyse van 'n verkiezing, aangewys sou word, slegs met 'n finale goedkeuring deur die kaptein en die stamraad.

Die bogenoemde gebeurtenisse het daartoe aanleiding gegee dat die regerende familie 'n groter aandeel in die stamregering verkry het. In hul poging om die opposisie teë te werk het hierdie eenheid algaande gegroei en inderdaad ontwikkel as die regerende eenheid - bekend as die bandla ra vana va hosi.

Die samestelling en funksie van die huidige Changanafamilieraad vertoon groot ooreenstemming met die liqoqo soos deur Pelser (1968:207) onder die Swazi van kaptein Aaron Nkosi aangetref maar bestaan uit meer as werklike afstammelinge in die kapteinslinie.

### (ii) Samestelling

Die bandla ra vana va hosi is hoofsaaklik saamgestel uit verwante van die kaptein en is as sodanig 'n ontwikkeling uit die bandla ra usende. Dit is 'n permanente instelling waarin die kaptein outomaties senior lidmaatskap verkry nadat hy ingehuldig is. Die bandla ra vana va hosi kontinueer na die afsterwe van die kaptein. As regerende eenheid onder

voorsitterskap van die murhangeli berus die verpligting by die raad om 'n nuwe kaptein aan te wys as verteenwoordiger van die linie. As sodanig het die kaptein nie die bevoegdheid om die samestelling van die raad te wysig nie en kan beslis nie die lidmaatskap van daardie patriliniëre verwante wat reeds op die raad sitting het, aantas nie.

Die bandla ra vana va hosi is in teenstelling met die bandla ra usende 'n geslote raad. Lidmaatskap berus enersyds op senioriteit en andersyds op bekwaamheid en is uitsluitlik beperk tot mans. Gewoonlik is die kaptein se vadersbroers en sy eie jonger broers lede van die raad. Daarbenedienens ook ander bekwame linieverwante, ten einde die verpligting van die raad op bekwame wyse te hanteer. Wanneer belangrike stamsake bespreek word, kan nie-verwanten genoem word om raadsittings by te woon. Hieronder ressorteer die ndhunankulu, vanweë sy bekwaamheid en sekere ander kundiges (xikulu). As sodanig staan hierdie persone bekend as vatsundzuxi va nhlengeletano ya vana va hosi - die adviseurs van die familievergadering.

Die lede van hierdie raad is die belangrikste adviseurs van die kaptein. Hoewel die raad as sodanig die adviserende instansie is, kan die kaptein afsonderlik en privaat met individuele lede samesprekings voer en advies inwin. Sodanige adviseurs van die kaptein staan bekend as mutsundzuxi wa hosi. Gewoonlik raadpleeg die kaptein eers die murhangeli en die ndhunankulu (ook bekend as die xandla xa hosi = die regterhand van die kaptein) in alle belangrike sake, voordat dit deur die bandla ra vana va hosi bespreek word.

### (iii) Funksie

Die familieraad kan beskou word as die regerende eenheid. Dit is 'n selfopgelegde verpligting wat tradisioneel nie altyd nodig was nie. Die kaptein as senior verteenwoordiger van hierdie eenheid plaas die familieraad onder die verpligting om, indien 'n kaptein nie oor al die nodige kwaliteite beskik nie sy posisie te verstewig en soos informante dit uitdruk: "hom sterk te maak". Ongelukkig het hierdie navorsing tydens 'n sodanige situasie geskied. Die ware beeld van die kaptein as die regeerder, as die ngwenyama (leeu)

het nooit na vore getree nie, selfs nie tydens samesprekings met die kaptein self nie. Die funksie van die bandla ra vana va hosi is gevvolglik na my oordeel oorbeklemtoon en nie 'n korrekte weerspieëling van die tradisionele patroon nie. Die kaptein is deur informante beslis as 'n beïnvloedbare uitvoerende gesagsdraer in die hand van die vana va hosi voorgehou.

In die verbygaan is reeds telkens gewys op die goedkeuring wat die bandla ra vana va hosi in alle sake wat die kapteinskap raak, moet gee. Afgesien van die reeds genoemde verpligtinge kan hierdie raad vandag beskou word as die beleidmakende instansie. In die huidige tyd wek dit die indruk van 'n regerende "party" en funksioneer in alle sake rakende die politieke en judisiële organisasie van die stam. Nuwe wette (indien nodig), die toepassing van die reg, die aanstelling of afsetting van 'n wykshoof, oortredings van mindere amptenare, die onderverdeling van wyke, ens. word alles deur die raad bespreek. Die finale goedkeuring in alle belangrike beslissings berus egter by die stamraad en as sodanig kan die familieraad nie despoties regeer nie.

Die bandla ra vana va hosi ontvang alle klagtes wat teen die kaptein ingebring word. Geen onderdaan mag egter direk 'n klag by die raad aanhangig maak nie. Dit moet deur die normale kanale geskied. 'n Klag moet na die wykshoof gebring word wat saam met sy raad die klag oorweeg en indien dit van belang geag word, dit dan aan die ndhunankulu cordra. Die ndhunankulu is verplig om die klag aan die familieraad oor te dra. Indien hy sou weier kan 'n ndhuna die klag direk na die murhangeli (plaasvervangende liniehoof) van die senior linie bring.

Die familieraad vergader weekliks (sondagmiddae) by die bandla van die kaptein. Die teenwoordigheid van alle lede, sover moontlik, word verwag - vandaar die gebruik om oor naweke te vergader. Die raad kan met of sonder die teenwoordigheid van die kaptein vergader. In sake oor die optrede van die kaptein self of klagtes wat teen hom ingebring word, vergader die raad afsonderlik. Sodanige vergadering is bekend as nhlengeletano ya vana va hosi onder

voorsitterskap van die murhangeli. By alle ander raadsittings moet die kaptein teenwoordig wees en ook as die voorstitter optree.

(d) Die stamraad / Bandla ra hosi

(i) Algemeen

Hoewel daar verwys word na die stamraad as die bandla ra hosi, dit wil sê die raad van die kaptein, impliseer dit nogtans dat dit die raad van die stam is, want die kaptein is die stam. Die kaptein is die verpersoonliking van die stam. Hy is die seun van die "stamvrou" en as sodanig 'n besondere verpligting teenoor die stam verskuldig. Die kapteinskap is ten nouste met die stam as eenheid verbonde en die raad van die kaptein of stamraad synde verteenwoordigend van die stam, vorm 'n belangrike skakel tussen die kaptein en die stam.

Die bestaan van 'n stamraad is essensieël vir die orde-like bestaan van die stam en die instandhouding daarvan is 'n absolute verpligting wat die kaptein teenoor die stam het. Hy kan nie daarsonder probeer regeer nie. Hierdeur kry die stam by wyse van hul verteenwoordigers die geleentheid om menings uit te spreek en 'n belangrike aandeel te hê in die besluite van die regering van die stam. Die kaptein en sy verwante (vana va hosi) kry daarenteen die geleentheid om in die stamraad die algemene volksgevoel aan te hoor en indien geregtig, dienooreenkomsdig te handel. Alle stamsake moet aan die raad voorgelê word en met instemming aanvaar word, alvorens dit uitgevoer kan word. Op hierdie wyse word die kaptein weerhou van despotisme en word tevredenheid by die onderdane verseker.

(ii) Samestelling

Die stamraad is 'n geslote raad met 'n formele samestelling. As verteenwoordigers van die stam het die onderskeie wykshoofde outomaties sitting op die raad. Op dieselfde wyse word alle lede van die bandla ra vana va hosi as die verteenwoordigers van die senior linie binne die stam, lede van die raad. Die kaptein kan met goedkeuring van die raad addisionele lede koöpteer. Sodanige persone word gewoonlik op grond van hul kennis oor stamsake aangestel en is gewoon-

lik raadsmanne van die vorige kaptein. Die aanstelling van hierdie kundiges (swikulu) sal eers deur die kaptein en sy familieraad bespreek word alvorens dit aan die stamraad vir goedkeuring voorgelê word. Nadat hul as swikulu van die raad aangewys en ingehuldig is, het hierdie lede permanente sitting op die raad. Hulle kan egter as raadslede afgesit word indien hul optrede nie die goedkeuring van die kaptein en sy raad wegdra nie. Die ndhunankulu is die voorsitter van die stamraad.

(iii) Funksie

Soos vermeld moet alle belangrike stamsake aan die stamraad vir bespreking en instemming voorgelê word. Oor meeste van hierdie sake het die bandla ra vana va hosi reeds standpunt ingeneem. By die bespreking daarvan in die stamraad is dit die taak van hierdie lede om die res van die raad tot hul sienswyse oor te haal. In die huidige tyd is die raad in twee "kampe" verdeel. Aan die een kant is daar die verteenwoordigers van die familieraad van die kaptein wat sover moontlik hul gesag wil handhaaf en aan die ander kant is daar die onderskeie wykshoofde wat nie sonder meer die besluite van die familieraad aanvaar nie. Sodanige optrede van die wykshoofde is te verstanne. In die huidige tyd word hulle deur die wykslede verkies met finale goedkeuring deur die kaptein-in-raade. Hoewel hul 'n dubbele plig moet handhaaf naamlik om namens die kaptein, gesag teenoor hul onderdane te voer en ook om hul onderdane op die stamraad te verteenwoordig, weeg laasgenoemde verpligting in die huidige tyd swaarder as in die verlede.

Die ndhunankulu het as voorsitter van die raad geen geringe taak nie. Hy is nie alleen die regterhand van die kaptein nie (xandla xa hosi) maar ook die hoof-ndhuna. As sodanig moet hy neutraal bly en botsinge in die raad op die plomatiiese wyse tot 'n vergelyk bring. Die kaptein neem nie self aan die bespreking deel nie. Die vana va hosi tree namens hom op. Aan die einde van die verrigtinge sal hy 'n kort opsomming gee waarna hy amptelik sy goedkeuring aan die besluit gee. Die kaptein sal egter nie sonder meer die standpunt van sy familieraad steun nie. Sy beslissing is

gewoonlik ooreenkomstig die wens van die meerderheid.

Die stamraad bespreek nie net sake wat deur die vana va hosi geopper word nie. Enige raadslid kan vroegtydig 'n voorstel, beswaar of probleem rakende die stamadministrasie aan die ndhunankulu voorlê vir bespreking. Die ndhunankulu is gewoonlik reeds volledig oor die aangeleentheid ingelig. As hoof-ndhuna en voorsitter van die raad is dit sy plig om alle tindhuna vroegtydig van 'n raadsitting te verwittig. Gewoonlik ontbied hy die tindhuna na sy kraal. Op 'n vergadering bekend as nhlengeletano ya tindhuna met die ndhunankulu as voorsitter word die voorstelle van die onderskcie tindhuna dan bespreek en 'n plan van aksie geformuleer voor dat dit aan die stamraad voorgelê word. Ooreenkomstig hierdie besluit sal die ndhunankulu die onderskeie sake van die tindhuna elk deur middel van 'n kort verduideliking aan die raad stel, waarna dit vir bespreking oopgestel is.

Op hierdie wyse dien verskillende sake voor die raad. Die belangrikste handel oor die optrede van die kaptein, nuwe wette, belastingheffing, ontevredenheid oor die optrede van die Blanke amptenary, die beoefening van die regsspraak, vroeër ook oorlogvoering, die bevestiging van 'n nuwe kaptein of wykshoof, ens.

Die raad vergader gewoonlik een keer per maand. Daar is egter geen vasgestelde datum nie. Die kaptein en die ndhunankulu sal gesamentlik besluit wanneer dic raad byeen moet kom, afhangend van die hoeveelheid sake en/of die noodsaaklikheid vir 'n byeenkoms. Die raad vergader in die bandla van die kaptein.

#### B. DIE PLAASLIKE REGERING

##### 1. Gesagsfunksionering binne die wyk (muganga)

Soos vroeër vermeld is, is die stamgebied vir politieë-administratiewe doeleindes in verskillende geografiese wyke (miganga) ingedeel. Elke wyk staan onder gesag van 'n aangestelde politieke leier - die wykshoof. By die Changana is hy bekend as ndhuna (mv. tindhuna). Net soos die kaptein, regeer die ndhuna nie alleen nie maar word in

die uitvoering van sy pligte bygestaan deur 'n raad (bandla). Die gebied (wyk) waarbinne die ndhuna-in-rade die gesag voer, is reeds beskryf. Daar sal vervolgens slegs aandag gegee word aan die gesagsfunksionering binne die eenheid.

(a) Die wykshoof (ndhuna)

(i) Algemeen

Die wykshoof is by die Changana bekend as ndhuna (mv. tindhuna). Junod (1927, II:654) gebruik egter die term ndjuna om enige raadslid aan te dui. Hiervan sê hy: "The Zulu word induna is well known and has been more or less adopted in current speech in South Africa. The Thonga form is ndjuna, pl. tindjuna. I employ both these forms indiscriminately" (Junod 1927, I:421). Cuenod (1967:123) ken die woord ndzhuna (mod. ndhuna) wat hy vertaal as: "headman, councillor, officer". Hieruit lei 'n mens af dat die woord ndhuna as sodanig gebruik word om verskillende politieke figure aan te dui – almal te make met posisies van leierskap of raadgewing. Junod (1927, I:421) onderskei die volgende tipes tindhuna: "The counsellors, tindjuna, constitute a cabinet which assists the chief in carrying on the functions of Royalty; first the Principal Counsellors (letikulu) whose province it is to discuss and decide the more serious questions which affect the country. ... In the second place come the military counsellors, the Generals of the army (tindjuna ta yimpi) who direct fighting operations .... Then there are Counsellors who are especially entrusted with the business of the adjoining countries, whom we might call Agents General. Lastly we find another category of Counsellors, those appointed by the chief in the various districts to act as overseers or magistrates, to adjudicate the petty differences of the people .... The tindjuna are thus a complete organisation, as necessary to the chief as they are to the orderly development of tribal life".

Tradisioneel het die Changana al die bogenoemde funksionarisse in die politieke organisasie gehad. In die verbygaan het ons reeds verwys na die ndhuna leyikulu, ndhuna-

nkulu, ndhuna ya mabuthu, ndhuna ya nyimpi, ndhuna ya macala en die ndhuna ya muganga - almal beskrywende terme vir verskillende funksionarisse. Informante beweer dat die term ndhuna sy oorsprong het uit die militêre organisasie van die Ndwandwe. Verdere omskrywing van die term het noodsaaklik geword om die verskillende hoedanighede waarin steeds die selfde persoon funksioneer, te verduidelik. Tradisioneel kon 'n ndhuna die hoof of leier van verskillende eenhede wees. Hy kan regimentsaanvoerder (ndhuna ya mabuthu) van sy eie regiment, 'n veggeneraal (ndhuna ya nyimpi), 'n wykshoof (ndhuna ya muganga) en selfs hoof-ndhuna (ndhunankulu) wees. 'n Persoon moet eers regimentsaanvoerder wees. Indien hy hom in hierdie hoedanigheid onderskei, kan die kaptein 'n hoër "rang" aan hom toeken met behoud van sy reeds verkreeë funksie. Op hierdie wyse het 'n kaptein tradisioneel 'n bekwame regimentsaanvoerder as wykshoof (ndhuna ya muganga) aangestel. Alle regimentsaanvoerders het egter nie wykshoofde geword nie - tradisioneel is die stamgebied in slegs enkele wyke onderverdeel.

Sedert die afskaffing van regimentsvorming by die Changana, het hierdie funksionarisse (ndhuna ya mabuthu) stelselmatig verdwyn. Mpisane het weliswaar enkele sodanige tindhuna as wykshoofde aangewys maar sedertdien was dit nie moontlik nie. Die politieke funksie van die ndhuna is in die huidige tyd beperk slegs tot plaaslike administrasie van die wyk waarvan hy ook die verteenwoordiger in die stamraad is. As wykshoof is hy belas met polities-administratiewe verpligting wat hy en sy raad namens die kaptein-in-rade behartig. As sodanig is hy enersyds die verteenwoordiger van die kaptein binne die betrokke wyk en andersyds die verteenwoordiger van sy onderdane in die stamraad. Op hierdie wyse is die ndhuna 'n belangrike skakel tussen die kaptein en sy onderdane.

#### (ii) Verkryging van posisie

In die verlede kon 'n persoon om verskillende redes kwalifiseer as 'n ndhuna, daar die aanwysing, status en bevoegdheid van die ndhuna in die Changanageskiedenis dikwels omvorm en gewysig is. Historiese gebeurtenisse soos gereelde

oorlogvoering, onderwerping van vreemde stamme, die gevolge van oorlogvoering, die verdwyning van die militêre organisasie en selfs die langdurige regering van regente het ten gevolg gehad dat daar ~~tans geen vaste reël meer aangetrek word nie.~~ Die gegewens verskil by verskillende informante.

Die bewering dat 'n kaptein in die verlede sy verwante in sekere gebiede uitgeplaas het ten einde sy eie posisie by wyse van militêre beheer te verstewig, is deur die meeste informante bevestig. Hierdie gebruik stem ooreen met die bevinding van Gluckman (1964:33 e.v.) ten opsigte van die Zulu en die van Junod by die Tsonga. Junod sê: "Each of these districts being under a petty chief, who is hosana (diminutive of hosi) ... According to the custom generally observed, the chief placed his relatives and his sons in the various parts of the land as petty chiefs (tihosana) ...." (Junod 1927, I:357). Sochangana het inderdaad hierdie beleid gevolg. Hy het sy seuns en ander verwante as tihosana oor verskillende gebiede uitgeplaas – veral oor die gebiede van oorwonne Tsongastamme. Informante stel dit egter uitdruklik dat 'n hosana nie as 'n ndhuna funksioneer nie. Hosana kan of beteken prins, dit wil sê die seun van 'n kaptein, of in oordragtelike sin, 'n hoofman. Slegs verwante van die kaptein kan as hoofmanne (tihosana) aangestel word. 'n Hosana sal nooit as ndhuna aangestel word nie. Hyself (hosana) kan egter met goedkeuring van die kaptein-in-rade verskillende tindhuna (wykshoofde) aanwys binne die gebied waарoor hy aangestel is om namens die kaptein-in-rade te beheer. Op hierdie wyse vorm die hosana 'n belangrike skakel tussen sy eie tindhuna (gewoonlik regimentsaanvoerders wat hy met goedkeuring van die kaptein-in-rade tot wykshoofde verhef het) en die kaptein. Aldus kan 'n regimentsaanvoerder (ndhuna ya mabuthu) vanweë die militêre beheer wat hy oor 'n sekere gebied in opdrag van die hosana uitoefen, 'n dubbele funksie vervul. As leier van sy regiment handhaaf hy steeds militêre gesag terwyl hy as ndhuna ya muganga die polities-administratiewe verpligte ten opsigte van die gebied wat hy onder die hosana beheer, moet nakom.

'n Volgende wyse waarop 'n persoon tradisioneel as wyks-

hoof kon kwalifieer hou ook verband met die militêre organisasie. Dit was die gebruik dat 'n kaptein sy wykshoofde aanwys uit die verskillende regimentsaanvoerders. 'n Regimentsaanvoerder wat hom op besondere wyse onderskei het byvoorbeeld by wyse van dapperheid, handhawing van orde, regverdigheid in krygshofsbeslissings, ens. en op hierdie wyse respek afdwing, is gewoonlik deur die kaptein, indien 'n vakkature ontstaan, tot wykshoof verhef. 'n Mens moet egter steeds in gedagte hou dat 'n persoon aan besondere kwalifikasies moes voldoen aleer hy as 'n regimentsaanvoerder aangewys kon word. 'n Regimentsaanvoerder wat op hierdie wyse uiteindelik as wykshoof aangestel word, voldoen dus by uitnemendheid aan die vereistes wat vir 'n wykshoof gestel word.

Nadat die Changana na die Transvaal verhuis het, geen regemente meer gevorm is nie en die militêre organisasie so-doende afgetakel is, was sodanige aanstelling nie meer moontlik nie. Die enkele regimentsaanvoerders wat die vlug mee-gemaak het en oor die nodige kwaliteite beskik het, is nog as wykshoofde aangestel. Daarna moes die kaptein-in-rade op persoonlike oordeel, 'n wykshoof aanwys. Daar is gelet op kwaliteite soos leierskaphoedanigheid, sosiale senioriteit, lojaliteit teenoor die regerende familie, onderskeiding in die kapteinshof, ens. Dit is vanselfsprekend dat geen kaptein of regent 'n dislojale onderdaan as wykshoof sal aanwys nie. Mpisane, Thulilamahanxi, Buyisonto en Khetho het sover moontlik hul wykshoofde ooreenkomsdig hierdie beginsel aangewys. Die optrede van regent Khetho, pas nadat hy as regent ingehuldig is, het egter openlike verset in die stamraad en onmin by sy onderdane veroorsaak. Hy het naamlik sekere opstandige wykshoofde afgesit en met meer lojale wykshoofde vervang. Sodanige optrede is noodsaaklik geag ten einde die gesag van die regerende familie te kon handhaaf. Die reaksie op hierdie skommeling was egter sodanig dat die familieraad hul aanwysing in heroorweging moes neem. Die reeds bestaande stryd tussen die regerende familie en die wykshoofmanne op die stamraad het sulke afmetings aangeneem dat die onderdane uiteindelik opstandig geword het. Ten einde hierdie probleem die hoof te kon bied het die kaptein-

in-rade besluit op 'n meer demokratiese stelsel van verteenwoording. Sedert 1944 word wykshoofde dus nie meer deur die kaptein aangewys nie maar kies die onderdane self hul verteenwoordiger op die stamraad en dus hulle wykshoof. Die finale goedkeuring berus egter by die kaptein-in-rade.

Ten opsigte van die verkryging van wykshoofmanskap kan 'n mens dus opsommend beweer dat die voormalige militêre organisasie van die Changana as leerskool vir toekomstige wykshoofde gedien het; elke regimentsaanvoerder nie noodwendig 'n wykshoof geword het nie; dat 'n kapteinseun of verwant nooit as wykshoof aangewys is nie (vergelyk tabel 7): die posisie van wykshoof nie erflik is nie en dat, afgesien van nuwe verwikkelinge, die kaptein-in-rade steeds hulle goedkeuring by die aanwysing van 'n wykshoof moet verleen. Wykbewoners kan egter deur die regte kanale 'n klag teen hul verkose wykshoof na die kaptein bring waarna die kaptein-in-rade oor die bevoegdheid beskik om hom af te sit.

### (iii) Aanstelling en inhuldiging

Vanneer 'n wykshoof te sterwe kom of daar op een of ander wyse 'n vakature ontstaan, is dit die plig van die kaptein en sy familieraad om so gou as moontlik 'n nuwe wykshoof, gewoonlik 'n inwoner van die betrokke wyk, aan te wys. Tradisioneel het die kaptein nie alleen op die advies van sy privaatadviseurs en die familieraad 'n keuse gemaak nie. Die leërowerste (phini ya nyimpi) se advies is ook ingewin. Vanweë sy direkte verbintenis met die onderskeie regimentsaanvoerders is sy advies van uitnemende belang geag. Nadat die kaptein sy persoonlike keuse gemaak het, is dit aan die familieraad vir oorweging en goedkeuring voorgelê. Daarna is die stamraad byeengeroep en hoewel die aanwysing bespreek kon word, het sodanige vergadering slegs as formele bekendmaking van die keuse van die kaptein gedien en nie vir goedkeuring daarvan deur die stamraad nie. Vandaar die omskrywing van hierdie vergadering van die stamraad naamlik: nhlengeletano ya hosi huvo yo vulavula ku bekiwa ka ndhuna = die kapteinsvergadering waarop die aanstelling van 'n nuwe ndhuna bespreek word.

Die aangewese ndhuna word ongeveer 'n maand later deur die kaptein ontbied. Gewoonlik sal die kaptein sy boodskapper (xirhumiwa) gelas om die liniehoof van die man in kennis te stel van die datum waarop die kaptein die aangewese ndhuna en sy senior verwante by die kapteinskraal wil spreek, in teenwoordigheid van die volle stamraad. Die samespreking op die betrokke dag vind plaas onder 'n boom binne die kapteinskraal. Die kaptein neem stelling in op die twaalfuur posisie. Die stamraad sit in 'n halfmaanorde aan weerskante van die kaptein - die ndhunankulu en die ander tindhuna tussen die nege- en twaalfuur posisie en die vana va hosi in die posisie tussen twaalf- en drieuur, ooreenkomsdig senioriteit. Die nuwe ndhuna en sy familie neem plaas reg voor die kaptein op die sesuur posisie. Die ndhunankulu lei die verrigtinge. Hy verwittig die aanwesiges van die kaptein se keuse. Die liniehoof van die nuwe ndhuna sal daarna opstaan en sy dank teenoor die kaptein betuig en die volle steun van sy familie beloof. Die ndhunankulu sal vervolgens die pligte en bevoegdhede van 'n ndhuna breedvoerig uiteensit, sy samewerking vra en die aangewese ndhuna versoek om daarop te antwoord. Nadat die aangewese ndhuna sy dank teenoor die kaptein betuig het, sy steun aan hom toesê het en amptelik die aanwysing aanvaar het, (hy kan nie weier nie want die kaptein weet beter as hy), verdaag die vergadering.

Vanneer al die voorbereidings vir die inhuldigingsfees afgehandel is, vergader die stam op die bepaalde dag by die kraal van die kaptein. Dit word verwag dat soveel as moontlik van die inwoners van die betrokke wyk teenwoordig sal wees. Van die ander tindhuna word verwag om 'n bees, 'n paar bokke en bier vir die fees te voorsien terwyl die kaptein 'n spesiale bees vir die geleentheid gee. Nadat die ndhunankulu in opdrag van die kaptein en in teenwoordigheid van al die aanwesiges die naam van die nuwe ndhuna aangekondig het, weer eens sy pligte en bevoegdhede meegedeel het, word die bees wat deur die kaptein gegee is, geslag. Die galblaas word verwyder en aan die kaptein oorhandig. Die kaptein sal dit halfweg ledig, aan die ndhunankulu oorhandig wat dit

op sy beurt aan die nuwe ndhuna oorhandig nadat hy ook van die inhoud gedrink het. Die nuwe ndhuna gee die galblaas aan die ndhunankulu terug wanneer hy dit volledig geledig het. Hierna sal die ndhunankulu repe van die galblaas om die gewrig van die ndhuna bind as uiterlike teken van sy nuwe status. Die beeste en bokke wat deur die verskillende tindhuna gebring is, word daarna saam met ander wat deur die kaptein voorsien is, aan die nuwe ndhuna oorhandig. Die funksie van hierdie beeste is van tweërlei aard. Dit kan of die ndhuna in staat stel om vir hom 'n hoofvrou te trou indien hy nie een het nie, of indien hy reeds 'n hoofvrou getrou het, kan hy die beeste by sy veestapel voeg ten einde sy status te verhoog. Na afhandeling van hierdie ceremonie sing die vroue lofliedere waarna die regiment van die ndhuna hul strydkrete sal aanhef. Hierna word beeste geslag, bier uitgedeel en fees gevier.

Ongeveer twee weke na afloop van hierdie ceremonie is dit die plig van die ndhuna om 'n fees vir die kaptein en die tindhuna by sy eie kraal te reël. Die doel hiervan is tweeledig. Eerstens om sy dank aan die kaptein en die ander tindhuna te betuig en tweedens, die seremoniële verwydering van die galblaas om sy gewrig, deur die ndhunankulu te laat plaasvind.

In die huidige tyd stem die amptelike aanstelling en inhuldiging ooreen met die tradisionele patroon soos dit hierbo geskets is. Die aanwysing van 'n ndhuna is egter soos vermeld, gewysig. By die afsterwe van 'n ndhuna word die nuus aan die kaptein oorgedra. Na ongeveer drie maande, dit wil sê wanneer die amptelike rouperiode verstrekke is, word 'n wyksvergadering bekend as nhlengeletano ya muganga deur die plaasvervanger (xandla xa ndhuna of museketeri) van die gestorwe ndhuna byeengeroep. Op die vergadering word twee afgevaardigdes namens die wyk aangewys om toestemming by die kaptein te verkry om 'n nuwe wykshoof te kies. Na sodanige toestemming gegee is vergader die volwasse manlike inwoners van die wyk onder voorsitterskap van die ndhunankulu. Hy verwittig die vergadering van die amptelike toestemming wat die kaptein verleen het om 'n wykshoof te kies en vra voor-

stelle vir moontlike kandidate. (Informante beweer dat wykslede reeds vooraf deeglik ruggespraak hou en op 'n moontlike kandidaat besluit.) Indien meer as een persoon voorgestel word, sal die ndhunankulu die teenwoordigcs gelas om ooreenkomsdig hul keuse in groepe te verdeel. Sodoende kan die sterkte van die verskillende groepe beoordeel word en indien dit baie gelykop is maklik getel word. Die naam van die amptelike kandidaat word deur die ndhunankulu bekend gemaak terwyl hy aan die vergadering belowe om hul keuse aan die kaptein voor te lê vir sy goedkeuring. Die goedkeuring van die kaptein is noodsaaklik. Indien die verkose kandidaat hom nie welgeval nie kan hy sy goedkeuring weier. Hy is egter aanspreeklik vir sodanige optrede en is 'n gemotiveerde verduideliking aan sy onderdane verskuldig. Sedert die nuwe stelsel ingevoer is, het die kaptein nog nooit sy goedkeuring geweier nie.

(iv) Behoud van posisie deur pligsvervulling

Die ndhuna word nie vir 'n vasgestelde termyn aangewys nie. Indien hy sy verpligtinge steeds met onderskeiding nakom kan hy selfs lewenslank hierdie posisie behou. Anders as by die kaptein berus die behoud van sy posisie uitsluitlik op sy pligsvervulling. Daar bestaan dus geen ander moontlike waarmee 'n ndhuna sy posisie kan verstewig nie, hoewel lojaliteit teenoor die kaptein soms voordelig kan wees. Die verpligting van 'n ndhuna is van tweeledige aard. Namens die kaptein-in-rade moet hy gesag voer oor die wyk. Aan die ander kant moet hy sy onderdane op so 'n wyse in hoërs gesagsinstansies verteenwoordig dat sy optrede steeds hul goedkeuring wegdra. Indien enige party ongelukkig voel oor sy optrede kan hy moeilikheid verwag.

As polities-administratiewe beampte het die wykshoof in die huidige tyd verskeie pligte wat hy namens die kaptein-in-rade moet uitoeffen. Die belangrikste hiervan is die volgende:

(a) Hy is verantwoordelik vir die toekenning van grond aan alle mans in sy wyk. Alle nuwe intrekkers moet aanvanklik by hom aanmeld. Hy neem hulle eers na die kaptein aan wie hul moet nkonza dit wil sê hul onderdanigheid betoon en hulle

bereid verklaar om belastings aan die kaptein te betaal. Daarna sal die ndhuna ooreenkomstig die beskikbare woon- en bewerkbare grond 'n perseel aan die nuwe intrekker toeken.

- (b) Hy moet ook die belasting (mpandzwa wa hosi) namens die kaptein invorder. In die huidige tyd vorder hy ook die stamheffing (mthelo wa tiko) namens die stamowerheid in. Vir hierdie doel maak die ndhuna gebruik van sy helpers (vapfuni). Aan elk word 'n sekere hoeveelheid krale aange wys waar hulle namens die ndhuna die heffing moet vorder. Die ndhuna lewer dit dan aan die ndhunankulu om namens die wyk aan die kaptein te oorhandig.
- (c) Hy is tussenganger tussen sy mense en die kaptein en verteenwoordig sy wyk as raadslid, op die stamraad.
- (d) Hy moet wet en orde handhaaf. Die ndhuna-in-rade mag alle siviele sake verhoor maar kriminele sake moet na 'n voorondersoek, na die kapteinshof verwys word.
- (e) Hy is verantwoordelik vir die algemene welsyn van sy mense en is ook 'n belangrike getuie tydens huweliksluiting.
- (f) By alle appëlsake vanuit sy hof na die kapteinshof is sy teenwoordigheid noodsaaklik. Indien moontlik moet hy ook gereeld die kapteinshof vir ander sake bywoon.

Afgesien van sy inkomste uit 'n gedeelte van die boete-gelde, vergoed die kaptein 'n ndhuna van tyd tot tyd deur beeste aan hom te skenk. Na die jaarlikse oesfees reël die ndhunankulu ook 'n groot fees namens die kaptein ter ere van die verskillende tindhuna. Sommige informante beweer dat 'n ndhuna in die huidige tyd ook 'n maandelikse vergoeding van ongeveer R10.00 van die kaptein ontvang vir sy dienste.

(v) Plaasvervangers van die wykshoof

In die uitvoering van bogenoemde verpligtinge staan die wykshoof nie alleen nie. Afgesien van die verskillende rade (familie- of privaatraad en wyksraad) wat hom adviseer en bystaan in die uitvoering van sy pligte is daar ook 'n aantal aangestelde amptenare wat as helpers van die wykshoof funksioneer. Hierdie amptenare is egter nie onderhoofde van onderafdelings van die wyk nie, omdat 'n wyk territoriaal

nie onderverdeel is nie. Die grootte van die wyk bepaal egter die hoeveelheid helpers wat 'n wykshoof sal aanwys.

Die mees algemene benaming vir 'n sodanige amptenaar is mupfuni (mv. vapfuni) = 'n helper. Informante beweer dat 'n mupfuni tradisioneel 'n militêre sowel as 'n polities-administratiewe posisie kon beklee. Tradisioneel het 'n ndhuna ya mabuthu (aanvoerder van 'n regiment) verskeie vapfuni (leiers van onderafdelings van die regiment) onder hom gehad. Elke mupfuni was die leier van die regimentslede wat uit 'n besondere wyk afkomstig was. Wanneer 'n ndhuna ya mabuthu tot 'n wykshoof (ndhuna ya muganga) verhef is, is sy verskillende vapfuni outomaties deur die kaptein-in-rade tot polities-administratiewe hoofde onder die wykshoof erken en aangestel. Ten spyte van verskeie pogings kon ek ongelukkig nie daarin slaag om 'n volledige rekonstruksie van hierdie omskakelingsproses vanuit die militêre orde na 'n polities-administratiewe bedeling, volledig te verhaal nie. Informante stel dit egter onomwonde dat die vapfuni van vandag 'n nalewenis uit die voormalige militêre organisasie is.

In die huidige tyd wys 'n ndhuna self sy onderskeie vapfuni aan, onderhevig aan die goedkeuring en aanstelling van die kaptein-in-rade. Hierdie helpers is die "oë" en "hande" van die ndhuna en is as sodanig ook bekend as tihlo ra ndhuna of xandla xa muganga. Ten einde volledige beheer en toesig oor alle inwoners van sy wyk te hê, is dit wenslik dat 'n ndhuna sy helpers uit die onderskeie groter gesinne-eenhede binne die wyk sal aanwys. Gewoonlik word die hoof van 'n groter gesinne-eenheid dan ook as 'n mupfuni aangewys. Sodanige verteenwoordiging is egter nie noodsaaklik nie. Die hoof van 'n groter gesinne-eenheid het geen aanspraak op hierdie amp nie. 'n Ndhuna kan selfs twee helpers uit diezelfde eenheid aanwys of vir polities-administratiewe doeleindes een helper oor verskillende groter gesinne-eenhede aanwys. Daar bestaan geen vaste reël nie.

Die vapfuni va ndhuna moet toesien dat alles binne die wyk ordelik verloop. Hulle moet met 'n ope oog en oor waak oor die belang van die wyk en moet alle ongerymdhede aan die ndhuna rapporteer. Namens die ndhuna moet hul alle

belangrike aankondigings of bevele, wat van die kaptein of ndhuna kom aan die inwoners oordra en jaarliks die belasting invorder. As lede van die wyksraad het hul ook 'n politieke en judisiële funksie (vergelyk later). Saam met die voor- sitter van die wyksraad (xandla xa ndhuna) ontvang hul alle sake wat vir beslegting na die wykshof gebring word en kan dit vooraf bespreek. As sodanig beskik die vapfuni egter oor geen regspraakbevoegdheid nie. Hul kan egter op informele wyse as arbiters in geskille tussen wykslede optree en op hierdie wyse 'n geskil probeer bylê. Wanneer die hofraad in sitting is, kan hul natuurlik as lede van die raad aan die besprekings deelneem en die ndhuna tot 'n bevinding lei.

Uit die geledere van die vapfuni word in die huidige tyd 'n voorsitter deur die vapfuni met goedkeuring van die ndhuna aangewys. Hy is bekend as die xandla xa ndhuna - nou ook genoem museketeri, na analogie van die Afrikaans (sekretaris). Hy is die belangrikste plaasvervanger van die ndhuna. Sy funksie is soortgelyk aan die funksie van die ndhunankulu by die kaptein. Hy is die regterhand van die ndhuna. Hy is die voorsitter van die wyksraad en die plaasvervanger van die ndhuna, tydens sy afwesigheid. Die xandla xa ndhuna het egter geen regterlike bevoegdheid nie. Sou die ndhuna te sterwe kom of vir 'n geruime tyd afwesig wees, is dit die plig van die ndhunankulu om die regspraak self te beoefen en nie die xandla xa ndhuna nie. Ander uitvoerende magte kan egter deur die xandla xa ndhuna namens die ndhuna behartig word.

Elke ndhuna het gewoonlik 'n boodskapper bekend as xirhumiva xa ndhuna. Hy word deur die ndhuna aangestel en vergoed. Alle boodskappe aan die vapfuni en/of ander wykslede word deur hom in opdrag van die ndhuna oorgedra. Dit is ook sy taak om die lede van die wyksraad te verwittig van 'n raadsvergadering. Vroeër was die xirhumiva xa ndhuna ook die bode van die wykshof. In die huidige tyd word 'n spesifieke amptenaar - die sogenaamde porisa ra bandla - hofkonstabel, uitsluitlik vir hierdie doel deur die ndhuna aangestel en besoldig. In die huidige tyd kan hy egter ook as plaasvervanger of verteenwoordiger van die ndhuna as getuie

by huwelikseremonies optree. Sommige tindhuna het egter afsonderlike amptenare, bekend as ntsumi (tintsumi) wat hierdie plig namens die ndhuna moet nakom. Die getuienis van die ntsumi aangaande die huweliksonderhandelinge en die hoeveelheid lobolo wat tydens die huweliksluiting gelewer is, is vanselfsprekend van uitnemende belang in latere gedinge oor die huwelik.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die ndhuna net soos die kaptein oor 'n hele amptenary beskik wat sekere pligte wat by die ndhuna tuishoort, namens hom hanteer.

(vi) Raadgewers van die ndhuna

Hoewel die ndhuna in sy persoon, as polities-administratiewe hoof van die wyk deur die kaptein-in-rade aangestel is, regeer hy nie alleen nie. Despotiese optrede deur 'n wykshoof sal spoedig ontevredenheid by sy volgelinge veroorsaak. Hy is daarom, net soos die kaptein, aangewese op die advies en hulp van ander persone wat binne sy wyk woonagtig is. Sodanige raadpleging en raadgeving verstewig nie alleen die posisie van die wykshoof nie maar die bystand van veral die wyksraad, bied 'n aansienlike verligting op die veelvuldige verpligtinge van 'n wykshoof. Afgesien van die bystand van die wyksraad het die ndhuna ook 'n informele privaatraad wat hom in belangrike sake van advies kan bedien.

(aa) Die privaatraad van die ndhuna

Die privaatraad van 'n ndhuna kan ook beskryf word as 'n familieraad - vandaar die benaming: va yindlu ya ndhuna. Dit is 'n informele raad met geen voorgeskrewe samestelling nie. Gewoonlik is die lede van hierdie raad, die senior verwante van die ndhuna en bestaan onder meer uit sy vader (in die huidige tyd), sy vadersbroers en sy eie broers. Soms word die xandla xa ndhuna ook gevra om die vergadering van hierdie raad by te woon of anders individueel om sy advies genader.

Alle sake wat voor die wyksraad gelê sal word, word hier vooraf bespreek en die ndhuna daaroor geadviseer. Op hierdie wyse verseker die familie dat die ndhuna nie onverantwoordelik sal optree nie, en 'n duidelik geformuleerde

saak aan die wyksraad sal voorlê. Hierdie raad het ook die verpligting om toesig te hou oor die optrede van die ndhuna en hom vroegtydig te adviseer indien hy teen die wense van sy familie en onderdane handel. Hulle kan hom selfs kritiseer en indien hy sou voortgaan met onverantwoordelike optrede, by die liniehoof en soms direk by die kaptein verklae.

Afgesien van die raadgewing deur en raadpleging van sy familieraad kan die ndhuna enige van hierdie lede, ander verwante of invloedryke persone binne die wyk individueel om advies vra - veral in netelige sake of voor 'n belangrike hofsitting.

Soos vermeld is, word die ndhuna in die huidige tyd deur die wykslede verkies. Die verandering het ten gevolg dat 'n jong, geletterde of bekwame persoon as wykshoof verkies kan word. As sodanig is hy nie noodwendig die mees senior persoon binne sy eie linie of selfs familiegroep nie. Anders as by gewone familie- of linie-aangeleenthede vergader die familieraad van die ndhuna nie op gesag en by die setel van die familie of liniehoof nie maar ooreenkomsdig die wense en in die bandla van die ndhuna. Genoemde vergaderings, bekend as nhlengeletano ya va yindlu ya ndhuna vind plaas na gelang van die behoefté en volg geen vasgestelde program nie.

(bb) Die wyksraad/Bandla ra ndhuna

Die bandla ra ndhuna is 'n geslote raad waarvan die samestelling tradisioneel bepaal is en by die ndhuna berus. Die bandla ra ndhuna is saamgestel uit die ndhuna self, die xandla xa ndhuna wat as voorsitter van die raad optree, die verskillende vapfuni va ndhuna, die lede van die privaatraad van die ndhuna en enkele gekoöpteerde lede - gewoonlik invloedryke, kundige wykslede, bekend as xikulu of xibonda (by sommige ook bekend as madoda).

Die bandla ra ndhuna is 'n politieke raad. Alle sake rakende die polities-administratiewe funksie van die ndhuna moet aan hierdie raad vir goedkeuring voorgelê word. Die aanstelling van die xirhumiwa xa ndhuna, vapfuni va ndhuna en die ntsumi ya ndhuna word deur die raad bespreek terwyl die xandla xa ndhuna sowel as die ndhuna self direk verantwoording

vir hul optrede aan die raad verskuldig is. Afgesien van die raad en bystand wat die bandla ra ndhuna verleen, kan hul ook die optrede van die ndhuna kritiseer. Hul beskik egter nie oor die bevoegdheid om die ndhuna af te sit nie maar kan hom wel verklae by die ndhunankulu. Die raad dra egter mede-verantwoordelikheid vir enige handeling van die ndhuna en is as sodanig nie bove kritiek verhef nie. Enige raadslid kan deur die ndhuna met goedkeuring van die raad en die verskil-lende vapfuni (ook raadslede) met die goedkeuring van die kaptein-in-rade afgesit word. Die belangrikste funksie van die raad in die huidige tyd is om die regspraak te beoefen. As sodanig funksioneer die bandla ra ndhuna as 'n wykshof by die verhoor van sekere sake (vergelyk Hoofstuk V).

Die wyksraad het geen vasgestelde vergadertye nie maar vergader gewoonlik ooreenkomsdig die wense en behoeftte van die wykshof in sy bandla. As wykshof, vergader die bandla ra ndhuna weekliks – gewoonlik 'n paar dae vroeër as die kapteinhof sodat appëlsake betyds by die ndhunankulu aangemeld kan word.

C. GESAGSFUNKSIONERING BINNE DIE SOSIO-POLITIESE EENHEDE.

In die vorige hoofstuk is gewys op die bestaan van sosio-politiese eenhede naas polities-administratiewe eenhede binne die politieke organisasie van die Changana. Hierdie eenhede is van suwer sosiale aard en die gesagsposisie berus uitsluitlik op senioriteitstatus binne die eenheid. Vanweë die gesagsfunksionering en die beheer wat uitgeoefen word ter ordening van hierdie sosiale eenhede (hoewel nie deur die sentrale stamgesag ondersteun nie), is hierdie eenhede onteenseg=lik geïntegreer met die politieke organisasie van die stam. As sodanig kan hierdie sosiale eenhede as sosio-politieke een=hedé beskou word. Soos later sal blyk, moet daar egter onderskei word tussen politieke gesag, soos by die kaptein-in-rade gesetel, en die gesagsuitoefening by hierdie eenhede. Bersgenoemde het die bevoegdheid om sy bevele deur magsge=bruik af te dwing terwyl die teregwysinge binne sosio-politieke instansies nie so afdwingbaar is nie. Die bereidwilligheid

tot die erkenning van gesag deur onderdane berus by hierdie eenhede op die erkenning van sosiale senioriteit en hiervolgens word die teregwysinge van persone van aansien aanvaar en eerbiedig.

As sosio-politiese eenhede kan onder andere die kraal-, die groter gesinne- en die linie-eenhede binne die stamgebied aangedui word. Elke afsonderlike eenheid het 'n hoof wat sy posisie op grond van geboorte verkry. Die hoofde van die linie- en groter gesinne-eenhed word normaalweg ook deur raadgewende instansies in die uitvoering van hul pligte bygestaan. Die bevoegdheid om beheer uit te oefen en die verantwoordelikheid vir die interne ordening van hierdie eenhede berus dan by die onderskeie hoofde in samewerking met hul senior verwante op hierdie rade.

(1) Die liniehoof / Umnumzana wa usende

(a) Verkryging van posisie

Die mees senior lewende persoon in die usende vorm die hoof daarvan en is bekend as umnumzana, gewoonlik aangedui as umnumzana wa usende lwaka .... (vergelyk ook Hoofstuk III.) Die posisie van die liniehoof is streng genealogies bepaal. Ooreenkomsdig hierdie beginsel word die mees senior lewende manlike afstammeling in die direkte lyn van die gestorwe stamvader beskou as die hoof van die eenheid. By die afsterwe van die liniehoof word hy dus opgevolg deur die oudste seun van sy hoofvrouw. Hierdie opvolger in status (mudyandzhaka) verkry sy posisie uitsluitlik op grond van geboorte. Sy posisie en bevoegdheid is geensins onderworpe aan die goedkeuring van die kaptein of die ndhuna nie. Hulle beskik ook nie oor die bevoegdheid om hom van sy amp te onthef nie.

Hoewel die liniehoof sy posisie te danke het aan sy hooggeborenheid geskied die opvolging nie outomaties nie. Net soos by die opvolging in die kapteinskap moet die linieraad hul goedkeuring aan hierdie opvolger verleen. Na die afsterwe van die liniehoof vergader die linicraad (bandla ra usende) by die kraal van die jonger broer van die gestorwe liniehoof. Op hierdie vergadering bekend as nhlengelatano

ya usende word die nuwe liniehoof aangewys. Slegs in hoogs uitsonderlike omstandighede soos byvoorbeeld verstands- of liggaamsgebreke of wanneer die regmatige opvolger nog minderjarig is, sal iemand anders dan die regmatige opvolger aangewys word. Die aanwysing word egter deur geen inhuldigingseremonie of magiese versterkingseremonie gevolg nie. 'n Formele vergadering van die linieraad by die aanwysing van 'n liniehoof is noodsaaklik, veral onder omstandighede waar die regmatige opvolger nog minderjarig is. In sodanige situasie sal die linieraad 'n regent aanwys vir die duur van die minderjarigheid van die regmatige opvolger. Die jonger broer van die gestorwe liniehoof word normaalweg as regent aangewys.

In die huidige tyd het sommige linies in navolging van die senior linie binne die stam 'n plaasvervanger vir die liniehoof - ook bekend as murhangeli. Die murhangeli word deur die bandla ra usende aangewys en verkry sy posisie op grond van bekwaamheid. Informante beweer dat sodanige plaasvervanger slegs aangewys word indien die liniehoof nie bevoeg is om sy verpligte te behartig nie of buite die stamgebied werksaam is. Anders as die liniehoof kan die murhangeli deur die linieraad van sy amp onthef word.

(b) Pligsvervulling

Soos vermeld bestaan die usende uit 'n aantal patri-liniëre verwante (mans en vroue) wat hul afkoms in die vaderlike lyn tot by 'n gemeenskaplike voorouer (kokwana) bereken. Die linie-eenheid bestaan daarom nie uit 'n aantal gesinne nie maar uit patriliniëre verwante individue. Al die lede van 'n gesin behoort nie aan dieselfde linie nie. Die pligsvervulling van die liniehoof is daarom beperk tot die lede van die eenheid.

Vanweë die direkte bloedverwantskap tussen liniegenote word linie-eksogamie beoefen. Persone wat aan dieselfde linie hoort mag dus nie met mekaar trou nie. Dit is die taak van die liniehoof om sodanige reël te handhaaf. Op ekonomiese gebied moet hy omsien na die behoeftes van sy mindere verwante. Indien 'n lid van die eenheid in ekono-

miese nood verkeer, beskik die liniehoof oor die volste reg om die bystand van sy medeledle te gelas ten einde aan die behoeftes van die besondere lid te voldoen. Hy is die "skaapwagter" van die eenheid en is gemoeid met die dade van elke lid. Wanneer 'n lid van die eenheid om een of ander oortreding in die hof van die wykshoof verskyn en deur die hof gestraf word, is dit die plig van die liniehoof om hom te beskerm. Indien hy werklik skuldig is, sal die liniehoof hom gelas (en soms help) om sy betaling aan die hof te doen, anders sal hy die lid adviseer om teen die uitspraak te appelleer. Vanweë sy senioriteit en gesagsposisie is die liniehoof 'n belangrike adviseur van die ndhuna. Tradisioneel het die liniehoof ook die toekenning van grond aan sy liniegenote namens die ndhuna behartig. Op judisiële terrein het hy die verpligting om geskille van lede binne die eenheid te hanteer en saam met sy raad te verhoor.

(c) Raadgewers

Vanweë sy hooggeborenheid is die liniehoof nie verplig om in alle linie-aangeleenthede op die hulp en advies van andere te reageer nie. Hy kan persoonlik 'n lid oor sy gedrag berispe of deur 'n lid versoek word om as arbiter in familiesake op te tree. In alle belangrike linie-aangeleenthede sal die liniehoof nie alleen besluite neem nie maar die belangrikste van die ander manlike lede van die eenheid raadpleeg. Sodanige vergadering word op sy versokk byeengeroep en staan bekend as nhlengeletano ya usende (die vergadering van die linie-eenheid). Volgens sommige informante staan dit ook bekend as va vulavula timhaka ta usende ra ka ... (die bespreking van linie-aangeleenthede van die linie van ...). Die liniehoof tesame met die seniores binne die eenheid vorm op hierdie wyse 'n linieraad (bandla ra umndeni). Die linieraad het egter geen geykte samestelling nie. Die samestelling varieer oorcenkomstig die aard van die aangeleenthed. Nogtans het sekere lede gewoonlik die oudstes op grond van hul senioriteit outomaties sitting op die raad. Hulle vorm die kern van die raad en hul teenwoordigheid is noodsaklik veral by die verhoor van sake.

Die besprekings van die raad is informeel en vertrou-

lik. Die raad vergader op uitnodiging van die liniehoof en gewoonlik in sy bandla. Indien absolute geheimhouding noodsaaklik is, kan die besprekings ook binne 'n hut gevoer word.

(2) Die hoof van die groter gesinne-eenheid

(a) Verkryging van posisie

Die hoof van die groter gesinne-eenheid (soos uiteengesit in hoofstuk III(iii)) is bekend as nkulukumba wa miti ya ka .... Soos uit hierdie benaming afgelei kan word, is die nkulukumba die hoof van verskillende kraale.

Tradisioneel het die groter gesinne-eenheid dieselfde kraal bewoon en onder gesag van die stigter van die kraal gestaan. Hy was gewoonlik die mees senior persoon binne die eenheid. Op die wyse is die kraal bewoon deur die hoof met sy vroue en kinders, met insluiting van sy jonger broers en hulle vroue en kinders, en ook moontlik sy eie en sy broers se getroude seuns en hulle kinders. Elke getroude man binne die eenheid is hoof van 'n kleiner gesinne-eenheid. So kan daar in een kraal verskillende hoofde van kleiner gesinne-eenhede wees. Sulke hoofde binne die kraal staan in 'n hiërargiese orde volgens genealogiese posisie onder die hoof (nkulukumba) van daardie kraal. Die hoof van die groter gesinne-eenheid wat op hierdie wyse saamgestel is, verkry dus sy posisie op grond van senioriteit.

Die groter gesinne-eenheid word in die huidige tyd ooreenkomsdig dieselfde beginsel gevorm. Onder nuwe omstandighede en veral vanweë die afwesigheid van stamoorloë breek hierdie groter gesinne-eenheid gewoonlik op en vind 'n mens dat selfs enkcl gesinne of kleiner gesinne-eenhede hul afsonderlik gaan vestig - egter op so 'n wyse dat hul nog as 'n lokale groep beskou kan word en steeds aan die gesag van die mees senior persoon binne die eenheid ondergeskik bly. Die hoofde van elke kraal (kleiner gesinne-eenheid) binne hierdie kraalekompleks staan steeds in 'n hiërargiese orde volgens genealogiese posisie onder die hoof van die oorspronklike kraal, dit wil sê onder die stigter en mees senior persoon binne die eenheid. Op hierdie wyse verkry die mees senior persoon binne 'n beperkte afkomsgroep sy posisie as hoof van

die groter gesinne-eenheid. Indien hy te sterwe kom, word hy as hoof van die eenheid opgevolg deur die oudste seun van sy hoofvrouw. As so 'n opvolger (hosana) nog minderjarig is, sal die hoofskap oorgaan op die jonger broer van die gestorwe hoof totdat die regmatige opvolger volwas- senheid bereik. Sou die regmatige opvolger nog betreklik jonk wees, is dit moontlik dat daar vanweë toenemende getalle 'n afsplinteringsproses plaasvind ten tyde van sy bereiking van volwassenheid, soos mindere eenhede die een na die ander afskei en nuwe groter gesinne-ecnhede tot stand kom onder gesag van die mees senior persone binne elke eenheid. Indien die vader te sterwe kom alvorens die verdeling voltrek is maar reeds getroude seuns met eie kraal nalaat, sal die oudste seun van die hoofvrouw vanuit sy kraal die gesag voer oor die groter gesinne-eenheid.

(b) Pligsvervulling

Die pligsvervulling van die hoof van die groter gesinne-eenheid hou hoofsaaklik met die interne ordening van die eenheid verband. Anders as die liniehoof is hierdie verpligting nie net ten opsigte van patriliniêre verwante beperk nie. Die groter gesinne-eenheid sluit ook die getroude mans se vrouens in. Die getroude dogters behoort egter nie aan dieselfde eenheid as hul broers nie maar aan die onderskeie groter gesinne-eenhede van hul mans. Die nkulukumba wa miti word as hoof van die eenheid verantwoor= delik gehou vir die gedrag en optrede van sy ondergeskiktes. Hy is die vader en leier van die eenheid. Alle lede is onderdanig aan hom en onderhewig aan sy gesag. Hy beheer hulle maatskaplike, ekonomiese en religieuse lewe. Saam met sy raad verhoor hy familiesake en alle lede is onderhewig aan sy beslissings. Hy skenk aandag aan alle sake wat die groep as gheel raak. In sekere aangeleenthede (vergelyk later) kan hy egter nie alleen optree nie. Dit word van hom verwag om in alle belangrike aangeleenthede met die hulp en advies van sy senior manlike verwante binne die eenheid, te handel. Op hierdie wyse hanteer hy saam met sy raad alle huweliksaangeleenthede, die lot van weduwees, die bereddering van bocdels, toenemende drankmisbruik, ensovoorts.

Kortom, alle sake wat die groep as geheel raak.

(c) Raadgewers

Die hoof van die groter gesinne-eenheid kan in sy hoedanigheid as hoof van die eenheid deur sy ondergesiktes in alle sake geraadpleeg word. Hyself, as voorsitter van die familievergaderings waar algemene probleme rakende die eenheid bespreek word (timhaka ta miti - familiesake) hansteer geen dalkate saak sonder die advies en hulp van sy raad nie. Hierdie raad, bekend as bandla ra miti ya ka . . . word saamgestel uit al die kraalhoofde binne die eenheid. Almal hoef nie egter teenwoordig te wees nie. Die raad vergader op uitnodiging van die hoof en neem gewoonlik siting onder 'n boom binne sy kraal. Vertroulike sake word egter in sy eie hut of die hut van sy hoofvrou bespreek - va vulavula endlwini: bespreking binne die hut. Indien die hoof van die eenheid nie ook die liniehoof is nie, kan hy die hulp en advies van die liniehoof vra in belangrike sake. Die liniehoof sal egter nie ingeroep word om deel te neem aan die bereddering van normale familiesake nie. Die liniehoof is ook geen hof van appèl rakende alle familiesake nie. 'n Persoon, byvoorbeeld 'n vrou wat ingetrok is en nie 'n liniegenoot is nie, en ontevrede is met die bevinding van die bandla ra miti ya ka . . . gaan in hoër beroep na die wykshoof (Vergelyk hoofstuk V).

(3) Die Kraalhoof /Nkulukumba wa muti

'n Kraal word in die huidige tyd selde deur meer as die kleiner gesinne-eenheid bewoon. Die eenheid staan onder gesag van die stigter van die kraal en hoof (vader) van die eenheid, bekend as nkulukumba wa muti. In sy kleinste vorm, vanweë die beoefening van monogamie, bestaan die kraaleenheid slegs uit 'n enkele gesin onder gesag van die vader. In gevalle waar poliginie nog voorkom, bestaan die kraalgroep uit 'n verskeidenheid van gesinne, dit wil sê die kraalhoof saam met sy verskillende gesinne. Binne hierdie eenheid is die senioriteitsbeginsel van uitnemende belang. Dit begin reeds binne die gesin. 'n Ouer broer is die senior van 'n jonger broer, terwyl die senioriteit van die verskillende groepe kinders van die onderskeie gesinne bepaal word oor-

eenkomstig die status van hul moeder. Die oudste seun van die hoofvrou is die erfopvolger (mudyandzhaka) van die kraalhoof.

Die kraal wat op hierdie wyse funksioneer en uit-sluutlik gebaseer is op verwantskap, is die kleinste politie-administratiewe eenheid binne die stam ondanks die feit dat dit nie as sodanig deur die opperhoof erken word nie. Die kraalhoof beskik oor onomskrewe magte en regte as hoof van die eenheid. Sy gesag berus op verwantskap en op sy eie posisie as hoof van die kraal. Hy is die leier op alle terreine van die lewe binne die eenheid en skenk aandag aan alle sake wat die groep as ḡheel raak. Hy is verantwoordelik vir die algemene welsyn van die kraalinwoners en is verantwoordelik vir die gedrag van sy mense. As sodanig is hy ook verantwoordelik vir die handhawing van wet en orde binne die kraal. Hy hanteer die beslegting van geskille tussen kraalinwoners maar het alleen geringe regterlike bevoegdheid. (Vergelyk later). Alle sake wat in sy kraal ontstaan, moet eers deur hom "verhoor" word alvorens dit in hoër beroep gaan na die hoof van die groter gesinne-eenheid. Die kraalhoof sal sover moontlik trag om sy eie familiesake binne hierdie familieverband te beredder alvorens dit openbaar word in die hof van die wykshoof.

Hoewel hy sy gesagsfunksies sonder die bystand van ander uitvoer, kan die kraalhoof in belangrike sake die hulp van sy seniores inroep - gewoonlik die hoof van die groter gesinne-eenheid of sy broers. Daar bestaan in die huidige tyd egter geen kraalraad nie. Hoewel die hof van die kraalhoof bekend is as bandla ra muti, verwys bandla na die hof en nie die kraalraad nie. Vanweë die status van sy hoofvrou kan sy hom adviseer in sake wat mindere vroue raak. Dit is ook haar plig om namens die kraalhoof die onderskeie vroue byeen te roep, pligte te verdeel en hulle soms te betig vir geringe oortredings. Die reëlings vir die versorging van die kraalhoof, voorbereiding vir gaste, die brou van bier, ens., berus uitsluitlik by die hoofvrou. As sodanig kan sy beskou word as 'n "administratiewe beampete" van die kraalhoof, hoewel sy self geen take verrig nie.

D. SAMEVATTING

Binne die totale politieke organisasie van die Changana kan die bestaan van 'n sentrale politieke gesag in die vorm van die kaptein-in-rade en verskillende gewestelike gesagspersone in die vorm van wykshoofde aangedui word. Benewens hierdie suiwer politieke gesagspersone funksioneer daar ook verskillende sosio-politiese gesagsfigure binne die stam.

Die kaptein staan bekend as hosi en is die kulminasie-punt van alle plaaslike en sosio-politiese gesag. Hy ver-kry sy posisie as hoogste politieke gesag op grond van sy hooggeborenheid. Hoewel hy normaalweg die oudste seun van sy vader se hoofvrou is, en as sodanig die kapteinskapsposisie binne die stam van sy vader erf, moet hy in hierdie posisie aangestel, erken en ingehuldig word. Sy aanwysing berus by die regerende familieraad (vana va hosi) waarna hy op 'n openbare plegtigheid as kaptein ingehuldig word. Die persoonlike kwaliteite wat 'n kapteinseun openbaar, is van besondere belang by die aanwysing van 'n nuwe kaptein aangesien daar geen formele opleiding in kapteinskapskap geskied nie. Indien 'n kaptein sonder 'n wettige opvolger te sterwe kom, sy regmatige opvolger nog minderjarig is of indien geen opvolger deur die vana va hosi as geskik geag word nie, word 'n regent (mukhomeri) deur hulle aangewys. Hy ageer as regent totdat 'n regmatige opvolger aangewys kan word.

Gedurende sy ampstermyne is 'n kaptein onderhewig aan die kontrole van die vana va hosi en aan laasgenoemde verantwoording verskuldig vir die wyse waarop hy regeer. Hoewel hy dus sy posisie deur erfopvolging verkry, kan hy dit slegs behou deur die korrekte nakoming van al sy verpligtinge op die verskillende lewensterreine. Vanweë veranderde omstandighede het sy verpligtinge op veral godsienstige, ekonomiese, en militêre terreine in die huidige tyd in 'n hoë mate verdwyn, terwyl die verpligtinge op politieke en judisiële gebied nie onaangetas bly voortbestaan het nie. In die uitvoering van sy pligte word die kaptein bygestaan deur 'n aantal aangestelde amptenare wat elkeen 'n besondere taak namens die kaptein

verrig. Die belangrikste van hierdie amptenare is die ndhunankulu wat die "ore, oë en mond" van die kaptein is. As gevolg van veranderde omstandighede het die kaptein vandag geen leërowerste (phini ya nyimpi) meer nie.

Vir die uitvoering van sy pligte is die kaptein aangewese op die advies en wense van drie verskillende raadgevende instansies, naamlik die linieraad (bandla ra usende), die familieraad (bandla ra vana va hosi) en die stamraad (bandla ra hosi). Eersgenoemde bestaan uit volwasse manlike verwante van die kaptein en waak oor sy optrede en bedien hom waar nodig, van advies. Daar rus 'n verpligting op die kaptein om in alle belangrike stamsake die advies van hierdie raad in te win en hul goedkeuring te verkry. Die familieraad bestaan uit 'n kerngroep van die kaptein se mees senior linieverwante. In teenstelling met die linieraad is die familieraad 'n geslote raad en kan beskou word as die beleid-makende instansie. Die stamraad is net soos die familieraad, 'n geslote raad wat bestaan uit die onderskeie wykshoofde, alle lede van die familieraad en 'n aantal kundige persone. Hierdie raad behandel alle belangrike stamsake.

Binne elkeen van die verskillende stamwyke binne die stamgebied funksioneer daar 'n wykshoof wat as ndhuna bekend staan. In die verlede kon 'n persoon op grond van verskillende kwalifikasies as wykshoof kwalifiseer. Vandaag word 'n wykshoof deur die lede van die wyk verkies. Net soos in die verlede word die beginsel van sosiale senioriteit vandag tydens sodanige verkiezing in aanmerking geneem. Die erkenning van die wykshoof geskied vandag ook nog steeds deur die kaptein, met die gevolg dat die wykshoof se reg tot gesagsuitoefening deur die kaptein aan hom gedelegeer word, en hy op formele wyse in sy posisie bevestig word.

Anders as by die kaptein berus die behoud van sy posisie uitsluitlik op die nakoming van al sy verpligtinge wat hy namens die kaptein moet uitvoer. In die uitvoering van sy verpligtinge word hy bygestaan deur 'n familieraad en 'n wyksraad, sowel as 'n aantal aangestelde amptenare.

Binne die totale politieke organisasie van die

Changana funksioneer daar, benewens bogenoemde polities-administratiewe gesagspersone en instellinge ook 'n aantal sosiale gesagsfigure wat politieke funksies vervul. Laasgenoemde is die gesagsfigure binne die verskillende sosio-politiese eenhede, naamlik die hoofde van die verskillende kraaleenhede, groter gesinne-eenhede en linie-eenhede.

Die liniehoof (umnumzana wa usende) is die mees senior manlike lid van die linie en word na sy dood opgevolg deur sy mees senior seun. Ten spyte van sy hooggeborenheid moet sy aanwysing deur die linieraad bevestig word. Indien hy nog minderjarig is sal die linieraad 'n regent aanwys vir die duur van sy minderjarigheid. Die linie-eenheid vorm nie deel van die hiërargie van gewestelike politieke eenhede binne die stam nie. Die liniehoof is gevoleklik nie vir sy aanstelling en erkenning van die kaptein afhanklik nie en het slegs verpligtinge ten opsigte van die lede van sy linie. Hierdie verpligtinge word met die medewerking en advies van die linieraad (bandla ra usende) uitgevoer.

Die groter gesinne-eenheid staan onder die gesag van 'n gesagsfiguur wat bekend staan as nkulukumba wa miti. Laasgenoemde is net soos die liniehoof 'n sosiale gesagsfiguur wat nie vir die verkryging van sy posisie van die kaptein afhanklik is nie, maar beklee dit op grond van sy senioriteit as stigter van die eenheid. Hy is ook slegs verantwoordelik vir die optrede van lede van daardie eenheid oor wie hy met die advies van sy raad (bandla ra miti) gesag voer.

Die linie-eenheid en die groter gesinne-eenheid verskil in samestelling van mekaar en 'n duidelike onderskeid moet gevoleklik ook gemaak word tussen die jurisdiksie van die gesagvoerder van elke respektiewelike eenheid. Aangesien die linie gebaseer is op bloedverwantskap is alle lede van die linie onderhorig aan die gesag van die liniehoof as mees senior lid van die eenheid. Die groter gesinne-eenheid daarenteen is nie 'n eenheid van patriliniëre verwante nie. Die hoof van die groter gesinne-eenheid voer dus gesag oor mans, vroue en kinders wat in die verskillende kraale waaruit die eenheid saamgestel is, woonagtig is. Dit is egter moontlik dat 'n liniehoof tegelykertyd ook die gesagvoerder oor 'n

- 212 -

groter gesinne-eenheid kan wees.

Die kraalhoof (nkulukumba wa muti) voer gesag oor lede van sy gesin of gesinne en is die laagste sosio-politiese gesagsfiguur binne die stam. Daar bestaan in die huidige tyd geen kraalraad wat die kraalhoof in die uitvoering van sy pligte bystaan nie. Onder bepaalde omstandighede kan hy egter die hulp van sy senior manlike verwante inroep om hom behulpsaam te wees.

## HOOFSTUK V

### DIE JUDISIELLE ORGANISASIE

#### 1. Inleiding

Soos vroeër vermeld is, het die judisiële organisasie betrekking op die beoefening van die regspraak, dit wil sê die masjinerie wat daargestel is om onder andere in geskille tussen individue, die reg te spreek. By die Changana bestaan daar egter geen duidelike skeiding tussen die regerende en regsprekende instansies nie aangesien die beoefening van dieregspraak ten nouste verbind is met die regering van die stam. Die beoefening van dieregspraak is inderdaad die taak van die gesagsdraers binne die stam en een van die wyses waarop die politieke gesag sy plig vervul. Ooreenkomsdig hierdie beginsel is die beoefening van dieregspraak deel van die funksie van elke politieke gesagsinstansie – die onderskeie politieke gesagvoerders is die vernoomste regsprekers en die hiërargie van die verskillende howe binne die stam toon 'n noue samehang met die gesagshiërargie binne die politieke organisasie.

Dieselde onderskeid wat daar in die gesagstruktuur ten opsigte van die suiwer territoriale politieke eenhede (stam, wyk) en die sogenaamde sosio-politiese eenhede bestaan, openbaar hom ook in die judisiële organisasie. By 'n bespreking van die hofstelsel en hofprosedure van die Changana moet 'n mens dus onderskei tussen twee tipes hofstelsels met inherente bevoegdheid totregspraak. Aan die een kant vind mens die familie- of nie-openbare howe. By hierdie howe het die senior lid of lede van 'n bepaalde sosiale eenheid, op grond van hul sosiale senioriteit, die reg om dieregspraak binne die besondere eenheid te beoefen. Tweedens funksioneer daar 'n stelsel van openbare howe wat hoofsaaklik op die territoriale indeling berus, waar die kaptein as politieke hoof van die stam oor die reg van gesagsuitoefening beskik en hierdie bevoegdheid vir administratiewe en judisiële doeleindes aan die onderskeie wykshoofde deleger. Die dwingende gesag van hierdie howe gaan dus gepaard met die vermoë van die politieke gesag om te dwing en is van toepassing op alle onderdane binne die eenheid. Die jurisdiksie

van die onderskeie nie-openbare howe is daarenteen beperk tot die lede van die besondere afkomslyn en (met uitsluiting van die linichof) ook tot alle vroue wat daar ingetrou is. Hoewel die gesagsposisies binne die sosio-politiese eenhede suiwer op senioriteitstatus berus en nie deur die sentrale stamgesag aan hulle verleen word nie, bestaan daar nogtans 'n appèlmoontlikheid vanaf hierdie howe na die van die wykshoof en vandaar na die kapteinshof. Op hierdie wyse is dit moontlik dat beslissings van hierdie howe deur die openbare howe afgedwing kan word. Die finale gesag berus dus steeds by die kaptein.

2. Openbare howe

a. Die kapteinshof/Bandla ra hosi

Die kapteinshof is die hoogste hof in die stam. Hoewel hierdie hof uit die aard van die saak verbind is met die persoon en status van die kaptein en as sodanig as die kapteinshof bekend staan, is dit inderdaad die hof van die stam. Vanweë die besondere posisie wat die kaptein as seun van die stamvrou beklee of andersins vanweë sy hooggeborenheid, is hy direk met die stam verbind en die stamhof met die van sy persoon en sy posisie verbind. Die kaptein is egter nie alleen die seun van die stamvrou nie maar ook die mees senior verteenwoordiger van die regerende familie. As sodanig deel sy familielede aan vaderskant (yana va hosi) in sy gesag. Die judisiële verpligting ten opsigte van die stam in sy totaliteit berus dus nie uitsluitlik by die kaptein nie. Die seniores in die senior linie dra hierdie pligte saam met hom soos duidelik uit die samestelling van sy hof sal blyk.

(i) Benaming

Die mees algemene benaming vir die kapteinshof is bandla ra hosi. Die benaming huvo ya hosi word egter ook deur sekere informante gebruik. Albei hierdie terme (bandla/huvo) hou verband met die kraaluitleg. Soos vroeër uiteengesit, beskik elke kraal oor 'n bandla en 'n huvo(hubo), elk met 'n besondere funksie. Die huvo is geleë tussen die kraalhek en die ingang tot die beeskraal en dien as die algemene vergaderplek van die kraalinwoners. Mans, vroue

sowel as kinders het vrye toegang tot die huvo. Die bandla daarenteen is ook binne die kraal gelokaliseer en net links van die hoofingang tot die kraal geleë. Die bandla is die vergaderplek van die mans en geen vrou of kind word hier toegelaat nie. Geen manlike besoeker mag die bandla betree sonder die toestemming van die kraalhoof nie. Informante stel dit egter uitdruklik dat nog die huvo nog die bandla as hofsetel van 'n kraalhoof gebruik sal word. (Vergelyk later.) Wanneer die terme huvo en bandla dan aangevend word om 'n hof aan te dui, maak sommige informante onderskeid tussen die twee terme. Die term huvo word ooreenkomsdig sy bogenoemde funksie gebruik om 'n nie-openbare hof, waar dit gaan om familiesake wat enige lid van die eenheid raak, aan te dui. Terwyl die term bandla uitsluitlik van toepassing is op openbare howe. Die woord bandla is egter van Zuluherkoms en is volgens Junod (1927, I:316) deur die Tsonga oorgename ter vervanging van die term xisiso: "the place where one finds shelter from the wind --- and it is strictly reserved for men." Dit is die enigste betekenis wat die omwonende Tsongastamme aan die term bandla heg. Die Tsonga gebruik slegs die term huvo/hubo om 'n hof aan te dui. Junod (1927, I:332) beweer: "Hubo means the square, and also the council of the men of the village which the headman summons there to settle matters." Die term huvo is ook van toepassing op die kapteinshof van die Tsonga en word deur Cuenod (1967:59) vertaal as: "place where men foregather for deliberations and cases; court of justice, assembly, council." Dienooreenkomsdig is die kapteinshof by die Tsonga bekend as huvo ya hosi. Vanuit die Tsonga vertaal Cuenod (1967:212) die woord vandla dan ook as: "Zulu chief's courtyard and court" terwyl Doke en Vilakazi (1948) die woord bandla vertaal as: "Assembly of men for discussion, as to hear a trial or an announcement of the chief." Vandaar die Changana benaming: bandla ra hosi.

(ii) Vergaderplek en tyd

Die vergaderplek van die kapteinshof staan bekend as bandla (vergelyk die vertaling van Cuenod hierbo). Die bandla, as setel van die kapteinshof is egter te onderskei

van die bandla (vergaderplek van mans) binne die kapteinskraal. Laasgenoemde dien alleenlik as vergaderplek van die mans en word nie vir hofdoeleindes gebruik nie. Die bandla van die kapteinshof was tradisioneel buite die kapteinskraal geleë, gewoonlik onder 'n boom wat spesiaal vir hierdie doel afgesonder word digby die kapteinskraal. In die huidige tyd vergader die kapteinshof in die stankantoor-kompleks waar 'n hofvertrek spesiaal vir hofdoeleindes afgesonder is. Hierdie hofsaal is ongeveer honderd meter vanaf die kapteinskraal geleë en is steeds onder die tradisionele benaming bekend as bandla ra hosi. Die kapteinshof het 'n vaste setel en sal nooit binne die kapteinskraal of enige ander plek vergader nie.

Die kapteinshof vergader in die huidige tyd een keer per week en wel op Vrydae. Volgens Liengme (1901:125) het die hof van kaptein Ngunghunyana bykans daagliks gesit. Omstandighede in Gazaland sowel as die funksionering van die kapteinshof het verskil van die huidige (vergelyk later), en daarom was dit vir die kaptein moontlik om slegs anderhalfuur daagliks in sy hof deur te bring. Hierdie hofsittings was kort en die verrigtinge is gewoonlik in die voornmiddag afgehandel. Tans neem die hofsitting om ongeveer 10 v.m. (volgens informante) 'n aanvang en duur tot ongeveer 4 nm. Van die betrokke partye en belangstellendes is reeds om 8 v.m. by die hof opgemerk, in afwagting op die aankoms van die kaptein en sy raad. Tydens die ondersoek het die kapteinshof soms tot drie keer probeer om vir die verhoor van sake te vergader. By die eerste gelegenheid het die kaptein eers om ongeveer 3 nm. opgedaag. Hy het die tydsduur tot sy beskikking te kort geag en het die hof verdaag voordat dit 'n aanvang geneem het. Die volgende week het die kaptein gladnie opgedaag nie en was daar gevolglik geen hof nie. Eers by 'n derde gelegenheid het die kaptein om ongeveer 10.30 v.m. opgedaag waarna die verrigtinge kon begin.

### (iii) Samestelling

Die samestelling van die kapteinshof stem basies ooreen met die van die stamraad wat ook bekend is as die bandla ra hosi. Vanweë sy besondere verpligting op judisiële

terrein is dit die taak van die kaptein om saam met sy raad dcur middel van 'n georganiseerde hof, die regspraak te beoefen. Die kaptein is die voorsittende regterlike beampte. Sy teenwoordigheid is noodsaaklik. Soos uit die uiteensetting hierbo afgelei kan word, kan die hofverrigtinge nie 'n aanvang neem voordat die kaptein opgedaag het nie. Slegs die kaptein mag uitspraak gee in 'n geding voor sy hof, nadat die ndhunankulu die bevinding van die hof opgesom het. Ononder tradisionele omstandighede was die kapteinshof die hoogste hof en die uitspraak van die kaptein was finaal. Sy teenwoordigheid of die van sy verteenwoordiger is by elke hofsitting 'n absolute vereiste.

In uitsonderlike omstandighede kon 'n plaasvervanger vir die kaptein as voorsitter van die hof aangewys word. Die enigste persoon wat tydens die afwesigheid van die kaptein sy bevoegdheid as hoofregter kon oorneem is die murhangeli – die plaasvervanger van die kaptein as liniehoof en die voorsitter van die familieraad. Sy uitspraak as plaasvervanger van die kaptein is finaal en daar kan by geen latere geleentheid, tydens die teenwoordigheid van die kaptein, teen sodanige uitspraak gevappelleer word nie.

Naas die kaptein en die murhangeli bestaan die hof uit verteenwoordigers van die regerende familie (vana va hosi), gewoonlik broers van die kaptein se vader en ook sy eie broers wat saam met die kaptein verantwoordelik is vir die nakoming van sy judisiële pligte. Alle wykshoofde (tindhuna ta miganga) is lede van die hof en moet indien moontlik elke sitting van die hof bywoon. Die teenwoordigheid van alle tindhuna is egter nie 'n strenge vereiste nie 'n Rede vir afwesigheid moet egter aan die kaptein verstrek word. Geen plaasvervanger sal namens die ndhuna, by sy afwesigheid, na die hof gestuur word nie. 'n Wykshoof uit wie se wyk 'n saak afkomstig is, moet teenwoordig wees. Indien hy om een of ander rede afwesig moet wees, tree die xandla xa ndhuna (die "regterhand" van die wykshoof) as sy verteenwoordiger op. In die verlede het 'n kaptein ook verskeie tindhuna ta macala (ontvangers van sake), ook genoem tindhuna ta minandzu vanweë hul verstand en kennis aangestel om nie alleen sake wat

na die kapteinshof kom, te ontvang nie maar ook as kundiges in die reg, die kaptein by te staan en die bevinding van die hof te formuleer, alvorens die kaptein uitspraak gee. (Ver-gelyk later.) Net soos die kaptein is die teenwoordigheid van die ndhunankulu 'n vereiste. Saam met die tindhuna ta macala ontvang hy alle sake en is dit sy verantwoordelikheid om toe te sien dat 'n saak op die "rol" geplaas word. Dit is ook sy taak om die hofverrigtinge te organiseer en die agtergrond van 'n saak aan die hof te verduidelik. Nadat die tindhuna ta macala hul bevinding geformuleer het, som hy die algemene bevinding van die hof op waarna die kaptein die uitspraak gee.

In die huidige tyd funksioneer daar geen tindhuna ta macala meer nie. Die huidige kaptein het sedert 1969 ook nog geen ndhunankulu aangewys nie. Die huidige stamsekretaris ontvang alle sake wat na die kapteinshof kom en organiseer die hofverrigtinge. In die plek van die tindhuna ta macala funksioneer 'n aantal uitgesoekte ou manne bekend as swikulu (enk. xikulu) swa bandla (kundiges van die hof) ook bekend as madoda ya bandla, wat saam met die vana va hosi die bevinding van die hof formuleer en volgens wie se bevinding die kaptein beslis.

Alle volwasse mans van die stam is teoreties lede van die hof. Gewoonlik is dit slegs die belangrike persone en mans in die onmiddellike omgewing van die kapteinskraal wat teenwoordig is. Die kaptein het ook 'n aantal boodskappers aan sy hof verbond, bekend as swirhumiwa swa hosi (enk: xirhumiwa xa hosi) wat as bodes van die hof optree. In die huidige tyd word die benaming phorisa (konstabel) ook deur sommige informante gebruik. Hierdie boodskappers moet toesien dat die eiser sowel as die verweerde in 'n geding op die bestemde dag in die hof verskyn en is ook behulpsaam met die hofverrigtinge.

Vanneer die kapteinshof 'n saak verhoor neem die kaptein die hoofposisie (gewoonlik die twaalfuur posisie) in. Tradisioneel het hy reg voor die boom waaronder die hof vergader, stelling ingeneem. Die ander aanwesiges neem op so'n wyse stelling in dat 'n halfmaanpatroon gevorm word. Regs

van die kaptein sit die ndhunankulu en langs hom die verskillende tindhuna. Direk aan die linkerkant van die kaptein neem die murhangeli stelling in en langs hom die vana va hosi volgens senioriteit, gevvolg deur die swikulu swa bandla. Alle ander aanwesiges vergroot die halfmaan deur stelling in te neem aan die kant van die tindhuna. Dic swirhumiwa swa bandla neem skuins agter die kaptein plaas terwyl die klaer en verweerde reg voor die kaptein op hul knieë staan, nadat dic hofbode hul ontbied het en hul die kaptein met die gebruiklike bayete begroet het. Indien 'n vrou om watter rede ookal, die hofverrigtinge moet bywoon, vorm sy nie deel van die halfsirkel nie en neem gewoonlik op 'n afstand plaas. In die huidige tyd sit vroue buite om die hofsaal en op die trappe voor die ingang. Daar is ook opgemerk dat jonger mans hul plekke ontruim wanneer hulle seniores die hofvertrek binnekomm en dan in 'n meer "junior posisie" gaan plaasneem.

(iv) Bevoegdheid

Tradisioneel het die kapteinshof siviell- sowel as strafregtelike jurisdiksie oor alle persone in die stamgebied gehad. Dit was die hoogste hof van die stam en sy uitsprake was finaal. Sy bevoegdheid was onbeperk en hy kon selfs 'n vonnis van uitbanning of die doodstraf ople. Die kapteinshof is ook die enigste hof van die stam wat oor die bevoegdheid beskik om volgens die stamreg sy vonnisse en uitsprake met die uitoefening van geweld af te dwing. Volgens informante het 'n kaptein in die verlede 'n bepaalde regiment, bekend as die timhisi (hiënas) aangewys, om in opdrag van die hof die taak van uitbanning, teregstelling, beslaglegging, ens., uit te voer. Owerspelige mans is onder andere aaklig vermink terwyl die oë van overspelige vroue met ysterpunte verwyder is.

Vanweë die tradisionele beperkte bevoegdheid van wyks= hoofde ten opsigte van strafregtelike sake (vergelyk later) is die kapteinshof 'n hof van eerste instansie vir alle sake wat bo die jurisdiksie van die wykshoof gaan. Geen saak mag egter direk by die kapteinshof aanhangig gemaak word nie. Alle sake moet via die wykshof na die kapteinshof kom. In-

dien die wykshoof merk dat die saak vir sy hof te "swaar" is en/of buite die jurisdiksie van sy hof val, sal die saak na die kapteinshof verwys word. As hoogste hof van appèl, ontvang die kapteinshof ook alle appèlsake wat vanaf die wykshof afkomstig is. Slegs in uitsonderlike gevalle sal daar direk van die onderskeie familiehove na die kapteinshof geappelleer word. Ernstige strafregtelike sake soos moord, roof, aanranding, manslag, verkragting, ens. kan egter direk deur enige persoon by die kapteinshof aanhangig gemaak word. Sodanige oortredinge word gereken as oortredinge teen die stam en 'n persoon wat die stam in gevaar stel, is aan 'n misdaad skuldig. Hoewel sodanige regsaksie moontlik is, beweer informante dat die saak in die meeste gevalle eers by die wykshoof aangemeld word waarna die ndhuna tesame met die klaer die saak na die kapteinshof neem. Sodanige handeling vergemaklik die taak van die ndhunankulu by die hantering van die saak in die kapteinshof, aangesien die ndhuna hom eers deeglik van die feite vergewis en sy indrukke van die saak aan die ndhunankulu rapporteer.

Die kapteinshof alleen het die bevoegdheid om klagtes teen 'n wykshoof te verhoor. Hy is deur die kaptein-in-rade aangestel en vir enige optrede verantwoording aan die kaptein verskuldig. Klagtes teen die optrede van die kaptein daarnteen sal nooit in die kapteinshof verhoor word nie. Die kapteinshof het nie die bevoegdheid om 'n saak teen die kaptein te verhoor nie. Enige klag teen die kaptein kan egter aanhangig gemaak word by die hof van die regerende familie onder voorsitterskap van die murhangeli.

In die verlede kon die kapteinshof alle soorte sake verhoor. Afgesien van bogenoemde strafregtelike sake het die hof ook die bevoegdheid om siviele sake te hanteer en skadevergoeding te bepaal. Sake soos familiegeskille wat nie in die familiehove afgehandel kan word nie, twiste oor landerye, wanbetaling van skuld, ens. kon ook deur die kapteinshof bereg word. Die hof het die bevoegdheid om skadevergoeding te bepaal en 'n bevel tot lewering daarvan uit te vaardig. Langs hierdie weg kon van die kapteinshof gebruik gemaak word om 'n uitspraak van mindere hove te laat afdwing.

In die huidige tyd is die siviele regsmag van die kapteinshof ingevolge bestaande wetgewing steeds sonder beperkings. Die beperkinge wat die Derde Bylae van die Bantoe-administrasie Wet van 1927 egter op sy strafregtlike regsmag lê, verbied hom om enige van die bogenoemde ernstige kriminele misdrywe te verhoor. Die hof van die ndhuna is egter nie wetlik aan die beperkings onderhevig nie en kan daarom steeds nog 'n voorondersoek waarneem. Wanneer so 'n saak dan na die kapteinshof kom, moet dit in die huidige tyd na die hoër Blanke instansies verwys word.

b. Die Wykshof/Bandla ra ndhuna

(i) Algemeen

Die wykshoof (ndhuna ya muganga) is deur die kaptein aangestel oor 'n besondere territoriale eenheid (wyk). Hy is 'n administratiewe amptsdraer van die kaptein in 'n besondere geografies-afgebakte gebied met bepaalde verantwoordelikhede en verpligte. Een van sy pligte is om hofsake te verhoor. Die wykshoof en by gevolg ook die hof wat met sy persoon en sy gebied verbonde is, ontleen dus sy gesag aan die gesag van die kaptein-in-rade deur wie hy aangestel is. Sy posisie is dus van die kaptein afhanklik en gevolglik het sy hof nie inherente jurisdiksie nie. Die wykshof is die hoogste hof onder die kapteinshof en die laagste openbare hof van die stam. Hierdie hof het net jurisdiksie oor die stamlede wat in sy wyk val hoewel daar voorsiening bestaan vir die beregting van geskille tussen partye wat in verskillende wyke woonagtig is. Sodanige sake word gewoonlik in die wykshof van die verweerde verhoor. Soos vroeër vermeld, het die kaptein ook tindhuna buite die stamgebied wat wykshoofde is oor onderdane wat buite die werklike stamgebied woonagtig is. Hierdie tindhuna het net soos die ander, jurisdiksie oor die stamlede wat in hulle wyk woonagtig is.

(ii) Benaming en vergaderplek

Die term bandla het 'n drieledige betekenis. Basies dui dit eerstens 'n vergaderplek van mans aan. In oordragtelike sin word die term ook gebruik om tweedens 'n raad en derdens 'n hof aan te dui. Informante is dit eens dat die

term bandla, indien daarvan na 'n hof verwys word slegs van toepassing is op openbare howe. Aangesien die kapteinshof en die hof van die wykshoof die enigste openbare howe van die stam is, het die term dienooreenkomsdig slegs betrekking op hierdie howe. Die formele hof van die ndhuna is dan ook bekend as bandla ra ndhuna. Naas hierdie algemene benaming vir die wykshof is die volgende benaminge ook teëgekom: huvo ya ndhuna (waarna ons reeds in die bespreking van die kapteinshof verwys het), huvo leyitsongo ya tiko ra yena - die "klein hof" van die stam en huvo yo hlayisa vanhu ya tiko - die hof wat stamlede help (letterlik). Informante is dit egter eens dat die benaming bandla ra ndhuna as die korrekte Changanabenaming beskou word, terwyl die ander benaminge aan Tsonga-invloed toegeskryf word.

Die setel van die wykshof is by die kraal van die wykshoof. Vanweë die aard van die verrigtinge sal die hof nooit binne die huvo van die kraal van die wykshoof of in die vergaderplek van mans (bandla ra muti) binne sy kraal vergader nie. Die verrigtinge vind in die bandla ra ndhuna (vergaderplek van die hof) net buite die kraal, onder 'n boom wat spesiaal vir hierdie doel ingerig is, plaas. Net soos die kapteinshof het die hof van die wykshoof 'n vaste setel waar alle sake verhoor word en neem nie sitting op enige ander plek binne die wyk nie.

### (iii) Samestelling en sitwyse

Hoewel die reg om dieregspraak te beoefen deur die kaptein aan die wykshoof in sy persoon gedelegeer is, kan die wykshoof nie alleen 'n hof hou nie. Die wykshoof is egter by elke hofsitting die voorsittende regterlike beampete. Hy alleen beskik oor die bevoegdheid om uitspraak in 'n geding voor sy hof te gee. Hy kan hierdie bevoegdheid aan geen ander lid binne die wyk deleger nie. Indien die wykshoof nie in staat is om die hofsitting by te woon nie word die ndhunankulu gewoonlik ontbied om as plaasvervanger op te tree. Sodanige prosedure word slegs gevvolg in omstandighede waar die wykshoof vir 'n geruime tyd afwesig is. Gewoonlik neem die xandla xa ndhuna in afwesigheid van die wykshoof 'n spoedeisende saak direk na die kapteinshof.

Ander sake staan voor totdat die wykshoof terugkeer.

Hoewel alle volwasse mans in die wyk teoreties sitting het in die wykshof word die wykshoof in die beoefening van die regsspraak deur verskillende spesifieke persone bygestaan. Die kern van die lede van sy hof stem basies ooreen met die van die vyksraad. Die xandla xa ndhuna (in die huidige tyd ook bekend as museketeri va ndhuna) is verantwoordelik vir die organisering van die hofverrigtinge. Hy moet alle sake ontvang en aan die hof voordra. Hy beskik oor geen selfstandige regterlike bevoegdheid nie. Sy belangrikste funksie tydens die hofverrigtinge is om by elke saak die bevinding van die hof te formuleer waarna die ndhuna uit-spraak gee. Die vapfuni va ndhuna (helpers van die wykshoof) vorm saam met die ndhuna die kern van die hof. Soos vroeger vermeld, is hulle nie sub-hoofmanne nie maar ooreenkomsdig die keuse van die wykshoof op grond van hul bekwaamheid en regskundigheid aangewys. Hierdie aangewese regters behoort almal vir 'n verhoor aanwesig te wees. Naas hierdie persone wys die ndhuna ook kundige ou manne bekend onder verskillende benaminge, naamlik: svikulu swa bandla of madoda ya muganga of ook xibonda xa muganga aan. Hierdie kundiges (almal is raadsmanne van die ndhuna) hoef nie elke hofsitting by te woon nie. Hulle word gewoonlik deur die ndhuna vir 'n bepaalde verhoor opgeroep. Uit die aard van die saak is hierdie persone in die onmiddellike omgewing van die wykshoof woonagtig en gevolelik maklik bekombaar. Alle ander volwasse mans van die wyk kan ook die hofsitting bywoon en deelneem aan die verrigtinge.

Elke wykshoof het een of meer bodes bekend as xirhumiwa xa bandla, soms ook genoem phorisa ra bandla (hofkonstabel), aan sy hof verbonde. Hulle is ampsdraers van die ndhuna en is deur hom met goedkeuring van die kaptein aangestel. Hulle belangrikste taak is om klages te ondersoek en as bodes van die wykshof op te tree. Dit word van hierdie ampsdraers verwag om elke hofsitting by te woon en met die organisering van die verrigtinge behulpsaam te wees.

Wanneer die wykshof 'n saak verhoor, word 'n bepaalde sitwyse ooreenkomsdig die senioriteit van die aanwesiges ge-

volg. Gedingvoerende partye en hul verwante daag gewoonlik vroeg op. Teen ongeveer 10 'vm. begin die aanwesiges stelling inneem, op so 'n wyse dat hul aan die regterkant van die boom waaronder die wykshoof plaasneem, vanaf ongeveer die drieuur posisie, 'n halfsirkel voltooi. Namate die getalle toeneem word die sirkel groter. Geen vrou mag tussen die mans stelling inneem nie. Vroue met hul kinders sit ongeveer vyftig meter en verder weg van die bandla - gewoonlik agter die rug van die aanwesiges. Anders as die kaptein daag die ndhuna selde laat op vir die verrigtinge. Sodanige optrede kan sy posisie benadeel en selfs aanleiding gee tot sy ontslag. Vergesel van sy raad nader hy die bandla vanuit sy kraal en neem reg voor die boom in 'n twaalfuur posisie plaas met die aanwesiges aan sy linkerkant. Direk links van hom sit die onderskeie swikulu swa bandla tussen 'n twaalf- en drieuur posisie terwyl die xandla xa ndhuna direk aan sy regterkant plaasneem gevolg deur die vapfuni va ndhuna. Reg voor die ndhuna, effens uitmekaar staan die twee litigante op hul knieë, nadat die xirhumiwa xa ndhuna hul ontbied het. Op hierdie wyse vergader die wykshof weekliks - gewoonlik 'n paar dae vroeër as die kapteinshof om aan moontlike appellante geleentheid vir appèl na die kapteinshof te gee.

(iv) Bevoegdheid

Dieregsbevoegdheid van hierdie hof is territoriaal afgebaken. Die wykshof kan alleen geskille van stamlede wat binne die wyk woonagtig is sowel as dispute met buitestaanders, waar een van die wykslede die verweerde is, verhoor.

In die huidige tyd het die wykshoof alleen siviele regsbevoegdheid. Hierdie verskynsel kan toegeskryf word aan ḫf Tsonga-invloed waar die wykshoof tradisioneel die liniehoof was en die alleen oor siviele regsbevoegdheid beskik het (vergelyk Junod 1927, 1:439) ḫf vanweë die statutêre aantasting van die inheemse stamregstelsel kragtens artikels 12 en 20 van die Bantoe-administrasie Wet, nr.33 van 1927. Dit is moontlik dat hierdie hof vroeër 'n groter jurisdiksie gehad het en ook geringe strafseake kon verhoor. Daar is geen eenstemmigheid by die verskillende informante hieroor

nie. Die wykshof het egter die bevoegdheid, en dit is sy plig, om alle straf sake wat in sy gebied mag ontstaan te ondersoek en na die kapteinshof deur te stuur. Die hof mag egter geen uitspraak in straf sake gee nie en beskik dus nie oor die bevoegdheid om 'n boete of lyfstraf op te lê nie. Sake soos klagtes oor towery, aanranding, moord, verkragting, ens., ten opsigte waarvan alleen die kaptein jurisdiksie het, word nogtans by die wykshof aanhangig gemaak. Hoewel hierdie sake nie in die wykshof bespreek word nie, sal die wykshof hom nogtans van die feite vergewis alvorens hy die saak persoonlik na die kapteinshof verwys. Litigante kan egter 'n sodanige saak direk by die kapteinshof aanhangig maak – die prosedure word egter selde gevolg. Daar is gevind dat geringe straf sake, byvoorbeeld waar 'n party geringe liggaamlike leed berokken is, nogtans in die wykshof bespreek word. Hoewel die wykshof nie oor die bevoegdheid beskik om hierin uitspraak te gee en te vonnis nie, word 'n volledige voorondersoek in die wykshof gehou alvorens die saak na die kapteinshof verwys word. 'n Mens kan dus beweer dat ook alle strafregtelike sake wat binne die wyk ontstaan deur die wykshof na die kapteinshof moet gaan. 'n Persoon kan nie direk na die kaptein gaan nie.

Theoreties het die wykshof onbeperkte siviele regsvoegdheid. Hiervolgens kan alle eise om skadevergoeding met insluiting van eise weens diefstal, laster, verleiding, oortreding op die lande van 'n ander, ensovoorts, in die wykshof verhoor word. Die skadevergoeding (umchachazelo – om spyt te betuig) wat 'n wykshof in sulke sake mag toestaan, is onbeperk. In gevalle waar hy aan 'n eiser skadevergoeding toegestaan het, ontvang die wykshof 'n deel van die toesegging terwyl 'n gedeelte daarvan weer aan die kaptein oorhandig moet word. (Vergelyk later.) Die wykshof sal egter, indien hy tydens die verhoor onder die indruk kom van die erns van 'n saak sodanige saak wat belangrike implikasies het, of ernstige gevolge mag hê, of vir sy hof te "swaar" gereken word – (timhaka ti tsandzile), volgens eie diskressie na die kapteinshof verwys.

'n Persoon wat nie tevrede is met die uitspraak van

die wykshof nie, het die bevoegdheid om daarvan kennis te gee en hom op die kapteinshof te beroep.

Die wykshof het as laagste openbare hof die bevoegdheid om elke saak wat nie deur die liniehof of die hof van die groter gesinne-eenheid of die van die kraalhoof afgehandel kan word nie, te verhoor. Op hierdie wyse vorm die wykshof 'n hof van appèl vir diegene wat nie met die bevinding van 'n "nie-openbare hof" tevredes is nie. Andersyds kan "nie-openbare howe" ook van die wykshof gebruik maak om hulle beslissings te laat afdwing indien 'n lid hom nie aan die uitspraak van hierdie howe wil onderwerp nie.

Hoewel die wykshof oor die bevoegdheid beskik om geskille van alle lede binne sy regsgebied te verhoor, gebeur dit selde dat aksies tussen verwante in die eerste instansie by sy hof aanhangig gemaak word. In hierdie verband sê die Changana: "Milandzu ya le kaya a mi vekiwi amahlweni ka van'wana vhanu - familiesake word binne familieverband beredder en nie voor buitestaanders nie." Indien 'n sodanige saak wel voor die wykshof gelê word, sal die wykshof eers vernem of dit voor die familiehof gedien het. Indien nie, word die saak terug verwys en as dit wel gedien het, moet 'n verslag van die verrigtinge aan die wykshof verstrek word. Op hierdie wyse word die vertroulikheid van familiesake bewaar en vrywaar die wykshof hom van onnodige inmenging in sake waarin die familiehoof beter as hy toegerus is en oor meer kennis van die aangeleentheid beskik om 'n regverdigte beslissing te gee.

Indien die wykshof self in 'n geding betrokke is, word die volgende procedure gevolg: In sake waarin hy die verweerde is, beskik die wykshof nie oor die bevoegdheid om die saak te verhoor nie. 'n Sodanige klag word deur die xandla xa ndhuna direk by die kapteinshof aanhangig gemaak, waar die kaptein self die saak sal verhoor. Indien die wykshof die klaer is, kan die wykshof die saak verhoor. Aangesien die wykshof nie self as voorsitter van die hof mag optree en oor geen plaasvervanger beskik nie word die ndhunankulu dan gewoonlik ontbied om as voorsitter van die wykshof die saak te beredder.

Dit is dus duidelik dat die hof van die ndhuna by die Changana anders as verwag kan word, nie die reg het om 'n ernstige strafregtelike oortreding te verhoor nie. Soos voorheen verduidelik is, kan 'n voorondersoek egter wel gehou word. Die kapteinshof kan onder die huidige wetlike beperkinge nie so 'n saak ontvang nie en moet dit na die Blanke howe verwys. Dit is 'n eienaardige anomalie dat die hoogste hof van die stam en die kapteinsgesag hierin aan beperkinge onderhevig is wat mindere howe nie bind nie. Daar kon nie bepaal word wat werklik in die praktyk in die huidige tyd plaasvind nie. Die persoonlike kwaliteite van die regerende kaptein was nie van so 'n aard dat hierdie beperkinge werklik verbreek sou word nie.

(c) Hofprocedure

(i) Inleiding

Hoewel die omvang van die jurisdiksie van hof tot hof verskil en daar appèl van 'n laer na hoër howe moontlik is, is die prosedure by die verhoor van 'n saak in die verskillende openbare howe van die Changana, basies dieselfde. Die enigste openbare howe wat by die Changana funksioneer, is die van die kaptein, as hoogste openbare hof van die stam en die onderskeie vykshowe. Dit gaan hier dus om die procedure in die verrigtinge van die bandla ra hosi en die bandla ra ndhuna by die verhoor van 'n saak.

Verskeie ampsdraers is aan hierdie howe verbonde. 'n Bespreking van die hofprocedure sal noodwendig ook die pligte en funksies van hierdie persone moet aandui. Soos later sal blyk, het elke ampsdraer 'n besondere funksie in die verloop van die verrigtinge. Uit die aard van die saak is hul teenwoordigheid of die van 'n plaasvervanger by elke hofsitting 'n absolute vereiste. Hoewel sommige ampsdraers in die huidige tyd nie meer aan die howe verbonde is nie en/of deur ander funksionarisse onder veranderde omstandighede vervang is, kon informante nogtans 'n duidelike en aanvaarbare weergawe van die tradisionele patroon verstrek.

Die howe en hofprocedure wat hier behandel word, is nie in ooreenstemming met die bepalings soos vervat in die

Bantoe-administrasie Wet, No.38 van 1927 nie, maar volgens die die tradisionele patroon soos dit tans nog in 'n hoë mate werkbaar is. Selfs die kapteinhof (die enigste by wet ingestelde hof van die stam) voldoen alleen maar by benadering aan die eise van genoemde wet en funksioneer verder ooreenkomsdig die tradisionele Changanastamreg wat aan hulle bekend is en waarvolgens hul uitspraak gee. Die volgende uiteensetting van diehofprocedure is dus hoofsaaklik beperk tot die tradisionele regstelsel. Dit is egter interessant om nou reeds daarop te wys dat die betaling van die xipfula-bandla (hofoopmaker) en die vergoeding aan die xirhumiya-xa bandla ingeburgerde veranderinge is wat so na aan die bepalings van G.K.2885 van 1951 staan dat 'n mens nie anders kan as om te beweer dat hierdie byvoeginge in die huidige tyd die gevolg is van die eerbiediging van die bepalings van die betrokke regulasies nie.

Diehofprocedure by die Changana geskied ooreenkomsdig 'n goedgeorganiseerde patroon. Net soos elke amptenaar verbonde aan diehof, sy verpligting ooreenkomsdig die voorgeskrewe prosedurereëls soos deur die stamreg neergelê, moet uitvoer, is elke volwasse manlike stamlid bewus van die formele karakter van die openbarehof en die procedure wat gevollg moet word by onder ander die aanmelding van 'n saak, die betaling vanhofgelde, die procedure tydens dieverhoor, die wyse van die tenuitvoerlegging van 'n vonnis of uitspraak, die bevoegdheid tot appèl en oor watter jurisdiksie die onderskeie howe beskik.

Ten slotte moet 'n mens daarop wys dat daar by die Changana geen procedureverskil in die hantering van 'n strafregtelike oortreding en 'n siviele geding bestaan nie. Hierdie begrippe het trouens vir hulle nie dieselfde betekenis as wat Westerlinge daaraan heg nie. In siviele gedinge gaan dit om die verbreking van die private regte van mense met betrekking tot persoonlike status, eiendom, kontrakte, ensovoorts terwyl 'n strafregtelike oortreding hoofsaaklik betrekking het op daardie oortredings wat nadelig mag wees vir die maatskappy in sy geheel. In siviele gedinge gee diehof uitspraak vir die betaling van skadevergoeding dit wil sê reg-

stelling moet geskied of kompensasie moet gelewer word terwyl daar in 'n suiwer strafsaak streng en konsekwent gestraf word. Soos vermeld is, word strafregtelike sake by die Changana slegs deur die kapteinshof verhoor en nie deur die onderskeie wykshowe nie. 'n Mens moet egter daarop wys dat 'n enkele saak terselfdertyd 'n sivielregtelike sowel as 'n strafregtelike aspek kan inhoud. By die Changana word albei aspekte gelyktydig, dit wil sê tydens dieselfde verhoor, afgehandel: "Die hele klagte word ondersoek en die uitspraak van die hof handel gelyktydig oor die vergoeding van skade en die bestraffing van 'n oortreding teen die orde in die maatskappy" (Coertze 1971:135).

(ii) Die procedure by die aanmelding van 'n saak

Howe funksioneer wanneer daar sake is om te verhoor. 'n Saak kan egter nie verhoor word as daar nie 'n klaer is nie. Die onus rus dus op die veronregte persoon om 'n saak by die hof aanhangig te maak alvorens dit verhoor kan word.

In hierdie verband moet 'n mens daarop wys dat die Changana terminologies onderskeid maak tussen 'n saak wat by die nie-openbare howe aanhangig gemaak word en sake wat in die openbare howe aanhangig gemaak en verhoor word. By nie-openbare howe gebruik die Changana die Tsongaterm vir 'n hofsaak toewete mhaka (*mv. timhaka*). Volgens Cuenod (1967: 104) beteken die woord mhaka: "matter, affair, court case." Die betekenis wat die Changana aan die woord heg, dui veel eerder op 'n probleem of 'n aangeleentheid wat die familie raak. Wanneer die kraalhoof byvoorbeeld 'n hof hou, verwys hul dan ook na hierdie verrigtinge as timhaka ta bandla ra muti dit wil sê die sake van die kraalhof. Die term mhaka beteken dus vir die Changana nie alleen 'n familie-aangeleentheid of 'n -probleem nie maar ook 'n hofsaak wat in die onderskeie nie-openbare howe verhoor en afgehandel kan word. Sommige informante ken ook die Zuluwoord: nkhulumo. 'n Familiesaak word op hierdie wyse dan ook aangedui as nkhulumo ya le ndlwini dit wil sê 'n besprkking binne die hut, vanweë die vertroulikheid daarvan.

Die Tsonga daarenteen gebruik die term mhaka om enige

hof aan te dui asook die term nandzu (*mv. milandzu*). Hiervan sê Junod (1927, I:439): "I will not assert that Thongas know the exact difference between civil and criminal cases, the same tribunal judging them both and all being called by the same name, *milandju*." Doke en Vilakazi (1948) vertaal egter die woord -landu vanuit die oer-Bantoe ~~met~~ "criminal case." Dit is ook die betekenis wat die Changana daaraan heg. Hul gebruik die term in sy Tsonga vorm dit wil sê nandzu (*mv. milandzu*) dan ook om 'n openbare hofsaak te beskryf. Dit is veral van toepassing op sake in die kapteinhof aangesien hierdie hof alleen strafregtelike sake kan verhoor.

Die mees algemene term wat die Changana egter gebruik om 'n openbare hofsaak, siviels sowel as strafregtelik te beskryf, is die Zuluwoord icala (*mv. macala*). Volgens Doke en Vilakazi (1948:100) beteken hierdie woord onder andere: "law-case, offence against the law, crime, fault." Vir die Changana is hierdie term te onderskei van die term mhaka (timhaka). Presies waarom is nie heeltemal duidelik nie. Die Zulugesegde, icala alingeni ekhaya - 'n saak gaan nooit 'n huis binne nie, is moontlik hier van toepassing. Mens moet ook in gedagte hou dat skrywers soos Liengme, Junod en Grandjean pertinent daarop wys dat die Ngoni van Sochangana, hoewel hul met Tsongavroue getrou het, hul Zulutaal sover moontlik in die openbare howe gebruik en bestendig het. Dit is egter 'n feit dat 'n saak wat volgens die Changana-informante in 'n openbare hof verhoor word, nie meer soos in die nie-openbare howe as mhaka bekend staan nie maar wel as icala.

Sodanige aangeleentheid (mhaka) word nie goedsmoeds as 'n icala by 'n openbare hof aanhangig gemaak nie. Familiessaake sowel as inter-familiesake word eers deeglik uitgepluis en in die meeste gevalle beredder sodat 'n ontevrede klaer nie gou sy saak by 'n openbare hof aanhangig sal maak nie. Die Changana ken die gesegde: "A mhaka yi khaneliwa vandleni, va taka tsavukanyisa van'wana; vambeni va ta ku vonisa lomu u hoxaka kona - wanneer 'n aangeleentheid in 'n openbare hof bespreek word verbreek mense hul onderlinge verbande - letterlik." Daarom sal 'n onderlinge dispuut sover moontlik in die

onderskeie nie-openbare howe afgehandel word alvorens die saak openbaar gemaak en by die wykshof aanhangig gemaak word. Vir die klaer in 'n geding is twee weë moontlik naamlik "mhaka a yi bori - 'n saak word nie vrot nie, dit wil sê: U nga hatlisi timhakeni - moenie te haastig met 'n saak handel nie of andersyds: vula, mhaka ya ha hisa - hanteer (open) 'n saak terwyl dit nog vars is." Ooreenkomsdig hierdie beginsels word 'n strafregtelike saak wat nie in die mindere howe verhoor kan word nie so gou as moontlik by 'n openbare hof aanhangig gemaak terwyl sivielregtelike sake sover moontlik in die onderskeie nie-openbare howe afgehandel word. Daarom word geen sivielregtelike saak in die wyks- en/of kapteinshof ontvang alvorens dit nie voor die onderskeie nie-openbare howe gedien het nie. Indien daar nie aan hierdie vereiste voldoen is nie kan die ontvanger van sake by 'n openbare hof die klaer of eiser in 'n geding versoek om die saak eers by sy familiehoof aanhangig te maak. Hierdie prosedure word veral in die geval van interne familiesake gevolg. 'n Geding tussen lede van verskillende groter gesinne-eenhede word op diezelfde wyse eers deur die betrokke nie-openbare hof verhoor. In die praktyk kom dit vandag egter dikwels voor dat 'n sodanige saak direk by die wykshof aangemeld word.

Hoewel die wykshof nie oor die bevoegdheid beskik om alle sake te verhoor nie, kan geen saak soos vroeër vermeld is, direk by die kapteinshof aanhangig gemaak word nie. Dit moet die kapteinshof via die wykshof bereik. Op hierdie wyse word alle sake wat buite die jurisdiksie van die onderskeie nie-openbare howe is, asook appëlsake wat die nie-openbare howe nie kan bereg nie, sowel as alle ander sake wat bo die jurisdiksie van die wykshof is maar waaroor hy verslag aan die kapteinshof moet lewer, by die wykshof aangemeld.

Aan elke openbare hof is daar 'n ampsdraer(s) verbonde wat sake ontvang. By die wykshof word 'n saak byvoorbeeld aangemeld by die xandla xa ndhuna van die wyk waarin die verweerder woonagtig is. Alle sake moet direk aan hom gerapporteer word. Hy is die verantwoordelike beampte van die wykshof en is aan alle wykslede bekend. Geen saak kan voor die wykshof dien indien dit nie via die xandla xa ndhuna op

die "rol" geplaas is nie. Na aanmelding, is die xandla xa ndhuna verantwoordelik om die saak na die hof te neem. 'n Klaer kan of self sy klag by die xandla xa ndhuna lê, of kan (veral in die verlede) by die mupfuni wa ndhuna (helper van die wykshoof) wat in sy onmiddellike omgewing woonagtig is, gaan klae. Hierdie mupfuni sal, nadat hy die klag aangehoor en hom deeglik van die feite vergewis het, namens die klaer die saak by die xandla xa ndhuna aanhangig maak. Indien dit 'n appëlsaak is, moet die klaer tesame met 'n verteenwoordiger van die betrokke nie-openbare hof, gewoonlik die liniehoof of die familiehoof self, die saak by die wykshof aanhangig maak. Nadat die xandla xa ndhuna hom deeglik van die agtergrond van die saak vergewis het, sal die saak op die "rol" kom en die betrokkenes in kennis gestel word van die dag waarop die saak verhoor sal word.

Sake kom na die kapteinshof op appèl vanaf die wykshof via die wykshoof indien die wykshoof merk dat hy of nie oor die jurisdiksie beskik om die saak te verhoor nie, of indien hy merk dat die saak "te swaar" is vir sy hof. In albei gevalle kom die wykshoof of sy verteenwoordiger tesame met die klaer of eiser na die kapteinshof. Aldaar word die saak aanhangig gemaak by die ndhunankulu wat in die verlede hierin bygestaan is deur die onderskeie tindhuna ta macala (stamregters en ook ontvangers van sake). Vermoedelik het elke ndhuna ya macala tradisioneel as 'n skakelpersoon deur wie die onderskeie wykshoofde skakel, gefunksioneer. Alle sake wat vanaf wykshoofde in hoër beroep gaan, is dus by 'n spesifieke ndhuna ya macala aangemeld wat dit dan oordra aan die ndhunankulu. Aangesien die ndhunankulu tesame met die onderskeie tindhuna ta macala in die verlede as voorlopige hofraad (bunga) oor geringe regsvvoegdheid beskik het, was dit moontlik dat hul 'n saak wat te gering vir die kapteinshof beskou is, kon verhoor en daarin uitspraak kon gee. Sou die eiser sowel as die verweerde hul met die bevinding van die bunga vereenselwig is die saak afgehandel - indien nie, word die saak op die "rol" van die kapteinshof geplaas en die betrokkenes in kennis gestel van die dag waarop die saak verhoor sal word. Op hierdie wyse was dit in die verlede moontlik

om onbenullige sake uit die kapteinshof te hou. Volgens Liengme (1901:125) was dit die taak van die bunga om "daagliks alle sake wat by die kapteinshof aangemeld word, te ontvang, te ondersoek, en waar moontlik te verhoor sodat die kaptein nie sy tyd met onbenullighede verkwis nie."

In die huidige tyd moet alle sake by die stamsekretaris (museketeri) aangemeld word. Hy alleen ontvang sake aangesien daar geen tindhuna ta macala meer aan die kapteinshof verbonde is nie. Anders as die bunga in die verlede beskik die stamsekretaris nie oorregsbevoegdheid nie. Sake wat by hom aangemeld word, kom automaties op die "rol". Indien 'n saak egter nie deur die regte kanale die kapteinshof bereik nie, kan die stamsekretaris weier om die saak te ontvang en die klaer of eiser na die mindere howe terugverwys. Daarom word die klaer of eiser in die meeste gevalle deur die ndhuna of sy verteenwoordiger vergesel. Die ndhuna moet in elke geval van alle sake wat deur hom verhoor is, met insluiting van die wat hy afgehandel het, aan die kaptain verslag lewer.

Wanneer 'n klaer of eiser 'n saak by 'n openbare hof aanhangig maak, moet hy iets lewer waarmee die hof "oopge maak" word, of waarmee die saak aanhangig gemaak kan word. Hierdie gelde word xipfula-bandla (om die hof oop te maak) of mimangalo (om te klae), genoem. Geen saak sal in 'n openbare hof verhoor word alvorens hierdie hofgelde nie gelewer is nie. Gewoonlik moet dit reeds aan die ontvanger van sake gelewer word by die aanmelding van 'n saak. Vroeër is 'n bok as hofoopmaker gelewer. Vandag word 'n bedrag geld vir hierdie doel gelewer. 'n Vasgestelde bedrag van R2.00 is van toepassing op die wyks- sowel as die kapteinshof. Hierdie bedrag is in ooreenstemming met die bedrag wat kragtens Artikel 13 van G.K. 2885 van 1951 (soos gewysig) vir die berogting van 'n saak in die kapteinshof by wet voorgeskryf is. Informante beweer dat die lewering van 'n hofoopmaker nie 'n tradisionele gebruik van die Changana was nie. In die verlede het 'n klaer sy klag mondelings gelewer en is daar nie van hom vereis om die hof te "open" met 'n geskenk of sekerheidstelling van sy klag nie. Afgesien van die xipfula-bandla wat die eiser vandag vir hierdie doel moet lewer is dit ook sy plig

om die reiskoste van die xirhumiwa xa bandla (bode van die hof) wat die verweerde na die hof moet ontbied, te betaal. Ook die betaling het blykbaar verband met die voorstelkrite van G.K. 2885 van 1951. Die bedrag wissel tussen 25 sent en 75 sent, afhangende van die afstand wat die bode moet reis. Indien die hof ten gunste van die klaer of eiser uitspraak gee, moet die uitspraakskuldenaar alle geldte wat die klaer of eiser gelewer het om die saak te laat bereg, aan hom terugbetaal. Dit word egter nie deur die wet voorgeskryf nie.

Die xipfula-bandla wat by die aanmelding van 'n saak aan die wykshof gelewer word, moet deur die ndhuna aan die ndhunankulu van die kaptein oorhandig word. Die kaptein vergoed op sy beurt weer die ndhuna uit hierdie inkomste vir elke saak wat hy verhoor het. Volgens informante ontvang die ndhuna 'n bedrag van R1.00 vir elke saak wat in sy hof afgehandel is. 'n Eiser hoef nie twee keer 'n hof "oop te maak nie". As hy reeds die hof van die wykshof "oopgemaak" het en die saak word nie finaal daar bereg nie, gaan die "hofoopmaker" oor na die kapteinshof. Hy is egter weer aanspreeklik vir die reiskoste van die xirhumiwa xa bandla, wat namens die kapteinshof die verweerde na die hof moet ontbied. Indien 'n saak buite die jurisdiksie van die wykshof val, word daar nogtans hofgelde aan die wykshof gelewer. Die xipfula-bandla gaan dan saam met die saak na die kapteinshof waar dit as "oopmaker" sal dien. Na die betaling van hierdie geldte is die saak geopen en kan die klaer of eiser sy saak stel.

### (iii) Die procedure tydens die verhoor

Aangesien daar gewoonlik meer as een saak per sitting verhoor word, neem alle litigante sowel as hul getuies saam met die ander aanwesiges by die hof stelling in ooreenkomsdig senioriteit. Wanneer die kaptein plaasneem, word hy deur al die aanwesiges, terwyl hul op hul knieë kom, begroet met uitroep van Bayete -- Bayete. Daarna gaan sit al die aanwesiges. Die ndhunankulu, en in die wykshof die xandla xa ndhuna tree navore en lei die verrigtinge. Die name van die klaer of eiser en die verweerde word hardop uitgeroep en vergesel van die xirhumiwa xa bandla, neem hul reg voor die

kaptein/ndhuna op hul knieë plaas. Hierna versoek die ndhunankulu/xandla xa ndhuna die getuies van albei partye om die bandla te verlaat en buite hoorafstand te wag. Dit is die taak van die xirhumiva xa bandla om hierna om te sien. Daarna word die saak formeel geopen deur die amptenaar wat die saak ontvang het. Dit is dus die taak van die xandla xa ndhuna in die wykshof, en die van die ndhunankulu in die kapteinshof, om wanneer 'n saak voor die hof dien kortlik die aard van die eis of klag aan die hof bekend te maak. Albei hierdie ampsdraers is reeds deeglik op hoogte van die feite in die saak aangesien die klaer hul dienooreenkomsdig ingelig het tydens die aanmelding van die saak. Die blote feit dat hierdie amptenaar die saak opgeneem en op die "rol" geplaas het, bied trouens aan die klaer of eiser in 'n dispuut 'n redelike kans op sukses.

Hoewel hierdie amptenaar die saak open en 'n kort uit-eensetting daarvan aan die hof skets kan sy optrede nie as die van 'n openbare aanklaer beskou word nie. Die klaer/eiser moet teenwoordig wees en dit is sy taak om self sy klakte teen die verweerde te stel. Indien hy nie teenwoordig is nie word die saak uitgestel, en 'n nuwe verhoordatum bepaal.

Nadat die klaer sy saak gestel het, word die verweerde die geleentheid gegun om sy kant van die saak te stel. Indien hy die klag teen hom erken en/of bereid is om die skadevergoeding wat deur die klaer geëis word, te betaal, vind daar geen verdere bespreking meer plaas nie en is die hof bevoeg om uitspraak te gee. Aangesien die saak reeds tot by 'n openbare hof gevorder het, gebeur dit uiters selde dat die verweerde in 'n siviellregtelike geding die klag teen hom in die wyks- sowel as kapteinshof sal erken. As die verweerde dan ontkennend antwoord, word die saak oopgestel vir bespreking nadat die hof albei kante van die saak aangehoor het. Indien dit egter 'n appëlsaak vanaf die bandla ra ndhuna is, kry die ndhuna eers 'n geleentheid om te verduidelik wat in sy hof gebeur het, alvorens die saak vir bespreking oopgestel word.

Eerstens kry die partye die geleentheid om mekaar oor

en weer te ondervra. Daarna sal die ndhunankulu/xandla xa ndhuna die ondervraging namens die hof inlei. Sodra hy deur middel van sy ondervraging groter helderheid oor die aangeleentheid verkry het, kry die lede van die hof ook die geleentheid om vrae aan albei partye te rig. Dit is trouens die taak van die hof om deur ondervraging die volle waarheid te bepaal. Daarna word getuies (tifikazi) geroep. Eers die van die klaer wat, nadat hul deur lede van die hof ondervra is, die bandla verlaat en daarna die van die verweerde. Die roep van getuies vir veral direkte getuienis, speel 'n belangrike rol in die bewyslewering by die openbare howe van die Changana. Tereg wys Coertze (1971:164) daarop dat: "Die hof moet tot sy bevrediging betwiste feite deur getuies gestaaf kry. Die onus om 'n regverdige beslissing in die geskil te bereik, lê by die lede van die hof." Dit is ook waar ten opsigte van die Changana. Daarom ontbied die klaer nie self sy getuies na die hof nie. Dit is die taak van die persoon wat die saak ontvang, om in belang van die hof, ten minste die name van getuies wat die klaer kan verstrek, by die aanmelding van 'n saak te neem, en sover moontlik hul teenwoordigheid by die hof te bewerkstellig.

Naas die lei van getuienis tydens die verhoor van 'n saak, het die Changana in die verlede ook van ander metodes van bewyslewering gebruik gemaak, veral in daardie sake waar voldoende getuienis ontbreek het. By gebrek aan sekerheid oor die skuldigheid of blaamwaardigheid van 'n persoon kan die hof, sowel as enige party in 'n geding, sy toevlug neem na bonatuurlike metodes van bewyslewering. Die kaptein het in die verlede oor die dienste van 'n eie toordokter, die nyanga ya hosi, beskik. Hoewel die nyanga ya hosi hoofsaaklik gebruik is om 'n bose toornaar wat 'n sterfste veroorsaak het, met die bekende si ya vuma- (ons stem saam) metode "mit te ruik", kon die hof cok van sy dienste gebruik maak om in ernstige strafregtelike sake met behulp van sy dolosse die beskuldigde se skuldigheid te bepaal. Informante is dit egter eens dat hierdie metode van bewyslewering alleen in opdrag van die kapteinshof toegepas kon word. Enige klaer kan egter, by gebrek aan die nodige bewyse, saam met

sy verwante 'n toordokter besoek ten einde 'n skuldige te laat uitwys. Die aangewese persoon word dan in die openbaar beskuldig en hy en die klaer besoek saam 'n ander toordokter om die uitspraak te bevestig. By die verhoor van 'n saak in 'n openbare hof kon die klaer dan die bevindinge van die toordokters as getuienis mededeel. Indien die beschuldigde wat op hierdie wyse "uitgeruik" is, sy skuld in die hof sou ontken, kan die hof, by gebrek aan voldoende getuienis gelas dat albei partye mhondzo moet drink.

Mhondzo is die inhoud van 'n oordeelsbeker wat, as 'n persoon dit drink, sy skuld of onskuld sou bewys. Volgens Cuenod (1967:105) is mhondzo 'n "species of plant from which a poisonous potion is prepared which is drunk by those submitting to an ordeal to discover a sorcerer." Junod (1927, II:530) beweer, "mondjo is a plant of the Solanaceae family, probably a Datura, which possesses intoxicating properties. ... It can be resorted to by any individual accused of witchcraft, or of any other crime." Oor die mhondzo-gebruik as 'n metode van bewyslewering in die kapteinshof sê hy: "This is a legal procedure ordered by the chief, a true method of obtaining information in a criminal case" (II:530).

Hoewel die drink van 'n oordeelsbeker vandag nie meer as 'n metode van bewyslewering deur die hof gebruik word nie, glo informante nog dat dit die effektiefste metode is om 'n skuldbekentenis te verkry. Mhondzo is vroeër deur die nyanga ya hosi voorberei. Indien die hof gelas dat albei partye mhondzo drink en die beschuldigde weier, geld dit as voldoende bewys vir sy skuldigheid. Indien nie, moet albei partye buite die bandla 'n paar treeë van mekaar neerhurk binne 'n sirkel wat deur die lede van die hof gevorm word. Daarna oorhandig die nyanga ya hosi die pot gevul met mhondzo aan 'n ou vrou wat as sy permanente skinker optree. Mhondzo het 'n bedwelmende uitwerking op die gebruiker daarvan, en die Changana glo dat 'n skuldige as hy dit drink en nie dadelik skuld beken nie sal sterwe terwyl dit 'n onskuldige geen kwaad kan doen nie. Volgens Stevenson-Hamilton (1949:256) gaan elke party dan daartoe oor om, "om die beurt 'n mondjie

vol van die vog te drink en spuug die vesels voor hom uit. Die uitwerking is 'n hewige brandende inwendige pyn. Die gedrink met mondjiesvol duur voort totdat die een of die ander om die dood wat hy vinnig voel nader, te ontwyk, beken dat hy of skuldig is of 'n valse klag gebring het." Daarna word die skuldige party weggeneem en die volgende dag wanneer hy volledig tot verhaal gekom het, word die saak ooreenkomstig hierdie getuienis in die hof besleg.

Volgens Liengme (1901:125) het die Changana in 1895, tydens die skrywer se verblyf digby die kapteinskraal van Nghunghunyana, nog hierdie metode van bewyslewering beoefen. Hy beweer dat persone daagliks by die kapteinskraal opgedaag het en 'n fooi van R2.00 of 'n bok aangebied het om mhondzo te kon drink ten einde hul onskuld te bewys. Dit was ook 'n algemene metode van bewyslewering aan die hof van kaptein Nghunghunyana.

In die huidige tyd is die verkryging van betroubare getuienis by gebrek aan bogenoemde metode van bewyslewering een van die probleme vir die hof. 'n Mens moet onthou dat getuienis nooit volgens hofprosedure onder eed afgeneem word nie. Daarom word die persoonlikheid van 'n getuie altyd deur die hof in ag geneem. Selfs die status of karakter van die litigante kan in sodanige situasie die uitspraak van die hof beïnvloed. Informante is dit egter eens dat die volle waarheid in die huidige tyd alleen deur herhaalde ondervraging (ku kombela u nga visi) deur die hof bepaal kan word. Daarom sê die Changana: "U nga hatlisi timhakeni - jy moet nie 'n saak (se afhandeling) aanjaag nie."

Nadat albei partye hulle saak gestel het en getuienis aan weerskante gelewer en die getuies en die partye voor die hof deur die lede van die hof ondervra is, is die saak oop vir algemene bespreking ten einde die hof tot 'n beslissing te lei. Dit word dan die taak van die hof, soos Coertze (1961:175) dit stel, om te beslis of die voorgeskrewe daad 'n oortreding van die regsreëls is en indien wel, of die beskuldigde skuldig is aan die oortreding. In 'n openlike debat word daar dan getrag om tot 'n beslissing te kom. In die bandla ra ndhuna sowel as die bandla ra hosi gee die

onderskeie "assessore" een vir een hul mening volgens rangorde beginnende by die junior figure. Op hierdie wyse sal eers die madoda ya (swikulu swa) bandla in die bandla ra ndhuna hul bevinding in die saak gee en waar moontlik voorbeelde van vorige uitsprake aanhaal. Daarna kom die vapfuni va ndhuna aan die beurt waarna die xandla xa ndhuna die onderskeie bevindings aan die hof opsoem en dit oordra aan die ndhuna as voorsittende beampete wat dan die uitspraak lewer. Die ndhuna as voorsittende beampete is aan die bevinding van die hof gebonde en sal slegs by uitsondering 'n ander uitspraak gee.

In die bandla ra hosi word dieselfde prosedure gevolg. Hiervolgens gee eers die madoda ya bandla hul mening in die saak en daarna die onderskeie tindhuna. Die ndhunankulu formuleer uiteindelik die bevinding van die hof waarna die saak afgesluit word deur die beslissing van die kaptein as voorsittende beampete ooreenkomstig die algemene gevoel van die hof. Indien die opinie van die kaptein verskil met die van die meerderheid sal hy hulle probeer oorhaal tot sy standpunt. Die kaptein sal net soos die ndhuna selde uitspraak gee teen die oordeel van die meerderheid van die hof.

(iv) Die wyse waarop die vonnis of uitspraak ten uitvoer gelê word

Een van die belangrikste funksies van die hof is soos Coertze (1971:174) tereg aandui, om die reg te vind "en die "vindenis" van die hof word dan die vonnis wat namens die gemeenskap uitgespreek word". Hierdie uitspraak of beslissing (xigweyo) van die hof geskied ooreenkomstig die stamreg. Daarom word 'n saak in die openbare howe in 'n hoë mate opmeriete volgens die toepaslike reg beoordeel. Dit bly nogtans die taak van die hof om sover moontlik 'n versoening tussen die litigante te bewerkstellig. Die enigste wyse waarop die hof hierin kan slaag, is om die oortreder tydens die hofproses tot "oorgawe", dit wil sê tot die erkenning van sy skuld, te bring. Die Changana glo dan cok dat: "ku tihlaya ku sasa moyo wa mhunu - belydenis van skuld reinig die gees van 'n mens."

Die beste bewys hiervan vind 'n mens by die afsluiting van 'n saak in die kapteinshof. Wanneer die kaptein uitspraak lewer, word sy beslissing deur die litigante, gevolg deur die aanwesiges in die hof, beantwoord met uitroepe van bayete ... bayete. Hierdie uitroepe openbaar nie alleen hul onderdanighheid aan die gesag van die kaptein nie maar dien ook as 'n uiterlike bewys van die goedkeuring wat sowel die litigante as die aanwesiges aan die uitspraak verleen. Op dieselfde wyse word die boete wat die hof 'n skuldige mag ople of die hoeveelheid skadevergoeding wat aan die uitspraakskuldeiser toegeken mag word met uitroepe van bayete ... bayete deur die litigante sowel as die lede van die hof beaam. Hierdie gesamentlike gebaar van die litigante weerspieël ook die versoening wat deur die hofproses by die twee partye bewerkstellig is.

Die onderskeie openbare howe (bandla ra hosi en bandla ra ndhuna) het nie alleen die bevoegdheid om siviele sake te verhoor nie maar het ook die bevoegdheid om skadevergoeding te bepaal en 'n bevel tot die lewering daarvan uit te reik. Die enigste hof wat oor sowel siviele as strafregtelike bevoegdheid beskik, is die van die kaptein. Daarom kan die kapteinshof nie alleen skadevergoeding bepaal nie maar beskik hy ook oor die bevoegdheid om in strafregtelike sake 'n skuldige te bestraf by wyse van 'n boete, lyfstraf of waarskuwing en in die verlede ook met die doodstraf of verbanning. Daar is egter reeds op gewys dat die Changana nie 'n skerp onderskeid maak tussen siviele gedinge en strafsake nie. 'n Enkele saak kan daarom terselfdertyd 'n siviele sowel as 'n strafregtelike aspek inhoud en albei aspekte sal normaalweg gelyktydig, dit wil sê tydens dieselfde verhoor, in die kapteinshof afgehandel word. By die oortredings van eersgenoemde tipe moet daar op die een of ander wyse regstelling geskied of kompensasie gelewer word - gewoonlik geskied dit deur die lewering van skadevergoeding aan die eiscr, terwyl 'n kriminele oortreding streng en konsekwent gestraf word by wyse van 'n boete of 'n saamgestelde vonnis. Die uitspraak van die hof bevat dus in 'n strafregtelike sowel as siviele saak gewoonlik 'n bevel tot restitusie ten opsigte van die veronregte.

Terminologies maak die Changana onderskeid tussen die begrippe boete as element van straf in 'n hofvonnis en skadevergoeding wat die hof in 'n suiver sivieler geding aan 'n eiser mag toeken. Skadevergoeding staan bekend as umchachazelo, afgelei van die Zuluwerkwoord ukushashazela wat volgens Doke en Vilakazi (1948) beteken: om spyt te betuig of om gelukkige verhoudinge te herstel. Dit kan ook betekenis "om verskoning te vra". Sommige informante ken ook die Tsongawoord chavelela wat volgens Cuchod (1967:24) beteken: "condole with; express one's sympathy with." Chavelela as skadevergoeding kan dan ook soos informante dit uitdruk, gelewer word om die tranen af te vee, veral waar die vonnisskuld-eiser ernstige leed aangedoen is.

Sowel die bandla ra ndhuna as die bandla ra hosi kan skadevergoeding bepaal. Wanneer die bandla ra ndhuna beslis dat umchachazelo gelewer moet word en die partye neem daarmee genoeë, is sodanige saak afgehandel. Indien nie - het enige een van die betrokke partye die reg om hom op die bandla ra hosi te beroep. 'n Persoon wat hom nie aan die uitspraak van die bandla ra ndhuna wil onderwerp nie, stel hom egter bloot aan 'n swaarder straf in die bandla ra hosi indien die uitspraak van die laer hof gehandhaaf word.

By die bepaling van skadevergoeding is verskillende faktore van belang. Gewoonlik dien die eis wat die klaer in 'n saak stel as basis vir die bevel tot die levering van skadevergoeding. Dit is egter vir die hof om te besluit of sodanige eis geregtig is al dan nie. In praktyk is die skadevergoeding wat deur die hof bepaal word gewoonlik in oorelog met die aard van die oortreding. Die omvang van die skadevergoeding word dus in 'n hoë mate deur die stamreg voorgeskryf. Die hof het egter die bevoegdheid om 'n liger of 'n swaarder restitusie vir 'n bepaalde oortreding op te lê. Verskillende faktore soos onder andere die ouderdom van die blaamwaardige persoon, sy status in die gemeenskap en die omstandighede waaronder die oortreding begaan is, word deeglik deur die hof in oorweging geneem alvorens die omvang van die skadevergoeding bepaal word. Selfs die optrede van die uitgesprakskuldenaar tydens die verhoor of sy pleitrede om ver-

sagting, nadat die hof hom skuldig bevind het, kan die aard van die uitspraak beïnvloed.

Umchachazelo (skadevergoeding) is egter te onderskei van die begrip nhlawulo (boete) wat 'n vonnisskuldenaar in 'n suiwer strafsaak, byvoorbeeld by ongehoorsaamheid aan die kaptein se bevele of die miskenning van sy gesag, opgelê word (hlawulisa - om 'n boete op te lê). Soos vroeër vermeld is, is die bandla ra ndhuna nie bevoeg om 'n suiwer strafsaak te verhoor nie. Dit neem egter nie die feit weg dat hierdie hof ook alle strafsake wat in sy gebied mag ontstaan moet ontvang, ondersoek en na die bandla ra hosi deurstuur nie. Aangesien alleen die bandla ra hosi uitspraak in strafsake kan gee, is slegs hierdie hof bevoeg om 'n boete op te lê. Net soos by die bepaling van skadevergoeding word die aard van die straf (boete) wat in 'n strafsaak opgelê word, bepaal deur die aard van die oortreding. Die stamreg bepaal dus ook die omvang van die boete wat opgelê mag word. Dit is egter onderhewig aan dieselfde spelling wat hierbo ten opsigte van die bepaling van skadevergoeding genoem is. Alle boetes in strafsake gaan na die kaptein as verteenwoordiger van die stam. In sommige strafsake kan die kaptein egter 'n deel van die boete aan die lydende party afstaan sodat dit vir 'n Westerling onduidelik is of hier van boete dan wel skadevergoeding sprake is.

In die huidige tyd is die bevoegdheid van die kapteinhof om boetes op te lê deur art. 20(2) van Wet 38 van 1927 beperk tot R40.00 of 10 stuks kleinvee of 2 stuks grootvee. Ooreenkomsdig amptelike voorskrif word sodanige boetes vandag in die stamkas inbetaal en kom nie meer die kaptein of sy hof ten goede nie. Ernstige strafsake wat in die Derde Bylae van Wet 38 van 1927 van die kaptein se jurisdiksie uitgesluit is, word na die Bantoesakekommissaris verwys ondanks die feit dat die betrokke ndhuna-hof 'n voorondersoek gehou het.

By die Changana bestaan daar die gebruik, bekend as die lewering van umbongo. Umbongo is 'n Zuluwoord en beteken om dankie te sê, dit wil sê om die hof te "bedank" vir die begeerting van 'n geskil. Umbongo word gerken as hofonkoste en word gewoonlik aangewend vir die onderhoud van die hof. Oor die aanspreeklikheid vir die lewering van umbongo is infor-

mante dit nie eens nic. Sommige beweer dat umbongo 'n deel uitmaak van die skadevergoeding wat die hof 'n uitspraakskuldeiser toestaan. Die hof ontvang dus 'n deel van die gelewerde skadevergoeding en geen eiser kan sy skadevergoeding in ontvangs neem alvorens hy nie umbongo gelewer het, dit wil sê die hof "bedank" het vir die beregting van sy saak nie. In praktyk beteken dit dat hoewel die uitspraakskuldeiser die hof moet "bedank", die uitspraakskuldenaar benewens die werklike skadevergoeding wat die hof bepaal met 'n addisionele bedrag ('n bok of 'n bees) belas word ten cinde die uitspraakskuldeiser in staat te stel om umbongo aan die hof te lewer. Umbongo word dus bygevoeg by umchachazelo (skadevergoeding) en kan as sodanig ook beskou word as 'n vorm van straf wat in die uitspraak aanwesig is.

Ander informante interpreteer die levering van umbongo suiwer as 'n element van bestrafning van die skuldige of blaamwaardige. Vanneer die hof dan uitspraak gee, word die skadevergoeding sowel as die umbongo wat die uitspraakskuldenaar moet lewer uitdruklik gespesifieer. In praktyk kom boegenoemde interpretasies egter op dieselfde neer. Umbongo as 'n element van straf of dan die bedrag wat as umbongo gelewer moet word om die hof te "bedank", hetsy deur die uitspraakskuldenaar hetsy deur die uitspraakskuldeiser word in albei gevalle die uitspraakskuldenaar ten laste gelê. Die uitspraakskuldeiser ly geen verlies aan skadevergoeding by die levering van umbongo nie aangesien dit reeds bygevoeg is by die hoeveelheid skadevergoeding wat die uitspraakskuldenaar moet lewer.

Die hoeveelheid umbongo wat gelewer moet word, word bepaal ooreenkomsdig die omvang van die skadevergoeding wat toegeken is en nie ooreenkomsdig die tydsuur van die proses of die moeite van die hof om die saak te bereg nie. Gewoonlik is dit 'n bok vir elke bees. In sake waar 'n hoër skadevergoeding toegeken word, kan die umbongo een vir elke vyf of meer beeste wat aan die uitspraakskuldeiser gelewer word, beloop. Umbongo varieer dus ooreenkomsdig die hoeveelheid skadevergoeding wat toegeken word. Volgens hierdie beginsel word die omvang van die umbongo redelik stereotiep bepaal -

veral in die onderskeie wykshowe. Die kapteinshof kan egter by ernstige geskille 'n hoër umbongo bepaal ooreenkomstig die aard van die klag.

Alle umbongo wat gelewer word gaan na die kaptein - daarom noem sommige informante dit ook umbongo wa hosi, dit wil sê, die dank aan die kaptein vir die bereddering van 'n saak. Dit is dan ook die plig van die wykshoof om alle umbongo wat deur sy hof ontvang is, so gou as moontlik na die kaptein te neem. In die verlede was dit ook die wyse waarop die wykshoof oor 'n afgehandelde saak aan die kaptein verslag gedoen het. Na ontvangst van die umbongo gee die kaptein 'n gedeelte van die totale opbrengs - gewoonlik een vyfde daarvan - aan die wykshoof as vergoeding terug. Uit hierdie inkomste moet die wykshoof dan weer sy hof "voed". Op hierdie wyse word umbongo gebruik vir die onderhoud van die hof.

Umbongo word alleen gelewer indien die saak in die wykhof afgehandel is. As dit nie in die wykhof afgehandel word nie, kan die hof nie "bedank" word nie en gaan die saak na die kaptein se hof. In 'n appëlsaak is die umbongo gewoonlik dubbeld die waarde wat in die wykhof opgelê is indien die kapteinshof die uitspraak van die wykhof in stand hou. Die rede hiervoor is tweeledig. Eerstens word geargumenteer dat die wykhof namens die kaptein optree en sake wat hy bereg is net so goed asof dit deur die kaptein bereg is. In die tweede instansie dra 'n verhoging van die umbongo in die kaptein se hof daartoe by dat alleen sake van ernstiger aard voor hierdie hof gebring word. Dit het dus die uitwerking dat persone nie met onbenullige rusies die tyd van die kaptein en sy hof kom verkvis nie.

In die huidige tyd is dit nog steeds die gebruik dat daar in hofsake in die hof van die kaptein en die onderskeie tindhuna, umbongo gelewer word. Omdat die amptelike voor-skrif dit nie spesifiek vereis nie, is dit die indruk dat ontvangste van hierdie aard nie altyd in die stamkas gestort word nie.

In die kapteinshof is die ndhunankulu (vandag die stamsekretaris) en in die wykhof die xandla xa ndhuna verantwoordelik vir die reëlings vir die tenuitvoerlegging van

'n vonnis of uitspraak. Alle betalings wat die hof beveel, of dit umchachazelo, nhlawulo of umbongo is, moet aan hierdie amptenare wat dit namens die hof sal ontvang, gedoen word. Skadevergoeding wat aan 'n uitspraakskuldeiser toegeken is moet dus ook by die hof inbetaal word. Hier kan die eiser dit in ontvangs kom neem nadat umbongo gelewer is. Alle betalings aan die hof sowel as die oordrag van skadevergoeding aan die uitspraakskuldeiser moes in die verlede voor getuies geskied. Vandaag word hierdie betalings by wyse van 'n kwitansie deur die stamsekretaris verbonde aan die kapteinshof erken. Dieselfde prosedure word ook gevolg in daardie wyke waar die tradisionele xandla xa ndhuna in navolging van die kapteinshof deur 'n museketeri vervang is. In sommige wyke word daar steeds van die dienste van 'n xandla xa ndhuna, wat in die meeste gevalle ongeletterd is, gebruik gemaak. Alle betalings wat deur sodanige amptenare hanteer word, geskied dus nog ooreenkomsdig die tradisionele gebruik voor getuies.

In die huidige tyd ontvang die kapteinshof xipfulabandla en umbongo en word daar skadevergoeding (umchachazelo) sowel as 'n boete (nhlawulo) opgelê. Slegs die per regulasie voorgeskrewe hofoopmaker (xipfula-bandla) en boete (nhlawulo) word in die stamkas inbetaal. Die restant hiervan sowel as die umbongo wat gelewer word, kom die kapteinshof toe. Die xipfula-bandla en umbongo wat in die ndhuna-hof gevorder word, word aan die kapteinshof oorgedra. Dit is egter nie duidelik of al hierdie gelde in die stamkas inbetaal word nie. 'n Gedeelte hiervan word egter wel aan die ndhuna teruggegee as vergoeding.

Aan die uitspraak- of vonnisskuldenaar word 'n redelike tyd gegun om te betaal. Informante is dit eens dat geen betaling in die verlede direk na die uitspraak of vonnis gelewer is nie - veral nie aan die wykshof nie. 'n Skuldige bespreek gewoonlik eers die omvang van die skadevergoeding of die boete wat hom opgelê is met sy verwante - gewoonlik die linieraad, alvorens enige betaling aan die wykshof gedoen sal word. In die huidige tyd is die tydsduur wat 'n skuldenaar gegun word om te betaal, vasgestel op 30 dae.

Hierdie termyn is in ooreenstemming met die voorskrif van regulasie 6 van G.K.2885 van 1951 dat die kaptein sy beslissing in 'n siviele saak binne 30 dae by die Bantoesakekommisaris moet registreer. Hierdie tydsbeperking is 'n nuwe gebruik. Indien hy nie in staat is om binne die bestemde tyd sy "skulde" te vereffen nie moet hy amptelik by die hof om uitstel van betaling aansoek doen. Die hof kan dan, in oorelog met die uitspraakskuldeiser beslis of sodanige versoek toegestaan kan word al dan nie. Wanneer die vasgestelde tyd verstrekke is sonder dat daar om uitstel gevra is, sal die ndhunankulu of die xandla xa ndhuna 'n boodskapper - xirhumawa xa bandla - stuur om 'n onmiddellike betaling te gelas. Aangesien die wykshof nie bevoeg is om 'n uitspraak af te dwing nie, sal 'n persoon wat weier om uitvoering daaraan te gee voor die hof van die kaptein gedaag word. Die kapteinshof daarenteen is bevoeg om sy uitspraak of vonnis af te dwing. Indien 'n uitspraak- of vonnisskuldenaar dus weier om sy verpligte na te kom, sal die ndhunankulu die onderskeie swirhumawa swa bandla (boodskappers van die hof) uitstuur om op die uitspraakgoedere (soms deur geweld) beslag te lê. Dit spreek vanself dat sodanige optrede direk verband hou met die politieke gesag van die kaptein waaraan elke lid van die stam tot onderdanigheid verplig is. Aangesien verset teen die uitspraak van die bandla ra hosi inderdaad 'n verset teen die kaptein as verteenwoordiger van die stamgesag beteken en in die verlede swaar gestraf is, was die afdwinging van hofbeslissings 'n uiters seldsame verskynsel by die Changana - maritu ya hosi i swileleto masiku hikwawu, ma fanekela ku yingisiwa - die uitspraak (woorde) van die kaptein is 'n bevel en dit moet gehoorsaam word.

Die kapteinshof beskik as die hoogste hof in die stam oor die bevoegdheid om sy vonnisse in straf sake met uitoefening van geweld af te dwing. Omdat die hof die bevoegdheid het, was daar aan hierdie hof, aangesien van die onderskeie swirhumawa swa bandla wat belas was met die beslaglegging van uitspraak- en vonnisskulde, ook persone verbonde wat die taak van uitbanning, die toediening van lyfstraf of die teregstelling moes uitvoer. In die verlede was dit die taak van 'n

bepaalde regiment, die sogenaamde timhisi (hiënas), ook bekend as die laksmanne van die kaptein, om in opdrag van die hof hierdie pligte waar te neem. Volgens Liengme (1901: 126) het kaptein Nghunghunyana 'n regiment permanent aan sy hoofstat ingekwartier gehou sodat hulle te enige tyd tot die beskikking van die hof kon wees. Informante beweer dat sekere lede van hierdie regiment ook spesifieke pligte gehad het. Daar was onder ander 'n spesifieke persoon (laksman) wat die doodstraf in geval van toornaars, ensovoorts, moes voltrek. Hieroor vermeld ook Junod (1927, I:444) die volgende: "... under Gungunyana, executions were of frequent occurrence. When the chief had condemned a man to death, he merely made a sign to one of his executioners, who followed the unfortunate individual, as he went away into the bush ... and dealt him a heavy blow from behind with either club or assagay, killing him on the spot."

Aangesien die hof ook die bevoegdheid het om lyfstraf te beveel, is daar ook 'n spesifieke persoon aangewys om die lyfstraf toe te dien. In die verlede was dit 'n lid van die timhisi, vandag is dit die taak van 'n spesifieke xirhumiwa xa bandla bekend as die mubi wa nhonga (stokslaner) om lyfstraf in opdrag van die hof toe te dien. Vanweë die beperkte bevoegdhede waарoor die kapteinshof tans beskik, maak die hof in die huidige tyd slegs gebruik van die dienste van die verskillende swirhumiwa swa bandla as bodes van die hof wat ingelyks ook as phorisa dit wil sê stamkonstabels funksioneer. Dit is duidelik dat die bevoegdhede van hierdie boodskappers vandag uiters beperk is vergeleke by wat dit vroeër was.

Ondanks die afname in die bevoegdheid van die kapteinshof om sy beslissings te laat afdwing bly dit steeds 'n bevel van die kaptein en moet dit gehoorsaam word. Die ondervinding van die onmiddellike verlede het bewys dat stamlede die beslissings van die hof so getrou nakom dat die kapteinshof nie nodig het om hom op die steun van die Bantoesakekommissarisshof te beroep om beslissings van sy hof te laat afdwing nie. Die bepalings van G.K.2885 van 1951 waardeur 'n uitspraakskuldeiser na die hof van die Bantoesakekommissaris

verwys word wanneer die uitspraakskuldenaar nie wil betaal nie of beslaglegging slegs met 'n vredesbreuk verkry kan word, is dus by die Changana bykans 'n dooie letter.

(v) Appèl en verslag

Enige van die partye wat betrokke is by 'n geding waarin die hof, hetsy 'n nie-openbare hetsy 'n openbare hof, uitspraak gegee het, kan teen die uitspraak appèl aanteken. Appèl geskied dan ook van laer na hoër howe ooreenkomstig die bevoegdheid van die verskillende howe. Aangesien die bevoegdheid van die howe varieer ooreenkomstig hulle belangrikheid sal 'n aangeleentheid wat nie in die kraalhof bereg kon word nie, verder gevoer word na die hof van die groter gesinne-eenheid en in geval van linieverwante na die liniehof. Die wykshof as laagste openbare hof vorm weer 'n hof van appèl in sake wat in die hof van die groter gesinne-eenheid of die liniehof nie tot tevredenheid van een of albei partye bereg is nie. In die laaste instansie het 'n persoon wat nie tevrede is met die uitspraak van die hof van die ndhuna nie, die bevoegdheid om kennis te gee en hom op die kapteinshof te beroep. In die verlede was hierdie hof die hoogste hof van die stam en gevvolglik ook 'n hof van laaste instansie waarheen 'n persoon kon appelleer. Die uitspraak van die hof was dus finaal en bindend.

In die huidige tyd het litigante ook die reg om na die betrokke Bantoe-sake-kommissarishof te appelleer indien hulle hul nie aan die uitspraak of vonnis van die kapteinshof wil onderwerp nie. Hoewel daar soms van hierdie reg gebruik gemaak word, geskied dit nie sonder nadelige gevolge vir 'n appellant nie. Sodanige persoon onttrek hom as't ware aan die jurisdiksie van die kapteinshof en geen saak wat hy daarna by die kapteinshof aanhangig maak, sal ontvang word alvorens hy nie 'n addisionele geskenk, 'n soort versoeningsoffer, tesame met die normale xipfula-bandla aan die ontvanger van sake lewer nie. Volgens informante het 'n sodanige appellant hom 'n tyd gelde blootgestel aan die vyandige werking van die openbare mening en moes hy as verstoteling 'n ander heenkome gaan vind. 'n Besondere kaptein het byvoorbeeld per geleentheid die bewoningsregte in die stamgebied van iemand wat so

van sy hof na die Bantoesakekommissarishof geappelleer het, opgesê met die opdrag om na sy prokureur te gaan en daar om 'n heenkome te vra. Met hierdie tegniek bewaar die Changana die vermoë van die kapteinshof om sy beslissings af te dwing.

Ingevolge die bepalings van G.K.2885 van 1951 is 'n kaptein vandag ook verplig om die beslissings van sy hof binne 30 dae met opgaaf van redes vir die uitspraak by die Bantoesakekommissaris te registreer. Sodanige registrasie vind vandag wel plaas maar dit is die indruk dat nie alle uitsprake so geregistreer word nie. Daar word ook beslis geen verdere verslag gedoen oor rapporte wat oor besliste sake van die verskillende tindhuna ontvang word nie.

Om te appelleer beteken vir die Changana hundzela mahlweni dit wil sê om die oë verder te rig of om verby te gaan. 'n Ontevredene kan dus hundzela mahlweni wanneer hy reken dat daar in 'n betrokke hof nie aan hom reg geskied het nie. Nadat die voorsittende beampete van die hof uitspraak gelewer het, kan 'n ontvredene dadelik te kenne gee dat hy in hoër beroep wil gaan. Dit is natuurlik ook moontlik om eers na verloop van 'n paar weke kennis van appèl te gee met die voorbehoud dat die uitspraakskuldenaar nie reeds 'n gedeelte of die volle bedrag aan skadevergoeding gelewer het nie. Indien wel, kan geen appèl aangeteken word nie en moet 'n nuwe saak geopen word. Wanneer die uitspraakskuldenaar wel appèl aangeteken het maar later van besluit verander, staan dit hom vry om aan die bevel van die hof gehoor te gee waarna daar geen appèlsaak meer volg nie. Sou die appèlsaak egter reeds by 'n hoër hof aangemeld wees en die xipfulabandla van die laer hof oorgedra is na die hoër hof, moet die persoon wat aanvanklik geappelleer het tesame met die voorsittende beampete van die laer hof die wending wat ingetree het, gaan verduidelik aan die amptenaar wat die appèlsaak ontvang het en reëlings tref vir die teruggawe van die hofgelde wat reeds gelewer is. Daarna word die saak van die "rol" geskrap.

Appèl vanaf 'n nie-openbare hof na 'n openbare hof vereis deeglike oorweging en bespreking. Indien dit 'n suiwer familiesaak is wat die litigante graag lieweers binne die

familie wil afhandel, sal dit eers na die familievergadering geneem en aldaar bespreek word. Die rede hiervoor is dat die Changana sover as moontlik daarna streef om familiesake binne die familieverband af te handel. Daarom lui die Changanaspreekwoord dan ook: "Ansila va hlampswela makoti - hulle was die vuilheid agter die hut, bedoelende: Milandzu ya le kaya a mi vekiwi amahlweni ka vanvana vanhu - familiesake word nie voor vreemdelinge afgehandel nie." Indien die familievergadering egter nie daarin slaag om 'n versoening tussen die litigante te bewerkstellig nie, gaan die probleem, nou nie meer bekend as 'n mhaka (aangeleentheid) nie maar wel as 'n icala (saak), op appèl na die wykshof as laagste openbare hof van die stam. Alhier word die saak de novo verhoor nadat die appèllant vir die eerste keer sedert die ontstaan van die geskil die nodige xipfula-bandla gelewer het. Die voorsitter van die nie-openbare hof moet die appèllant vergesel en mondeling verslag lewer van wat in sy hof plaasgevind het en wat sy bevinding en uitspraak was. Andersins word daar geen verslag aan die openbare hawe gelewer van sake wat in die onderskeie nie-openbare hawe afgehandel is nie.

Dit is egter die plig van die ndhuna om verslag te lewer oor alle behandelde sake. In sake wat in sy hof verhoor en afgehandel is, lewer hy verslag wanneer die xipfula-bandla sowel as die umbongo wat in sy hof ontvang is aan die kaptein oorhandig word. Uit die aard van die saak geskied hierdie verslag mondeling. Soos vermeld is, ontvang die wykshof xipfula-bandla in alle sake wat by sy hof aanhangig gemaak word, selfs in daardie sake wat bo die jurisdiksie van die wykshof is. Daarom moet die ndhuna hierin ook die klaer vergesel en verslag lewer van die vooronderzoek wat in sy hof gehou is en die xipfula-bandla wat aan sy hof gelewer is by die aanmelding van die saak, aan die ontvanger van sake by die kapteinshof oorhandig. Net so moet die ndhuna ook in 'n appèlsaak vanaf 'n nie-openbare hof verslag gee van wat in sy hof plaasgevind het en wat sy uitspraak was. Hierdie verslagprosedure word nie net by die aanmelding van 'n appèlsaak by die kapteinshof gevvolg nie maar nadat die klaer en

verweerde hul saak aan die kapteinshof gestel het en voor dat die saak vir besprkking deur die hof oopgestel word, moet die ndhuna weer in die openbaar verslag doen van wat in sy hof gebeur het. Aangesien die kapteinshof gewoonlik die umbongo wat deur die wykshof bepaal is, kan verhoog en kan verdubbel, indien hy die uitspraak van die wykshof in stand hou, bespreek 'n persoon gewoonlik eers die uitspraak van die wykshof sowel as sy moontlike kans op sukses in die kapteinshof as hy sou appèlleer met sy verwante, gewoonlik die linieraad, alvorens hy appèlleer. In die verlede kon die ndhuna ya macala en vandag die stamsekretaris 'n appéllant reeds vroegtydig waarsku indien hy geen hoop op sukses sou hê nie - die voorreg om te appèlleer word hom egter nooit geweier nie. Sou die klaer in die wykshof as ontevredene appelleer, hoef hy nie weer xipfula-bandla aan die kapteinshof te lewer nie maar as die verweerde in die wykshof sou appelleer moet daar weer xipfula-bandla gelewer word. Net soos in die gevai van 'n appëlsaak in die wykshof, verhoor die kapteinshof sodanige saak ook de novo. Vanweë die afwesigheid van skriftelike hofverslae is dit dus 'n herverhoor.

(vi) Onvolwaardige regspersone

'n Belangrike kenmerk van die Changanareg is die feit dat vroue en kinders geen volledige status in die reg het nie. Vroue sowel as kinders kan nie ten volle aanspreeklik gehou word vir hulle dade nie. Hulle besit ook nie die vermoe tot selfstandige regshandeling nie en kan dus nie tot gedingvoering oorgaan nie. Tereg lui die Changanaspreekwoord dan ook: "vavasati a va na bandla - vroue het geen hof nie." Geen vrou of kind word in die bandla toegelaat nie tensy hulle direk by die saak betrokke is en selfs dan word hulle deur die eggenoot of die vader bygestaan want die Changana glo dat: Rito ra wansati a ri na risima lerikulu. Timhakeni, ri nga ka ri nga koti ra wanuna - die woorde van 'n vrou is van geen waarde; in hofsake dra dit nie dieselfde gewig as die van mans nie. Wanneer 'n vrou wel getuienis in die hof moet lewer, is haar teenwoordigheid slegs toelaatbaar vir die duur van die getuienislewering. Nadat sy onder kruisverhoor geneem is, moet sy die hof verlaat en agter die rug van die aanwesiges

stelling inneem. Terwyl sy getuig kom sy nie soos die mans op haar knieë nie maar sproek die hof aan in 'n sittende posisie. Onder geen omstandighede mag sy egter aan die besprekings deelneem nie. Indien 'n vrou 'n party in 'n geding is en die hof haar as die blaamwaardige bevind, is die uitspraak van skadevergoeding nie op haar van toepassing nie maar wel op die man wat haar verteenwoordig van toepassing. Dieselfde reël geld ook vir kinders. Waar die hof egter lyfstraf ople, moet die vrou of kind dit self ondergaan.

3. Nie-openbare howe

(a) Die kraalhof

(i) Algemeen

Die Changana het 'n gesegde wat lui: "tihomu exivaleni to gumulana -- beeste in een kraal stoot mekaar." Wanneer hierdie gesegde van toepassing gemaak word op die kraalgroep as sosiale eenheid sê hulle: vanhu va ndzhawu yinwe va nga ka va na nga tshiki ku ntlokolana = tussen mense wat saamwoon is daar altyd rusie, onenigheid of 'n geskil. Hierdie onderlinge aangeleenthede (rusies, twis, of geskille) staan by die Changana bekend as mhaka (mv. timhaka) en hoef nie altyd deur 'n formele hofsitting bereg te word nie. Net soos die kaptein nie deur allerlei onbenullighede gesteur moet word nie, trag die kraalgroep steeds om 'n onderlinge geskil in der minne te skik alvorens die saak by die kraalhof aanhangig gemaak word. Vele beraadslagings, selfs met die kraalhof self, wanneer die aangeleentheid reeds sover gevorder het, vind plaas voordat 'n formele hofsitting belê sal word om die saak te bereg.

Soos vermeld is, word die kraal van 'n poliginis in verskillende maguma - eenhede, waaraan elk 'n seniorvrou verbonde is, verdeel. Sou daar byvoorbeeld onenigheid tussen die vroue van dieselfde guma ontstaan, sal die seniorvrou van die betrokke guma eers probeer om vrede onderling te bewerkstellig. Indien sy nie daarin slaag nie, sal die hoofvrou (nkosikazi) van die kraalhof ontbied word en sonder om 'n hof te hou die klag aanhoor en 'n skikking probeer bewerk-

stellig. Indien haar poging ook onsuksesvol is, sal die nkosikazi die aangeleentheid by die kraalhoof (nkulukumba wa muti) aanhangig maak. Hy sal dan tesame met sy nkosikazi en sy moeder, indien sy reeds in sy kraal woonagtig is, na die betrokke guma gaan om die aangeleentheid te bespreek - vavulavula timhaka ta guma. Op hierdie wyse sal die nkulu-kumba wa muti eers probeer om 'n versoenings tussen die betrokke partye te bewerkstellig. Indien hy nie slaag nie, sal hy die saak formeel voor sy hof laat bring.

'n Pasgetroude seun van die kraalhoof wat nog binne die kraal van sy vader woonagtig is en gewoonlik verbonde is aan die guma van sy moeder, kan ook sy eie gesag handhaaf ten opsigte van sy minderes in die betrokke guma, egter met uitsondering van die vroue van sy vader. Hy is bekend as mukhulwana wa guma en is selfs bevoeg om op versoek van die moeder 'n eie stout seun of 'n jonger broer te tugtig, of om 'n versoenings tussen twee partye te bewerkstellig. Indien hy nie slaag nie, kan hy die hulp van die oudste seun van die nkosikazi dit wil sê die hosana, ook genoem die mudyandzhaka (erfopvolger) van die kraalhoof, ontbied. Informante benadruk egter die feit dat getroude seuns geen hof kan hou binne die kraal van hul vader nie en op geen wyse hul senioriteit mag misbruik nie. Sou hierdie gesamentlike poging van die getroude seuns ook nie slaag nie word die saak by die kraalhoof aangemeld.

Persoonlike geskille tussen die kraalhoof en een van sy vroue word sover moontlik deur die kraalhoof alleen hanter alvorens hy die saak formeel voor sy hof laat bring want, sê die Changana: "mphikisano wa nuna ni nsati i wa yona vox - geskille tussen man en vrou is hul persoonlike saak."

Bogenoemde prosedure word alleenlik gevolg in minder ernstige sake. Oortredings soos diefstal, overspel, rusies waarin die een die ander te lyf gaan, ensovoorts, word direk by die kraalhoof aangemeld en indien hy oor die bevogdheid beskik, in die kraalhof bereg. Indien die saak vir hom "te swaar" is, moet die kraalhoof dit na die volgende hoërs instansie verwys.

(ii) Benaming en vergaderplek

Die hof van die kraalhoof is die nederigste hof binne die judisiële organisasie van die stam. Die eerste persoon wat regterlike status het, is dus die kraalhoof. Sy gesag berus op verwantskap en op sy eie posisie as hoof van die kraal (nkulukumba wa muti). Die benaming van die hof van die kraalhoof is nie in ooreenstemming met die van die openbare howe nie. Informante is dit eens dat hierdie hof nie as bandla ra muti bekend staan nie aangesien dit nie 'n openbare hof is nie. Dic algemene benaming vir hierdie hof duï veel eerder op 'n formele bespreking van kraalaangeleenthede en familiegeskille waarin ook vroue betrokke is, dan die formele verhoor in openbare howe waarin die aandeel van die vrou van weinig belang is. Ooreenkomsdig die funksie van die huvo (hubo) as algemene vergaderplek vir die inwoners van die kraal, waar mans, vroue sowel as kinders kan vergader, duï sommige informante die hof van die kraalhoof, waar dit ookal mag vergader, aan as huvo ya muti. Ander weer beskou hierdie benaming as in stryd met die benaming van die openbare howe van die Tsonga te wete huvo ya hosi/ndhuna. Volgens die meeste informante is die korrekte Changanabenaming vir die hof van die kraalhoof: timhaka ta bandla ra muti. Hulle omskryf dus die term bandla om dit te onderskei van die naam vir openbare howe. Die begrip bandla duï hier veel eerder op 'n beraad of 'n vergadering van verwante dan op 'n openbare hofsitting. Vanweë die vertroulikheid van familiesake kan 'n mens ook die volgende benaminge vir hierdie hof onderskei: nkhulumo ya le ndlwini - die bespreking van huis (privaat) sake en by meer Tsonga-georiënteerde informante: xihundla xa muti. Die begrip xihundla duï hier op 'n geheime plek dit wil sê 'n hut waar familiesake bespreek word. Cuenod (1967: 233) vertaal die woord dan ook as: "secret place, where private affairs are discussed, hence secret." Die woord hou vermoedelik verband met die Zulubenaming vir 'n hof te wete inkundla met die verskil dat die Changana nie die term aawend om 'n openbare hof te beskryf nie.

Uit die aard van die saak is die setel van hierdie hof by die kraal van die kraalhoof en in die meeste gevalle

binne die kraal geleë. Daar is egter geen bepaalde plek waar die hof vergader nie. Daarom beweer informante soms dat die kraalhoof geen hof het nie bedoelende dat hy geen voorgeskrewe plek het waar hy sake bereg nie. Gewoonlik vergader hierdie "hof" in die hut van die hoofvrou of ook soms in 'n ander hut wat vir die doel aangewese is. Aangesien die sake wat behandel word gewoonlik vertroulik van aard is, verkies die kraalhoof om in die afgesonderdheid van 'n hut te vergader. Sommige kraalhoofde volg selfs die beeld om sy hof te hou in die hut van die vrou waar hy die vorige nag oornag het of in die hut van die verweerde, indien dit 'n vrou is. Andersins kan die hof ook vergader in die hut van die seniorvrou van die guma waarin die verweerde woonagtig is. Die hof van die kraalhoof vergader nooit langs die beeskraal of in die huvo of die bandla van die kraal nie. Hierdie afgesonderde vergaderplekke (huvo en bandla) word slegs gebruik vir algemene samesprekings terwyl die bandla spesifiek as vergaderplek van die mans gebruik word, uitgesonderd vir die hou van 'n hofsitting. Wanneer 'n lid van die kraal egter oortree op die terrein van 'n ander kraalhoof en die klaer die saak aanhangig kom maak, vergader die mans wel binne die bandla en sonder om 'n hof te hou, kan die oortreder sy aanspreeklikheid erken en die hoeveelheid skadevergoeding bepaal word. Sou die eiser/klaer nie daarmee genoeg neem nie, kan die saak nie aldaar bereg word nie. Die saak moet dan formeel voor die kraalhof van die verweerde gelê word met die verskil dat die verwante van die klaer/eiser nou ook teenwoordig is. Aangesien dit nou nie meer 'n suiwer familie-aangewenheid is nie, vergader die hof nie binne die kraal nie maar daarbuite, gewoonlik onder 'n boom net buite die kraal.

### (iii) Samestelling

Die kraalhof het geen formelde samestelling nie en varieer gewoonlik ooreenkomsdig die aard van die saak en die partye wat daarin betrokke is. Die kraalhoof, al is hy 'n jonger broer, is in alle gevalle die voorsittende regterlike beampete. Hy alleen is bevoeg om 'n hofsitting te belê en besondere lede na eie goeddunke te gelas om die verhoor as

"assesore" by te woon. Volgens informante is die kraalhoof vandag verplig om hierdie prosedure te volg. In die verlede is die kraalhof saamgestel uit al die volwasse mans binne die kraal. Die hof het dan gewoonlik bestaan uit die kraalhoof wat die voorsittende beampete was saam met sy broers wat saam met hom bly asook sy volwasse seuns en die seuns van sy broers.

In die huidige tyd waar die kraal hoofsaaklik bewoon word deur 'n kleiner gesinne-eenheid is die kraalhoof verplig om weens die afwesigheid van volwasse mans in sy kraal sy verwante, gewoonlik sy vader, sy vadersbroers en sy eie broers wat naby woon, te ontbied om as "assessore" sy hof by te woon. Indien sy eie seuns reeds volwassenheid bereik het, dit wil sê getroud is, sal die kraalhoof hulle ook gelas om die hofsitting by te woon behalwe daardie seuns wie se eie moeder een van die partye in 'n geding is.

Op hierdie wyse verskil die samestelling van die kraalhof in wese nie veel van die van die hof van die groter gesinne-eenheid nie. Die belangrikste verskil lê daarin dat die kraalhoof in die eerste instansie altyd die voorsittende beampete is, al is die liniehoof of die hoof van die groter gesinne-eenheid in sy hof teenwoordig. Tweedens kan die kraalhof uit 'n veel kleiner groep van verwante saamgestel word aangesien die kraalhoof nie verplig is om alle manlike verwante in die vaderlike lyn wat lede van dieselfde groter gesinne-eenheid is, na sy hof te ontbied nie. Hy is slegs verplig om sy eie vader, indien hy nog lewe, na elke hofsitting uit te nooi. Ten einde 'n regverdigte beslissing te verkry, sal die hof van die kraalhoof egter nooit uit minder as drie of vier lede saamgestel word nie. Die Changana sê dan ook: "A mhaka yi vupfa hi vhanu vararu kumbe vabiri - 'n saak word eers na behore bereg wanneer twee of drie persone dit hanteer."

Aangesien die kraalhoof ook bevoeg is om geringe inter-kraalaangeleenthede te bereg waarin een van sy kraallede die verweerde is, word die samestelling van die kraalhof vir die besondere aangleentheid so gewysig dat die verwante van die klaer ook teenwoordig is. Indien die saak volgens

hul opinie nie na bchore bereg is nie en die klaer en verweerde nie aan dieselfde groter gesinne-eenheid of linie behoort nie, het hul egter die bevoegdheid om die saak direk by die wykshof aanhangig te maak.

(iv) Bevoegdheid en Prosedure

Die hof van die kraalhoof verhoor in die eerste instansie sake wat tussen lede van die kraal mag ontstaan. Die hof het egter ook die bevoegdheid om 'n saak waarin 'n kraallid die verweerde is, te verhoor. Hoewel die samestelling van die hof in sodanige saak ook die verwante van die klaer/eiser insluit en die hof in hierdie geval buite die kraal vergader, staan dit nogtans bekend as die hof van die kraalhoof. Die kraalhoof van die verweerde is altyd die voorsittende beampete. Die verwante van die klaer kan egter aan sowel die be raadslaging as die beslissing van die hof deel hê.

Dic hof het alleen siviele jurisdiksie en is dus bevoeg om te beveel dat skadevergoeding (umchachazelo) gelewer word. Aangesien die openbare howe geen siviele saak sal hanteer alvorens dit nie eers voor die onderskeie nie-openbare howe gedien het nie, word alle siviele sake aanvanklik by die hof van die kraalhoof aangemeld. Die Changanaspreekwoord: "U nga ngheni mhakeni leyi u nga tiviki masungulo ya yona - moonie 'n saak hanteer indien jy nie sy oorsprong ken nie" is dan ook die beginsel wat in alle openbare howe toepas word. Daarom moet 'n eiser wanneer sy saak by 'n openbare hof aangemeld word, vergesel wees van die kraalhoof vanwaar die saak afkomstig is om sodoende verslag te lewer van wat in sy hof gebeur het.

Aangesien die kraalhoof alleen oor geringe regterlike bevoegdheid beskik, is die aard van die sake wat deur sy hof verhoor word gewoonlik beperk tot die bylegging van twiste wat voortvloei uit beskinderig, wanbetaling van skulde, ongehoorsaamheid teen die ouerlike gesag, rusverstoring, die misdraging van een persoon teen die vrou van 'n ander, ensovoorts. Sake van ernstige aanranding, moord, diefstal, ensovoorts, kan nie deur sy hof verhoor word nie maar moet via die kraalhoof direk by die wykshof aangemeld word. Waar die

kraalhof self in 'n geding betrokke is, gaan die dispoot direk na die hof van die groter gesinne-eenheid of na die liniehof, na gelang van die aard van die saak. (Vergelyk later.)

Soos vermeld is, is die kraalhof bevoeg om skadevergoeding te bepaal. Volgens informante word daar eienaardig genoeg, geen beperking op die omvang van die skadevergoeding wat toegeken kan word, geplaas nie. Dit kom dus daarop neer dat indien die partye in 'n geding met die uitspraak van die hof genoeg neem, die saak afgehandel is. Hieruit blyk dit duidelik dat nie alle siviele sake noodwendig as "te groot" vir die kraalhof gereken word nie. Aangesien alle sake by die kraalhof self aangemeld word en hy dan ook oor die agtergrond van die saak ingelig word en in die meeste gevalle reeds daarvan bewus is, kan hy volgens eie diskresie besluit of die saak vir sy hof "te groot" is al dan nie. Hierdie besluit gaan nie soseer om die jurisdiksie van die kraalhof nie, maar wel of die kraalhof bevoeg is om 'n saak wat binne sy regsvvoegdheid ressorteer, te bereg al dan nie. Aangesien die skadevergoeding wat die kraalhof toestaan gewoonlik in oorleg met die stamreg is en die partye in 'n geding steeds oor die bevoegdheid beskik om na 'n hoër instansie te appelleer, indien die saak na hul mening nie na behore bereg is nie, gebeur dit dan ook dat die kraalhof soms ernstige sake hanteer. Indien die uitspraak albei partye geval, is die saak afgehandel, indien nie, is hul bevoeg om in hoër geroep te gaan. Die kraalhof moet egter van alle moeilike sake wat in sy hof afgehandel is sowel as daardie sake wat nie in sy hof afgehandel kon word nie, verslag lewer aan die hoof van die groter gesinne-eenheid of aan die liniehof. Andersyds is daar geen verslag nodig nie.

Afgesien van die bevoegdheid om skadevergoeding te laat betaal het die hof ook die bevoegdheid om te berispe, te bestraf, 'n bevel tot skuldvereffening te gee en om, in die geval van kinders, lyfstraf op te lê. Geen hofgelde is vir die verhoor van sake in hierdie hof betaalbaar nie maar die hof kan 'n uitspraakskuldenaar gelas om 'n vorm van boete wat ook bekend is as umchachazelo, aan die hof te lewer.

Hierdie "boete" is nooit meer as 'n bok nie en moet gewoonlik gelewer word wanneer die hof skadevergoeding van een of meer beeste aan die eiser toeken. Die bok word dan geslag en deur almal saam geëet, die uitspraakskuldenaar inkluis. Hoe-wel die levering van hierdie dier deur informante as 'n boete beskou word, is hul nie bereid om dit 'n nhlawulo (boete) te noem nie. Dit is slegs umchachazelo, wat in hierdie geval nie as suiwer skadevergoeding gereken word nie maar veel eerder as 'n vorm van kompensasie vir die onreg wat die kraal aangedoen is. Dit is 'n soort versoeningsoffer, nie net tussen die strydende partye nie, maar ook om 'n versenoing tussen die blaamwaardige en die kraalgroep te bewerkstellig. In sake van minder ernstige omvang kan die kraalhof ook 'n versenoing tussen die partye bewerkstellig deur die uitspraakskuldenaar te gelas om 'n hoender te lever wat deur die litigante saam geëet moet word ten einde die vrede te herstel. Hierdie reëling is veral van toepassing op vroue wat gedurig in onenigheid verkeer.

Ten slotte moet 'n mens daarop wys dat dit tydens die ondersoek duidelik geblyk het dat 'n wykshoof en selfs 'n liniehoof in sy hoedanigheid as kraalhoof soms geneig is om vanweë sy hoë status en bevoegdheid as gesagvoerder van 'n hoër orde, sake in sy kraalhof te bereg wat eintlik buite die gesagsbevoegdheid van 'n gewone kraalhoof ressorteer. Eienaardig genoeg word daar veel minder vanuit hierdie howe gevappelleer as vanaf die hof van 'n gewone kraalhoof.

(b) Die Hof van die Groter Gesinne-eenheid

Die hof van die groter gesinne-eenheid is hoër in rang as die van die kraalhoof en kan in sekere sake 'n hof van appèl vorm terwyl sommige sake direk by hierdie hof aangemeld word. Soos vroeër vermeld is, is die groter gesinne-eenheid saamgestel uit 'n verskeidenheid krale (miti) wat in mekaar se nabijheid geleë is. So 'n groep miti word gewoonlik bewoon deur 'n groep mense wat in die vaderlike linie verwant is en van dieselfde vader of grootvader afstan, dit wil sê hulle hoort aan dieselfde patrilinie (usende) en staan onder die gesag van die mees senior lewende manlike persoon. Hy is bekend as nkulukumba wa miti en word ook nkulukumba wa ndyangu

genoem. Die gesag van die nkulukumba wa miti is egter nie net beperk tot die lede van die bepaalde afkomslyn nie maar is ook uitgebrei tot alle vroue wat daar ingetrou is. Hy voer dus gesag oor lede van 'n bepaalde afkomslyn wat tesame met hul onderskeie vroue en kinders 'n besondere gebied bewoon. Die hof van die nkulukumba wa miti staan dus in verband met 'n besondere territoriale eenheid en het alleenregsbevoegdheid oor sake wat tussen die lede van die eenheid ontstaan of sake waarin 'n lid van die groter gesinne-eenheid die verweerde is.

Die hof van die eenheid word net soos die van die kraalhoof omskryf en staan daarom bekend as timhaka ta bandla ra miti ya ka . . . dit wil sê die hof van sake rakende die krale van . . . . Die nkulukumba wa miti is die voorsitende regterlike beampie en sy hof word saamgestel uit die kraalhoofde binne die eenheid. Geen vreemdeling word by die hofsitting toegelaat nie want familiesake is geheim en word nie voor vreemdelinge uitgepluis nie. Die vergaderplek van hierdie hof is by die kraal van die voorsitter. Afhangende van die aard van die saak vergader die hof binne die hut van sy hoofvrouw of onder 'n boom binne die kraal.

Die hof hanteer enersyds sake wat nie in die kraalhof bereg kon word nie en andersyds alle sake van ernstige onenigheid tussen man en vrou. Daarom meld 'n vrou 'n klagte teen haar man aan by haar man se vader wat gewoonlik ook die nkulukumba wa miti is. Aangesien die man sowel as die vrou onder die gesag van die nkulukumba wa miti staan, volg 'n man dieselfde procedure in 'n klag teen sy vrou. Nadat die nkulukumba wa miti die saak ontvang het, word 'n verhoordatum bepaal vir behandeling van die saak in sy hof. Indien die vrou haar nie aan die uitspraak van die hof wil onderwerp nie, of haar by herhaling aan dieselfde oortreding skuldig maak, word haar familie, gewoonlik haar vader en die senior lede van sy afkomsgroep genooi na die woonplek van die man om die hofsitting van sy nkulukumba wa miti by te woon. Alhier kan die familie van die vrou aan die bespreking sowel as die beslissing van die hof deelneem. Wanneer 'n man die uitspraak van die nkulukumba wa miti verwerp, word hy gewoonlik verklae

by die liniehof waarvan die hoof in baie gevalle ook die hoof van die groter gesinne-eenheid kan wees. Sonder om 'n hof te hou kan die linieraad die man ontbied en hom gelas om hom aan die uitspraak te onderwerp of indien hul na deeglike beraadslaging bevind dat die nkulukumba wa miti die saak nie na behore bereg het nie, te vra vir 'n herverhoor van die saak in die hof van die nkulukumba wa miti. 'n Mens moet hier steeds in gedagte hou dat die lede van hierdie laasgenoemde hof ook die senior lede van die linie uitmaak met die verskil dat die linieraad wat ook die liniehof vorm as sodanig alleen regsbevoegdheid het oor sake wat tussen linieverwante ontstaan. Aangesien getroude vroue nie aan dieselfde linie as hul mans behoort nie kan die liniehof nie 'n saak tussen man en vrou verhoor nie. Inmenging van die kant van die linieraad in 'n sodanige saak is dus hoofsaaklik gebaseer op die beskerming van die goeie naam van die afkomslyn en om die saak sover moontlik binne die familieverband te laat beredder.

Net soos by die kraalhof word daar geen hofgelde of 'n openingsfooi vir die behandeling van sake voor die hof van die groter gesinne-eenheid gelewer nie. Verder het die hof ook die bevoegdheid om te berispe, te bestraf, skadevergoeding te laat betaal, 'n bevel tot skuldvorefening te gee en om in die geval van kinders lyfstraf op te lê. Hierdie hof kan ook soos die kraalhof 'n skuldige gelas om 'n versoeningsoffer aan die hof, of in kleiner sake, aan die uitspraakskuldeiser te lever, ten einde die eenheid van die smet van die saak te reinig of om die goeie verhouding tussen die litigante te herstel. Indien die hof 'n uitspraak van die kraalhoof in 'n appëlsaak handhaaf, is hierdie "boete" nie hoër as die van die kraalhoof nie.

'n Ontevredene kan in hoër beroep gaan indien hy reken dat daar nie aan hom reg geskied het nie. Sou die litigante aan dieselfde linie behoort, gaan die saak na die liniehof, indien nie, word die saak openbaar gemaak en gaan dit op appèl na die wykshof. In albei gevalle moet die nkulukumba wa miti verslag lewer van wat in sy hof plaasgevind het en wat sy bevinding en uitspraak was.

Wanneer die nkulukumba wa miti self by die saak betrok-

ke is, kan die senior lede van die eenheid besluit wie as voorsitter sal optree. Gewoonlik is dit sy jonger broer. Informante is eens dat sy seun hoewel hy na sy vader, die mees senior persoon in die afkomslyn is, nooit as voorstitter sal optree in 'n saak waarin sy vader betrokke is nie. Indien hy egter volwassenheid bereik het dit wil sê getroud is, sal hy as volgende senior persoon in die afwesigheid van sy vader as voorsittende beampete optree in sake tussen ander lede van die groter gesinne-eenheid.

(c) Die Liniehof

Oor die bestaan en funksionering van 'n hof van die liniehoof is informante dit nie eens nie. Daar bestaan trouens geen eenvormigheid by al die Changana oor die bestaan en funksionering van hierdie hof nie. Daar is eerstens diegene wat beweer dat 'n linie wel oor 'n raad beskik wat 'n ongehoorsame kan berispe en vermaan maar dat hierdie raad geen hof kan hou nie. Vanweë die funksionering van 'n hof van die groter gesinne-eenheid wat in meeste gevalle saamgestel word uit die senior verwante van 'n betrokke linie word 'n liniehof dan ook as oorbodig beskou. Die liniehoof as sodanig beskik dan oor geen regterlike bevogdheid nie behalwe in sy hoedanigheid as hoof van die groter gesinne-eenheid of wanneer hy as nkulukumba geroep kan word om deel te neem in die bereddering van die sake voor die hof van 'n besondere kraalhoof. Hierdie sienswyse word hoofsaaklik deur die Tsongageoriënteerde informante gehuldig.

By Nxumalo-sibbeleda-en lede van verwante sibbes bestaan daar wel 'n liniehof naas die hof van die groter gesinne-eenheid. Hierdie hof is hoër in rang as die van die groter gesinne-eenheid maar vorm slegs in sekere sake 'n hof van appèl.

Die verskil tussen die liniehof en die van die groter gesinne-eenheid lê daarin dat die regsgebied van die liniehof in die eerste instansie nie territoriaal afgebaken is nie en in die tweede instansie alleen familiesake en hier meer spesifiek sake tussen linieverwante hanteer. Persone van ander linies waarby ingetroude vroue ook gereken word,

kan nie in hierdie hof sitting neem nie en geen saak waarby hulle betrokke is, kan in hierdie hof bereg word nie. Hulle behou hul linieverband en vir sover dit linie-aangeleenthede aangaan, val hul binne die regsbevoegdheid van hul eie liniehoof.

Soos reeds in Hoofstuk III aangedui is, staan die linie (usende) onder leiding van die mces senior lewende lid bekend as umnumzana wa usende. Die umnumzana wa usende is dan ook die voorsittende regterlike beampete van die liniehof. Sy posisie en status word deur sy afkoms, dit wil sê deur sy hooggeborenheid bepaal en sy meerdere gesag word op grond daarvan deur die ander linieverwante erken. Soos vermeld is, openbaar sommige linies die neiging om in navolging van die afkomslyn waaraan die kaptein behoort, in die huidige tyd 'n plaasvervanger vir die liniehoof aan te wys. Dit is egter geen algemene reël nie en is slegs by daardie linies aangetref waar die liniehoof vanweë sy werksaamhede in die Blanke gebied vir 'n lang termyn afwesig is of in daardie gevalle waar die liniehoof na hul mening nie bevoeg is om sy verpligtinge na behore te verrig nie. Die plaasvervanger van die liniehoof is bekend as die murhangeli wa usende, dit wil sê die leier van die linie.

Net soos die ander nie-openbare howe staan die liniehof ook nie bekend as die bandla ra usende nie maar sy funksionering word omskryf as timhaka ta bandla ra usende = die sake rakende die linieraad. Hieruit blyk duidelik dat die umnumzana wa usende of sy plaasvervanger nie alleen 'n hof kan hou nie. Hoewel alle volwasse lede van die usende die hofsitting mag bywoon en aan die besprekings kan deelneem, bestaan die linieraad (bandla ra usende) uit verskillende kraalhoofde, gewoonlik die senior verwante van die usende wat in die onmiddellike omgewing van die umnumzana wa usende woonagtig is, as "assesore" van die hof. Aangesien vroue ook lede van 'n usende is, is dit volgens informante teoreties moontlik dat hulle ook die hofverrigtinge mag bywoon. In praktyk gebeur dit, vanweë patrilokale inwoning na die huwelik, egter selde dat die vroueleder van die eenheid die hofverrigtinge bywoon. Wanneer 'n vrouelid egter oortree, kan

sy deur 'n medelid by die liniehoof verkla word en indien sy haar nie aan 'n berisping van die liniehoof steur nie, selfs aangekla en vanweë haar oortreding deur die liniehof verhoor word.

Die verrigtinge van hierdie hof vind altyd in 'n hut in die kraal van die liniehoof plaas ten eindc die privaatheid van die sake wat bespreek word, te verseker - nkhulumo ya le ndlwini. Die hof vergader nooit by die kraal van 'n ander lid nie behalwe wanneer die liniehoof om een of ander rede afwesig is en die verrigtinge deur sy plaasvervanger, gewoonlik die volgende senior persoon, waargeneem word. 'n Mens moet onthou dat wanneer die liniehoof as nkulukumba na die hof van 'n kraalhoof ontbied word om te help met die be-regting van 'n saak, sy teenwoordigheid aldaar nie van hierdie hof 'n liniehof maak nie. Die kraalhoof bly steeds die voor-sittende beampete en sy hof geniet geen verhoogde status nie. Die bewering dat die liniehof van setel kan verander is dus nie by die Changana van toepassing nie.

Die liniehof is 'n hof van eerste instansie vir sake wat deur die kraalhoofde direk na hom deurgestuur word en 'n hof van appèl vir sake wat deur kraalhoofde of die hof van die groter gesinne-eenheid behandel is en nie tot die tevre-denheid van een of albei partye afgehandel is nie. Soos ver-meld is, het die hof die bevoegdheid om alleen geskille wat tussen lede van dieselfde usende ontstaan, te bereg. Sake waarin persone wat nie verwante is nie, of selfs waarin lede van die eenheid met nie-verwante in betrokke is, val buite die jurisdiksie van die hof.

Geen hofgelde is in die geval van hierdie hof betaalbaar nie. Net soos by alle ander nie-openbare howe beskik hierdie hof nie oor die bevoegdheid om strafregtelike sake te verhoor nie. Dic hof het egter die bevoegdheid om siviele sake te verhoor en indien die partye met die beslissing genoeë neem, 'n onbeperkte eis van skadevergoeding toe te staan. Die hof het verder die bevoegdheid om 'n skuldige te bestraf, 'n versoening te bewerkstellig, skulde te laat terugbetaal en om in die geval van kinders, lyfstraf op te lê. Die hof het egter nie die bevoegdheid om 'n boete (nhlawulo) op te lê nie,

maar kan die skuldige gelas om in die vorm van 'n hoender of 'n bok, na gelang van die hoeveelheid skadevergoeding wat toegestaan is, 'n versoeningsoffer te lewer, ten einde 'n versoening tussen die litigante of 'n reiniging van die eenheid te bewerkstellig. Hierdie dier, ook bekend as umchachazelo word dan deur die lede van die hof of deur die litigante saam as versoeningsmaal, verorber. Hiermee is die saak uit die weg geruim en die eer van die groep herstel.

Indien 'n party nie genoeë neem met die uitspraak van die liniehof nie, kan die saak na die hof van die wykshoof geneem word. Omdat 'n saak alhier as 'n openbare aangeleentheid behandel word, beweer sommige informante dat 'n familie-saak sover as moontlik uit die openbare howe weggehoud word. 'n Liniehoof kan byvoorbeeld in sy onvermoë om 'n familiesaak te bereg selfs die wykshoof na sy hof ontbied ten einde rugbaarwording van 'n familie-aangeleentheid te verhoed. Sou die aangeleentheid nie so afgehandel kan word nie, moet die saak op appèl na die openbare wykshof geneem word. Wanneer 'n linie-aangeleentheid wel in hoër beroep gaan, moet die liniehoof 'n verslag aan die wykshoof lewer. Hy moet trouens die appèllant na die wykshof vergesel en tydens die verhoor verslag lewer van die bevinding van sy hof en wat sy uitspraak was.

Ten slotte moet 'n mens daarop wys dat daar in die nie-openbare howe nie afgewyk word van die hofprosedure wat in die openbare howe gevolg word nie. Die enigste verskil lê daarin dat 'n saak by 'n nie-openbare hof altyd by die voorsittende beampete aangemeld word. Die rede hiervoor is dat daar geen amptenare aan die onderskeie nie-openbare howe verbonde is nie. Die sitwyse van die hof, die prosedure tydens die verhoor en die afsluiting van 'n saak is egter in ooreenstemming met die van 'n openbare hof. Die nie-openbare howe beskik egter nie oor die bevoegdheid om 'n uitspraak af te dwing nie.

Al bogenoemde nie-openbare howe funksioneer vandag nog en geen saak wat nie eers vooraf deur hierdie howe behandel is, word in die openbare howe ontvang nie. Hoewel sittings van die nie-openbare howe, vanwët die geheime aard

daarvan, nie bygewoon kon word nie was dit egter moontlik om informante direk na afloop van enkele sodanige sittings te ondervra. Dic weergawe wat op hierdie wyse verkry is, kan gevoglik as korrek aanvaar word.

4. SAMEVATTING

Die inheemse hofstelsel van die Changana hou ten nouste verband met die gesagshierargie wat volgens hul inheemse kultuurpatroon binne die stamgebied aangetref word. Daarom vind 'n mens by die Changana, vanwêe die funksionering van twee soorte politieke konstellasies te wete die polities-administratiewe eenhede sowel as die sosio-politiese eenhede, ook twee soorte howe met inherente judisiële bevoegdheid. Verbonde aan die polities-administratiewe eenhede bestaan daar 'n reeks openbare howe wat hul judisiële bevoegdheid herlei uit die gesag van die kaptein-inrade. Binne die sosio-politiese eenhede bestaan daar nie-openbare howe of familie-howe van verskillende rang wat hul judisiële bevoegdheid herlei uit die reg en plig van die seniores binne die familie- of linieverband om oor die gedrag van hul minderes toesig te hou.

Dic belangrikste openbare hof is dic van die kaptein. Die kaptein is die hoogste gesagsdraer binne die stam en vorm saam met sy hofraad die hoogste hof van die stam. Dic kaptein is die voorsittende beampete van die hof en beskik uit hoofde van sy kapteinskap oor die bevoegdheid om uitsprake volgens die bevinding van die hof te lewer. Hoewel die hof bekend is as die kapteinshof moet mens onthou dat die hof eintlik die stamhof vorm. Dit is dan cok die enigste hof wat oor siviele sowel as strafregtelike jurisdiksie beskik. Die hof het nie alleen jurisdiksie om sake teen enige stamlid binne die stamgebied te verhoor nie, maar handhaaf ook sy jurisdiksie oor daardie onderdane wat buite die stamgebied in aangrensende Blanke gebiede werksaam is en daar in stamwyke saamgroeppe is.

In die huidige tyd is dit korrek dat die kapteinshof se jurisdiksie in siviele sake onaangetas is deur die bepalings van die Bantoe-administrasie Wet van 1938 maar dat die grootste deel van die strafregtelike jurisdiksie deur die

bepalings van die Derde Bylae van die Wet hom ontneem is. Strafsake word vandag dikwels na die Bantoesakekommissaris-hof verwys.

Die hof vergader weekliks binne die bandla, net buite die kraal van die kaptein. Dit is 'n openbare byeenkoms waar nie alleen die lede van die hof nie, maar ook alle aanwesiges stelling innem, ooreenkomsdig 'n geykte patroon. Alle volwasse manlike stamlede mag die hofsittings bywoon en aan die besprekings deelneem. Geen vrou of kind word binne die bandla toegelaat nie, behalwe wanneer hul getuienis moet lewer. Normaalweg neem die hof 'n aanvang om 10 vm. en duur tot ongeveer 4 nm. Onafgehandelde sake staan oor tot die volgende week. Die teenwoordigheid van die kaptein of sy plaasvervanger is noodsaaklik. Hy kan egter nie alleen 'n saak bereg nie. Van sy raadslede word dus verwag om vroeg reeds hul opwagting te maak en hul teenwoordigheid by die kapteinskraal aan te meld. Hoewel hul aanwesigheid nie 'n absolute vereiste is nie, moet verskoning vir afwesigheid gelewer word. In 'n appëlsaak vanaf die wykshof moet die wykshoof of sy verteenwoordiger die hofsitting bywoon.

Die enigste ander openbare hof naas die kapteinshof is die hof van die wykshoof. Dit vorm dan ook die laagste openbare hof van die stam. Elke wykshoof en bygevolg ook die hof wat met sy persoon en sy gebied verbonde is, ontvang sy bevoegdheid om reg te spreek van die kaptein-in-rade deur wie hy aangestel is. Die wykshof staan in verband met 'n besondere territoriale eenheid (wyk). Die hof het slegs jurisdiksie oor die stamlede wat in die betrokke wyk woonagtig is, hoewel daar voorsiening bestaan vir die beregting van geskille tussen gedingvoerende partye wat in verskillende wyke woonagtig is.

As laagste openbare hof is die wykshof 'n hof van appèl in sake wat nie in die nie-openbare howe tot die tevredenheid van een of albei die partye bereg is nie. Die hof het alleen bevoegdheid om siviele sake te verhoor. Dit is egter die plig van die hof om alle strafregtelike sake wat binne sy regsgebied ontstaan het, te ontvang, en waar nodig 'n volledige voorondersoek te hou alvorens die saak na die kapteins-

hof oorgedra word.

Hoewel die bevoegdheid om reg te spreek aan die wykshoof in sy persoon opgedra is, kan hy nie alleen 'n hof hou nie. In die beoefening van die regspraak word hy bygestaan deur persone van aansien wat oor die nodige kennis en status beskik, ten einde 'n saak op sy meriete ooreenkomstig die stamreg te verhoor. Alle volwasse mans is egter welkom om die hofsitting wat weekliks in die openbaar, net buite die kraal van die wykshoof gehou word, by te woon.

Naas die openbare howe funksioneer daar 'n stelsel van nie-openbare howe wat berus op die genealogiese beginsel, waar 'n senior lid of lede van 'n bepaalde sosiale eenheid op grond van hul sosiale senioriteit die reg het om die reg-spraak binne die besondere eenheid te beoefen. Die sosiale eenhede wat die Changana onderskei en waaraan elk 'n hof verbonde is, omvat in stygende orde die kraalgroep, die groter gesinne-eenheid en die linie. Die nederigste van hierdie tipe howe is die van die kraalhoof, wat eers sal probeer om 'n versoeniging tussen die betrokke partye te bewerkstellig alvorens hy 'n hof hou. Die hof verhoor nie alleen sake wat tussen lede van die kraal mag ontstaan nie, maar is ook bevoeg om 'n saak te verhoor waarin een van die kraallede die verweerde is. In 'n laasgenoemde saak vergader die hof egter nie binne die kraal of in 'n hut nie, maar wel buite die kraal, terwyl die samestelling van die hof nou ook gewysig word aangesien die verwante van die klaer ook sitting het en aan die bespreking sowel as die beslissing van die hof mag deelneem. Aangesien die kraal in die huidige tyd deur hoogstens 'n kleiner gesinne-eenheid bewoon word, is die kraalhoof verplig om sy naburige verwante, gewoonlik sy vadersbroers, eie broers sowel as sy volwasse seuns wat oor eie krale beskik, te nooi om as "assessore" van sy hof 'n saak te help verhoor.

Net soos die ander nie-openbare howe het die kraalhof alleen siviellregtelike bevoegdheid en indien die partye daarmee genoeë neem, die bevoegdheid om 'n onbeperkte hoeveelheid skadevergoeding te bepaal. Indien een of albei partye ontevreden is met die uitspraak van die hof kan hy daarvan kennis gee en in hoër beroep gaan, dit wil sê na die hof van die

groter gesinne-eenheid appelleer. Aangesien die kraal vroeër deur 'n groter gesinne-eenheid bewoon is, is die samestelling en bevoegdheid van hierdie hof in wese, identies aan die kraalhof van die verlede.

In die huidige tyd staan die hof van die groter gesinne-eenheid in verband met 'n besondere territoriale eenheid en hier meer spesifiek 'n gebied wat deur 'n groep mense wat in die vaderlike linie verwant is en van dieselfde vader of grootvader afstam, tesame met hul vroue en kinders bewoon word. Dit vorm dus 'n lokale eenheid waarbinne die mees senior manlike persoon tesame met die ander kraalhoofde die gesag voer en insgelyks ook die reg spreek. By sommige afkomslyne binne die stam en ten opsigte van sekere sake is hierdie hof dan ook die hoogste nie-openbare hof. 'n Saak wat hier nie tot die tevredenheid van een of albei partye bereg kan word nie, gaan in hoër beroep na die wykshof en word dus nou openbaar gemaak.

By daardie afkomslinies waar 'n liniehof naas die hof van die groter gesinne-eenheid funksioneer, word 'n saak wat nie in die hof van die groter gesinne-eenheid afgehandel is nie aangemeld by die liniehoof, wat tesame met sy senior manlike verwante 'n hof vorm. Hoewel hierdie hof hoër in rang is as die vorige een, dra dit 'n besondere karakter en wel in die sin dat sy reggebied nie territoriaal afgebaken is nie. Anders as die hof van die groter gesinne-eenheid, hanteer hierdie hof alleen sake tussen verwante in die vaderlike linie met uitsluiting van vroue wat hier ingetrou is.

Ten spyte van die verskil in magte en bevoegdhede wat daar by die openbare en nie-openbare howe bestaan, is dit eerstens duidelik dat daar ~~is~~ durlopend regstelsel vanaf die kraalhof as die nederigste hof in die stam tot by die kaptainshof as hoogste en finale hof van die stam, toegepas word. Tweedens word daar, met uitsondering van die aanmeldingsprocedure, in al die howe 'n eenvormige prosedure ooreenkomstig die stamreg gevolg. By die onderskeie openbare howe word 'n saak by 'n spesifiek daartoe aangestelde amptenaar, tesame met 'n "hoopoemaker" aanhangig gemaak. In teenstelling met die verlede word geen saak in die huidige tyd by 'n openbare

hof ontvang alvorens 'n "hofoopmaker" gelewer word nie. Geen hofgelde word by die nie-openbare howe vereis nie terwyl 'n saak hier direk by die voorsitter van die hof aangemeld word. Geen saak behalwe sommige strafsake word direk by 'n openbare hof aangemeld nie.

Die procedure tydens die verhoor volg basies die selfde proses. Nadat die voorsitter of 'n amptenaar die aard van die saak aan die hof verduidelik het en die klaer sowel as die verweerde hul betoog gelewer het, word indien nodig, getuigenis gelê. Die litigante sowel as die getuies word onder kruisverhoor geneem ten einde groter helderheid te bekomen en die hof tot 'n beslissing te lei.

Anders as in die verlede beskik die hof vandag oor geen bonatuurlike metodes van bewyslevering om by gebrek aan voldoende getuigenis, die volle waarheid te bekomen nie. Aangesien dit die taak van die hof is om 'n regverdige beslissing in die geskil te bereik, kan die hof dit vandag alleen bewerkstellig deur betwiste feite by wyse van herhaalde en intelligente ondervraging van getuies gestaaf te kry.

Naas die taak van die hof om 'n versoening tussen die litigante te bewerkstellig, veral in die onderskeie nie-openbare howe, beskik alle howe oor die bevoegdheid om skadevergoeding te bepaal. Aangesien alleen die kapteinshof oor die bevoegdheid beskik om strafregtelike sake te verhoor, is slegs hierdie hof bevoeg om 'n skuldige 'n boete (nhalawulo) te same met die skadevergoeding wat die hof bepaal, op te lê. In die wyks- sowel as die kapteinshof moet die hof "bedank" word vir die beregting van 'n geskil. Die betaling hiervan word altyd die blaamwaardige ten laste gelê, aangesien dit bygereken word by die hoeveelheid skadevergoeding wat 'n blaamwaardige aan die eiser moet lewer. In plaas van die hof te "bedank" moet 'n blaamwaardige in die onderskeie nie-openbare howe 'n "versoeningsoffer" in die vorm van 'n dier aan die hof lewer, ten einde 'n versocning tussen die litigante of 'n reiniging van die eenheid te bewerkstellig. Hierdie "offer" kom nie die hofhouer ten goede nie, maar word gesamentlik deur die lede van die hof of in geringer sake, deur die litigante verorber.

In teenstelling met die nie-openbare howe, beskik die openbare howe oor verskillende metodes waarvolgens 'n vonnis of 'n uitspraak afgedwing kan word. In die verlede was dit die taak van 'n regiment om in opdrag van die hof hierdie pligte uit te voer. Vandag is daar aan die hof persone verbonde om die taak van beslaglegging uit te voer. In die praktyk word daar egter selde op die uitspraakgoedere beslag gelê.

Elkeen van die bogenoemde howe bestaan in die huidige tyd in die Changana stamgebied en die funksionering van hierdie howe geskied nog steeds in 'n hoë mate ooreenkomsdig die tradisionele patroon. Die oorgroter meerderheid hofsake word nog steeds in die onderskeie nie-openbare howe besleg en die openbare howe ontvang ook geen saak wat nie oers in die nie-openbare howe behandel is nie. Ondanks die regulaêre beperkings waaraan slegs die kapteinshof onderhewig is funksioneer hierdie hof ook in 'n hoë mate soos van ouds en is die kaptein vandag nog in staat om sy hofbeslissings af te dwing. Ooreenkomsdig die tradisionele patroon volg elke saak vandag nog die appèlprosedure vanaf die kraalhof as laagste, tot by die kapteinshof as hoogste hof binne die stam.

## HOOFSTUK VI

### SAMEVATTING

#### A. INLEIDING

In die inleidende hoofstuk van hierdie studie is daar op grond van literatuurstudie aangedui wat die aard en omvang van politieke en judisiële organisasie is, met besondere verwysing na die Suid-Bantoe. Die steekhoudendheid van hierdie basiese veronderstellinge in die geval van die Changana moes daarna te velde getoets word. Dit volg logies dat die navorsing gedoen is en die navorsingsgegewens aangebied is teen die agtergrond van genoemde prinsipiële uitgangspunt. Ten slotte moet daar nou by wyse van 'n samevatting aangedui word wie die Changana is, waar hulle woonagtig is, wat die hoofmomente in hulle politieke en judisiële organisasie is en of dit ooreenstem met die basiese patroon wat by ander Suid-Bantoestamme aangetref word.

#### B. HERKOMS EN WOONGEBIED

Die literatuurstudie en navorsing te velde het duidelik bevestig dat die Changanastam van kaptein Heavyman Mafemana Nxumala wat tans in die Mhaladistrik woonagtig is, nouer skakel met die vlugtelingsstamme uit Natal as met die Tsonga van Mosambiek waarmee hulle dikwels geassosieer word. Die senior sibbe binne die stam is in hoofsaak die direkte afstammelinge van Sochangana Nxumalo wat omstreeks 1821 na 'n botsing met Shaka vanuit Natal noordwaarts gevlug het. In die daaropvolgende jare het Sochangana sy gesag oor die hele gebied tussen die Komati- en Sambezirivier uitgebrei en bestendig. In die proses het hy nie alleen die meeste Tsongastamme tussen die Komati- en Sabierivier nie maar ook daardie Shonastamme wat ten ooste van die Sabierivier buite die invloedsfeer van Umzilikazi woonagtig was, aan sy gesag onderwerp. Die inlywing van sommige Tsongastamme by die volginge van Sochangana het 'n proses van transkulturasie tussen Tsonga en Changana ten gevolg gehad.

Toe Nghunghunyana, die kleinseun van Sochangana in 1895 deur die Portugese owerheid in hegtenis geneem is, het die Gazaryk wat onder Sochangana tot stand gekom het, tot 'n

val gekom. Die grootste gedeelte van die Changanastam wat op hierdie stadium uit die nakomelinge van die Ndwandwevolgelinge van Sochangana, 'n groot aantal ingelyfde Tsonga en 'n verskeidenheid Ngunivlugtelinge bestaan het, het hierna stelselmatig die kerngroep van die stam in hul vlug na die Transvaal gevolg.

Vanaf hulle aankoms in Transvaal in 1897 tot met die aanstelling van Mafemana as kaptein in 1968 het die Changana 'n onnatuurlike bestuurspatroon gehad. In hierdie tydperk is hulle altesaam 49 jaar lank deur regente regeer aangesien Buyisonto, die regmatige opvolger van Ngunghunyana eers so laat as 1922 by die stam aangesluit het en sy seun Mafemana tydens Buyisonto se dood nog nie volwassenheid bereik het nie en as gevolg van besondere redes eers in 1968 deur sy stam as kaptein erken is.

Ten einde 'n duidelike begrip te kan vorm van die aard en omvang van die politieke en judisiële organisasie van die Changana en die veranderinge wat daar in die tradisionele patroon ingetree het, moes die oorsake uit die geskiedenis vir, en die gevolge van bogenoemde onnatuurlike bestuurspatroon bestudeer en beskryf word. Dit was egter nie die enigste faktore wat 'n invloed gehad het op die voortbestaan van die tradisionele politieke en judisiële patroon nie. Die onnatuurlike vestigingswyse van die Changana sedert hul aankoms in Transvaal vanuit Portugees-Oos-Afrika het ook 'n verwarrende en veranderende uitwerking op die tradisionele patroon gehad. In hulle nuwe tuiste waar hulle as vugtelinge en immigrante aangekom het, het hulle hul tradisionele veroweringspolitiek laat vaar en vredesaam met die omliggende Tsongastamme saamgewoon. Oorspronklik het hulle dus oor geen eie grondgebied beskik nie. Hoewel Veldkornet Abel Erasmus na bewering aan hulle toestemming verleen het om hulle op kroongrond en onbewoonde pleise in die Suidelike Laeveld te vestig, het hulle eers in 1936 kragtens Wet 18 van 1936, 'n amptelike stamgebied verkry. Laasgenoemde gebied is ten spyte van etlike toevoegings sedert 1936 vandag nog veel kleiner as wat die oorspronklike woongebied was waarop die stam hulself gevestig het. Dic gevolg is dat enkele

Changanastamwyke tans buite die amptelik erkende stamgebied geleë is en dat die ontstaan en verval van ouer stamwyke die pogings om beheer oor stamlede te behou weerspieël.

Die huidige woongebied bestaan uit vyftien plase waarvan die totale oppervlakte sowat een derde van die Mhaladistrik beslaan. Alle stamgrond is tans nog die eiendom van die S.A.B.T. en word bewoon deur 26 064 inwoners waarvan slegs vyftien persent nie as Changana geklassifiseer kan word nie.

C. POLITIEKE, JUDISIELLE EN ADMINISTRATIEWE EENHEDE BINNE DIE STAM

Die inwoners van die Changanastamgebied (tiko ra hosi) staan onder die gesag van 'n sentrale ordenende politieke gesag naamlik die kaptein-inrade. Uit hoofstuk III is dit duidelik dat die stamgebied hoofsaaklik tot stand gekom het as gevolg van lojaliteit aan die Changana-kapteinshuis. Die stamlede het hulle kaptein na Transvaal gevolg. 'n Mens sou dus byna kan sê dat die politieke eenheid by die Changana in teenstelling tot die normale toestand by state nie 'n besondere grondgebied omvat nie maar wel 'n eenheid volgens onderdaanskap, 'n eenheid van mense vorm. Ondanks die feit dat die res van die Changana se politieke organisasie na aanleiding van die indeling van Fortes en Evans-Pritchard (vergelyk Hoofstuk I (1)) baie duidelik 'n primitiewe staatsvorm aandui, bly die stelling tog waar. Die grensafbakening van die Changana politieke eenheid was in die geskiedenis nooit so duidelik dat dit streng geografies aangedui kon word nie. Die stamgesag het egter altyd gesag gevoer oor onderdane wie se lojaliteit soms met die wapen verseker moes word.

Binne die totale stamgebied bestaan daar vandag verskillende stamwyke (miganga) waарoor 'n hoofman (ndhuna) gesag voer. Hierdie stamwyke, waarvan vyftien binne en een buite die amptelik erkende stamgebied bestaan en wat elk 'n eie naam het, is die kleinste politieke-administratiewe eenhede binne die totale politieke organisasie. Die grense daarvan val vandag saam met die van die plaas waarop elkeen gevestig is. Dit is dus nog steeds 'n geografies-afgebakende eenheid hoewel

die grense nie meer soos in die verlede natuurlike grense is nie.

Die verskillende stamwyke was volgens informante in die verlede in 'n bepaalde hiërargiese orde gerangskik ooreenkomsdig hulle ligging met betrekking tot die gebied waarin die wyk van die kaptein gevvestig was. Sodanige rangorde is vandag van geen betekenis meer nie; slegs die senioriteit van die kapteinswyk is duidelik aanduibaar. In die verlede het nuwe stamwyke op verskillende maniere tot stand gekom. Vandaag kan wyksvorming slegs geskied by wyse van die onderverdeling van 'n reeds bestaande wyk in twee of meer nuwe wyke. Die huidige verhouding tussen bevolkingsgetalle en beskikbare woongebied het egter nog nie onlangs sodanige onderverdeling genoodsaak nie.

Net soos die stamgebied in verskillende polities-administratiewe eenhede (wyke) verdeelbaar is, is ook die stam as sosiale eenheid in verskillende kleiner sosiale eenhede verdeelbaar. Hierdie sosiale eenhede is egter van politieke betekenis en heg geïntegreer in die politieke organisasie van die Changana en word daarom as sosio-politiese eenhede getypeer. Daar is drie verskillende sodanige sosio-politiese eenhede aanduibaar, naamlik kraaleenhede, groter gesinne-eenhede en linie-eenhede. Die linie-eenhede funksioneer anders as die kraal- en groter gesinne-eenheid nie noodwendig binne wyksverband nie hoewel die kern daarvan in die meeste gevalle binne dieselfde wyk woonagtig is. Nie een van hierdie eenhede vorm egter 'n onderafdeling van die wyk as polities-administratiewe eenheid nie, aangesien dit eenhede van afkomsgenote is en die gesagspersonne wat daaroor gesag voer nie hul reg tot gesagsuitoefening vanaf die kaptein as sentrale politieke gesag herlei nie.

Die linie (usende) is 'n patriliniêre, eksogamiese, eponieme eenheid en sluit manlike en vroulike individue in wat hulle verwantskap oor drie na vyf generasies na 'n bekende gemeenskaplike voorvader kan terugvoer.

Omdat die linie 'n eenheid van afkomsgenote is, voer die mees senior manlike persoon daarvan oor die eenheid gesag.

Laasgenoemde word in die meeste gevalle met die term umnumzana wa usende aangedui en word as sodanig in die uitvoering van sy pligte bygestaan deur sy mees senior manlike linieverwante.

Aangesien daar met verloop van tyd 'n samegroepering van verskillende kraaleenhede onder die gesag van een enkele persoon plaasvind, kom nuwe linie-eenhede dikwels onbewus tot stand wanneer die seuns van broers hul krale rondom die van hulle vader oprig en so aan sy gesag onderhorig bly. Linie-eenhede kom dus nie tot stand as gevolg van 'n bewustelike skeppingspoging nie.

Die samegroepering van verwante mans in dieselfde omgewing onder die gesag van die mees senior man gee aanleiding tot die ontstaan van die groter gesinne-eenheid. Die lede van 'n groter gesinne-eenheid is egter nie almal lede van dieselfde afkomslinie nie, aangesien die vroue van hierdie verwante mans aan laasgenoemde se groter gesinne-eenheid behoort maar nog lede bly van hulle eie afkomslinies. Die Changana onderskei ook baie duidelik tussen hierdie twee tipes eenhede en elk van hierdie eenhede moet dan ook as 'n sosio-politiese eenheid in sy eie reg beskou word.

As 'n eenheid van afkomsgenote staan elke groter gesinne-eenheid onder die gesag van die mees senior manlike lid daarvan. Laasgenoemde staan bekend as nkulukumba wa muti en word in die uitvoering van sy pligte bygestaan deur die hoofde van die verskillende krale waaruit die eenheid saamgestel is. Anders as in die verlede bewoon die lede van diezelfde groter gesinne-eenheid vandag nie meer dieselfde kraal nie.

Die verskillende kraaleenhede (muti) waaruit 'n groter gesinne-eenheid saamgestel is, is die kleinste sosio-politiese eenhede binne die stam. 'n Kraaleenheid (muti) bestaan uit 'n kerngesin in gevalle waar monogamie beoefen word en uit 'n kleiner gesinne-eenheid indien poliginie beoefen word. Die gesagvoerder daarbinne is in elke geval die hoof van die gesin (nkulukumba wa muti). Dic kraalhoof het gesagsbevoegdhede oor die lede van sy kraal en word ook via die groter gesinne-

eenheid en die wyk by die politieke gesagsuitoefening betrek. Dit is dus 'n duidelik onderskeibare sosio-politicse eenheid.

Die kraal word sirkelvormig uitgelê met 'n buitenste omheining en 'n beeskraal in die middel. Onmiddellik buite die beeskraal word die verskillende hutte volgens orde van senioriteit opgerig. In die geval van 'n poliginiese kraal-uitleg is die hut van die hoofvrou altyd reg teenoor die ingang van die kraal geleë met die hutte van mindere vroue afwisselend links en regs daarvan.

D. DIE STAMREGERING

Die gesagspersone wat oor die verskillende eenhede binne die Changanastam gesag voer, is van drieërlei aard naamlik 'n sentrale gesag in die vorm van die kaptein-in-rade, verskillende gewestelike polities-administratiewe gesagspersonne in die vorm van wykshoofde en laastens 'n verskeidenheid sosio-polisiiese gesagsfigure.

Die kaptein (hosi) is die hoogste gesagsfiguur binne die stam en die kulminasiepunt van alle plaaslike en sosio-polisiiese gesag. Sy posisie as politieke gesagvoerder is ten nouste verbind met sy sosiale senioriteit, aangesien kapteinskap binne die mees senior afkomsgroep binne die stam van 'n vader na die oudste seun van sy hoofvrou vererf. Dit impliseer egter nie dat daar geen kontrole oor die kaptein uitgeoefen kan word nie. Sy aanwysing as kaptein berus by die regerende familieraad (vana va hosi) en hy moet tydens 'n openbare plegtigheid formeel as kaptein ingehuldig word. Voorsiening word gemaak vir die aanstelling van 'n regent (mukhomeri) indien 'n kaptein sonder 'n wettige opvolger te sterwe kom, hy nog geen volwasse opvolger het nie of indien geen opvolger deur die vana va hosi as geskik vir die kapteinskap beskou word nie. So 'n regent verrig die taak van kaptein totdat 'n regmatige opvolger aangewys kan word.

Die kaptein word in die uitvoering van sy verpligtende geadviseer en bygestaan deur die vana va hosi en is aan laasgenoemde verantwoording verskuldig vir die wyse waarop hy regeer. Hoewel die kaptein dus sy posisie van sy

vader erf moet hy vir die behoud daarvan sy verpligtinge nougeset nakom. In die verlede het hy uitgebreide verpligte op alle lewensterreine gehad maar in die huidige tyd is slegs sy verpligtinge op politieke en judisiële gebied nog van omvangryke aard. Selfs laasgenoemde verpligtinge het nie onaangetas gebly nie.

Soos van ouds word die kaptein vandag nog in die uitvoering van sy pligte deur 'n aantal aangestelde amptenare bygestaan. Elkeen van hierdie amptenare verrig 'n besondere taak namens die kaptein. Die belangrikste amptenaar is die ndhunankulu wat as die "ore, oë en mond" van die kaptein beskou word. Die laerowerste (phini ya nyimpi) wat vroeër so 'n belangrike rol gespeel het, bestaan uit die aard van die saak vandag nie meer nie.

Die kaptein regcer nie alleen nie maar is aangewese op die advies en wense van verskillende raadgewende instansies naamlik die linieraad, die familieraad en die stamraad. Die linieraad (bandla ra usende) bestaan uit die volwasse manlike verwante van die kaptein. Daar rus 'n verpligting op die kaptein om in alle belangrike stamsake hulle advies in te win en hul goedkeuring te verkry. In teenstelling met die linieraad is die familieraad (bandla ra vana va hosi) 'n geslote raad en aangesien dit saamgestel is uit 'n kerngroep van die kaptein se mees senior manlike linieverwante kan dit as die beleidmakende instansie van die stam beskou word. Die stamraad (bandla ra hosi) bestaan uit die verskillende wykshoofde, alle lede van die familieraad en 'n aantal kundige persone (swikulu). As adviserende raad van die kaptein verseker hulle dat die kaptein nie alleen ooreenkomsdig die wense van die mees senior afkomslinie binne die stam optree nie maar ook ooreenkomsdig die wense en eise van die stam in sy geheel. Om hierdie rede behandel hulle dan ook alle belangrike stamaangeleenthede.

Binne elke wyk in die stamgebied funksioneer daar 'n wykshoof (ndhuna) wat vandag deur die lede van sy wyk verkieë word. Hy moet nogtans soos in die verlede deur die kaptein in sy posisie bevestig word. Net soos in die verlede word die beginsel van sosiale en ander permanente prestige deur die

lede van die wyk tydens sodanige verkiesing en deur die kaptein by die erkenning van 'n wykshoof in aanmerking geneem. Anders as in die geval van die kaptein berus die behoud van sy posisie uitsluitlik op volgehewe nakoming van sy verpligtinge wat hy namens die kaptein moet uitvoer. Hy word bygestaan deur 'n familieraad en 'n wyksraad sowel as 'n aantal aangestelde kundige amptenare waarvan die xandla xa ndhuna - die regterhand van die wykshoof - die belangrikste is.

Die gesagsfigure wat binne die verskillende sosio-politiese eenhede in die stam funksioneer, is van drieërlei aard naamlik liniehoofde, hoofde van groter gesinne-eenhede en kraalhoofde. Die liniehoof (umnumzana wa usende) is die mees senior manlike lid van die linie en word opgevolg deur die oudste seun van sy hoofvrouw. Ten spyte van die erfopvolgingsbeginsel word liniehoofde in hulle posisie bevestig deur die linieraad van daardie linie. Hierdie linieraad (bandla ra usende) sal by gebrek aan 'n volwasse opvolger vir die liniehoof 'n regent aanwys wat vir die duur van die minderjarigheid van die opvolger as liniehoof ageer.

Elke groter gesinne-eenheid staan onder die gesag van 'n nkulukumba wa miti, dit wil sê die hoof van krale. In teenstelling met die liniehoof wat slegs gesag voer oor patriliniër-verwante lede van die linie waarvan hy die hoof is, voer die hoof van die groter gesinne-eenheid gesag oor alle samewonende verwante en hulle vroue. Laasgenoemde is net soos die liniehoof 'n sosiale gesagsfiguur wat nie deur die kaptein in sy posisie aangestel word nie maar dit beklee op grond van sy senioriteit as stigter van die eenheid. Hy word in die uitvoering van sy pligte bygestaan en geadviseer deur 'n raad van kraalhoofde (bandla ra miti).

Die kraalhoof (nkulukumba wa muti) is die laagste sosio-politiese gesagsfiguur binne die stam en voer gesag oor die lede van 'n sy kerngesin of, indien hy 'n poliginis is, oor lede van sy kleiner gesinne-eenheid. Hoewel hy in die huidige tyd oor geen formele kraalraad beskik nie kan hy die hulp van sy senior manlike verwante inroep om hom in die uitvoering van sy pligte by te staan of te adviseer.

Hierdie sosio-politiese gesagsfigure vorm op direkte en indirekte wyse deel van die politieke struktuur van die stam deurdat 'n kraalhoof sitting kan hê op die wyksraad of daar verteenwoordig kan word deur die hoof van die groter gesinne-eenheid of die liniehoof onder wie se gesag hy ressorteer.

Hiernaas blyk die feit dat hierdie sosio-politiese eenhede onlosmaaklik deel vorm van die gesagstruktuur van die stam aangesien geen hofsaak in die polities-administratiewe eenhede ontvang sal word alvorens dit nie eers in hierdie mindere eenhede verhoor is nie. Van onder tot bo is daar dus 'n deurlopende skakelingslyn vanaf die kleinste gesagseenheid, die kraal (muti) tot die grootste, die stam (tiko). (Hoofstuk I.)

#### E. DIE JUDISIELLE ORGANISASIE

Die judisiële organisasie van die Changana funksioneer by wyse van 'n stelsel van howe wat in hulle hiërargiese oenvolging dieselfde patroon volg as wat in die geval van die politieke eenhede aangedui is. 'n Mens vind vanweë die funksionering van twee tipes politieke gesagsverbande naamlik die polities-administratiewe eenhede sowel as die sosio-politiese eenhede ook twee soorte howe met inherente judisiële bevoegdheid. Verbonde aan die polities-administratiewe eenhede bestaan daar 'n reeks openbare howe wat hulle judisiële bevoegdheid herlei uit die gesag van die kaptein-inrade. Binne die sosio-politiese eenhede bestaan daar nie-openbare of familiehowe van verskillende rang wat hul judisiële bevoegdheid herlei uit die reg en plig van die seniores binne die familie of linieverband om oor die gedrag van hul minderers toesig te hou.

Die hof van die kaptein is die hoogste en belangrikste openbare hof in die stam en bestaan uit die kaptein as voor-sittende beampete bygestaan deur sy hofraad. As sodanig vorm dit dus in werklikheid die stamhof. Die kaptein beskik uit hoofde van sy kapteinskap oor die bevoegdheid om uitsprake volgens die bevinding van die hof te lewer. Dit is dan ook die enigste hof wat in die verlede oor siviele sowel as straf-

regtelike jurisdiksie beskik het. As stamhof verhoor dit alle sake teen stamlede wat in stamwyke binne sowel as buite die stamgebied geleë is en vereis dit die teenwoordigheid van die kaptein of sy plaasvervanger.

Die verskillende wykshowe is naas die kapteinshof die enigste openbare howe binne die stamgebied en is terselfder-tyd ook die laagste openbare hof van die stam. Die wykshoof, wat die voorsittende beampete van die wykshof is, ontvang sy bevoegdheid om reg te spreek van die kaptein-in-rade wat hom aangestel het. Hierdie hof het slegs jurisdiksie oor stamlede wat in die betrokke wyk woonagtig is; voorsiening word egter gemaak vir die beregting van geskille tussen gedingvoerende partye wat in verskillende wyke woonagtig is.

Omdat die wykshof die laagste openbare hof in die stam is, is dit die hof van appèl in sake wat nie in die nie-openbare howe bereg kon word nie. Dit het alleen bevoegdheid om siviele sake te verhoor, maar moet nogtans alle strafregtelike sake wat binne syregsgebied ontstaan, ontvang en indien nodig 'n voorondersoek hou voordat die saak na die kapteinshof oorgedra word.

In die beoefening van die regspraak word die wykshoof bygestaan deur persone van aansien wat oor die nodige kennis en status beskik om die saak objektief ooreenkomsdig die stamreg te verhoor. Dit is egter die reg van alle volwasse mans om die weeklikse hofsitting buite die kraal van die wykshoof by te woon.

Binne die nie-openbare howe het 'n senior lid of lede van 'n bepaalde sosiale eenheid op grond van hulle sosiale senioriteit die reg om regspraak binne die besondere eenheid te beoefen. Hierdie howe omvat in stygende orde die kraalhof, die hof van die groter gesinne-eenheid en die linichof. Die kraalhof wat die laagste hof in die stam is, tree eers op nadat alle pogings om 'n versoening tussen die strydende partye te bewerkstellig, misluk het. Dit verhoor alleen sake wat tussen lede van die kraal mag ontstaan hoewel dit ook bevoeg is om sake te verhoor waarin die verweerde uit daardie kraal afkomstig is. Die kraalhof is die voorsit-

tende beampete van die hof en waar so 'n kraal in die huidige tyd hoogstens deur 'n kleiner gesinne-eenheid bewoon word, is die kraalhoof verplig om sy naburige verwante te nooi om as assessore van sy hof 'n saak te help verhoor. Die kraalhof beskik alleen oor sivielregtelike jurisdiksie en indien die strydende partye nie met die uitspraak daarvan genoem nie kan die saak op appèl na die hof van die groter gesinne-eenheid geneem word.

Die hof van die groter gesinne-eenheid volg na samestelling en bevoegdhoid dieselfde patroon as die kraalhof. Die voorsittende beampete daarvan is die hoof van die groter gesinne-eenheid wat in die uitoefening van die regspraak bygestaan word deur die hoofde van die verskillende krale wat onder sy gesag ressorteer. Hierdie hof het jurisdiksie oor alle lede van die groter gesinne-eenheid en in gevalle waar 'n geskil nie tussen die linieverwante van die hoof van die groter gesinne-eenheid bereg kan word nie is daar 'n appèlmoontlikheid na die wykshof. 'n Appèl wat spruit uit 'n geskil van linieverwante moet egter eers in die liniehof verhoor word voordat dit openbaar gemaak kan word.

Die liniehof is die voorsittende beampete van die liniehof en word bygestaan deur die mees senior manlike linieverwante. Anders as die hof van die groter gesinne-eenheid hanteer hierdie hof alleen sake tussen verwante in die vaderlike linie. Vroue wat by hierdie linie ingetrou is, ressorteer nie onder die jurisdiksie van hierdie hof nie. In die geval van afkomslinies waar daar 'n liniehof naas die hof van die groter gesinne-eenheid funksioneer, word 'n saak tussen linieverwante wat nie in laasgenoemde hof afgchandel is nie vir beregting na die liniehof geneem.

Die prosedure wat in al die bovenoemde hove gevolg word, volg basies dieselfde patroon hoewel daar 'n verskil in magte en bevoegdhede tussen die verskillende openbare en nie-openbare hove bestaan. By die onderskeie openbare hove word 'n saak deur middel van 'n hofoopmaker by 'n spesifiek daartoe aangestelde amptenaar aanhangig gemaak. In teenstelling met die verlede word geen saak in die huidige tyd by 'n openbare hof ontvang voordat 'n hofoopmaker gelewer is nie. Met

die uitsondering van sekere straf sake word geen saak direk by 'n openbare hof aangemeld nie. By die onderskeie nie-openbare howe word geen hofoopmaker gelewer nie en word 'n saak direk by die voorsitter van die hof aangemeld.

Op die dag van die verhoor verduidelik die voorsitter die aard van die saak aan die hof waarna die klaer sowel as die verweerde hul beotoog lewer en die nodige getuienis gelei word. Litigante sowel as getuies word onder kruisverhoor geneem, ten einde die hof in staat te stel om 'n regverdige beslissing in die geskil te bereik.

Alle howe beskik oor die bevoegdheid om skadevergoeding te bepaal terwyl alleen die kapteinshof bevoeg is om 'n skuldige 'n boete sowel as skadevergoeding op te lê, omdat slegs hierdie hof tradisioneel oor die bevoegdheid beskik om strafregtelike sake te verhoor. In die wyks- sowel as die kapteinshof moet die hof "bedank" word vir die beregting van 'n geskil. Hierdie plig word die uitspraakskuldenaar ten laste gelê. In die onderskeie nie-openbare howe neem 'n versoeningsoffer wat gesamentlik deur die litigante verorber word, die plek van 'n boete in.

In teenstelling met die nie-openbare howe beskik die openbare howe oor die masjinerie en die gesag om 'n uitspraak af te dwing. Daar is naamlik aan die hof bepaalde persone verbonde wat die taak het om die beslaglegging uit te voer.

Dit is duidelik dat daar by die Changana deurlopende, dieselfde regstelsel vanaf die kraalhof as nederigste hof in die stam tot by die kapteinshof as hoogste en finale hof van die stam, toegepas word. Aangesien geen saak direk by 'n openbare hof ontvang sal word voordat dit nie in die nie-openbare howe behandel is nie volg dit logies dat daar 'n deurlopende appèlprosedure vanaf die kraalhof tot by die kapteinshof gevolg word. Die uitspraak van laasgenoemde hof was in die verlede finaal en bindend.

Hierdie hofstelsel het in die huidige tyd feitlik onveranderd bly voortleef. Daar is op gewys dat die verskillende nie-openbare howe steeds alle sake eerste moet verhoor (vergelyk Hoofstuk V) en dit wel doen, asook dat

die verskillende wykshowe as die laagste openbare howe in die onderskeie wyke, feitlik onveranderd funksioneer. Die waarborg vir die afdwingbaarheid van die beslissings van hierdie howe was in die verlede altyd die appèlmoontlikheid na die hof van die kaptein (die stamhof) waarvan die beslissings ten volle afdwingbaar was.

Dic mate waarin beslissings in die kapteinshof afdwingbaar is het verander: Dit is verduidelik hoe die jurisdiksie van die kaptein se hof tans deur wetgewing aangetas is (vergelyk Hoofstuk V) en hoe die tenuitvoerlegging van uitsprake in sy hof aan die steun van die Bantoesakekommisarishof onderhewig gemaak is. 'n Mens sou nou kan verwag dat hierdie aantasting van die kapteinsgesag nie alleen die funksionering van die kapteinshof nie, maar ook die van die ondergeskikte howe sou aantast. Die studie bewys juis die teendeel. Al die mindere howe funksioneer vandag nog ondanks die feit dat hulle nie as sodanig deur wetgewing erken word nie. Die stamhof as enigste statutêr-erkende hof by die Changana funksioneer ook nog (ondanks die beperkinge wat opgêlê is) en verskaf steeds die waarborg vir die afdwingbaarheid van die beslissings van die mindere howe soos van ouds.

P. SLOT

Dit is vroeër beweer dat die Changanastamgebied op onnatuurlike wyse tot stand gekom het omdat die stam in Transvaal nie self volle beheer oor die terrein waarop gevestig is, verkry het nie. (Vergelyk Hoofstuk II.B.) Hiernaas het die stam sedert hulle vestiging in Transvaal aan 'n onnatuurlike bestuurspatroon beslag gegee in 'n poging om uit die reste van 'n vervalle militêre heerskappy 'n gangbare politieke ordening na die tradisionele voorskrif te vestig. (Vergelyk Hoofstuk II A.) Die tradisionele politieke struktuur wat so sedert 1897 in Transvaal ontstaan het, is van Blanke kant aangetas deur die vestiging van 'n oorkoepelende Blanke staatsgesag bo die van die kaptein en deur die versteuring van die interne administratiewe eenhede (vroeër toe Blanke grondeienaars hulle plase self begin gebruik het en tans deur die stigting van dorpe en 'n besproeiingskema in die

stamgebied).

'n Mens kon dus met reg verwag dat dit baie moeilik sou wees om 'n duidelike beeld van die tradisionele politieke en judisiële organisasie van die Changana te verkry. Dit was nie die geval nie. Daar kon aangetoon word dat die tradisionele patroon deur die Changana na Transvaal oorgeplant en hier in stand gehou is. Dit bly só 'n tipiese voorbeeld van die politieke ordening wat by alle Suid-Bantoe-stamme aangetref word.

B I B L I O G R A F I E

AFKORTINGS

- B.P.P. - British Parliamentary Papers.  
B.S.A.C. - The British South Africa Company.  
B.S.N.G. - Bulletin de la Société Neuchateloise de Geographie.  
J.R.G.S. - Journal of the Royal Geographical Society.  
B.M.S.R. - Bulletin Missionnaire, des Eglises Libres de la Suisse Romande.  
S.A.A.A.S. - South African association for the advancement of science.

- ABRAHAM, D.P. 1951. The principality of Maungwe: Its history and traditions. NADA. No. 28, 1951, pp. 56-83.  
ASHTON, E.H. 1937. Notes on the Political and Judicial organisation of the Tswana. Bantu studies Vol. II, pp. 67 - 83.  
AXELSON, E. 1967. Portugal and the scramble for Africa, 1875 - 1891. Johannesburg.  
BARNES, J.A. 1954. Politics in a changing society: A political history of the Ft. Jameson Ngoni. Oxford University Press, London.  
BAUMBACH, E.J.M. 1970. 'n Klassifikasie van die Tswana-dialekte van die Republiek van Suid Afrika. Ongepubliseerde D. Litt. et Phil. proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.  
BEALS, R.L. en HOIJER, H. 1953. An Introduction to Anthropology. Macmillan, New York.  
BECKER, P. 1962. Path of Blood. The Rise and Conquest of Mzilikazi. Founder of the Matabele tribe of Southern Africa. Longmans, London.  
BERTHOUD, M.H. 1892. Mandlakazi. B.M.S.R. Vol. IX, 1892 pp. 163 - 167.  
BERTHOUD, A. 1892. Voyage chez Goungounyane. B.M.S.R. Vol. IX, 1892, pp. 13 - 24.  
BERTHOUD, M.H. 1893. La Guerre Au Littoral DE DELAGOA. B.M.S.R. Vol. X, 1893, pp. 165 - 167.

- BERTHOUD, M.H. 1886. Voyage chez Magoud. B.M.S.R. Vol. VI, 1886, pp. 4 - 17.
- BOTHMA, C.V. 1957. Die verwantskapsbasis van die politieke struktuur van die Bantshabeleng van Mothopong. D. Phil. - proefskrif. Universiteit van Pretoria.
- BOTHMA, C.V. 1962. Ntshabeleng Social Structure. A study of a Northern Transvaal Sotho Tribe. Department of Bantu Administration and Development. Ethnological Publications No.48. Government Printer, Pretoria.
- BREYTENBACH, W.J. 1971. Die Familiereg van die Usuthu - Zulu van Nongoma. M.A.- verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- BROWN, J.T. 1926. Among the Bantu Nomads. Seeley, Service & Co., London.
- BROWN, R. 1969. Aspects of the Scramble for Matabeleland in : Stokes & Brown, The Zambezi Past, Manchester.
- BRUWER, J.P. 1950. Note on Maravi origin and migration. African Studies, IX, 1950, pp. 32 - 34.
- BRUWER, J.P. 1952. Remnants of a rain-cult among the Acewa. African Studies, xi, 1952, pp. 179 - 182.
- BRUWER, J.P. v.s. 1963. Die Bantoe van Suid-Afrika. A.P.B., Johannesburg.
- BRYANT, A.T. 1929. Olden times in Zululand and Natal. Longmans, Green and Co., London.
- BRYANT, A.T. 1949. The Zulu People as they were before the White Man came. Shuter en Shooter, Pietermaritzburg.
- BRYANT, A.T. 1964. History of the Zulu and neighbouring tribes. Struik, Cape Town.
- BUDACK, K.F.R. 1972. Stam en Stamkaptein by die Khoekhoen in Suidwes-Afrika, in Ellof en Coertze. Etnografiese Studies in Suidelike Afrika.
- BULLETIN MISSIONNAIRE, des Eglises Libres de la Suisse Romande. 5 vols. 1890 - 1903. Georges Bridel & Gie Editeurs, Lausanne.
- BULLOCK, C. 1927. The Mashona. Juta & Co., Cape Town.
- BULPIN, T.V. 1966. Natal- and Zulu Country. Pietermaritzburg.

- COERTZE, P.J. 1961. Inleiding tot die Algemene Volkekunde. Voortrekkerpers Bpk., Johannesburg.
- COERTZE, R.D. 1957. Die Adviserende Komiteestelsel en Politieke Organisasie soos aangetref in die stedelike gebied van Pretoria met besondere verwysing na toestande in Atteridgeville. M.A.-verhandeling. Universiteit van Pretoria.
- COERTZE, R.D. 1961. Die Regstelsel van primitiewe volke in Coertze, P.J. (Red.) : Inleiding tot die Algemene Volkekunde (1961).
- COERTZE, R.D. 1961. Die Politieke Ordening van Volke in Coertze, P.J. (Red.) : Inleiding tot die Algemene Volkekunde (1961).
- COERTZE, R.D. 1971. Die familie-, erf- en opvolgingsreg van die Bafokeng van Rustenburg. Sabra, Pretoria.
- CRONJE, G. (Red.) 1968. Kultuurbeïnvloeding tussen Blanke en Bantoe in Suid-Afrika. J.L. van Schaik Uitgewers, Pretoria.
- CUENOD, R. 1967. Tsonga-English Dictionary. Swiss Mission in South Africa. The Central Mission Press, S.A.
- DE CLERCQ, J.L.W. 1969. Die Politieke en Judisiële organisasie van die Abakwanzuza van Mtunzini. M.A.-verhandeling. Universiteit van Pretoria.
- DE VAAL, J.B. 1953. Die rol van João Albasini in die Geskiedenis van die Transvaal. Argief Jaarboek vir S.A. Geskiedenis, Deel I, 1953.
- DOKE, C.M. en VILAKAZI, B.M. 1948. Zulu-English Dictionary. Witwatersrand University Press, Johannesburg.
- EARTHY, E.D. 1933. Valenge Women: The social and economic life of the Valenge women of Portuguese East Africa : An ethnographic study. Oxford University Press, London.
- ELOFF, J.F. 1961. Sociale Organisasie in Coertze, P.J. (Red.) : Inleiding tot die Algemene Volkekunde (1961).
- ELOFF, J.F. en COERTZE, R.D. 1972. Etnografiese Studies in Suidelike Afrika. J.L. van Schaik Bpk., Pretoria.
- ERSKINE, ST. VINCENT W. 1869. Journey of Exploration to the Mouth of the River Limpopo. J.R.G.S. 39, 1869, pp. 233 - 276.

- ERSKINE, ST. VINCENT W. 1875. Journey to Umzila's, South-East Africa, in 1871 - 1872. J.R.G.S. 45, 1875, pp. 45 - 128.
- ERSKINE, ST. VINCENT W. 1878. Third and Fourth Journeys in Gaza, or Southern Mocambique, 1873 to 1874, and 1874 to 1875. J.R.G.S. 48, 1878, pp. 25 - 56.
- FIELD, G.C. 1956. Political Theory, Methuen, London.
- FORTES, M. and EVANS-PRITCHARD, E.E. 1940. African Political Systems, Oxford University Press, London.
- FYNN, H.F. 1898. Delagoa Bay in George McCall Theal, Records of South-Eastern Africa, Vol.II, 1898, pp. 479 - 488.
- GANN, L.H. 1965. A History of Southern Rhodesia. Chatto and Windus, London.
- GLUCKMAN, M. 1940. The Kingdom of the Zulu, in Fortes and Evans-Pritchard: African Political Systems, pp. 25 - 55.
- GLUCKMAN, M. 1967. The Judicial Process among the Barotse of Northern Rhodesia. Manchester University Press, Manchester.
- GRANDJEAN, M. 1890. Voyage de Rikatla à Antioka. B.M.S.R. Vol. VIII, pp. 148 - 160.
- GRANDJEAN, A. 1893. Notice relative à la carte du Nkomati inférieur et du district portugais de Lourenco Marques. B.S.N.G. VII, 1892 - 1893, pp. 113 - 121.
- GRANDJEAN, M. 1893. Antioka. B.M.S.R. Vol. IX, pp. 273 - 278.
- GRANDJEAN, A. 1899. L'invasion des Zoulou dans le sud-est africain. Une page d'histoire inédite. B.S.N.G. xi, 1899, pp. 63 - 92.
- HERSKOVITS, M.J. 1949. Man and his Works. A. Knopf, New York.
- HOEBEL, E.A. 1949. Man in the Primitive World. McGraw-Hill, New York.
- HOEBEL, E.A. 1954. The Law of Primitive Man. A Study in Comparative Legal Dynamics. Harvard University Press, Cambridge (U.S.A.)
- HOERNLE, W. 1956. Social Organization in Schapcra, I. (Edit.) 1956. The Bantu-Speaking tribes of South Africa.


- HOLLEMAN, J.F. 1952. Shona Customary Law. Oxford University Press, Cape Town.
- ISAACS, N. 1836. Travels And Adventures in Eastern Africa, descriptire of the Zoolus, their manners, customs, with a sketch of Natal. Vol. I en II. Edward Churton, London.
- JACKEL, M. 1958. Juwwawa. Friedrich Reinhardt, Basel.
- JAQUES, A.A. 1958. Swivongo swa Machangana. The Swiss Mission in South Africa, Johannesburg.
- JASPMAN, M.A. 1953. The Ila - Tonga peoples of North-Western Rhodesia. International African Institute, London.
- JEANNERET, F. LES MA-KHOCA. 1895. B.S.N.G. 1894 - 1895, Vol. VIII, pp. 126 - 155.
- JUNOD, H.A. 1898. Les Baronga : étude ethnographique sur les indigènes de la baie de Delagoa. B.S.N.G., X, 1898, pp. 5 - 500.
- JUNOD, H.A. 1905. The Ba-Thonga of the Transvaal in Addresses and Papers read at the Joint Meeting of the British and South African Associations for the advancement of science 1905. Vol. III, pp. 222 - 262. South African Assosiation for the advancement of science, Johannesburg.
- JUNOD, H.A. 1927. The life of a South African Tribe. 2 vols. Macmillan, London.
- JUNOD, H.P. 1927. Some notes on Tjopi crigins, Bantu Studies, III, 1927, pp. 57 - 71.
- JUNOD, H.P. 1934. A contribution to the study of Ndau demography, totemism and history. Bantu Studies, VIII, 1934, pp. 17 - 37.
- JUNOD, H.P. en JAQUES, A.A. 1957. Vutlhari bya Vatsonga (Machangana). The Swiss Mission in S.A., Johannesburg.
- KRIGE, E.J. 1965. The Social System of the Zulu. Shuter en Shooter, Pietermaritzburg.
- KRUGER, E.W. 1938. Die weg na die see. Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1938. Vol. I, pp. 31 - 232.
- KUPER, H. 1947. An African Aristocracy : Rank among the Swazi. Oxford University Press, London.

- KUPER, H., HUGHES, A.J.B. and VAN VELSEN, J. 1954. The Shona and Ndebele of Southern Rhodesia. Ethnographic Survey of Africa. International African Institute, London.
- LANE - POOLE, E.H. 1949. Native Tribes of the Eastern Province of Northern Rhodesia. Government Printer, Lusaka.
- LANGUAGE, F.J. 1943. Stamregeling by die Tlhaping. Pro Ecclesia, Stellenbosch.
- LIENGME, G. 1894. La suicide parmi les noirs. B.S.N.G. 1894 - 1895, pp. 177 - 179.
- LIENGME, G. 1901. Un potentat africain : Goungounyana et son règne. B.S.N.G., XIII, 1901, pp. 99 - 135.
- LIENGME, G. 1892. Rapport sur la visite faite à Goungounyana en Juillet. B.M.S.R. 1892, Vol. IX, pp. 147 - 162.
- LIENGME, G. 1893. Journal du voyage à Mandlakazi. B.M.S.R. 1894, Vol. X, pp. 336 - 348.
- LIENGME, G. 1905. The Last South African Potentate : Gungunhana, his court and National Rites, in : Addresses and Papers read at the Joint Meeting of the British and South African Associations for the advancement of science. 1905. Vol. III, pp. 300 - 307. South African Association for the advancement of Science, Johannesburg.
- LIESEGANG, G.J. 1967. Beiträge zur Geschichte des Reiches der Gaza Nguni im südlichen Mocambique, 1820 - 1895. Doktorale-proefskrif, Universiteit van KÖln, Duitsland.
- LOWE, R.H. 1960. Primitive Society. Routledge & Kegan Paul, London.
- MALINOWSKI, B. 1969. A scientific theory of culture and other essays. Oxford University Press, London.
- MARWICK, B.A. 1940. The Swazi. Cambridge University Press.
- MHLANGA, W. 1948. The Story of Ngwaqazi. NADA., Vol. 25, 1948, pp. 70 - 71.
- MHLANGA, W. 1948. The History of the Amatshangane. NADA., Vol. 25, 1948, pp. 70 - 73.
- MOLEMA, S.M. 1963. The Bantu, past and present. C. Struik, Cape Town.
- MURDOCK, G.P. 1958. Africa, its peoples and their culture history. Mc Graw Hill, New York.


- MYBURGH, A.C. 1949. The tribes of the Barberton district.  
Department of Bantu Administration and Development.  
Ethnological Publications, No.25. Government Printer,  
Pretoria.
- Native Affairs, Annual report of. 1906 - 1910. Pretoria.
- Natives Land Commission, Report of. 1916. Vol. II.  
U.G. 22 - 16. Pretoria.
- Natives Land Committee, Majority report of. 1918. U.G.  
31 - 18. Pretoria.
- NEVES, D.F. das. 1879. A hunting expedition to the Transvaal,  
translated from the Portuguese by Mariana Monteiro.  
George Bell and Sons, London.
- OMER-COOPER, J.D. 1966. The Zulu aftermath: a nineteenth -  
century revolution in Bantu Africa. Longmans, Green  
and Co., London.
- OTTERBEIN, K.F. 1971. Comparative Cultural Analysis. An  
introduction to Anthropology. Holt, Rinehart and  
Winston, New York.
- PELSER, J.J. 1968. Die Sosiale en Politieke Organisasie  
van die Swazi van kaptein Aaron Nkosi in die Nelspruitse  
distrik. Ongepubliseerde verhandeling, Volkekunde,  
Universiteit van Pretoria.
- POSSELT, F.W.T. 1935. Fact and Fiction. A short Account  
of the Natives of Southern Rhodesia. Rhodesian  
Publication Co., Bulawayo.
- PRELLER, G.S. 1938. Dagboek van Louis Trichardt (1836 - 1838)  
Kaapstad.
- RADCLIFFE-BROWN, A.R. 1952. Structure and Function in  
Primitive Society. Cohen and West, London.
- RAMSAY, T.D. 1941. Tsonga Law in the Transvaal. Geroneo.  
Pretoria.
- RANSFORD, O. 1963. The Rulers of Rhodesia. John Murray,  
London.
- READ, M. 1936. The Ngoni of Nyasaland. Oxford University  
Press, London..
- RODEE, C.C., ANDERSON, T.J. en CHRISTOL, C.Q. 1967. Intro=  
duction to Political Science. McGraw-Hill, New York.

- SCHAPERA, I. 1940. The Political Organization of the Ngwato of Bechuanaland Protectorate in: Fortes en Evans-Pritchard, African Political Systems.
- SCHAPERA, I. 1955. A Handbook of Tswana Law and Custum. Oxford University Press, London.
- SCHAPERA, I. 1956. Government and Politics in Tribal Societies. John Mason Lectures, University of Birmingham. Watts, London.
- SCHAPERA, I. 1956. Political Institutions in : The Bantu Speaking tribes of South Africa.
- SCHAPERA, I. 1956. Law and Justice in : The Bantu Speaking tribes of South Africa.
- SCHAPERA, I. (Edit.) 1956. The Bantu Speaking Tribes of South Africa. Maskew Miller Ltd., Cape Town.
- SMITH, E.W. 1920. The Tla-Speaking Peoples of Northern Rhodesia. Macmillan and Co., London.
- STAYT, H.A. 1931. The Bavenda. Oxford University Press, London.
- STEVENSON-HAMILTON, J. 1949. Die Laeveld - sy natuurlewe en sy mense. Van Schaik, Pretoria.
- STOKES, E. en BROWN, R. 1969. The Zambesian Past. Manchester University Press, Manchester.
- STRONG, C.F. 1965. Modern Political Constitutions. Sidgwick & Jackson. London.
- THEAL, G. MC CALL. 1892. History of South Africa since 1795. Vols. 1 - 5. George Allen & Unwin. London.
- TOSCANO, F. en Quintinha, J. 1935. A derrocada do império vátua e Mousinho de Albuquerque. Vols. 1 - 2. Lisboa.
- Transvaal Native Affairs Department. 1905. Short History of the Native Tribes of the Transvaal. Government Printing and Stationery office, Pretoria.
- VAN WARMELLO, N.J. 1931. Kinship Terminology of the South African Bantu. Department of Native Affairs. Ethnological Publications No.2. Government Printer, Pretoria.
- VAN WARMELLO, N.J. 1935. A Preliminary Survey of the Bantu Tribes of South Africa. Department of Native Affairs. Ethnological Publications No.5. Government Printer, Pretoria.
- VAN WARMELLO, N.J. 1938. History of Matiwane and the

- Amangwane Tribe. Department of Native Affairs.  
Ethnological Publications No.8. Government Printer,  
Pretoria.
- VAN WARMELO, N.J. 1956. Grouping and Ethnic History in :  
The Bantu Speaking Tribes of South Africa.
- VILAKAZI, A. 1965. Zulu Transformations. Natal University  
Press, Pietermaritzburg.
- WARHURST, P.R. 1969. The Scramble and African politics in  
Gazaland, in : Stokes & Brown, The Zambeian Past.



**KAART 2: GAZANKULU**



**VERKLARING**

- Internasionale grense
- ..... Nasionale Kruger Wildtuinrens
- Nasionale Paaie
- + Spoorweë
- [Dotted Pattern] GAZANKULU

- [Diagonal Lines Pattern] Manyelete Bantowildtuin
- 1 Nkwakowa
- 2 Giyani
- 3 Thulamahashe
- 4 Mhaladistrik

